UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Denkleiers • Leading Minds • Dikgopolo tša Dihlalefi

# Inklusiewe bediening aan enkelouergesinne: ‘n Intergenerasionele geloofsvorming benadering

deur

**Johan Willem Kemp Scholtz**

Ter vervulling van die vereiste vir die graad

Philosophiae Doctor
in
Praktiese Teologie

Fakulteit Teologie
Universiteit van Pretoria

Promotor:
Professor Malan Nel
Mede-Promotor
Professor Jacques Beukes
2024

**Bedankings**

- Ek wil eerstens vir my studieleier Prof. Malan Nel bedank vir sy oneindige geduld, ondersteuning, raad, en aanmoediging. Ek weet nie van enigiemand wat my soveel lewens sou gegee het nie!

- Aan Willem van Wyk vir die taalversorging. Jou belangstelling en vriendskap word hoog geag.

- Aan Carin Munro vir die redaksionele en tegniese versorging. Jou deeglikheid en passie vir wat jy doen, is 'n bron van inspirasie.

- Aan Susan de Guisti vir die deeglike transkribering van die onderhoude.

- Aan my kollegas by die NG Gemeente Montana wat my aangemoedig en ondersteun het.

- Dankie aan die respondente wat met soveel eerlikheid hulle geloofsverhale gedeel het. Julle is ware 'survivors'!

- Aan my gesin vir julle geduld met 'n 'gefokusde' pa en die min aandag wat julle met grasie hanteer het,

- Aan my vrou Carina. Vir jou sorg na COVID, vir jou net nie moed opgee nie, vir jou elke dag bietjie drama en baie lag, vir jou liefde wat my elke dag dra, jou aanmoediging, koffie aandra en sommer net daar wees. Vir jou geloof en jou bid onder die boom ... Die Here het jou vir my uitgesoek.

**Abstract**

This study focuses on why single-parent families do not experience themselves as true families within a church context and do not receive the necessary equipment and support in the faith formation of their adolescent children. The study has its origins in the researcher's observation that adolescents from single-parent homes are picked up and dropped off by their parents for catechesis, but that the parents are not involved in activities in the congregation, not even to attend the worship service.

The researcher decided to use Osmer's approach of Practical-Theological interpretation. One of the advantages of Osmer's approach is that the researcher can start research on any of the tasks. The researcher started with a normative task and did the literary study first.

The family was studied as a hermeneutic sphere. The perspectives on the family from the Old and New Testaments were discussed. After that, a historical perspective followed, up to the present . The conclusion of this investigation is that the family is still the most important social unit, even though its structure has changed enormously in the last 50 years.

Regarding this structural change of the family, the focus fell on the single-parent family. Single-parent families are not discussed much in the church context, but the study showed how deep their pain lives and what particularly difficult challenges they have to deal with every day.

The adolescent came next. Adolescents in a single-parent family are actually good actors: At the home of the primary caregiver, they are themselves, but at the home of the other parent, actors who follow all the right moves and rules. The two hermeneutic spheres, as a source for the understanding of faith bring tension, because the other parent also wants to have a say in the adolescent's faith development and this differ from one home to the other.

The empirical study had to answer to the hypothesis that the single-parent family does not experience acceptance in the church. Here the 17 respondents opened up their hearts and every interview was an emotional experience.

The empirical study confirmed that single parents find it difficult to survive. The demands placed on them are intense and they depend on a support network to make the basic things of a family happen. They also believe that the church cannot help them with this.

The research confirmed that single parents do not experience acceptance in the church and that they do not receive support in the faith formation of their children.

In the last chapter, suggestions are made on how the perception of acceptance of the single-parent family can be addressed, as well as how they and their adolescent children can be equipped and supported to help them with their adolescents' faith formation.

A factor that stood out was the involvement of parents (grandparents) in the single-parent families. It requires attending to, so that they can be better equipped to support their children.

**Key Concepts**

Adolescence
Adolescent
Ministry
Single parent
Single parent family
Faith practices
Faith formation
Faith formation process
Family
Family ministry
Identity formation
Inclusive ministry
Intergenerational approach
Youth ministry

**Opsomming**

Hierdie studie het as fokus waarom enkelouergesinne hulleself nie as volwaardige gesinne binne kerkverband ervaar nie en ook nie die nodige toerusting en ondersteuning in die geloofsvorming van hulle adolessente kinders ontvang nie. Die studie het sy oorsprong in die navorser se waarneming dat adolessente uit enkelouerhuise deur hulle ouers op en af gelaai word vir kategese, maar dat die ouers nie betrokke is by aktiwiteite in die gemeente nie, nie eens om net die erediens by te woon nie.

Die navorser het besluit om Osmer se benadering van Prakties-Teologiese interpretasie te gebruik. Een van die voordele van die benadering van Osmer, is dat die navorser met enige van die take kan begin met navorsing. Die navorser het met ‘n normatiewe taak begin en eers die literêre studie gedoen.

Die gesin is as hermeneutiese ruimte bestudeer. Die perspektiewe op die gesin uit die Ou- en Nuwe Testament is bespreek. Daarna het ‘n historiese perspektief gevolg tot by die hede. Die slotsom van hierdie ondersoek is dat die gesin steeds die belangrikste samelewingseenheid is, al het die struktuur van die gesin in die laaste ongeveer 50 jaar geweldig verander.

Vanuit die struktuurverandering van die gesin het die fokus op die enkelouergesin geval. In die kerkverband word nie veel oor enkelouergesinne gepraat nie, maar die studie het uitgewys hoe diep hulle pyn lê en watter besonder moeilike uitdagings hulle elke dag moet hanteer.

Die adolessent het volgende aan die beurt gekom. Adolessente in ‘n enkelouergesin is eintlik goeie akteurs: By die huis van die primêre versorger is hulle hulleself, en by die huis van die ander ouer, akteurs wat al die regte bewegings en reëls volg. Die twee hermeneutiese ruimtes as bron vir die verstaan van geloof bring spanning, want die ander ouer wil ook ‘n sê hê in die adolessent se geloofsontwikkeling en dit verskil van huis tot huis.

Die empiriese studie moes die vraag antwoord waarom dit die navorser se hipotese is dat die enkelouergesin nie aanvaarding in die kerk beleef nie. Hier het die 17

respondente hulle harte oopgemaak en was elke onderhoud ‘n emosionele ervaring.

Die empiriese studie het bevestig dat enkelouers dit moeilik vind om te oorleef. Die eise wat aan hulle gestel word, is intens en hulle is afhanklik van ‘n ondersteuningsnetwerk om net die basiese dinge van ‘n gesin te laat gebeur. Hulle glo ook dat  kerk hulle nie hiermee kan help nie.

Die navorsing het bevestig dat enkelouers nie aanvaarding in die kerk beleef nie en dat hulle nie ondersteuning in die geloofsvorming van hulle kinders ontvang nie.

In die laaste hoofstuk word voorstelle gemaak hoe die persepsie rondom aanvaarding van die enkelouergesin aangespreek kan word, asook hoe daar aan hulle en hulle adolessente kinders toerusting verskaf kan word om die enkelouers te help met die adolessente se geloofsvorming.

‘n Faktor wat uitgestaan het, was die betrokkenheid van ouers (grootouers) by die enkelouergesinne en dit vra aandag om hulle ook beter toe te rus om hulle kinders te kan ondersteun.

**Sleutelterme**

Adolessensie

Adolessent

Bedieninge

Enkelouer

Enkelouergesin

Geloofspraktyke

Geloofsvorming

Geloofsvormingsproses

Gesin

Gesinsbediening

Identiteitsvinding

Inklusiewe bediening

Intergenerasionele benadering

Jeugbediening

**VERKLARING**

Hiermee verklaar ek, Johan Willem Kemp Scholtz (Stud no 21337111), dat hierdie tesis wat ek hiermee vir die graad Phd in Praktiese Teologie aan die Universiteit van Pretoria indien, my eie werk is en nie voorheen deur my vir ‘n graad aan ‘n ander universiteit ingedien is nie. Waar sekondêre materiaal gebruik is, is dit noukeurig erken en aangedui in ooreenstemming met die Universiteitsvereistes. Ek is bewus van die Universiteit se beleid en implikasies ten opsigte van plagiaat.

Geteken 5 Oktober 2023

Bedankings i

Abstract ii

Key Concepts iv

Opsomming v

Sleutelterme vii

Verklaring viii

**HOOFSTUK 1**

**ORIëNTERING, PERSPEKTIEF OP DIE NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE**


| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Oriëntering | 1 |
| 1.1.1 | Oorsprong | 1 |
| 1.1.2 | Fokus van die navorsing | 3 |
| 1.1.3 | Begrensing | 7 |
| 1.1.4 | Doel van navorsing | 9 |
| 1.1.5 | Doelwitte van navorsing | 9 |
| 1.1.6 | Die plek van hierdie studie binne die veld van die praktiese teologie | 10 |
| 1.1.6.1 | Praktiese Teologie as wetenskap | 12 |
| 1.1.7 | Soort navorsing | 16 |
| 1.1.8 | Literatuur | 18 |
| 1.1.9 | Relevansie van die navorsing | 18 |
| 1.2 | Formulering van die probleem en doelstellings | 19 |
| 1.2.1 | Probleemstelling | 19 |
| 1.2.2 | Doelstellings | 20 |
| 1.2.2.1 | Doel van die navorsing met die fokus op bediening aan enkelouergesinne | 20 |
| 1.2.2.2 | Doelwitte van navorsing met die fokus op bediening aan enkelouergesinne | 20 |
| 1.3 | Konseptualisering | 21 |
| 1.4 | Metodologie | 21 |
| 1.4.1 | Sirkel van Hermeneutiese, Empiriese en Regulerende teorie van aksie van Heitink | 22 |
| 1.4.1.1 | Die Hermeneutiese perspektief | 23 |

1.4.1.2 Die Strategiese perspektief 23
1.4.1.3 Die Empiriese perspektief 24
1.4.2 Vier take van Prakties-Teologiese interpretasie van Osmer 24
1.4.2.1 Die Deskriptief-empiriese taak 26
1.4.2.2 Die Interpretatiewe taak 26
1.4.2.3 Die Normatiewe taak 27
1.4.2.4 Die Pragmatiese taak 28
1.5 Vooruitskouing 28

**HOOFSTUK 2**

**DIE GESIN AS HERMENEUTIESE RUIMTE IN GELOOFSVORMING**

2.1 Inleiding 30
2.2 ‘n Teologies omvattende inklusiewe gesinsbediening 33
2.3 Perspektiewe op die gesin uit die Ou Testament 35
2.2.1 Terminologie 37
2.2.1.1 Shevet matteh 37
2.2.1.2 Mispachah 38
2.2.1.3 Bet Av/bait 39
2.2.2 Gesinstruktuur 39
2.2.3 Die familie as verbondseenheid in die Ou Testament 40
2.3 Perspektiewe op die gesin uit die Nuwe Testament 43
2.3.1 Terminologie 45
2.3.2 Gesinstruktuur 45
2.3.3 Die gesin as ‘n opvoedingsruimte in die Nuwe Testament 46
2.4 Historiese perspektief op die gesin 50
2.4.1 Grieks-Romeinse tydperk 50

2.4.2 Vroeë Christendom 53
2.4.3 Die gesin in die Middeleeue en die Reformasie 54
2.4.4 Die Industriële Rewolusie 55
2.4.5 Die twintigste eeu 56
2.4.6 Ná 2000 57
2.5 Die ouer as primêre geloofsmodel 58
2.6 Die kerk in ondersteunende rol 62
2.7 Die gesin as primêre hermeneutiese ruimte 64
2.8 Samevatting 67

**HOOFSTUK 3**

**DIE ENKELOUERGESIN AS UITDAGING IN DIE GELOOFSVORMING VAN DIE ADOLESSENT**

3.1 Inleiding 69
3.2 Enkelouerskap 70
3.3 Enkelouergesin 71
3.4 Uitdagings vir die enkelouergesin 72
3.4.1 Finansiële druk 72
3.4.2 Sosiale ondersteuning en isolasie 73
3.4.3 Ouerskap en kindersorg 73
3.4.4 Geestelike leiding en koestering 73
3.4.5 Praktiese bystand 74
3.4.6 Emosionele welstand 74
3.4.7 Voorspraak en bemagtiging 74
3.5 Aanpassings in die enkelouergesin 75
3.5.1 Gesagstruktuur 76
3.5.2 Kommunikasie 78

| | | |
|---|---|---|
| 3.5.3 | Verantwoordelikheid | 80 |
| 3.5.4 | Pendelprogramme | 81 |
| 3.6 | Dinamiese veerkragtigheid in die enkelouergesin | 81 |
| 3.7 | Die enkelouergesin as hermeneutiese ruimte | 83 |
| 3.7.1 | Verlies | 84 |
| 3.7.2 | Vrese | 86 |
| 3.7.3 | Verandering | 86 |
| 3.7.4 | Verhoudings | 87 |
| 3.7.5 | Identiteit | 88 |
| 3.7.6 | Tussen twee wêrelde | 89 |
| 3.8 | Betrokkenheid van die uitgebreide familie by die enkelouergesin | 90 |
| 3.9 | Die Bybel en die enkelouergesin | 91 |
| 3.9.1 | Die Ou Testament en die enkelouergesin | 92 |
| 3.9.2 | Die Nuwe Testament en die enkelouergesin | 93 |
| 3.10 | Spiritualiteit/geloof by die enkelouergesin | 94 |
| 3.11 | Kerklike betrokkenheid | 97 |
| 3.12 | Afwesigheid van rolmodelle in die enkelouergesin | 98 |

**HOOFSTUK 4**

**ADOLESSENSIE: 'VERSNELLING' IN PERSOONS- EN GELOOFSONTWIKKELING**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Inleiding | 101 |
| 4.2 | Fisiese ontwikkeling | 106 |
| 4.3 | Persoonlikheidsontwikkeling | 108 |
| 4.4 | Kognitiewe Ontwikkeling | 111 |
| 4.4.1 | Piaget | 112 |
| 4.4.2 | Kohlberg | 115 |

| | | |
|---|---|---|
| 4.5 | Sosiale ontwikkeling | 116 |
| 4.5.1 | Die ouer-adolessent verhouding | 116 |
| 4.5.2 | Portuurverhoudings | 118 |
| 4.6 | Geloofsontwikkeling | 118 |
| 4.6.1 | Voorbereidende fase: Baba (0-2 jaar) en ongedifferensieerde geloof. (Fowler 1981:119-121) | 118 |
| 4.6.2 | Fase 1: Intuïtief-Projekterende geloof (Fowler 1981:122-134) | 119 |
| 4.6.3 | Fase 2: Misties-Letterlike geloof (Fowler 1981: 135 – 150) | 120 |
| 4.6.4 | Fase 3: Sinteties-Konvensionele geloof (Fowler 1981: 151 – 173 & Osmer 1990: 236 – 242) | 120 |
| 4.6.5 | Fase 4: Individueel-Refleksiewe geloof (Fowler 1981:174 – 183 & Osmer 1990: 242-247) | 121 |
| 4.6.6 | Fase 5: Konjunktiewe geloof (Fowler 1981: 184 – 198 & Osmer 1990:247-251) | 121 |
| 4.6.7 | Fase 6: Universele geloof (Fowler 1981: 199 – 211) | 122 |
| 4.7 | Samevatting | 122 |

**HOOFSTUK 5**

**DIE ENKELOUERGESIN AAN DIE WOORD: EMPIRIESE STUDIE**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Inleiding | 124 |
| 5.2 | Beskrywing van die navorsingsproses | 127 |
| 5.2.1 | Mense, program, of omgewing | 127 |
| 5.2.2 | Spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel | 129 |
| 5.3 | Individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het | 130 |
| 5.4 | Stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne ‘n spesifieke tydraamwerk te voltooi | 130 |
| 5.5 | Opstel van die vraelys vir die half-gestruktureerde onderhoude | 130 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.6 | Etiese kwessies | 131 |
| 5.7 | Seleksie van Respondente | 132 |
| 5.7.1 | Die Gevallestudies | 132 |
| 5.7.2 | Sewentien Respondente | 132 |
| 5.7.3 | Profiel van respondente | 132 |
| 5.8 | Beperkte Agtergrondinligting Vraelys | 134 |
| 5.8.1 | Bevestiging van die profiel van die respondent | 134 |
| 5.8.2 | Kontak en die frekwensie van kontak tussen die ‘ander ouer’ en die adolessent(e) in die enkelouergesin | 135 |
| 5.8.3 | Kerklike betrokkenheid | 135 |
| 5.8.4 | Die ondersteuningstelsel van die enkelouer | 136 |
| 5.9 | Onderhoudsvrae vir die halfgestruktureerde onderhoude | 136 |
| 5.10 | Versameling van data | 137 |
| 5.11 | Aanbieding van data | 137 |
| 5.11.1 | Verandering in die gesin na egskeiding | 138 |
| 5.11.1.1 | Vraag 1 | 138 |
| 5.11.1.2 | Data Rapportering | 138 |
| 5.11.1.3 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 149 |
| 5.11.1.4 | Resultate en bevindings by vraag 1 | 152 |
| 5.11.2 | Ooreenkoms tussen die ouers met betrekking tot die kinders se geloofsopvoeding | 154 |
| 5.11.2.1 | Vraag 2 | 154 |
| 5.11.2.2 | Data Rapportering | 154 |
| 5.11.2.3 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 159 |
| 5.11.2.4 | Resultate en bevindings by vraag 2 | 161 |
| 5.11.3 | Gesprekvoering oor geloofsake in die huis | 162 |

| | | |
|---|---|---|
| 5.11.3.1 | Vraag 3 | 162 |
| 5.11.3.2 | Relevante agtergrondinligting | 162 |
| 5.11.3.3 | Data Rapportering | 163 |
| 5.11.3.4 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 176 |
| 5.11.3.5 | Resultate en bevindings by vraag 3 | 178 |
| 5.11.4 | Aanvaarding in die kerk/gemeente | 180 |
| 5.11.4.1 | Vraag 4 en 5 | 180 |
| 5.11.4.2 | Relevante agtergrondinligting | 181 |
| 5.11.4.3 | Data Rapportering | 182 |
| 5.11.4.4 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 193 |
| 5.11.4.5 | Resultate en bevindings by vraag 4 en 5 | 195 |
| 5.11.5 | Huidige uitdagings van die enkelouergesin en die kerk se bydrae daartoe | 197 |
| 5.11.5.1 | Vraag 6 en 7 | 197 |
| 5.11.5.2 | Data Rapportering | 198 |
| 5.11.5.3 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 209 |
| 5.11.5.4 | Resultate en bevindings by vraag 6 en 7 | 211 |
| 5.11.6 | Die kerk en die adolessent in ‘n enkelouergesin se geloofsvorming | 212 |
| 5.11.6.1 | Vraag 8 | 212 |
| 5.11.6.2 | Data Rapportering | 213 |
| 5.11.6.3 | Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande | 217 |
| 5.11.6.4 | Resultate en bevindings by vraag 8 | 219 |
| 5.11.7 | Die rol van ‘n ondersteuningsnetwerk by die enkelouergesin | 220 |
| 5.11.7.1 | Vraag 9 | 220 |

5.11.7.2 Relevante agtergrondinligting 220
5.11.7.3 Data Rapportering 221
5.11.7.4 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande 229
5.11.7.5 Resultate en bevindings by vraag 9 231
5.12 Samevatting 232

**HOOFSTUK 6**

**DIE PRAGMATIESE TAAK**

6.1 Inleiding 234
6.2 Pragmatiese taak 235
6.3 Probleemstelling en hipotese van studie 235
6.4 Refleksie op die navorsingsresultate en bevindings 236
6.5 Die onontbeerlikheid van inklusiwiteit 239
6.6 Die onontbeerlikheid van ‘n intergenerasionele benadering 239
6.7 Bediening – ‘n doelgerigte fokus 241
6.8 Implikasies van hierdie studie 241
6.9 Strategieë en aksiestappe 242
6.9.1 Die enkelouergesin 242
6.9.1.1 Strategies 242
6.9.1.2 Aksiestappe 243
6.9.2 Die enkelouer (primêre versorger) 243
6.9.2.1 Strategies 244
6.9.2.2 Aksiestappe 244
6.9.3 Die ‘ander ouer’ 244
6.9.3.1 Strategies 244
6.9.3.2 Aksiestappe 244

| | | |
|---|---|---|
| 6.9.4 | Die adolessent | 245 |
| 6.9.4.1 | Strategies | 245 |
| 6.9.4.2 | Aksiestappe | 245 |
| 6.9.5 | Grootouers | 246 |
| 6.9.5.1 | Strategies | 246 |
| 6.9.5.2 | Aksiestappe | 246 |
| 6.9.6 | Die Gemeente | 246 |
| 6.9.6.1 | Strategies | 246 |
| 6.9.6.2 | Aksiestappe | 247 |
| 6.9.7 | Die Leraar/Kerkleier | 247 |
| 6.9.7.1 | Strategies | 247 |
| 6.9.7.2 | Aksiestappe | 247 |
| 6.10 | Leierskap om verandering te fasiliteer | 248 |
| 6.11 | Praktygerigte aksiestappe | 248 |
| 6.11.1 | Mentorskapprogram | 248 |
| 6.11.2 | Rondetafel geleentheid | 249 |
| 6.11.3 | Grootouers | 249 |
| 6.11.4 | Multidissiplinêre span vrywilligers | 250 |
| 6.11.5 | Gemeente | 250 |
| 6.12 | Ruimte vir verder navorsing | 250 |
| 6.13 | Samevattend | 251 |
| | Bronnelys | 252 |
| | Tabelle Indeks | 264 |
| | Figuur indeks | 264 |
| | Bylaes | 265 |

# HOOFSTUK 1

# ORIëNTERING, PERSPEKTIEF OP DIE NAVORSINGSONTWERP EN -METODOLOGIE

## 1.1 Oriëntering

### 1.1.1 Oorsprong

Uit my ervaring as ‘n gemeenteleraar wat vir meer as 25 jaar by gesinne en die jeug betrokke is, blyk dit dat die ‘ideale’ of tradisionele gesinsamestelling aan die afneem is. Statistieke onder Suid-Afrikaners dui ook aan dat huishoudings met ‘n enkelouer (veral ‘n vrou) toeneem (Statistiek Suid-Afrika 2020b:8).

Hoewel dit moontlik is om statistieke vanuit die samelewing aan te haal, is dit minder maklik om te bepaal hoeveel ouers, met kinders, van mekaar skei en die kerk daarna verlaat, of van kerkgenootskap wissel. Vanuit ‘n gewone verhoudingsgebaseerde pastorale verbintenis met mense as ‘n gemeenteleraar, is dit baie natuurlik om te vra hoe dit met mense gaan, veral as die gesin dalk nie meer vir kerkbyeenkomste of ander geleenthede opdaag nie. Om dan te hoor dat die ouers geskei is, is soms ‘n skok, omdat dit onverwags was.

Sommige huwelikspare sal by die eerste tekens van spanning dadelik ‘n leraar/pastoor/berader of selfs ‘n sielkundige gaan spreek. Ander onttrek onmiddellik, veral uit die kerk en geestelike byeenkomste, sosiale kringe waarin hulle beweeg het en, nadat daar ‘n fisiese skeiding tussen partye gekom het (‘separation’ JWKS), selfs ook uit die gemeenskap waarin hulle gewoon het.

Dit is egter duidelik dat veral egskeiding nie net ‘n skeiding tussen twee partye is nie, maar ook skeiding bring in familiebande, geloofsgemeenskappe, sosiale gemeenskappe en so ook die oorsprong van baie seer is.

Volgens Statistiek Suid-Afrika (2020b:10) woon slegs 32% van Suid-Afrikaanse kinders (0-19 jaar) in gesinne waar beide biologiese ouers nog teenwoordig is en 42% van Suid-Afrikaanse kinders word sonder hulle biologiese vaders groot.

Hierdie analise wys slegs die tendens uit wat binne gesinne plaasvind en is gebaseer op Statistiek Suid-Afrika se verslae vanaf 2002 tot 2019. Die syfer vir egskeidings uit blanke huishoudings (2018) was 22.9.2% van alle egskeidings in 2018 (Statistiek Suid-Afrika 2020a:37). Daarbenewens is die huidige statistiek vir egskeidings waar minderjarige kinders by betrokke is, kommerwekkend. Die persentasie kinders wat deur egskeidings in Suid-Afrika geraak word was 56.6% in 2018. Hierdie statistiek het ten doel om uit te wys dat daar ‘n beduidende getal adolessente is wat deur die vervreemding van ouers geraak word. Die lidmate in gemeentes kom ook van, en woon, in ‘n wêreld waar gesinsverbrokkeling ‘n groter wordende probleem raak (Holborn & Eddy, 2011:6; cf ook Venter 2004:62).

In die lig hiervan is dit nodig om die kerk te bedien met navorsing oor die verandering in die struktuur van geloofsoordrag na adolessente binne die enkelouergesin. Dit sal die kerk in staat stel om die enkelouergesin beter te ondersteun.

Die navorsing wat tot dusver gedoen is oor enkelouergesinne en die adolessente in ‘n enkelouergesin, wou die sosio-maatskaplike omgewing en die kerk bewus maak van die pyn wat in hierdie gesinne is, die pyn van die kinders (wat in die adolessente fase sterk figureer) en gebrokenheid van die ideale gesin (en huwelik).

Die navorsing in hierdie proefskrif wil nie enige van die pyn binne ‘n enkelouergesin ontken nie.

Navorsing het reeds getoon dat die kerk ‘n uiters belangrike rol speel in die welstand van gesinne (cf Bengtson, Putney & Harris 2013:11; Dean 2010:17-21; Browning 2007:57; Smith & Denton 2005:264). Van Staden (2013:2) wys egter uit dat dit duidelik is dat kerke nie hulle verantwoordelikheid teenoor gesinne en die groter gemeenskap nagekom het nie (cf hier ook Bengtson, Putney & Harris 2013:11; Dean 2010:17-21; Browning 2007:57; Strommen & Hardel 2000:17).

Die gevolglike selfisolasie van die enkelouergesin na egskeiding, die persepsie van ‘n veroordelende kerk of gemeente en dus ook ‘n persepsie van nie genoegsame aanvaarding en insluiting in die gemeente nie, beteken dat hierdie gesinne moontlik

nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle kinders nie.

Hierdie navorsing wil ‘n bydrae maak sodat enkelouergesinne op ‘n beduidende manier erkenning geniet as ‘n volwaardige gesin, volwaardige insluiting in die gemeente kan beleef en ondersteuning van die gemeente kan geniet.

### 1.1.2 Fokus van die navorsing

Hierdie navorsing wil ondersoek **waarom enkelouergesinne hulle nie as volwaardige gesinne binne kerkverband ervaar nie en ook nie die nodige toerusting en ondersteuning in die geloofsvorming van hulle adolessente kinders ontvang nie.**

Vanuit hierdie ondersoek mag dit aan die lig kom dat die kerk die behoeftes van die enkelouergesin sodanig erken, dat hulle wel die nodige toerusting en ondersteuning kan ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders.

Daarom sal die navorsing gedeeltelik ondersoek wat die ondersteuning en toerusting moet wees wat die kerk aan enkelouergesinne kan bied.

Navorsing oor geloof en die aangee van geloof (“passing on the faith”) binne gesinne (die kerngesin) stel die intakte gesin as die mees ideale voor. Alternatiewe gesinstrukture word gewoonlik ook ingesluit, maar nie werklik verreken nie. Selfs wanneer alternatiewe gesinstrukture genoem word, word die bediening en hantering van hierdie gesinne steeds soos in intakte gesinne hanteer. Die navorsing hoop om die gesin as die primêre hermeneutiese ruimte (cf Nel 1998:19-22; Nel 2001:16-17) vir geloofsvorming te herdefinieer sodat enkelouergesinne ’n meer aanvaarbare identiteit in die geloofsgemeenskap sal ervaar.

Die spanning van twee ouerhuise of dan twee hermeneutiese ruimtes vir die verstaan van geloof blyk ‘n probleem te wees wat die dinamika van ‘n

enkelouergesin diep raak. Verdere navorsing hieroor kan die kerk in staat stel om die gekompliseerdheid van die enkelouergesin beter te verstaan.

Tradisioneel word aan die Afrikaanse kerngesin gedink as: twee biologiese ouers (pa en ma), en kinders. Hierdie persepsie word versterk deur die manier hoe gesinne in kontemporêre tydskrifartikels voorgestel word en ook die manier waarop die gesin in advertensies en selfs die kerk getipeer word. Gesinne waarvan die samestelling van die tradisionele verskil – dit sou wees enkelouergesinne, hersaamgestelde gesinne, en selfs gesinne waar kinders sonder ouers woon, word nie inklusief in die denke oor gesinne verreken nie. As die gesinsamestelling van ‘n gemeenskap, of selfs ‘n gemeente, ge-analiseer word, is dit opmerklik watter persentasie van die totale getal gesinne van die tradisionele samestelling verskil.

Die ouers van hierdie adolessente is reeds blootgestel aan ‘n lewenstyl van vervreemding:

> “*The divorce rate doubled between 1965 and 1977. By age sixteen, 40 percent of this generation had spent time in a single-parent household*”
>
> (Miller and Miller 2000:4).

Soos die geval wêreldwyd, ondergaan Suid-Afrika ook veranderinge ten opsigte van gesinstrukture (cf Venter 2004:62). Die tradisionele of normale gesin, soos De Bruyn (1989:1) daarna verwys, kom al minder voor. Enkelouer-, hersaamgestelde-homoseksuele en poligame gesinne is aan die toeneem en kinders word al hoe meer aan egskeidings en gepaardgaande huwelikskonflik blootgestel (Venter 2004:62, 95).

Codrington en Grant-Marshall (2004:13) meld dat die sterkste invloed op kinders ouers en hul ouerskapstyle is (cf Nel 1982:176-179; Freudenburg & Lawrence 1998:21; 1998:77; Van Wyk en Venter 2003:540; Dean en Vorster 1998:77). Hulle beklemtoon die beduidende invloed van ouers, of hulle afwesigheid, en ook die omgewing, op kinders. Vervreemding tussen ouers word as een van die belangrikste faktore genoem wat ‘n negatiewe invloed op die sekuriteit, waardes, vertroue en geloof het (Strommen and Hardel 2000:37). Strommen en Hardel baseer hulle stelling op seker die grootste navorsing wat nog in die VSA gedoen is

onder adolessente, deur onder andere die ‘American Baptist, Southern Baptist, Roman Catholic, United Methodist, Young Life, Lutheran, United Church of Christ, Evangelical Covenant en Episcopal Youth’ kerke in 1993 (Strommen 1993:44).

Die rol van beide die ouers en die kerk word hiermee in die sentrum geplaas wanneer dit by geloofsvorming kom en wie watter rol moet inneem, word ‘n kritiese vraag. Die enkelouergesin met sy komplekse binnewerking, maak die rol van die ouer nog meer kompleks, soos wat later in hierdie studie gesien sal word.

In sy boek, “How faith matures”, vra C Ellis Nelson:

> “*How does faith in God become mature? The answer is “through religious experience*,”
>
> (1989:11).

Hy brei verder sy antwoord uit met:

> “*To be helpful, the answer must explore the meaning of religious experience, must provide ways of judging the authenticity of such experience, and must suggest some practical means of relating personal religious experiences to the needs of people*”
>
> (1989:11).

Hy gaan voort om die kerk of gemeente (‘congregation’) uit te wys as die ruimte waarbinne geloof ontdek en getoets moet word. Nelson belig hiermee die skuif van ouer-verantwoordelikheid tot kerk-verantwoordelikheid in geloofsvorming wat oor ‘n tydperk plaasgevind het.

In teenstelling met Nelson se verstaan van wat die rol van die gemeente in geloofsvorming by jongmense is (1989:11), het die rol van die gesin as hermeneutiese ruimte reeds veel vroeër na vore begin tree. Stemme begin reeds in die laat 1940s opgaan om die rol van ouers en gesinne in die sentrum van geloofsvorming te hou (of terug te bring).

So skryf Van Doornik:

> "*Het is niet overdreven, indien men de vorming ener levensbeschouing (in grote lijnen) voor 90% toeschrijft aan de invloed van vader en moeder, niet alleen bij overname, maar ook bij contrast*"
>
> (1948:277).

Charles M Sell skryf in sy boek, "Family Ministry" (1995:14 [first ed 1981]):

> "*Church and family, both institutions established by God, ought to live in a similar symbiosis*"

en Mark de Vries beklemtoon die rol van die gesin in geloofsvorming met:

> "*real power for faith formation was not in the youth program, but in the families and the extended family of the church*"
>
> (1994:61).

In Suid-Afrika het Malan Nel as 'n prominente leier (veral in die Ned Geref Kerk) in jeug- en gesinsbediening na vore getree. Sy gepubliseerde proefskrif hanteer 'n versameling aspekte oor die bediening van die evangelie aan die jeug en sluit kerklike- en ouerlike verantwoordelikhede in. Hier maak hy reeds die stelling dat jeugevangelisasie "gemeenteverantwoordelikheid" is (1986:73). Dit is die eerste treë na sy boek, *Jeugbediening – 'n Inklusiewe gemeentelike benadering* (1998). Gemeenteverantwoordelikheid teenoor die jeug word as 'n "normale" deel van die taak van die gemeente beskryf (1986:73), met die veronderstelling dat die jeug (adolessente - JWKS) binne die gesinskonteks verreken moet word (Nel 1986:74; Nel 1998:20; cf ook Nel 1994:2-20, 126-147).

Nel benadruk die saak vir die huisgesin as plek waar

> "*God and his ways are interpreted to the members of the family in the most natural way*"
>
> (Nel 2018:87).

Die gesin word as primêre hermeneutiese ruimte gestel en dat dit God behaag

> "*om ook veral binne die geborgendheid van hierdie intieme vorm van menseverhoudings verstaan van Wie Hy is en hoe Hy handel te skenk*"
>
> (Nel 1998:21 cf ook Nel 2018:89).

Daarmee saam waarsku Nel ook dat die beklemtoning van die gesin as hermeneutiese ruimte nie op enige manier gebruik mag word om die pyn van mense nog pynliker te maak nie – ook nie om in die minste die gedagte te skep dat iemand binne 'n gesin 'n voorsprong op genade het nie (Nel 1998:21; sien ook Nel 2018:89).

Hierdie studie wil juis fokus op die rol wat die kerk (of gemeente) kan speel as 'n ondersteunende funksie tot enkelouers om hulle in die geloofsvorming van veral hulle adolessente te ondersteun. Meer kan hieroor gesê word, omdat daar ook verskeie etenskaplike terreine is wat gesamentlik 'n korporatiewe invloed op 'n persoon se identiteit of eerder die vorming daarvan kan uitoefen. Geloofsontwikkeling is volgens Nel (1998:149 sien ook Nel 2018:174) "*binne die reformatoriese tradisie niks anders as identiteitsvinding nie*". Kinders en jongmense word deur die totale bediening binne 'n gemeente gehelp om te word wat hulle in Christus reeds is.

### 1.1.3 Begrensing

Die onderwerp van enkelouergesinne in die Suid-Afrikaanse konteks is besonder wyd en deur kulturele grense gekleur. Dit is duidelik dat verskillende kultuurgroeperinge enkelouergesinne ook verskillend hanteer. Daarom is dit die navorser se keuse om stadsgeoriënteerde Afrikaansprekende gesinne in onderhoude te betrek.

Deur bestaande navorsing kan opmerkings gemaak word oor hoe adolessente in tradisionele ouerhuise die verskillende fassette van ontwikkelingsfases (fisies, emosioneel en kognitief) behoort te hanteer. Die verwagte uitkoms in geloofsontwikkeling is ook hier ter sprake.

Vanuit vorige navorsing wat die navorser vir ‘n Magister in Teologie ondersoek het, blyk dit dat adolessente, en veral adolessente in enkelouergesinne, die grootste uitdaging in die vind van geloofsidentiteit ervaar (Scholtz 2018:88). Enkelouergesinne se behoeftes in hierdie verband blyk anders te wees as in intakte gesinne. Dus is ‘n volgende afbakening enkelouergesinne wat adolessente nog in die huis het.

Enkelouergesinne ontstaan op verskillende maniere, bv na die dood van ‘n ouer; egskeiding; enkelouerskap deur invitro-bevrugting (sonder ‘n manlike lewensmaat); swangerskap buite ‘n formele verbintenis (bv saamwoon); swangerskap buite enige verbintenis (‘one-night stand’); tienerswangerskap sonder die vooruitsig van ‘n huwelik tussen die partye. Statistiek (2020b:8) van egskeidings in Suid-Afrika wys daarop dat byna 66% van alle huwelike in die skeihof eindig. Die statistiek dui ook aan dat in 56.6% van egskeidings in Suid-Afrika kinders onder 18 deur die egskeiding geraak word (2020b:8). Hierdie studie fokus slegs op enkelouergesinne as gevolg van ‘n egskeiding.

Op kerklike gebied kan daar meer ekumenies gewerk word, aangesien die onderwerp nie tot ‘n spesifieke kerkgenootskap beperk word nie. Wat wel egter as ‘n grens kan kwalifiseer, is of ‘n kerkgenootskap ‘n geloofsvorming program het vir adolessente.

Onttrekking of isolasie van ‘n enkelouergesin uit ‘n kerklike omgewing is ‘n realistiese waarneming, maar net so is die vind van ‘n nuwe kerklike omgewing ook ‘n realiteit. Daar is ook enkelouergesinne wat steeds sekuriteit in hulle bestaande kerklike omgewing beleef. Dus moet die grense van enkelouergesinne wat betrek word, al drie hierdie scenarios akkommodeer.

Om op te som: die begrensing van die ondersoek is om te bepaal watter kerklike ondersteuning en toerusting enkelouergesinne nodig het om hulle in hulle geloofsvorming by te staan, waar hierdie enkelouergesinne

- Voorstedelik en Afrikaanssprekend is;
- Nog adolessente in die huis het;
- Vanuit ‘n egskeiding ontstaan het;

- Nie tot ‘n spesifieke kerkgenootskap behoort nie of noodwendig kerklik aktief is nie.

### 1.1.4 Doel van die navorsing

Praktiese Teologie werk empiries-krities met geloof as objek (Naudé 2006:33). Dit gaan dus oor geloofservaringe en geloofshandelinge (Heitink 1999:164). Die objek van die wetenskaplike omgang in die teologie is dus hoe God ervaar word deur mense: hulle getuienis, pastorale ervarings en handelinge (Pieterse 1993:25). Praktiese Teologie beteken dan die bestudering van deelname aan die lewe, deur die kerk, en vir die doel van hierdie studie, die funksionering van die enkelouergesin as hermeneutiese ruimte waarbinne geloofsontwikkeling plaasvind (of nie plaasvind nie).

Bogenoemde gaan dus dan oor die absorbering en interpretasievan sosiale veranderinge, nuwe verhoudinge en verskuiwings in verhoudinge. Hierbinne word ‘n nuwe identiteit gevind en verstaan. Vanselfsprekend is hierdie stelling ook op enkelouergesinne van toepassing. Praktiese Teologie bestudeer die geloofshandelinge van enkelouergesinne waarin adolessente teenwoordig is. Dit sal die kerk help in die pastorale versorging van enkelouergesinne en lei tot ’n beter verstaan oor hoe om hierdie gesinne in die geloofsvorming van adolessente te ondersteun.

### 1.1.5 Doelwitte van die navorsing

- Om die eie aard van die geloofsdinamika, of die afwesigheid daarvan, in die enkelouergesin met adolessente te beskryf;
- Om die adolessent en die invloed van die enkelouergesinsamestelling op die ontwikkelingsfases van geloof, te identifiseer;
- Om die uniekheid van die enkelouergesin as primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan van geloof te beskryf;
- Om die moontlike ondersteuning en toerusting wat die kerk aan die enkelouergesin kan bied, te beskryf en te ondersoek.

### 1.1.6 Die plek van hierdie studie binne die veld van die praktiese teologie

Jeugbediening en geloofsvorming per se, is so deel van gemeentewees, dat geen gemeente nie ’n bestuurspunt oor jeug of gesinne op hulle agenda het nie. In resente tye het gesinsbediening so deel van die inklusiewe aard van intergeneratiewe bedieninge geword, dat geen gemeente daarsonder kan funksioneer nie. Vanuit die getal adolessente in gemeentes waarvan aangedui word dat hulle net een primêre ouer het, is dit duidelik dat hulle reeds verteenwoordigend is van die groeiende getal jongmense wat met twee ouerhuise (twee hermeneutiese ruimtes) grootword.

Hierdie navorsing kan ’n duidelike rol speel in die aanspreek van ’n kritieke area wat heel moontlik deur die kerk misgekyk word. Die afname in jongmense wat lidmate word, asook die verdwyning van die enkelouergesin (en kinders daarvan) vanuit die gemeente, is van die merkers wat aandui dat daar dringend aandag gegee moet word aan verskeie faktore (soos die spesifieke behoeftes van die enkelouergesin), om aan die reformerende karakter van die kerk getrou te bly.

Jeug en Gesinsbediening is ‘n integrale aspek van Praktiese Teologie. Nie dat alle teoloë altyd daarmee saamgestem het nie (Nel 2018:4, 5, 13). Jeugbediening as ‘n dissiplinêre onderdeel van Praktiese Teologie het al hoe meer na vore begin kom as ‘n belangrike fokus om juis die kommunikatiewe handeling, met en aan jongmense, namens God (Nel 2018:11), te fasilteer.

As ‘n kommunikatiewe handeling het jeugbediening as ‘n onderafdeling van Praktiese Teologie ‘n opbloei in die laaste 30 jaar beleef. Gemeentes het jeugwerkers en jeugleraars aangestel en ‘n volledige jeugbediening, gefokus op kinders tot jongmense, ontwikkel.

Daar was egter ‘n prys te betaal. Die Bybel vra dat die dissipelskap van kinders 'n samewerkingspoging moet wees tussen beide die hele kerk en gesinne (die kommunikatiewe handeling is dus implisiet wyer as net ‘n ouderdomgefokusde groep). Kerke is bedoel om ouers op te voed, toe te rus en te bemagtig om in hul kinders se geestelike lewens te belê. Kinders is bedoel om saam met die hele kerk

te aanbid en te dien en nie eksklusief in die jeuglokaal geskei te wees nie (Root 2007:61).

Om jeugbediening en gesinsbediening te skei (veral van ander gemeentebedieninge), het eintlik vinnig in ‘n soort segregrasie ontwikkel, wat die handeling met die jeug in isolasie van hulle ouers, ook van die gemeente geïsoleer het (De Vries 1994:41). Die gesinsbenadering tot Jeugbediening het juis ontstaan om die gaping tussen die jeug en volwassenes (‘adults’) aan te spreek (Cloete 2016:2).

Jeugbediening is geheel en al diep gewortel in God se verhoudings- of verbondsmatige verbintenis tot mense en die wêreld. God het hierdie verhouding in Christus en deur die Heilige Gees begrond (Avenant 2021:94). Malan Nel se gevolgtrekking is dus hier van toepassing: dat om besig te wees met jeugbediening

> *“is nothing less than participating with and as youth in what God is busy with and has relationally or covenantally set himself out to do, and we do so in the name of this God”*
>
> (Nel 2018:72).

In die praktiese teologie is dit dus belangrik dat die plek van jeugbediening nie belangriker geag word as enige ander bediening nie, maar ook nie as ‘n losstaande entiteit nie. Dit behoort in simbiose met al die ander afdelings van die praktiese teologie te wees.

Tegelykertyd moet jeugbediening in die groter konteks van die praktiese teologie interafhanklik van gesinsbediening erken word (Cloete 2016:2). In hierdie verband haal Van Staden (2014:5) vir Nel (2001:6) aan om die gelykwaardigheid van jeugbediening binne die gesinsbedieing te benadruk

> *“Youth ministry* (family ministry) *is not about finding an extra place for yet another ministry, but finding a place for youths* (families) *within every ministry and among people that the ministries are designed to reach and serve – the people to whom God comes by means of the ministries”*
>
> (Nel 2001:6).

Gesinsbediening binne die praktiese teologie gaan dus daaroor om aan gesinne ’n plek toe te ken as regmatige deelnemers aan die kommunikatiewe handelinge in diens van die Evangelie, nie alleen in die gemeente nie, maar ook by die huis (Van Staden 2014:5).

Hierdie studie fokus uiteindelik op die ondersteunende handeling (of afwesigheid daarvan) van die gemeente aan die enkelouergesin in die geloofsontwikkeling van adolessente. Dit plaas hierdie studie dan binne die raamwerk van jeugbediening (wat ‘n onderafdeling van die praktiese teologie is), asook binne die raamwerk van gesinsbediening wat inherent ouers en kinders in ‘n verhoudingsgerigte, intergenerasionele bediening intergreer.

Die waarde van die studie is om by te dra tot ‘n inklusiewe saam ontdekking van die veerkragtigheid en die behoeftes van die enkelouergesin en die besondere uitdagings wat binne die enkelouergesin beleef word ten opsigte van geloofsvorming. Geloofsontwikkeling is volgens Nel (1998:149; sien ook Nel 2018:174) binne die reformatoriese tradisie niks anders as identiteitsvinding nie. Kinders en jongmense word deur die totale bediening binne ’n gemeente gehelp om te word wat hulle in Christus reeds is (Nel 2018:11).

#### 1.1.6.1 Praktiese Teologie as wetenskap

Praktiese Teologie as ‘n selfstandige studieveld het ‘n moeisame geskiedenis om uiteindelik as ‘n “studieveld in eie reg erkenning te verkry” (Van Staden 2013:14; cf Nel 2018:4; Du Toit 1969:1). In 1969 skryf Prof HDA du Toit by die stigting van die Werkgemeenskap vir Praktiese Teologie dat die term Praktiese Teologie eintlik ‘n baie ou benaming is vir die studieveld, maar dit lyk asof die oorspronklike bedoeling van dit anders is as wat huidig daaronder verstaan word (Du Toit 1969:2). Hy gryp ver terug as hy sê:

> “*Vir Voetius* (1589-1676 - ‘n Nederlandse teoloog) *was Praktiese Teologie prakties omdat dit toegepas word op die lewe; hy vat etiek en homiletiek onder een hoof. Toe die homiletiek saam met allerlei praktiese stof gebruik is om die evangeliedienaars te vorm, is die naam*

*theologica practica toepaslik gevind. Die Sinode van Dordrecht in 1618 het hierdie naam vir hierdie bepaalde vakgebied gekies*"

(du Toit 1969:3).

In 1774 is Praktiese Teologie vir die eerste maal as universiteitsvak aan die Universiteit van Wenen ingestel (Dreyer 1991:597). Vir die volgende tydperk het die vakdissipline Praktiese Teologie stadig ontwikkel tot ‘n volwaardige wetenskap. Eers in die 18e eeu gee die Duitse teoloog, Friedrich Schleiermacher (1768-1834) aan die vakgebied nuwe impetus. Schleiermacher het vir die Praktiese Teologie sy ensiklopediese posisie omlyn en ’n eie studieterrein probeer toeken, naamlik die teorie van die kerklike praxis (Janson 1982:326). Die worsteling om ’n eie wetenskaplike identiteit het hom afgespeel in ’n spanningsvolle heen-en-weer beweeg tussen die pole van die teorie en die praxis.

Verskeie moderne teoloë beskryf Friedrich Schleiermacher as die vader van Praktiese Teologie (Heitink 1999:22-24; Osmer 2008:232-233; Root 2014:54). Hy het Praktiese Teologie as 'n akademiese dissipline binne die teologiese dissiplines gevestig, deur die aard, taak en prosedures daarvan deeglik te beskryf as 'n noodsaaklike onderdeel van die integrale teologiese in geheel. In sy bondige maar betekenisvolle boek, *Brief Outline of the Study of Theology* (1988, Oorspronklik in Duits 1811), gee hy sy weergawe van ‘n oorsig van die Studie van Teologie waarin hy teologie in drie velde verdeel het: filosofiese teologie wat die wortels van die teologiese boom verteenwoordig; historiese teologie wat die stam of liggaam van die boom verteenwoordig; en praktiese teologie wat die takke of kroon van die teologiese boom vorm. Sy verwysing na praktiese teologie is beskou as 'n versameling van tegnieke, ontleen van ander dissiplines en toegepas as die reëls van die kuns van teologie beoefen (Dingemans 1996:82).

Schleiermacher met sy teologiese bydrae, kan dus met reg as ‘n baanbreker vir die moderne Praktiese Teologie beskou word (1993:70). Pieterse (1993:56) meld dat na die negentiende eeu, kennis objektief deur empiriese navorsing verkry is. Die rede daarvoor was hoofsaaklik omdat die natuurwetenskappe voorrang geniet het.

Die versameling van kennis en hermeneutiese hantering daarvan, het aanleiding gegee tot ‘n verskeidenheid teorieë. Die bydrae van Gadamer, Ricoeur en Habermas is sprekende voorbeelde hiervan.

- Gadamer (1982) spreek in sy boek "Wahrheit und Methode" onder andere kritiek uit teenoor die metodes van kennisversameling. Met die hermeneutiese bydrae van Gadamer word 'n tree weg van die positivistiese wetenskapsbenadering gegee (Fick 199:7).
- Volgens Ricoeur (1981:145-181) is tekste outonoom en die bestudering van hierdie tekste vereis objektiwiteit. Pieterse (1993:86) verklaar dat Ricoeur hiermee 'n kritiese hermeneutiek en 'n hermeneutiese metodologie aan die orde stel. Met die handelingsteorie van Ricoeur word ruimte vir begrip en verklaring, binne 'n hermeneutiese raamwerk geskep (Fick 199:7)
- Habermas (1972, 1982) se teorie van kommunikatiewe handeling beklemtoon die belangrikheid van rasionele diskoers en beraadslaging in demokratiese samelewings. Hy voer aan dat die publieke sfeer, as 'n forum vir vrye en oop kommunikasie tussen burgers, noodsaaklik is vir die kritiese evaluering van wetenskaplike aansprake en die onderhandeling van botsende belange. Die wetenskap verloor so sy betekenis en het niks vir die mens te sê nie. Pienaar (1996:15) vat dit so saam:

  *“Terwyl Gadamer 'n ontologie van verstaan geskep het, het Ricoeur gewys dat verstaan en verklaar mekaar voortdurend oproep en vanuit Habermas se handelingsteoriee het dit duidelik geword dat hermeneuse onvermydelik 'n emansipatoriese belang het wat weer om 'n nuwe verstaan en verklaar vra.”*

  (Pienaar 1996 soos aangehaal in Fick 1999:8)

Die koms van die kommunikatiewe handelingsteorie en die metodologiese model wat deur Zerfass voorgestel is, het 'n beduidende keerpunt in die koers van die vakgebied gebring. Zerfass se model onderstreep die dinamiese wisselwerking tussen teoretiese konstrukte en praktiese toepassings, en beklemtoon die hoofsaak van interaksie met tasbare kontekste en ervaringsrealiteite in teologiese nadenke en ondersoek. Hierdie model verskaf 'n gestruktureerde raamwerk, soos omlyn deur Klostermann en Zerfass (1974:166), vir die uitvoering van praktiese-teologiese ondersoeke en die aanspreek van pragmatiese uitdagings wat binne

godsdienstige gemeenskappe en die breër samelewingsmilieu teëgekom word. Die diepgaande impak daarvan is waarneembaar in daaropvolgende teorievorming, wat getuig van die blywende invloed en relevansie daarvan.

Dit is juis die interaksie tussen die mediasie van die Christelike geloof en die praxis van ons samelewing (Heitink 1993:18) wat ons laat verstaan hoe God deur ons handelinge na die wêreld kom (cf Nel 2018:7). In God se koms na die wêreld, doen Hy dit deur mense en word bedieninge, soos die jeugbediening, kommunikatiewe handelinge in die Naam van God (Nel 2018: 11).

Andrew Root verstaan God se handeling as volg:

> "*This coming to them I call Christopraxis, which is the continued ministering presence of Christ. The very shape of God's coming to people takes the form of ministry; encounters with divine action come as ministry. Therefore, I argue that practical theology is ministry and that as ministry it is both practical and theological*"
>
> (Root 2014:xii).

Root wil juis die fokus van 'n menslike handeling na 'n goddelike handeling skuif (2014:xii). Hy poog om met sy werk die *tekortkoming* in praktiese teologie aan te spreek deur te argumenteer dat "*bediening beide prakties en teologies is. Bediening is niks anders as God se handeling self nie*" (Avenant 2021:11). God is die groot bedienaar. Bediening is vir hom die maniere waarop God aktief betrokke is (goddelike bediening in 'n lewende verhouding). Root (2014b:xii) noem die koms van God na mense sy Christopraxis, wat vir hom die voortgaande bedieningsteenwoordigheid van Christus is (Avenant 2021:11).

> "*Ons as mense beleef hierdie bediening van God of deur die ervaring van God se omgee en heling of deur die bedieningshandeling van mense (wanneer jy self iemand anders bedien) wat God se betrokkenheid bemiddel* "(Avenant 2021:11)

Snyder, Nel en Avenant is dit eens dat as mense word wat hulle bedoel is om te wees, is hulle reeds betrokke in en word gebruik deur God in sy handelinge met mense (Snyder 2014:359; Nel 2018:11; Avenant 2021:11). In Root se denke

verreken teoloë nie ‘n addisionele dimensie of dieper teologiese betrokkenheid van God by en buite die mens nie.

Praktiese Teologie erken die verwantheid tussen Goddelike en menslike aksie, maar die balans en beklemtoning verskil (Avenant 2021:11). Die kommunikatiewe handeling van God met en deur mense is egter voldoende om die hoe en waar van ‘n bediening van God aan en deur mense te beskryf (Nel 2018:14).

Jeugbediening handel oor omvattende, opsetlike en gedifferensieerde kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie van die Koninkryk. In Jeugbediening word die wyses van die koms van God na mense en deur mense na die wêreld doelbewus gemeng en gedifferensieer (Nel 2018:14).

Jeug en gesinsbediening kan daarom nie geskei word van die handeling van God deur en met mense nie. Die enkelouergesin kan ook nooit uitgesluit word uit die gemeentelike lewe nie. Hulle moet ‘n volle integrasie in die gemeente kan beleef.

### 1.1.7 Soort navorsing

In sy eenvoudigste vorm bestaan ’n praktiese teologiese studie uit die volgende elemente: beskrywing, interpretasie, verklaring en aksie (Heitink 1999:228). Hierdie elemente eis egter ’n interrelasionele benadering tussen die hermeneutiese, strategiese en empiriese aspekte van navorsing.

’n Navorser sou tussen verskillende metodologiese modelle kan kies, of selfs ’n kombinasie daarvan (Heitink 1999:228). Heitink onderskei tussen drie hoofnavorsingstipes: Beskrywende navorsing (‘*Descriptive Research*’) (Heitink 1999:228); Ondersoekende Navorsing (‘*Explorative Research*’) (Heitink 1999:230); Toetsende Navorsing (‘Testing Hypotheses’) (Heitink 1999:230).

Met inagneming van die voorafgaande diskoers en die onderwerp van die studie, word 'n benadering wat ondersoekende en toetsende navorsingsmetodologieë integreer, gevolg. Soos toegelig deur Heitink (1999:230), beliggaam ondersoekende navorsing elemente van beskrywende ondersoek terwyl dit ook

poog om hipoteses te assesseer. Binne hierdie metodologiese raamwerk strek die navorser se bevoegdheid verder as blote verkenning van die oorkoepelende onderwerp of dokumentasie van spesifieke waarnemings; dit sluit eerder verklarende pogings in wat daarop gemik is om hipoteses uit empiriese bevindinge af te lei. Ondersoekende navorsing, uit die aard daarvan, poog om ‘n teorie te ontwikkel wat tot toetsbare hipoteses kan ontwikkel. Sentraal tot hierdie benadering is die dubbele klem op toeligting en interpretasie van verskynsels wat ondersoek word.

By toetsende navorsing gaan dit volgens Heitink (1999:230-231) oor die empiriese toetsing van een of ’n aantal interverweefde hipoteses wat gewoonlik uit die teorie ontspring het. Hierdie toetsing geskied gewoonlik deur ’n ondersoek van ’n afgebakende, verteenwoordigende groep. Hierdie metode bewys gewoonlik die realiteit (bv voorkoms van geloofsgewoontes/betrokkenheid/ onbetrokkenheid) van ’n sekere effek (bv geloofsidentiteit/geen geloofsidentiteit) wat spesifieke aksies (bv invloed/geen invloed van ‘n enkelouergesinsopset) op mense het. Die metode deurloop die hele empiriese siklus van: *observasie* – versameling en kategorisering van empiriese data met die oog op die formulering van ’n hipotese (Heitink 1999:235); *induksie* – die punt van formulering van die hipotese (Heitink 1999:235); *deduksie* – die gevolgtrekkings waartoe gekom word wat vloei uit die hipotese in die vorm van toetsbare voorspellings (Heitink 1999:235); *toetsing* – toetsing van die resultate van nuwe data wat gebaseer is op die uitkoms van die voorspellings (Heitink 1999:235) en *evaluering* – die terugvoer na die teorie, dit lig weer sake vir verdere navorsing uit (Heitink 1999:235; cf Avenant 2011:7).

Die volgende stap, volgens Osmer (2008:49), is om die strategie van die navorsing te bepaal. Breedweg: kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing. Kwantitatiewe navorsing is volgens Osmer (2008:49) die versameling en analisering van numeriese of gekwantifiseerde data om die verbande tussen veranderlikes vas te stel. Kwalitatiewe navorsing poog om die handelinge en gewoontes van individue en groepe in hulle alledaagse lewe te verstaan, asook die betekenis wat hulle daaraan gee (Osmer 2008:50). Die keuse van strategie vir hierdie navorsing val op laasgenoemde, naamlik ‘n kwalitatiewe navorsing.

Dus is ‘n literatuurstudie, asook ‘n empiriese deel (onderhoude) die mees gepaste metode vir die kwalitatiewe navorsing van hierdie proefskrif.

### 1.1.8 Literatuur

Enkelouerskap, die skade van egskeidings, veral aan kinders, die verandering in gesinstrukture, geloofsontwikkeling en identiteitsvorming geniet al vir ‘n geruime tyd aandag. Veral op die sosio-maatskaplike terrein, sowel as in die psigologiese wetenskappe, is in die onlangse tyd baie gepubliseer (Onder andere: Carroll, Nicola Jane. 2017; Denton, Melinda Lundquist and Uecker, Jeremy E. 2018; Maggio, Jennifer. 2011; Lawton, L E & Bures, R. 2001. Manning, Wendy D. and Lamb Kathleen A. 2003; Marquardt, E. 2005. Root, A. 2010. Rush, Sally, J 2012; Townes, Stephanie, 2017) oor die impak van egskeiding op mense, veral op adolessente en die uitkomste daarvan.

In die kerklike omgewing is daar nie baie oor enkelouergesinne nagevors nie. Wel egter oor intakte gesinsbediening en geloofsontwikkeling. Tog word daar al hoe meer gefokus op die ouers se verantwoordelikheid in hulle kinders se geloofsontwikkeling
(De Wet, D C. 2003; Holmen, M A. 2010; Van Staden, T. 2015; Bengtson, Vern L with Harris, S C and Putney, N M. 2013; Bengtson, V L, Biblarz, T J and Roberts, R E L. 2003).

Beskikbare literatuur oor hierdie onderwerpe is sover moontlik bekom en bestudeer en waar moontlik in die navorsing ingewerk. Die akademiese werk van die genoemde outeurs word in die bronnelys aangetoon.

### 1.1.9 Relelevansie van die navorsing

Dit is duidelik uit die beskikbare literatuur dat geloofsontwikkeling tuis ‘n al hoe belangriker rol speel in die geloofsbegeleiding van adolessente. Dit veronderstel ‘n gesonde gesinstruktuur waar geloof ‘n integrale rol in die daaglikse gesinslewe speel.

In enkelouergesinne is die prioriteite vir oorlewing binne die gesin soms van so ‘n aard dat geloofsake nie aandag kry nie. Daarby is hierdie gesinne soms reeds so vuisvoos baklei, dat hulle net nie kans sien vir enige verdere konfrontasie van ‘n ander ouer, of selfs die geloofsvrae van kinders nie.

Hierdie navorsing wil die geloofsrelevansie of nie, belig en moontlike geleenthede ontgin vir ondersteuning en ook toerusting aan enkelouers om hulle kinders te help begelei in geloofsontwikkeling.

In die woorde van Freudenberg:

> “*The church must be ready to train and support parents and the home to be the primary nurturers of kid’s faith. It needs to be less concerned about builiding good churches and more concerned about empowering parents to build good families*”
>
> (Freudenberg 1998:74).

## 1.2. Formulering van die probleem en doelstellings

### 1.2.1 Probleemstelling

**Die probleem is dat enkelouersgesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Dit en ander faktore lei daartoe dat hulle nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie.**

Dit is moontlik dat verskillende faktore tot hier situasie bydra:

- Isolasie op grond van die ervaring van ’n onherstelbare gebrokenheid voor God;
- Die ervaring dat die kerk steeds ‘n gesin definieer as ‘n primêre eenheid bestaande uit ‘n pa en ma en kinders – en dus enige ander samestelling van ‘n gesin minder ag;
- Die invloed van twee ouerhuise waarin geloofsvorming soms in spanning met mekaar is.

### 1.2.2 Doelstellings

#### 1.2.2.1 Doel van die navorsing met die fokus op bediening aan enkelouergesinne

Die probleem is dat enkelouergesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Dit en ander faktore lei daartoe dat hulle nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie.

In hierdie navorsing sal daar ondersoek word wat die redes is waarom enkelouergesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Die resultate van hierdie ondersoek sal dan gedokumenteer word - met die vertroue dat die navorsing akademies en bedienings-gewys tot ‘n nuwe praxis sal lei.

#### 1.2.2.2 Doelwitte vir die navorsing met die fokus op bediening aan enkelouergesinne

- Om die eie aard van die enkelouergesin met adolessente se geloofsdinamika, of die afwesigheid daarvan, te beskryf;
- Om die adolessent en die invloed van die enkelouergesin-samestelling op die ontwikkelingsfases van geloof, te identifiseer;
- Om die uniekheid van die enkelouergesin as primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan van geloof te beskryf;
- Om die moontlike ondersteuning en toerusting wat die kerk aan die enkelouergesin kan bied, te beskryf en te ondersoek.

## 1.3. Konseptualisering

**Enkelouer** - Die primêre biologiese ouer (individu) of primêre versorger aan wie se sorg kinders en jongmense toevertrou is. Die ander ouer word hier voorsien as om permanent in die primêre woonplek van die gesin afwesig te wees.

**Gesin** - ‘n groep mense van meer as twee wat intiem aan mekaar verbind word deur ’n huweliksluiting, met kinders wat permanent aan beide ouers gekoppel is deur bloedverwantskap of aanneming.

**Enkelouergesin** - 'n gesin waar daar 'n volwassene en afhanklike kind(ers) is; waar een ouer permanent afwesig is (vanweë verskillende redes) en daar geen plaasvervanger vir die afwesige ouer teenwoordig is nie.

**Insluiting in gemeente** – die inklusiewe akkommodering van lidmate op ‘n intergeneratiewe wyse.

**Adolessensie** - Adolessensie is die oorgangstydperk tussen die kinderjare en volwassenheid.

**Adolessent** – persoon in die proses om van kind na volwassene te verander. Hierdie persoon word gewoonlik as ‘n minderjarige geag en dus vir die Suid-Afrikaanse idioom, iemand tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar.

**Geloofsontwikkeling** – Die totale proses (alle prosesse) wat meehelp en bydra dat die Godgeskenkte geloofsinsigte groei en ontwikkel in ’n individu se lewe. Dit is ’n lewenslange proses by alle gelowiges.

## 1.4. Metodologie

Dit het gebruiklik geword om jouself (as navorser) metodologies te verantwoord (cf Nel 2018:3-4). Die feit dat daar nie in wetenskaplike werke na ‘n groot veelvoud van skrywers in hierdie verband verwys word nie, is ook merkbaar. Nel (2018:4) merk

dat dit moontlik kan wees omdat daar groter eenstemmigheid en konsensus in die vakgebied gekom het (cf ook Burger 1991).

Pieterse (1993) verwys na verskeie teoloë wat belangrike insette in hierdie verband gemaak het Soos  Zerfass (1974), Firet (1977), Van der Ven (1993), Heitink (1999) en plaaslik ook Pieterse (1993). Die mees onlangse gesaghebbende werk is dié van Osmer (2008) en Root (2014). Al die genoemde teoloë is dit eens dat  Praktiese Teologie as paradigma hom binne die kommunikatiewe handelingsteorie georiënteer het (Nel 2001:3).

Dit blyk dat Gerben Heitink en Richard Osmer van dié sterkste meningsvormers in die verband is. Met Osmer se resente werk (2008), is dit in belang van navorsing om beide se metodologiese vertrekpunte te beoordeel en dan ‘n keuse vir die een of die ander te maak.

### 1.4.1 Sirkel van Hermeneutiese, Empiriese en Regulerende teorie van aksie van Heitink

Heitink (1999:165) se sirkel van Hermeneutiese (Verstaan), Regulatiewe (Verander), Empiriese (Verklaar), teorie van aksie (Vergelyk figuur 1 hierna), wil beweeg van verstaan na verklaring en wil uiteindelik verandering teweegbring.




*Figuur 1. Sirkel van aksie van Heitink*

#### 1.4.1.1 Die Hermeneutiese perspektief

Die woord ‘hermeneutiek’ is volgens Heitink (1999:179) afkomstig van die Griekse woord *hermeneuein* wat onder andere beteken “om te sê” in die sin van “om jou uit te druk” of “om iets aan te kondig”. Dit kan ook beteken “om te vertaal” in die sin van “om iets te interpreteer”. Vandag beteken hermeneutiek eenvoudig die teorie van interpretasie.

> *“Hermeneutiek was oorspronklik volgens Osmer (2008:20) net ingestel op die interpretasie van ou tekste, maar is in die twintigste eeu deur hermeneutiese filosowe uitgebrei om die interpretasie van daaglikse aktiwiteite van gewone mense in te sluit.”* (Avenant 2011:11)

Die hermeneutiese verstaan kyk daarom na die onderwerp wat nagevors gaan word (bv die kerklike praktyk van belydenisaflegging), met spesifieke verwysing na hoe dit beïnvloed is, en word, deur die veranderende sosiale norme en gedrag.

#### 1.4.1.2 Die Strategiese perspektief

Heitink se sirkel van Hermeneutiese (Verstaan), Regulatiewe (Verander) en Empiriese (Verklaar) teorie van aksie (1999:165) bring ons onomwonde by verandering, of waar verandering voorgestel kan word.

Praktiese Teologie as *“the theory of the mediation of the Christian faith in praxis of modern society”* (Heitink 1999:6) kan vanweë die dinamika van die beïnvloeding van die konteks (praxis 1) en die mediasie van die Christelike geloof (Praxis 2) nie anders as dat die kommunikatiewe aksie tussen die praxis tot aksie sal lei nie (Heiting 1999:169). Aksie impliseer dan verandering waarvoor daar ‘n openheid en begeerte (Heitink 1999:203) moet wees.

Die strategiese benadering verbind die “wie doen wat” met die “hoe” en “vir watter rede”. Dit gaan dus hier om die nuut verworwe kennis te gebruik om verandering te beplan en deur te voer (Avenant 2011:14).

Heitink (1999:212) omskryf die navorsingsiklus as bestaande uit opeenvolgende stadiums: begin met die afbakening van die probleem en vorder deur diagnose, vorder vervolgens van diagnose na die formulering van aksieplanne, verdere oorgang van aksieplanne na intervensiestrategieë, en kulmineer in die proses van periodieke evaluering en aanpassing van die aksieplanne.

#### 1.4.1.3 Die Empiriese perspektief

Die woord empiries kom volgens Heitink (1999: 221) van die Griekse woord *empeiria*, wat "ervaar" beteken. 'n Empiriese benadering poog om te wys dat alle wetenskaplike kennis gebaseer is op werklikheidservaring. Dit kan dus onderskei word van persepsies.

As Praktiese Teologie dan teologie wil wees, kan dit egter nie net op die empiriese benadering steun nie, dit moet ook die normatiewe geloofsgewoontes in die Christelike geloof akkommodeer (Heitink 1999: 221).

Met die voorbereiding vanuit die hermeneutiese en regulatiewe perspektiewe, kan die empiriese lei tot 'n navorsingsvoorstel waarin teorie en praxis mekaar ontmoet (of nie) en getoets word aan die werklikheid.

Empiriese navorsing is 'n konstante proses van vergelyking en evaluering (Heitink 1999:233). Daar kan ontdek word dat sekere onderskeidings nie noodwendig teenoor mekaar staan nie. Die basiese patroon van die empiriese sirkel bevat induktiewe, sowel as deduktiewe momente en die induktiewe en deduktiewe metodes van navorsing sluit mekaar dus nie uit nie, maar kan mekaar juis aanvul in ruimte vir mekaar (Heitink 1999: 233).

### 1.4.2 Vier take van Prakties-Teologiese interpretasie van Osmer

Osmer (2008:*x*) verduidelik dat die doel van sy boek Practical Theology – An Introduction, is vir onderrig in akademiese teologiese opleiding, sowel as vir leraars en gemeenteleiers in hulle daaglikse omgang met mense en hulle praktiese teologiese interpretasie rig tot 'n sinvolle publieke bydrae.

Hierdie benadering van praktiese teologiese interpretasie is juis bruikbaar vir enige wetenskaplike navorsing (Osmer 2008:*x*). Osmer maak selfs die stelling dat heelwat van die kontemporêre navorsing in Praktiese Teologie sy metodiek rakende die proses van Praktiese-Teologiese interpretasie gebruik, waar vier take in ‘n hermeneutiese sirkel of spiraal gevolg word (Osmer 2011:2). Hierdie vier take is:

- Deskriptief-empiries: Wat is aan die gebeur? Die versameling van inligting om episodes, situasies, of kontekste beter te verstaan.
- Interpretatief: Hoekom is dit aan die gebeur? Tree in gesprek (‘dialogue’) met die sosiale wetenskappe om sekere aksies en patroonmatigheid wat plaasvind, te interpreteer en verstaan.
- Normatief: Wat behoort te gebeur? Stel normatiewe vrae op vanuit die perspektief interpretatiewe van teologie, etiek en ander velde.
- Pragmatief: Hoe kan ons hierop reageer? Stel ‘n aksieplan op en onderneem strategieë wat die episode, situasie of konteks in ‘n gewensde uitkoms kan beïnvloed.

(Osmer 2011:2)

Dié vier take van prakties-teologiese interpretasie word ook só deur Osmer grafies voorgestel:




*Figuur 2. Hermeneutiese sirkel vir Prakties-Teologiese interpretasie van Osmer (Osmer 2008:11).*

As die voorkeur keuse van praktiese teologiese interpretasie vir hierdie studie, is dit nodig om elkeen van die vier take kernagtig te belig:

#### 1.4.2.1 Die Deskriptief-empiriese taak

Die deskriptief-empiriese taak poog om die vraag: “Wat is is hier aan die gebeur,” te beantwoord. Vir Osmer is hierdie taak een van ‘n spiritualiteit van teenwordigheid (“spirituality of presence”) (Osmer 2008:33-34). Vir die leier van ‘n gemeente beteken dit om daar te wees in die lewens van individue, gesinne en geloofsgemeenskappe (Osmer 2008:34). Hierdie teenwoordig wees verwys hy na as “priestly listening” (Osmer 2008:35). In ‘n gemeentelike opset kan priesterlike luister informeel, semi-formeel of formeel wees (verw. Osmer 2008:37). Osmer kies vir die formele, wat hy definieer as: “*investigating particular episodes, situations, and contexts through emperical research*” (Osmer 2008:38). Daarvoor kies hy dan ook kwalitatiewe navorsing omdat dit nie noodwendig mense as objekte hanteer nie, en dit klop juis met priesterlike luister (Osmer 2008:39).

#### 1.4.2.2 Die Interpretatiewe taak

Die interpretatiewe taak poog om die vraag: “Hoekom is dit aan die gebeur?” te beantwoord. Die Interpretatiewe taak verwys volgens Osmer (2008: 82) na die proses wat gevolg word om van insig en verstaan te beweeg tot teoretiese interpretasie deur heilige wysheid (sagely wisdom) te beoefen.

Die interpretatiewe taak steun op die teorieë van die kunste en die wetenskap wat ons help om beter te verstaan en te verduidelik hoekom spesifieke patrone en aksies voorkom (cf Avenant 2021:30).

Heilige wysheid vereis die interaksie van drie sleutel karaktereienskappe:

- Bedagsaamheid - waar individue en groepe met groot deernis en vriendelikheid behandel word sonder om na hulle omstandighede te kyk (Avenant 2011:19);

- Teoretiese interpretasie – dit dui op die vermoë om op die teorieë van die wetenskap en die kunste te steun om te verstaan en te reageer op sekere episodes, situasies en kontekste (Osmer 2008:83);
- Wyse oordeel – die vermoë om sekere episodes, situasie en kontekste op drie verweefde maniere te interpreteer, naamlik identifisering van die relevante besonderhede, onderskeiding van die morele uitkomste daaragter en die vasstelling van die mees effektiewe metode om hierdie uitkomste te bereik in die lig van die hindernisse en moontlikhede binne ‘n spesifieke tyd en plek verwysing (Osmer 2008:84).

#### 1.4.2.3 Die Normatiewe taak

Die Normatiewe taak poog om God se wil vir vandag te onderskei. Net soos dit die profete se taak in die Ou Testament was om God se Woord vir die verbondsvolk op 'n spesifieke tyd en plek te interpreteer, net so is die Normatiewe taak volgens Osmer (2008:132-136) 'n profetiese taak wat ons laat luister na God se Woord en dit dan so interpreteer dat dit spesifieke sosiale omstandighede, gebeure en besluite aanspreek. Die Normatiewe taak gebruik teologiese konsepte om spesifieke episodes, situasies of kontekste te interpreteer en om etiese norme te konstrueer om ons optrede te begelei. Hierdie manier van onderskeid is 'n kwessie van Goddelike openbaring en teologiese interpretasie te midde van populêre of amptelike teologie wat die wêreld na 'n ramp lei. Hierdie taak beantwoord die vraag: Wat moet gebeur? (cf Avenant 2011:20).

Die Normatiewe Teologiese perspektiewe verskaf hulp aan interpreteerders om te weet waarheen hulle op pad is of wat die uitkomste behoort te wees. Osmer beskryf dit as ‘n poging om die vraag te beantwoord:

> “How is the wordly wisdom of the arts and sciences appropriately realted to the Wisdom of God?”
>
> (Osmer 2008:162).

#### 1.4.2.4 Die Pragmatiese taak

Die doel van Osmer se hoofstuk oor die Pragmatiese taak, is om gemeenteleiers te begelei deur die proses van verandering. So kan hulle dan die eksterne en interne uitdagings bestuur om die gemeente te lei om hulle identiteit en roeping opnuut te ontdek in dienende leierskap.

Hoe word hierdie verandering teweeggebring? Volgens Osmer (2008:176-178) is die Pragmatiese taak juis die proses om strategieë en aksies te vorm wat die praktiese situasie so sal beïnvloed dat gewenste resultate verkry kan word. Hierdie taak gaan oor hoe om verandering teweeg te bring en te begelei. Die Pragmatiese taak wil die vraag beantwoord: Hoe moet hierop gereageer word? (Cf Avenant 2021:31).

My keuse is om die navorsingsmetodologie van Osmer te volg. As vertrekpunt maak die navorser die keuse om by die normatiewe (dus eers die literêre studie) te begin, dan die empiriese navorsing (empiriese taak) te doen, met resultate en bevindings (interpretatiewe taak). Hoofstuk 5 hanteer elke navorsingsvraag empiries, met die resultaat en bevinding direk daarna. Die hoofstuk sou dus as empiries-interpretatief gesien kan word. Die laaste hoofstuk hanteer die pragmatiese taak.

Volgens Heitink wil die hermeneutiese proses binne Praktiese Teologie beweeg van verstaan na verklaring en uiteindelik verandering teweeg bring (Heitink 1999:179). Osmer wys daarop dat navorsing daarom ‘n doelstelling en doelwitte moet hê (Osmer 2008:48). In hierdie studie sou die reëls soos vir “applied research” (Osmer 2008:49) geld en dus ‘n fenomenologiese strategie insluit (Osmer 2008:52; cf ook Delport, Fouché & 2011:305).

## 1.5 Vooruitskouing

In die volgende hoofstukke word daar eers deur middel van literatuurstudie ‘n basis van vertrekpunte gevorm wat tot die empiriese studie en gevolgtrekking lei.

Eerstens word die gesin as primêre hermeneutiese ruimte in geloofsvorming beskryf (Hoofstuk 2). In Hoofstuk 3 word spesifiek die enkelouergesin beskryf vanuit beskikbare literatuurbronne. Die enkele enkelouergesinne in die Bybel kry aandag, sowel as die invloed van die spanning tussen twee ouerhuise (twee hermeneutiese ruimtes) op die geloofsvorming binne die enkelouergesin. In Hoofstuk 4 word adolessensie as lewensfase aangespreek, met fokus op die geloofsontwikkeling wat in hierdie lewensfase krities is. Hoofstuk 5 word die empieriese navorsing gedoen, met die resultate en bevindings na elk vraag se hantering. In Hoofstuk 6 word die pragmatiese taak hanteer. Hoofstuk 6 verdiskonteer die empiriese data van Hoofstuk 5, kombineer dit met teologiese vertrekpunte en kom to konklusies en praktiese voorstelle.

Die empiriese navorsing van 17 enkelouergesinne met adolessente in die huis word in Hoofstuk 5 weergegee. Die deskriptief-empiriese ondersoek word met halfgestruktureerde onderhoude gedoen en dan in hierdie hoofstuk gedokumenteer. Hoofstuk 5 verdiskonteer ook die interpretatiewe taak van die navorsing. Die gevolg is dat die hoofstuk dan deskriptief-interpreterend word. Die inligting en menings van die gesinne wat in Hoofstuk 5 aangeteken is, word in hierdie hoofstuk geïnterpreteer met die oog op die laaste Hoofstuk (Hoofstuk 6) wat gevolgtrekkings en moontlike strategieë en aksiestappe sal voorstel om die bediening aan die enkelouergesin meer effektief te maak. Die fokus bly op ‘n intergenerasionele geloofsvorming benadering.

## HOOFSTUK 2

## DIE GESIN AS HERMENEUTIESE RUIMTE IN GELOOFSVORMING

### 2.1 Inleiding

> *"It is clear that in the world of Biblical faith, the family is the primary unit of meaning which shapes and defines reality"*
> Walter Brueggemann (1977:18).

> *"The word 'family brings varying images to mind. Some are joyful while others are painful. Family holds us together and sometimes it drives us mad. But no matter how we feel about family, it's often the fountainhead for our spiritual condition"*
> Philip Nation (2019:7).

Navorsing van veral die afgelope paar dekades, het aangetoon dat gesinsverhoudings 'n besondere invloed op die geloofsvorming van jongmense en veral van adolessente het (cf Nel 1982:177; 1998:109; Strommen & Hardel 2000:9; Müller 2002:54; Avenant 2011:42; Avenant 2021:15). Adolessente is veral op verhoudings ingestel (Wagner-Ferreira 2005:21; Branje 2018:172) en die eerste en primêre verhoudings waarin hulle staan, is met hulle ouers binne gesinsverband. Hieroor skryf Strommen en Hardel (2000:15) dat daar twee basiese konsepte vir gesinne is: (1) verhoudings – en dan nie in die sin van 'n kollektiewe eenheid nie, maar die verhouding tussen ouer en kind (Strommen en Hardel 2000:15); en (2) prioriteite (wat die verhoudings bepaal) – die gesinslewe is 'n tydelike deel van die koninkryk van God, soos die opdrag van Matteus 6:33 bepaal, en wat uitgebrei word in Matteus 10:37-39 (Strommen en Hardel 2000:16). Daarom kom die koninkryk van God eerste en die gesin tweede. Wat egter belangrik is, is dié twee sleutelverhoudings – 'n sterk gesinsverhouding, en 'n sterk verhouding met God.

Dit is hier belangrik om die terminologie wat gebruik gaan word, toe te lig:

- **Ouers**: Met ouers word die biologiese ouers bedoel. Uiteraard sluit die begrip vir hierdie studie enige ander primêre versorgers uit. Dus sal die persone wat die rol van 'n ouer vertolk in 'n hersaamgestelde gesin nie hierby ingesluit wees nie.

- **Gesin**: In Afrikaans word daar onderskei tussen *gesin* en *familie*, terwyl in Engels die term "*family*" deurgaans vir beide gebruik word. Volgens die H.A.T (1985) word die gesin beskryf as "*'n groep nou verwante persone bestaande uit die ouers (ook wel net een ouer) en kinders – 'n huisgesin*". In die Engels word na 'n gesin in dié verband verwys as die "*nuclear family*" en sou die term *nukluêre gesin* of ook *kerngesin* ook van toepassing kon wees.

- **Familie**: Die H.A.T. (1985) beskryf familie as: "*'n Groep bloedverwante wat nou skakel*". Dus kan 'n huishouding ook bestaan uit mense (familie) wat van verskillende generasies kom.

- **Geslag**: "*Gesamentlike mense wat uit 'n gemeenskaplike stamouer gespruit*" H.A.T. (1985) – dus 'n genealogiese versameling mense.

- **Gemeente**: Persone wat in 'n spesifieke geloofsverband, asook tot 'n spesifieke denominasie behoort en hulle groepeer met 'n sentrale aanbiddingsplek.

Dit is steeds duidelik dat die mees ideale struktuur vir 'n gesin, vir die meeste mense, beteken om getroud te wees, en kinders te hê (Lübbe 2008:261). Die tradisionele siening van die gesin word dus die maatstaf waarteen enige ander vorm van die huwelik en die gesin gemeet word (Cloete 2016:2).

Aan die hand van historiese navorsing, wat meesal die tydperk na Christus tot en met die hede dek (Witte 2019: 148), kan sekere sosiaal maatskaplike perspektiewe op die huwelik en gesin gegee word. Die probleem bly egter dat historiese toevoegings tot die ontstaan en doel van die gesin as eenheid, soos in die Bybel beskryf (Genesis 1:28; 2:24; Markus 10:7-8), steeds 'n debat tot 'n beter verstaan van die doel en wese van die gesin bring, en dit nie duidelik maak nie.

Hieroor skryf Thomas Larney:

> *"• Oorsprong. Wie erns met die Skrif en die skeppingsordinansie van God wil maak, moet die oorsprong van die gesin in die instelling van die huwelik en die verhouding tussen man en vrou, soos dit voor die Sondeval gegee is, soek en verreken.*
> *• Versorging. Die verantwoordelikheid van gesinslede teenoor mekaar, en veral van ouers teenoor kinders, setel in meer as net die deel van leefmiddele, maar tewens ook in fisiese en emosionele versorging.*
> *• Opvoeding. Die versorging van kinders deur ouers behels ook die verdere verantwoordelikheid om hulle op te voed en op verskillende wyses tot selfversorgende volwassenheid te lei"*
>
> (Larney 2009:3).

Dat die tradisionele gesin egter in 'n krisis is, word wyd uitgewys (cf Nel 2018:87; 1998:21, 109-110; 1986:176-179; Roehlkepartain, 2016:7-9; Van Staden 2015:25; Bengtson et al 2013:6-7; Dean 2010:4; De Vries 2004:75-80; Bengtson et al 2003:39-51; Strommen en Hardel 2000:15; Prins 1995:53).

Die struktuur en samestelling van gesinne het aansienlik verander oor die afgelope 40 jaar (Holborn and Eddy 2011). Die hoofverskuiwing het plaasgevind van 'n van twee-ouer (heteroseksuele paar wat met met mekaar getroud is) huishouding, na 'n meer eklektiese uitdrukking van wat dit beteken om 'n gesin te wees. Terwyl daar in die 1950s en 1960s meer klem gelê is op 'n gesin wat twee ouers en kinders insluit, het gesinne nou 'n baie meer diverse struktuur (Cloete 2016:4).

Hierdie studie wil nie op al die veranderlike faktore wys waarop die moderne gesin se veranderinge gebaseer is nie; ook nie op die faktore wat tot die ontstaan van krisisse in die algemeen binne gesinne bestaan nie; maar eerder fokus op die enkelouergesin wat ontstaan nadat die krisis binne die gesin die beëindiging van die tradisionele kerngesin (vir die betrokke gesin) tot gevolg gehad het.

Dit is egter noodsaaklik dat ons aan verskillende perspektiewe op die gesin aandag gee om die belang van die gesin as hermeneutiese ruimte uit te wys. Hierdie perspektiewe is Bybels en histories-filosofies van aard.

## 2.2 ‘n Teologies omvattende inklusiewe gesinsbediening

Die inklusiewe gemeentelike benadering van die jeug as ‘n wesenlike/inklusiewe deel van die gemeente, is die raamwerk van waaruit daar in hierdie studie na die bediening aan die enkelouergesin en die geloofsvorming van hulle kinders gekyk word.

Nel (2018:213-242; cf ook Nel 1998:77-96; Nel 2001:2-22) se teorie van inklusiewe jeugbediening wat hier gevolg word, is dat die jeug ‘n integrale deel van ‘n gemeente en ‘n omvattende gemeentebediening vorm (Nel 2018:215). Nel verklaar dan ook dat

> *“churches are challenged to ‘see’ youth, to know them for who they are, to sense their needs and to serve them and serve with them as part of the faith community”*
>
> (Nel 2018:22).

Die teologiese begronding word ook nie agtergelaat nie:

> *“Youth Ministry continuously calls for a deep theological motivation and rooting. It has to be theologically founded. My purpose is to participate in this adventure and challenge. Hopefully, it will eventually be clear that, in my understanding, Youth Ministry is inclusive, comprehensive, and that it includes (or at least stands in direct relationship to) catechesis and family ministry”*
>
> (Nel 2018:22).

Avenant se kommentaar hierop is dat

> *“In hierdie beskrywing kan reeds gesien word dat die ouerhuis ’n deurslaggewende rol in dié teorie vervul. Hierdie benadering wil ekklesiologie en jeugbediening nader aan mekaar bring, en jeugbediening help om op ‘n meer teologiese basis te funksioneer. Dit wil ook iets van die gemeenskaplike karakter van ekklesiologie in jeugbediening terugbring”*
>
> (Avenant 2021:3).

Bosch se bekende, missio Dei (1979:245 en 1991:389) beskryf God se totale betrokkenheid by, met en deur die mens. God kom op baie maniere na die wêreld en na Sy skepping. God kom primêr deur Sy Woord en Gees na die wêreld, maar Hy sluit mense (ouers) in by hierdie koms. Om betrokke te wees by jeugbediening, is niks minder as ’n deelname aan God se koms en ’n deelname aan wat Hy besig is om te doen nie. Al die mense se pogings om ‘bediening’ te verstaan, is volgens Nel (1998:80) pogings om God se koms deur Sy Gees en Woord en deur die diens van mense te verwoord.

Die diens van mense word in bedieningsmodii beskryf. Nel noem 8 modii (2018:221). Die modii is: Verkondiging (Kerugma), Erediens of Aanbidding (Leitourgia), Pastorale sorg (Paraklese), Onderrig (Didache), Gemeenskap (Koinonia), Diens (Diakonia) en Getuienis (Marturia). Daarby voeg Nel ‘n agste: Organisasie/Leierskap/Administrasie (Kubernetiek) (Nel 2018:221).

> *“Hierdie bedieninge fasiliteer volgens Nel en Van der Westhuizen (2015:63–83) nie net God se koms na die wêreld nie, maar ook ’n identiteitsontdekking en -ontwikkeling. Indien hierdie agt bedieninge die kernbedieninge is waaroor dit in die gemeente behoort te gaan, dan wil inklusiewe jeug- en gesinsbediening seker maak dat dit ook die kern is waaroor dit in jeugbediening en in gesinsbediening gaan”*
>
> (Avenant 2021:3).

Jeugbediening en gesinsbediening is om hierdie rede nie ’n ander, of bykomende bediening, of modus van God se koms na die jeug (of gesinne) toe nie (Nel & Van der Westhuizen 2015:74; cf ook Nel 1994:10; 1998:82–83).

Daar is daarom geen rede om nog ‘n plek vir ‘n bediening te vind nie. Wat dus in ’n gemeente se bediening met die ouers gebeur, behoort saam met hulle kinders te gebeur. Nel wys juis daarop dat elke bediening ryk is aan potensiaal vir jeugbediening (1998:83).

Jeugbediening se taak is tweevoudig: Eerstens, om elke bediening te sensiteer om dit vir die jeug en vir gesinne relevant te maak. Tweedens, om die jeug en gesinne se plek in die gemeente te herontdek en te herdefinieer. Avenant voeg ‘n derde by:

> “*naamlik om gesinne te bemagtig, aan te moedig en te ondersteun om deel te neem aan die bedieninge en op te tree as fasiliteerders van hulle kinders se identiteitsontdekking en -ontwikkeling in hierdie proses*”
> (Avenant 2021:3).

Brierly (1993:89-168) wys daarop dat waar daar nie ‘n inklusiwiteit in ‘n gemeente is nie, daar ‘n negatiewe evaluering deur die jeug gemaak word. Wanneer gesinne nie deel voel of beleef dat hulle deel is van die totale bediening van die gemeente nie, voel hulle uitgesluit, nie aanvaar nie en beïnvloed hulle hul kinders ook negatief.

Totale bediening veronderstel dus dat ouers en ander volwassenes deel moet wees van die bemiddeling van die koms van God deur sy Woord en diens van mense (Nel 2018:242; cf Nel 1998:88) en kan jeugbedieninge en dus geloofsvorming nie effektief plaasvind sonder dat die gesin inklusief deel daarvan uitmaak nie (hoe ons ook al die gesin sou definieer (JWKS).

## 2.3 Perspektiewe op die gesin uit die Ou Testament

Die eerste verwysing na die gesin vind ons in Genesis 1 met die skepping van die man en die vrou as “*beelddraers van God*”, wat daarna met die definisie van mensdom verbind word. Volgens Barth moet die beeld van God gesoek word in die aspek van menslike samesyn (Barth 1949:51) en dan ook die universele opdrag van Genesis 1:28 dat die mens hierdie aarde moet “*bewoon, bewaar en bewerk*”. So word die gesin dan God se tuiste en na die sondeval, brei hierdie tuiste deur voortplanting uit. Nou word die kerngesin, ‘n familie, later ‘n geslag en later “die huis van...” (Barth 1949:51).

By die interpretasie van die Bybelse teks en in die proses van teologiese refleksie speel die leser se voorverstaan en konteks ‘n belangrike rol (Van Staden 2013:62). Die interpretasie van Bybelse tekste kom immers deur die filters van sosiale en

kulturele ervarings (cf Balswick & Balswick 2007; Sell 1995:32).Dit is merkbaar dat die gesin in die Ou Testament nêrens per se gedefinieer word nie. En tog bestaan daar ‘n interpretasie van die gesinstruktuur in die Ou Testament, wat gereeld in vergelyking met die hedendaagse gesinstrukuur geplaas word. Om hierdie stelling te belig, som Van Staden (2013:62) dit so op:

> “*Waar die huwelik en die gesin ingebed was in die patriargale, diadiese leefwêreld en uitgebreide families van die Ou- en Nuwe Testament, is die leefwêreld van hedendaagse gesinne meer individualisties, privaat en is kerngesinne die gangbare struktuur*.”

Op die vraag of Bybelse tekste oor die huwelik en die gesin normatief gesien moet word, of slegs ‘n deskriptiewe doel dien, antwoord Balswick & Balswick (2007:87) dat die kompleksitiwiteit van hermeneutiese inkonsekwentheid dikwels hierdie vraag oorskadu. As voorbeeld hiervan dui Sell (1995:63) aan dat, indien die Bybeltekste wat oor die huwelik en gesin handel willekeurig toegepas word, egbrekers gestenig sal word, ‘n man gedwing kan word om met sy skoonsuster te trou en seks verbode is tydens ‘n vrou se menstruele siklus (Van Staden 2013:64). Om dus teksverwysings uit die Ou Testament te wil deurtrek na ons hedendaagse wêreld, sonder om die kultuurhistoriese agtergrond daarvan te verreken, kan ‘n reuse fout wees.

Vervolgens is dit van belang dat daar fyn gekyk moet word na hoe ‘n woord soos “mispaha” byna 300 keer in die Ou Testament gebruik word en dui meesal familie aan (Louw 1989:33), maar is nie dieselfde begrip as wat ons hedendaagse ‘gesin’ sou hê nie. Om dus reg te laat geskied aan die terminologie in die tekste van die Bybel, behoort dit verstaan te word teen die agtergrond van die konteks waarbinne die woord (terminologie) gebruik word.

Daar is ook die gevaar dat tekste selektief uitgesoek word om ‘n moontlik verstaan van die antieke kuluur en gemeenskap te beskryf (cf Balswick & Balswick 2007:17). Om die terminologie in die Ou Testament te verreken, beteken dus dat die sosiale en kulturele leefwêreld van die Bybel in konteks met die teks verreken moet word.

### 2.3.1 Terminologie

Die term ‘gesin’ het nie ‘n presiese ekwivalent in die Ou Testament nie. Die rede daarvoor mag dalk daarin lê dat die hedendaagse verstaan van gesin en hoe die Ou Testament verwantskap definieer, ver verwyderd van mekaar is.

Wanneer daar oorsigtelik aandag gegee word aan hoe verskillende terme in die Bybel gebruik word om na familie- en gesinsverwantskappe en -bindinge te verwys, moet enkele kwalifikasies in ag geneem word:

- Die verwysings na verwantskappe in die Ou Testament is ontleen uit die narratiewe gedeeltes van die Ou Testament en uit die verskillende wetsvoorskrifte. Die besonderhede waaroor ons beskik is, soos dit in die Bybel te verwag is, nie van 'n analitiese aard nie (Larney 2009:11).
- Die sosiale strukture en gebruike wat Israel gekenmerk het, het nie in 'n sosiale en kulturele vakuum ontwikkel nie. Die invloed van die omliggende volke en hulle sosiale strukture moet ook in ag geneem word om dit wat in die Ou Testament opgeteken is in perspektief te plaas. (cf Shirley 2018:14).

Daar is wel drie terme wat in verskillende verbande voorkom en wat afwisselend na gesinne en familiebande verwys, te wete (in volgorde van meer na minder omvattend), shevet, mispachah, en bait/bet av (Du Toit 2007:18 cf ook Larney 2009:13; Van Staden 2013:66).

#### 2.3.1.1 Shevet matteh

*Shevet matteh* kan breedweg vertaal word as ‘stam’ . ‘n Stam het bestaan uit verskillende uitgebreide families wat deur bloedverwantskap herlei kon word na die twaalf seuns van Jakob. Saam het hulle die volk Israel gevorm wat bloedfamilie van mekaar was, op grond van die afstammeling van een gemeenskaplike voorvader, Abraham (cf Van Staden 2013:66; Larney 2009:13; Du Toit 2007:20).

Dearman, definieer die term as volg:

> *"An association of related "clans" would comprise a tribe (shevet). Each of these kinship units was crucial to the self-understanding of an individual in ancient Israel who, as interpreters often note, had a pronounced sense of corporate identity"*
>
> (Dearman 1998:117).

#### 2.3.1.2 Mispachah

Hierdie term is moeilik om in Afrikaans te vertaal. Dit wil iets van 'n familiegroep sê (Van Staden 2013:66), maar kan ook as 'n meer uitgebreide familie vertaal word. "*Die beste vertaling is waarskynlik die Engelse woord 'clan'. As begrip kom dit meer as 300 keer in die Ou Testament voor (Louw, 1989:33) en dui dit op 'n breër groepering van gesinne wat van dieselfde voorvader afstam en wat saam gewoon het, alhoewel elkeen nog sy eie grond bewerk het. So 'n mispachah sou, naas hulle saambinding deur verwantskap en huweliksbande, ook verenig gewees het deur godsdiens en taal, ekonomiese samewerking, gebruike en veral deur die gemeenskaplike oorlewering van verhale oor die voorouers*" (Larney 2009:13; cf Du Toit 2007:20).

Op sosiale en godsdienstige terrein het die familiegroep 'n belangrike rol gespeel. Behalwe vir die daaglikse bestuurstake wat op elke grondgebied verrig is, was die familiegroep ook verantwoordelik vir die uitvoering van geregtigheid en moes hulle ook die wet en orde handhaaf, wetlike sake behartig, vonnise fel, straf uitvoer en toesien dat eiendomsregte korrek toegepas word. Op godsdienstige terrein was die familiegroep verantwoordelik vir die organisering van die jaarlikse religieuse feeste, pelgrimsreise en die beskerming van individue en die stamgroep (De Vaux 1965:20-21 cf ook Dearman 1998:118).

#### 2.3.1.3 Bet Av/bait

Hierdie twee terme toon die mees basiese benaming vir die familiestruktuur wat in die Ou Testament uitgebeeld word, terwyl dit gelyktydig resoneer met ons hedendaagse begrip van ‘n gesin. *Bet av* beteken 'huis van die vader' en *bait* bloot 'huis' (Dearman 1998:117; cf ook De Vaux 1965:20).

Die begrip ‘huis’ kan egter steeds op grond van literere en argeologiese getuienis, anders as die hedendaagse gesin, ‘n uitgebreide of saamgestelde huishouding wees (De Vaux 1965:20). Nie net kon dit soveel as vier geslagte van voorouers en afstammelinge bevat nie, maar ook meer as een huishouding van broers wat saamwoon, sowel as ander afhanklike familielede, arbeiders en slawe. Naas die persone wat deel van so 'n huishouding uitgemaak het in hulle onderlinge saambinding, is ook die besittings (diere en huise en dies meer) tot die huishouding gereken, asook die nagedagtenis van die afgestorwe voorvaders. Juis hierdie wye omvang van die *ba*it of *bet av* dui daarop dat die huishouding nie 'n vaste normatiewe gegewe was nie, maar 'n samestelling wat deur noodsaak pragmaties gestruktureer is en van tyd tot tyd en van plek tot plek variasie kon vertoon (cf Van Staden 2013:66-67; De Vaux 1965:20-21).

### 2.3.2 Gesinstruktuur

Uit die terminologie wat reeds genoem is en konsekwent aan 'n manlike persoon se naam gekoppel is, is dit duidelik dat die familiestruktuur in Israel hoofsaaklik patriargaal van aard was. 'n Stam, familie of gesin is dus so gestruktureer dat die vader of die oudste manlike persoon die hoof van die gesin was en afkoms het deur die manlike lyn plaasgevind, asook met 'n algemene ingesteldheid teenoor die primêre belang van die man. Die term *bet av* as 'huis van die vader' som dit alles op, tesame met die feit dat sowel afkoms as die bepaling van die woonplek deur die lyn of posisie van die vader bepaal is. (Larney 2009:15) Soos aangedui, koppel Louw juis die wedersydse beskerming in die gesin sterk aan 'n patriargale struktuur (Louw 1989:34-35).

Dat daar baie historiese voorbeelde is van die absolute gesag van die vader oor die welsyn en die lewens van sy gesinslede, is onteenseglik. 'n Taamlik ekstreme voorbeeld daarvan kan gevind word in Gen 38:24, waar Juda as't ware die doodsvonnis oor sy skoondogter Tamar uitspreek. Block (2003:40-48) kies om weg van die term 'patriargie' te beweeg en verkies eerder 'patrisentrisme' as 'n beter weergawe van die normatiewe situasie in die huisgesin van destyds.

In dieselfde asem toon Block (2003:60-78) aan dat, terwyl daar baie duidelik sprake is van patrisentrisme en die oorheersende posisie van die man, 'n siening dat die vrou bloot as ondergeskik en minderwaardig en selfs as eiendom geag is, nie korrek is nie. Beide in die skeppingsgeskiedenis in die eerste hoofstukke, sowel as later in Genesis en in die latere boeke van die Ou Testament is daar genoeg aanduidings van die rol van die vrou, asook van die roeping van man en vrou teenoor mekaar en van die rol van die vrou in die opvoeding van kinders en in die gemeenskap (Block, 2003:65-8).

As Louw (1989:42) dit het oor die vader in die Israelitiese gesin as draer van die verbondsbeloftes, dui hy aan hoe die vrou terselfdertyd dikwels funksioneer as skakel in die genealogie en as draer van wysheid. Heel dikwels gaan die vermaning oor die respek wat kinders aan hulle vader verskuldig is, met 'n soortgelyke vermaning oor die moeder gepaard (Larney 2009:15).

### 2.3.3. Die familie as verbondseenheid in die Ou Testament

Voortplanting is egter in die konteks van Genesis nie net ‘n fisiese daad nie (Louw 1989:46), maar beteken ook “*Jada*”, ‘n intieme vorm van kennis van die ander persoon en tot volmaakte eenwording (Genesis 2:24). In hierdie eenheid word God teenwoordig in die huwelik en gesin (du Toit 2007:18).

> “*ook die gesinsverhoudinge moet in hulle samesyn iets van die geborgenheid van God se skeppende Woord weerspiëel*”
>
> (Louw 1989:46).

Hiermee beskou Louw die gesin as ‘n interaksie-proses tussen ouer en kind en die onderlinge bindinge van die gesinslede aan mekaar.

Telkens wanneer ‘n kind in die gesin gebore word, dui dit op God se verlossing en versoening in ‘n nuwe skepping. Dus word kinders aan die mens ‘gegee’ (cf ook Psalm 127:3 en ook Ps 128) en God is in ‘n besondere manier hierby betrokke. Geen mens, ook geen kindmens, is vir God ‘n verrassing nie (Nel 2018:57 cf 1998:11).

Die volgende bevestiging van God se besondere verbintenis aan die gesin is die verbond in Genesis 15 en 17. Soos wat Hy die God van hulle ouers is, wil Hy ook hulle God wees (Genesis 17:7) en word hierdie verbintenis tot die familie, geslag en huis uitgebrei in die ewigdurendheid van die verbond (Louw 1989:51).

> *“Die verbond konstitueer die gesin van die gelowige nie op grond van ‘n fundamentele keuse van die ouers nie, maar op grond van ‘n fundamentele uitverkiesing tot ouers”*
>
> (Louw 1989:51).

Vir ‘n teologiese perspektief op die gesin, beteken die verbond dus dat

- Die grond vir die bestaan van die gesin nie in die gesin self, of in die man-vrouverhouding geleë is nie, maar in die beloftes van trou van God. Die huisgesin is dus ’n geloofsgemeenskap in die kleine;
- Die verbondsgesin word ‘n teken van eenheid en samehorigheid omdat die saambindende faktor God se genade self is. Hierin word die gesin verbind aan die beloftes van die Ou, sowel as die Nuwe Testament. Dit word ook verbind aan die kerk as die liggaam van Christus;
- Die verbondsgesin word in die wese van sy bestaan ‘n teken van verkiesing. Dit bevestig God se keuse om by die gesin betrokke te wees.

(cf Louw 1989:54-56)

Vanuit die verbondsverhouding en die relasionele verbintenis tussen God en mens, is die volgende verwysing in Eksodus 12 met die eet van die pasga noemenswaardig. Die hele gesin word hierby betrek. Hoewel daar nie sekerheid is oor of die opdrag hier net vir die kerngesin of die familie geld nie, benadruk Louw (1989:33) dat die Ou Testament nie beskik oor ‘n woord wat die ekwivalent van vandag se kerngesin presies weergee nie. Die Hebreeuse woord “misphaha” wat verskeie kere in die Ou Testament voorkom, dui familie aan, maar is nie dieselfde as die begrip gesin nie. Dit sou eerder na mense wat ‘n spesifieke samehorigheid het, verwys.

Die pasga was by uitstek ‘n familiefees. Wanneer dit in Eksodus 12 plaasvind, word dit in verband met die redding of behoud van die familie in verband gebring (Louw 1998:40). Die pasga word ‘n teken van God se verlossing van Israel (‘n versameling van families en huise). Hoewel die mense van Eksodus 12 nog nie van die komende Messias geweet het nie, is die gebeure reeds ‘n belofte van God se verbintenis wat tot volle uitdrukking kom in Christus. Met ‘n terugkyk vanaf die Nuwe Testament kan ons die gebeure in Eksodus 12 sien as dat die

> “*verbondsgesin wesenlik ‘n geloofsgemeenskap is wat tot uitdrukking kom in ‘n liturgie wat die lede van die gesin koppel aan God se teenwoordigheid*”
>
> (Louw 1998 41).

God plaas ‘n verantwoordelikheid op die gesin om nie net gesin te wees nie, maar ook om juis die gegewe opdragte te onthou en uit te voer. Twee teksgedeeltes is hier van toepassing: Eksodus 20:12 en Deuteronomium 6:4-6. Hierin word reeds ‘n hermeneutiese funksie vervul deurdat dit die ouers se verantwoordelikheid word om God aan die kind(ers) te verduidelik, voor te stel en respek te verdien (Sell 1995:77).

Nel (2018:86, cf 1998:20) maak die stelling dat die “kernfamilie” in die Ou Testament ‘n klein hermeneutiese ruimte binne ‘n korporatiewe ruimte (die uitgebreide familie) is. Kinders moes dus by hulle ouers leer van God se handeling met die mense en sy verlossingsdade. Kinders vra (Deuteronomium 6:20) en ouers

antwoord sodat kinders kan weet dat "*die Here ons deur Sy magtige dade bevry het*" (Deuteronomium 6:20). So word dit dan weer aan die volgende geslagte vertel (Psalm 78:3-4) (Bijlsma 1962:13; Dingemans 1986:223).

Hoewel daar nie van die gesin as sulks veel meer in die Ou Testament geskryf word nie, lees ons wel van die bewyse van die uitvoer deur gesinne van die opdrag in Eksodus 12, en 20 en Deuteronomium 6:

- 2 Konings 5:2-3 Dogtertjie wat die profeet onthou;
- 1 Samuel 3 Samuel;
- 1 Samuel 17 Dawid;
- Daniël 1 Daniël en sy vriende;
- Jeremia 1 Jeremia en ander.

Dit blyk dat in die Ou Testament baie klem gelê word op die onderrig van kinders en word ouers gebruik as die bemiddelaars om die spesiale verhouding wat God met mense het, van geslag tot geslag oor te dra.

## 2.4 Perspektiewe op die gesin uit die Nuwe Testament

> *"I believe God's vision for faith formation is simply this: Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for building faith in young people and for passing faith on from one generation to the next"*
>
> (Freudenburg & Lawrence 1998:10).

Die verhouding tussen familie en huishouding was belangrik in die Joodse wêreld, en ewe betekenisvol in die Grieks-Romeinse wêreld wat die tyd verteenwoordig waarin die Nuwe Testament opgeteken is.

Verskeie Nuwe-Testamentiese dokumente veronderstel die huishouding, hoewel dit nie as sulks gedefinieer word nie, en ontwikkel tot 'n ruimte vir die vroeë volgelinge van Jesus as die "huisgesin van God" (Punt 2010:8).

In die Nuwe Testament word familie uitgedruk deur πατριά (Lk 2:4; Hand 3:25; Ef 3:15), wat nou verwant was aan die huishouding, wat op sy beurt uitgedruk is deur οίκος of οίκια en selfs deur οικειτεία. [die terminologie word later verduidelik].

Punt verduidelik die samestellende elemente van ‘n familie in die Nuwe Testament as volg:

> *“Within the New Testament, the constituent elements of the family would comprise at least four elements, as indicated also in attempts to translate the New Testament notion of family for our context today, requiring the interchangeable use of words such as household (family as socio-political structure), kinship (family as network of natal ties), marriage (family as institution), and interrelations between household members (family as system of relations). To avoid confusion with the modern-day understanding of family, the household concept is often a more appropriate way to think about familial issues in the first century”*
>
> (Punt 2010:9).

Die terminologie vir ‘n huishouding is eintlik letterlik gebruik vir huise of geboustrukture, eerder as vir huishoudings met mense van uiteenlopende sosiale rangorde (Joh 5:52; Hand 16:14-15; 16:31-34; 1 Kor.1:16; Fil 4:22) en selfs meer so van die vroeë Christelike kerk as 'n groot geestelike familia (1 Tim 5:1-16). Die terminologie is selfs metafories gebruik (cf Lk 11:17; 12:39; Joh 8:35; Heb 3:5-6).

Soos wat die vroeë kerk geplant is, het die Nuwe Testament baie meer te sê oor die verhoudings binne ‘n huis (dan meer ‘n private huis en tussen die gesinslede), as oor die gesin se samestelling.

Die verwysing na die gesin en veral na ouers, het ‘n baie sterker en meer gefokusde verwysing na opvoeding of ‘leer by mekaar’, en ‘n klem op die voorbeeld van Jesus Christus binne die verhouding met mense (Scholtz 2018:34).

### 2.4.1 Terminologie

Louw & Nida (1988:122-115; cf Browning et al 2000:132) bied die volgende vertalingsmoontlikhede aan vir die term *familie*:

- Συγγενεια, ας - groep persone wat deel is van ‘n uitgebreide familie;
- οίξος, οίξου; οίξία, οιξίας – familie wat uit bloedverwante en aangetroude lede bestaan, asook slawe en diensknegte wat almal in dieselfde huis of huishouding bly; kan ook na huishouding verwys;
- οι παρ αυτου – ‘n idioom wat letterlik “*hulle/diegene by hom*” beteken, en sluit dan vennote, familielede, bure en vriende in;
- πανοικεί – bestaande uit almal wat tot dieselfde familie of huishouding behoort;
- οίξειος, οιξείου – iemand wat tot ‘n bepaalde huishouding of uitgebreide familie behoort;
- γένος’, γενεα – lede van opeenvolgende generasies wat deur geboorte aan mekaar verwant is.

### 2.4.2 Gesinstruktuur

Die gesinstruktuur van die tipiese gesin in die Nuwe Testamentiese wêreld was kenmerkend van die Grieks-Romeinse tydperk waarbinne die Nuwe Testament opgeteken is. [Hierdie struktuur word meer breedvoerig by punt 2.4.1 bespreek].

Wanneer die gesinslewe en organisering van huishoudings in die Nuwe Testament verstaan word as kenmerkend van die eerste-eeuse samelewing (cf Osiek 2005:201-203), is dit nie om daarmee 'n homogene eerste-eeuse samelewing voor te stel, of om Nuwe-Testamentiese skrywers se afwyking van, of improvisasie op konvensionele norme te ontken nie (Punt 2010:8).

Dieselfde vraag of Bybelse tekste oor die huwelik en die gesin normatief gesien moet word, of slegs ‘n deskriptiewe doel dien, is sterk op die Nuwe Testament van toepassing. Balswick & Balswick (2007:87) het reeds aangedui dat die kompleksitiwiteit van hermeneutiese inkonsekwentheid dikwels hierdie vraag oorskadu. En dit veral in die Nuwe Testament.

Die struktuur van die huishouding in die Nuwe Testament en verskillende gedagtes daaroor het die potensiaal geskep vir moontlike morele konflik onder gelowiges. Die verskille in rangorde het byvoorbeeld gebots met 'n ideaal van “gelykheid”, nie in die sin van gelykheid nie maar eerder in verhouding. Nieteenstaande die gedagte dat enige verandering in die orde van die huishouding die hele samelewing in gedrang sou bring, rituele in die kerke sou moes aanpas rakende die konvensionele rolle van vroue en so ook die stelsel van slawerny. Dit is waarskynlik nie verrassend dat die tweede eeuse leiers teruggekrabbel het met tekste soos Kolossense 3, Efesiërs 5 en 1 Petrus 2-3, vroue aangespoor om aan hulle mans onderdanig te wees en slawe om in alles gehoorsaam te wees aan hulle eienaars, te midde van of selfs wanneer dit lyding sou behels (Punt 2010:13).

Dit is dus baie moeilik om vanuit die Nuwe Testament ‘n homogene gesinstruktuur deskriptief te beskryf. Die gesin en die dinamika binne gesinsverhoudings word eerder normatief aangespreek. Die onderlinge verhoudings kan eerder as ‘n leer- of opvoedingsruimte gesien word, waar die verskillende rolle en take van lede van ‘n huishouding aangespreek word (Punt 2010:12).

### 2.3.3 Die gesin as ‘n opvoedingsruimte in die Nuwe Testament

Die opvoedingsituasie word in die Nuwe Testament voortgesit. In Efesiërs 6:1 en 4, asook Kolossense 3:20-21, word die ouer-kind verhouding in ‘n wedersydse verantwoordelikheid-verhouding vertolk. Kolossense 3:20 word eintlik aan kinders gerig om gehoorsaam aan hulle ouers te wees.

Paulus skryf ook baie meer van die verhouding tussen Christene, Jode en nie-Jode as van gesinne/families (Osiek & Balch 1997:156). Paulus gebruik eerder analogiese voorbeelde (paternalisties) om na gesinne te verwys. So meen Nel (1998:112 cf 2018:261) dat 1 Korintiërs 10:23-11:1 se bedoeling is dat kinders begelei moet word om God te volg soos wat hulle opvoeders doen.

Die verwysings na gesin in die Nuwe Testament is nie op dieselfde vlak as in die Ou Testament nie. Gebruike, gewoontes en sosiale reëls blyk in die Evanglies genoem te word, maar sonder ‘n pedagogiese inslag. Wanneer Jesus in die wêreld

kom, word die verhaal van Maria en Josef vertel (Matteus 1:1-24), en die eerste deel daarvan (vers 1-17) is ‘n geslagsregister waarin familiehoofde se name die hele geskiedenis van ‘n gesin in sy naam opneem.

Die tweede deel (vers 18-25) beklemtoon die sosiale reëls van die tyd, maar dit is noemenswaardig dat Jesus wel binne ‘n gesin gebore is. Lukas beskryf die geboorteverhaal met die verwysing na ‘n groter familieverband (Sagaria en Elisabet) en Josef se stryd met die norme van sy tyd (Lukas 1 en 2). Jesus self verwys nie na gesinsverbande nie. Hy word genoem die Timmermanseun (Mark 6:3) saam met sy vier broers, maar niks word van Josef gesê nie (Du Toit 2007:25).

In die briewe vind daar bepaalde ontwikkeling plaas. “*Die familie word binne die terapeutiese gemeenskap van die gemeente van God as God se groot huishouding en heiligdom geabsorbeer. Genealogie word vervang deur ‘n nuwe bloedverwantskap, naamlik die bloed van Christus wat mense as broers en susters in een groot familieverband saambind*” (Wagner-Ferreira 2008:25). As deel van God se huishouding word die familie ‘n heiligdom in die kleine. Louw beskryf dit soos volg:

> “*Dit is binne die communio sanctorum dat die verbondsgesin sy eintlike karakter as God se heiligdom terugvind. Die gesin (familie) in die Skrif is nie bloot ‘n kerngesin (kernfamilie) nie, maar ‘n verbondsgesin (verbondsfamilie). Hiertoe lyf die doopverbond die gesinslede in God se familie in*”
>
> (Louw 1989:38).

In die eerste eeu het aanhangers van die Christendom hulleself as deel van twee afsonderlike families beskou: hul biologiese verwantskap en die kerklike gemeenskap. Die kerk het in hierdie konteks ontstaan as 'n nuwe en metaforiese verwantskapstruktuur. Binne hierdie geestelike huishouding het gelowiges een hemelse Vader erken, wat met hulle beskerming en voorsiening toevertrou is (Mat 6:9-15). Gevolglik het individue binne die geloof mekaar as ware broers en susters beskou (Mark 3:31-35), en daardeur 'n familieband omhels wat biologiese bande te bowe gaan. Hierdie geestelike verwantskap is beskou as die ware geslag van

Abraham, soos omlyn in Galasiërs 3:23-29, wat die tradisionele Joodse geslag vervang (Nel 2006:7; Osiek & Balch 1997:126-128).

In die Nuwe Testament word die woord '*oikos*' met "huishouding" of "familie" vertaal (Van der Watt 2000:166; Osiek & Balch 1997:6). Dit dui op veel meer as die familie soos ons dit vandag ken, dit sluit die hele huishouding, sowel as die slawe, in (Louw 1989:37). Hierdie konsep word selfs met 'n groter openheid benader.

"*Oikos*" word groter as net die kerngesin. Dis asof daar 'n nuutgeskapenheid kom waarin God almal wil akkommodeer as gesinslede van 'n groter gesin/familie. Dis God se inisiatief om radikaal nuut wedergebore te word (Johannes 3:3-8; 2 Korintiërs 5:17) en om dan met God in 'n verhouding van ontferming, genade en verbondenheid te lewe. Hierdie konsep blyk 'n verlenging van Genesis 12:2-3, Eksodus 20:1 en ook Handelinge 2:32-36 te wees (Wagner-Ferreira 2008:27).

God bewys Sy liefde aan Sy verbondsvolk deur Sy Seun Jesus Christus te gee as versoening vir hulle sonde. Dis nie asof dit vir die mense van die Nuwe Testament vreemd hoef te gewees het nie. God het Sy kinders lief en bewys dit aan hulle (Nel 1998:13 cf 2018:62). God sorg vir Sy kinders en sien om na hulle belange teenoor enigiemand wat hulle struikeling veroorsaak (cf Matt 18:1-14; 19:13-15). God se liefde vir hulle kom hier tot sy volle reg.

Jongmense word nie in die Nuwe Testament uitgesluit nie. Jongmense is betrokke in Handelinge 5 in die vroeë kerk en in Handelinge 21:5 kniel hulle saam in gebed vir 'n apostel.

In die konteks van die Nuwe Testament het daar 'n dinamiese verhouding bestaan tussen die familiebande binne die Christelike geloofsgemeenskap en dié wat in biologiese verwantskap gewortel is, wat soms tot konflikte gelei het. Vroeë Christelike gebruike het dikwels die inlywing van hele huishoudings in die geloof deur bekering en doop behels, soos blyk uit Handelinge 11:14; 16:15, 31-34; 18:8, en 1 Korintiërs 1:16. Jesus se leringe het egter die noodsaaklikheid vir gelowiges

beklemtoon om hul toewyding aan hom bo familiebande te prioritiseer, en daardeur moontlik spanning en verdeeldheid veroorsaak (Matteus 8:18-22; 10:21, 34-39; 19:29-30).

Die keuse om Jesus na te volg het dikwels beteken om van verskanste familiegebruike af te wyk. Gevolglik is gelowiges gekonfronteer met die uitdaging om hulle in lyn te bring met die leringe van Jesus of om die tradisies van hul natuurlike families te handhaaf. Hierdie spanning tussen familiale lojaliteit en toewyding aan Jesus het beduidende emosionele en sielkundige spanning veroorsaak, wat gelei het tot 'n diepgaande gevoel van verlies vir diegene wat gekies het om Jesus te volg (cf Osiek & Balch 1997:141-142).

Om hierdie verlies aan te spreek, het die vroeë dissipels en die Christelike gemeenskap as geheel die rol van surrogaatgesin aanvaar, wat ondersteuning, kameraadskap en solidariteit bied aan diegene wat hul bande met hul biologiese families verbreek het (Osiek & Balch 1997:141- 142). Hierdie gemeenskaplike ondersteuningstelsel het gepoog om die sosiale en emosionele gevolge van die prioritering van geloof bo familiale trou, binne die ontluikende Christelike beweging te versag.

Die koms van die Christelike geloof het dus ‘n wesenlike bedreiging vir die voortbestaan van natuurlike families in die tyd van die Nuwe Testament ingehou (Wagner-Ferreira 2008:28). Die Christelike geloof het egter nie die verbrokkeling van gesinne in gedagte gehad nie, maar eerder ‘n nuwe gestalte daaraan gegee. Hiervan getuig die sterk afkeur van egskeiding in gevalle waar een van die eggenote nie ‘n gelowige was nie (1 Kor 7:11-12). Daar was ‘n wisselwerking tussen natuurlike families en die kerk as geestelike familie. So moes slegs ouderlinge en diakens wat reeds hul eie huise goed versorg het (1 Tim 3:3-4, 11; Ef 5:21-33), verkies word om die kerk as geestelike familie te dien (Osiek & Balch 1997:130; cf ook Wagner-Ferreira 2008:28).

Net soos die Christene in die eerste eeu hulle self as deel van twee families gesien het, vind dieselfde vandag steeds plaas. Die kerk of die gemeente is vir baie

gelowiges ‘n familie met een hemelse Vader wat hulle beskerm en in hulle behoeftes voorsien (Mat 6:9-15).

## 2.5 Historiese Perspektief op die gesin

Om 'n historiese perspektief op die ontwikkeling van die gesin te gee, is kompleks van aard. Eerstens is die tydsversloop vanaf die eerste aangetekende beskawings tot die mees resente tyd, gewoon net te omvangryk om meer as net 'n voëlvlug te kan maak. Witte, met sy mees resente werk: “*Church, state, and family : traditional teachings, modern challenges, future pathways*” (2019) begin met Chrisostomos (ca. 345– 407) en Augustinus (ca. 354-430) (Witte 2019:18-42). Om egter ‘n deurlopende lyn van die vroeë Christendom tot in in die 2020s te trek, is ‘n uiters moeilike taak (Larney 2009:35).

Die literatuur wat beskikbaar is, vertoon ook nie altyd 'n konsekwente keuse of lyn nie (Larney 2009:35). So is daar byvoorbeeld groot spronge van die vroeë Christendom na die Middeleeue en daarvan weer na die Industriële Revolusie. Dit moet ook beklemtoon word dat die historiese perspektief nie gebaseer is op ‘n kronologiese tydsverloop nie, maar eerder op die klemverskuiwings van sekere aspekte van die huwelik en gesin, soos dit deur filosowe, teoloë en sosioloë in sekere tydperke in hulle litirêre werke voorkom.

### 2.5.1 Grieks-Romeinse tydperk

Om die perspektief in fokus te plaas, kan die Grieks-Romeinse beskawings as voorbeeld gebruik word. Hoewel daar duidelike kronologiese gegewens bestaan om bv die heersers, die oorloë en die ontstaan (en vernietiging) van stede, politieke bestel en finansiële stelsels te dateer, is dit moeilik om ‘n historiese perspektief op die huwelik en gesin tot dieselfde mate te beskryf.

In die Grieks-Romeinse beskawings het daar oor eeue ingrypende politieke en sosiale ontwikkeling plaasgevind: in Griekeland met die bestaan van verskillende (stad) stede soos Athene en Sparta, en in Rome met die lang historiese ontwikkeling van 753vC tot 453nC met verskillende historiese ontwikkelings wat

kort voor die begin van die Christelike jaartelling tot die totstandkoming van die keiserryk gelei het. Dis daarom kwalik moontlik om 'n enkele patroon vir gesinne en die ontwikkeling daarvoor uit te wys (Larney 2009:37).

Dat daar beduidende aspekte vanuit hierdie tydperke steeds van toepassing is, kom veral voor in die belangrikste woordstamme wat vandag nog voortleef om die gesin en huislike lewe aan te dui, onder andere *familia*, *domus*, en *oikos*, wat ons aan antieke Latyn en Grieks te danke het (Du Toit 2007:23).

Soos Bartchy (1998:282; cf ook Malina 2001:29-52) tereg uitwys, is daar ‘n fyn nuanse verskil tussen hoe die terminologie in die Nuwe Testament gebruik word (met veral die Joodse agtergrond van die familie en gesinslewe) en die gebruik van die dieselfde terminologie in die Grieks-Romeinse leefwêreld.

> “*Nie een van familia, en ook domus (uit Latyn) se moderne vereenselwiging met die kerngesin van onmiddellike bloedverwante is egter uit die oorspronklike betekenisse te regverdig nie (afleidings van oikos word nie meer direk op die gesin of sy omstandighede toegepas nie). Familia se oorspronklike betekenis was al die mense, insluitende slawe en bediendes, wat aan die beheer van een man onderwerp was, terwyl domus (soos oikos uit die Grieks) bloot die woonplek of -eenheid van die familia was. Dis duidelik dat hierdie patroon van wat 'n huishouding was, veral wat die bemiddelde klasse betref, grootliks ooreenstem met wat ook in Israel die geval was*”
>
> (Larney 2009:37).

Bartchy beklemtoon die gesin of huishouding se funksionering binne die groter geheel (gemeenskap) as dat daar ‘n dualisme tussen die intieme huishouding en die gemeenskap was (1998:283):

- Hy dui aan dat binne die Romeinse huishouding 'n waarneembare 'sacred aura' (1998:283) geheers het, gekenmerk deur die teenwoordigheid van 'n private kultus wat toegewy is aan verering van voorvadergeeste en ander beskermende gode.
- Die noemenswaardige tweespalt tussen die publieke domein van burgerlike betrokkenheid en die private sfeer van die huishouding (1998:283; vgl. Van

Eck 2007a:86) verdien aandag. Mans en daarna hul seuns het eer en aansien verkry deur deelname aan openbare aangeleenthede. ’n Fundamentele aspek van die tweespalt tussen private en openbare lewe was geleë in die persepsie dat openbare betrokkenheid groter aansien as huishoudelike sake het. Binne hierdie openbare arena het mans as verteenwoordigers van hul huishoudings gedien, terwyl vrouens en dogters die taak gekry het om eer te kweek deur die bestuur van huishoudelike pligte en 'n lewe gekenmerk deur diensbaarheid en respek vir hul mans.

Larney (2009:38) identifiseer drie aspekte wat die dinamika en verhoudings binne gesinne of huishoudings uit die tydperk van hierdie twee beskawings gekenmerk het:

- Die **patriargale beginsel** het ook in hierdie beskawings baie sterk gegeld, veral wat betref die beheer oor en die oordrag van eiendom. Die *paterfamilias* het letterlik onbeperkte beheer oor die besittings van sy familie gehad solank as wat hy geleef het. In terme van die Romeinse reg was hierdie mag nie net oor eiendom nie, maar selfs ook oor die lewe van sy kinders. Bartchy (1998:284) toon aan dat die uitoefening van hierdie reg in die praktyk egter verval het om die verhouding tussen ouers en kinders sterk te hou. Kinders was gewoonweg te belangrik en moes dikwels as gevolg van die betreklike lae lewensverwagting gereed wees om op 'n betreklike jong ouderdom die belange van die familie oor te neem (Bartchy 1998:284 cf ook Malina 2001:97-99);
- Anders as wat in baie gemeenskappe die geval was en wat steeds in 'n ideale gesin verwag word, is daar in die Grieks-Romeinse wêreld baie sterk klem gelê op die **onderlinge emosionele verbondenheid en lojaliteit tussen broers en susters** (siblings) (Bartchy, 1998:285). Owerspel en egskeiding is nie soseer beskou as aanduiding van verval in gesinne nie, maar eerder swak verhoudinge en onderlinge dislojaliteit tussen broers en susters (van Eck 2007b:117);
- Daar is talle aanduidings uit die literatuur dat die gesinslewe in Rome as vreugdevol belewe is (Bartchy, 1998:286). “*Ten spyte daarvan, was die gesin geen private toevlugsoord weg van die openbare lewe nie, maar*

*eerder as 'n ondersteunende rolspeler van die openbare lewe gesien*" (Larney 2009:38).

### 2.5.2 Vroeë Christendom

Die Grieks-Romeinse tydperk kan as die basis beskou word van hoe geskiedskrywing oor die huwelik en die gesin sou volg. Die verandering in die struktuur van die gesin en die dinamika van die interaksie binne die gesin, word bepaal deur die verskillende politieke en sosio-maatskaplike veranderings wat 'n invloed gehad het op die lewensfere van mense deur die eeue. Witte se standpunt oor die aanteken van die geskiedenis van die huwelik en gesin is:

> *"I tap into these descriptive and prescriptive theories in setting out the model of the marital family sphere. I describe the six dimensions of the marital family sphere as historically constructed and potentially reconstructed for our modern day – the natural, social, economic, communicative, contractual, and spiritual dimensions"*
>
> (Witte 2019:15).

Die vroeë Christendom het basies die Grieks-Romeinse leringe oorgeneem en in hulle teologie ingewerk. Dit is egter opmerklik hoe die Christendom hierdie lering verfyn en hervorm het om huwelike en gesinne meer egalitêr, meer eksklusief en meer blywend te maak. Romeinse reg het mans gedwing om tussen 'n byvrou en 'n vrou te kies; hulle kon nie albei hê nie. Die vroeë Christendom het verwag dat christene óf selibaat bly, óf trou. Die Romeinse reg het vrouens verbied om buite-egtelike verhoudings te hê, maar dualisties die man toegelaat om seksuele verhoudings met slawe en prostitute te hê. Van beide die Christen man en vrou is verwag om egter ekslusief getrou aan hulle lewensmaats te wees. Egskeiding is ook sterk afgewys (Witte 2019:19 cf ook van Eck 2007b:123).

### 2.5.3 Die gesin in die Middeleeue en die Reformasie

Aan die kerk van die Middeleeue was daar veral drie ontwikkelings wat betref die huwelik, en by implikasie die gesin, te danke:

- Die huwelik, soos dit binne die Kerk verstaan word, is beskou as 'n sakrament wat die vereniging tussen Christus en sy kerk simboliseer, 'n konsep wat deur Thomas Aquinas uitgebrei is (Witte 2019:69). Verder het Aquinas die prominente moederrol van moeders as die primêre versorgers van kinders onderstreep (Witte 2019:70).
- Francisco Vittoria het die perspektief bepleit dat, ten spyte van die huwelik se sakramentele betekenis, dit 'n ondergeskikte en minderwaardige posisie inneem vergeleke met selibaat, die voorkeurstaat vir priesters (Witte 2019:72).
- Egskeiding het ernstige morele implikasies binne die Christelike leerstellings ingehou, beskou as 'n ernstige oortreding wat gelei het tot ekskommunikasie van die kerk en sy gemeenskap vir diegene wat dit gesoek het, soos uitgelig in die werke van Witte (2019:70, 99) en parallel in die analise deur Cho (2017:159).

Terwyl Katolieke denkers soos Thomas Aquinas en Francisco Vitoria die huwelik as 'n amp van die aard van die kerk en sakrament van die kerk behandel het, het Protestantse denkers soos Martin Luther en John Calvyn die huwelik as 'n burgerlike instelling beskou. Die fokus was nou meer op die goeie deugde van wedersydse liefde, wedersydse beskerming teen seksuele sonde en wedersydse voortplanting van kinders (Witte 2019:72). Die huwelik word ook deur Luther en Calvyn in status bo dié van enkellopend of selibaat verhef (Cho 2017:154).

Larney beklemtoon die volgende:

> "*Luther is aanvanklik nog betreklik na aan die Katolieke siening, teenoor Calvyn wat nie net die begrip van die huwelik as 'n verbond na vore bring nie, maar ook kameraadskap as die basis daarvan beklemtoon, ten koste van die meer gebruiklike klem op voortplanting (Witte 2019:72)*."
>
> (Larney 2009:40)

Wat die gesin en die verhouding tussen ouers en kinders betref, lê Luther veral klem daarop dat ouers se rol dié moet wees van

> "*apostles, bishops [and] priests to their children, for it is they that make them acquainted with the Gospel*"
>
> (Witte 2019:80).

Luther se klem op die verantwoordelikheid van die ouers is duidelik meer spiritueel van aard en verhef ouerskap tot 'n hoër roeping (Cho 2017:167)

Garrett (1998:227) maak die gevolgtrekking dat die sienings van Luther en Calvyn 'n belangrike heroriëntasie van die benadering ten opsigte van die huwelik en die gesin was en die basis gelê het vir moderne benaderings daartoe. As erfgenaam van Calvyn se benadering, en soos dit veral in Engeland en sy Amerikaanse kolonies neerslag gevind het, het die Puritanisme opmerklike veranderings en modernisering in die benadering tot die gesin teweeg gebring:

- Die klem op liefde as basis van die huwelik en om God daardeur te verheerlik;
- Die groter rol en invloed van die vrou in die gesinslewe en die besluite daarbinne;
- Die algemene aanvaarding van die kerngesin as norm;
- Die groter klem op liefde tussen ouers en kinders. (Garrett, 1998:228-230)

### 2.5.4 Die Industriële Rewolusie

Die Industriële Rewolusie (1760-1740) het die ekonomiese produktiwiteit van gesinne aanvanklik as eenhede opgeneem (Garland 1999:262), maar mettertyd is individue in diens geneem en mans en vroue is in die werksomgewing geskei. Individuele gesinslede se arbeid (en beroepskeuses) het al hoe minder met mekaar in gemeen gehad (Garland 1999:262).

Vrouens het later al hoe meer tuis gebly om die huishouding en die kinders se opvoeding te behartig (cf Browning et al 2000:84). Waar die pa's voorheen gesien is as die primêre opvoeders en dié een wat die dissipline handhaaf, het die ma nou

as tuisbly ouer, hierdie taak grootliks oorgeneem (Browning 2000 et al 2000:84, 92).

Kinders (veral die seuns) het ook nie nou meer in hulle pa's se voetspore in 'n ambag gevolg nie, maar skoolopleiding ontvang en ook naskoolse opeiding by professionele instansies ontvang.

Huishoudings het nou ook kleiner geword, omdat dit ekonomies moeiliker was om groter gesinne te onderhou. Kinders moes dus vroeër die huis verlaat om na hulleself om te sien en die kerngesin as eenheid het al hoe meer impetus begin kry.

Die Industriële Rewolusie het ook tot gevolg gehad dat al hoe jonger mense in die werksmag opgeneem was, wat beteken het dat baie nie hulle formele skoolopleiding kon voltooi nie. Dit het die kerk die geleentheid gegee om 'n leemte te vul waar daar op Sondae aan die jongmense skoolopleiding verskaf kon word (Sondagskool) waar daar ook geestelike bedeining gedoen kon word. Die industriële Rewolusie het dus nie net gesinne in die ekonomiese omgewing begin skei nie, maar die verantwoordelikheid van geloofsvorming het ook na die kerk en uit die huis begin skuif (Nel 2018:177).

### 2.5.5 Die twintigste eeu

Die tydperk vanaf die Industriële Rewolusie tot vroeg in die twintigste eeu beskryf Sell as die era van die huisvrou (Sell 1995:55). Die verhouding van mans teenoor vroue in die arbeidsmark was ongeveer 7 tot 1, met die meeste vrouens tuis (cf ook van Staden 2013:40).

Die Tweede Wêreldoorlog het baie vrouens gedwing om weer te begin buitenshuis werk en teen 1986 was 55% van getroude vrouens in die VSA (Sell 1995:55) weer terug in die arbeidsmark.

Teen die einde van die twintigste eeu het 'n klasverwydering in die samelewing ontstaan, waar een vyfde van die samelewing groot rykdom geniet het, terwyl die ander met moeite finansiëel kon oorleef (Garland 1999:271). Van Staden meld dat

om hierdie rede al na die twintigste eeu as die stil depressie verwys is (Van Staden 2013:42). Mans en vrouens is al hoe meer as gelyke vennote in die arbeidsmark gesien, wat veral vir vrouens ‘n beter finansiële posisie besorg het. Kinders is ook nie meer gesien as die eiendom van die pa nie, maar primêr dié van die ma. Die huwelik en ouerskap is tydens die twintigste eeu al hoe meer van mekaar geskei. Die beter finansiële posisie van die vrou het die moontlikheid van egskeiding al hoe meer verhoog.

Soos reeds na verwys in 1.1.2 as motivering vir die fokus van die navorsing is kinders vanaf hierdie tydperk word ook nou al hoe meer blootgestel aan ‘n lewenstyl van vervreemding:

> “*The divorce rate doubled between 1965 and 1977. By age sixteen, 40 percent of this generation had spent time in a single-parent household*”
> (Miller and Miller 2000:4).

Verskeie meningsvormers wat die geestelike bediening aan gesinne bepleit, merk die verandering in gesinstrukture op en verwys daarna as dat die tradisionele gesin in ‘n krisis is (cf Prins 1995:53; Nel 1986:176-179; 1998:21, 109-110; De Vries 2004:75-80; Strommen en Hardel 2000:15; Bengtson et al 2003:39-51; Dean 2010:4; Bengtson et al 2013:6-7; Van Staden 2015:25; Roehlkepartain, 2016:7-9). Hulle standpunte moet egter nie gesien word as dat hulle teruggryp na enige van die vroeë historiese modelle nie, maar eerder dat die nukluêre- of kerngesin steeds die mees basiese van gesinstrukture sou wees.

Enkelouergesinne was soos wat die geskiedenis dit uitwys, van baie vroeg af ‘n deel van die samelewing. Dit was egter nie ‘n baie aanvaarbare deel van die samelewing nie en word nie wyd genoem nie. Die laat twintigste eeu kan as die ontstaantyd van die moderne enkelouergesin gesien word.

### 2.5.6 Ná 2000

Wêreldwyd het daar ‘n verandering gekom in hoe mense die samestelling van gesinne beskou. Polities, religieus, gender, seksuele oriëntering, en baie ander kwessies kom nou aan die orde van die dag.

Soos die geval wêreldwyd, ondergaan Suid-Afrika ook veranderinge ten opsigte van gesinstrukture (Venter 2004:62). Die tradisionele of normale gesin, soos De Bruyn (1989:1) daarna verwys, kom al minder voor. Enkelouer-, hersaamgestelde-, homoseksuele en poligame gesinne is aan die toeneem en kinders word al hoe meer aan egskeidings en gepaardgaande huwelikskonflik blootgestel (Venter 2004:62, 95).

In Suid-Afrika is daar ‘n voortslepende vraag na behuising, gesinne wat vir jare (veral swart gesinne in die Apartheidsjare) moes klaarkom met mans wat weg van die huis gewerk het; families wat as gevolg van emmigrasie oor die wêreld heen versprei word; blanke mans wat as gevolg van die Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtigingsbeleid hulle werk verloor; blanke mans wat tydelik werk in die buiteland aanvaar (‘n nuwe geslag ‘trekarbeid’) en dan vir lang tydperke weg van die huis is en politieke onsekerheid wat ‘n negatiewe invloed op die bou van gemeenskapsverhoudinge en sosiale strukture het.

Ten spyte van ‘n krimpende lidmaattal (NG Kerk); verskeie kwessies binne en buite kerkverband, soos onder andere die selfdegeslagverhoudinge gesprekke, wettiging van selfdegeslag verbintenisse; het die Christendom in Suid-Afrika staande gebly as die geloofsverbintenis wat die grootste deel van die bevolking aandui om hulle geloof te verteenwoordig (Statistiek Suid-Afrika 2016:40).

Die Bybel en die geskiedenis dui ‘n interessante vloeibaarheid in die samestelling van die gesin aan. Wat egter onveranderlik is, is dat ouers en kinders op ‘n onlosmaaklike manier aan mekaar verbind is en volgens God se skeppingsorde sal bly.

## 2.6 Die ouer as primêre geloofsmodel

Vir die doel van hierdie studie is dit noodsaaklik om die rol van die ouer as geloofsmodel te beskryf. Wanneer na ouers en primêre opvoeders as mentors verwys word, dan is die bedoeling dat hulle in die eerste instansie die bemiddelaars van geloof is (Nel 1998:109 cf Nel 2018:241). Daarin is ouers gawes van God aan

hulle kinders (Nel 1998:109 cf Nel 2018:241). Kinders ontvang van hulle ouers wat Firet hulle *oorspronklike sisteem* noem (Firet 1977:191).

Voordat die kind nog kan verstaan en enige formele onderrig kan plaasvind, ervaar die kind die realiteit van geloof in Jesus Christus deur die lewe van sy/haar ouers. In Deut 6:7 word die beginsel reeds vasgelê, waar ouers se rol binne die proses van inlywing in die verbondsfamilie uitgespel word. Hulle is dus primêr verantwoordelik vir die begeleiding van hulle kinders tot identiteitsvinding. Daar is genoegsame navorsing gedoen wat bevestig hoe belangrik die rol van ouers in die vestiging van geloof is (cf Nel 1982:176-179).

Toegewyde ouers en ander volwassenes wat in ’n lewende verhouding met Jesus Christus lewe en passievol is vir die lewe, is baie belangriker in jeugbediening as enige program of antwoord op ’n vraag van ’n kind deur enige dominee of jeugwerker. Hierdie navolging/modellering geskied egter nie vanselfsprekend nie, maar geskied binne die konteks van ‘n goeie ouer-kind-verhouding. Richards (Prins 1990:75) noem ‘n paar belangrike vereistes vir hierdie verhouding om as ruimte te dien waar modellering kan plaasvind:

- Daar moet langtermyn kontrak met die model wees;
- Daar moet ‘n verhouding van emosionele warmte wees;
- Die model moet sy/haar eie belewing kan deel;
- Sy/haar optrede moet in ‘n verskeidenheid van situasies waargeneem kan word;
- Die model moet ‘n konsekwentheid in gedrag en waardes openbaar;
- Die model moet sy/haar lewenstyl kan verduidelik en in aansluiting daarby die nodige voorligting gee.

(Veldsman 2005:48; cf Richards 1983:96-97)

Mark de Vries (1994: 133-134) skryf in ‘n insiggewende paragraaf onder die opskrif: “*What do teenagers need?”,* dat tieners meer nodig het om in hulle jeugbediening gekoppel te word aan normale volwasse Christene, wat God met ’n passie volg en dien, as om gehelp te word om hulle individualiteit te ontgin.

Mark Yaconelli (2006: 68) praat van lewende voorbeelde:

> "*What they are seeking is the companionship of adults who embody a different way of being. They are looking for living adults who have room inside of them….";*

In 'n ander publikasie: *'Growing Souls – Experiments in contemplative youth ministry'* (Yaconelli 2007:26) maak hy dit nog duideliker:

> "*We listened as young people told us again and again that adults who embodied a spiritual vitality and passion for life were the most transforming aspect of their youth ministry program*."

Dean en Foster (1998:83) haal uit die 1991 Carnegie-raad se verslag oor adolessente-ontwikkeling aan:

> "*significant adult-youth relationships forged in religious youth work had more positive impact on youth development than any other youth ministry delivery system. These adults may present themselves in the form of parents, but the presence of an adult guarantor outside the immediate family is especially important for adolescents who take these friendships as signs of society's acceptance and appreciation of them and of the gifts they have to offer... Several studies have noted the decisive role mentors play in a young person's future success. The presence of significant adult-youth relationships critically affects faith identity as well*".

En Mark de Vries merk op:

> *"When I ask adults in the church to consider the influence their parents had on their own faith formation, the vast majority of them have little difficulty describing the immensity of that influence. And it is staggering that whenever I ask a group of Christian youth leaders how many of them came from a home in which at least one Christian parent was present, an average of 90 percent of the folks in the class raise their hands"*
>
> (De Vries 2004:61).

Dit is dus onbetwisbaar dat ouers se rol in die lewens van adolessente uiters bepalend is van hulle geloofsvorming. Malan Nel beskryf die gesin as die primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan van geloof (Nel 1998:20), terwyl Dean en Vorster (1998:77) die familie beskryf as “Little Congregations”. Terwyl daar net een Verbondsmiddelaar is, speel ouers ’n sleutelrol in die intermediêre koms van God na kinders (Nel 2001:95). Ons kan sover gaan om te sê dat kinders ouers nodig het “*om tot verstaan te kom*”.

Smith en Snell (2009:285) skryf oor die elementêre sosiologiese beginsel van inlywing wanneer dit kom by die voorspelbaarheid van jongmense se geloofsverbintenisse:

> “*new members of any society are always inducted into the group by elder members who form them in different ways to become active participants of various sorts. This is done through role modeling, teaching, taking things for granted, sanctioning, training, practicing and other means of inculcating and internalizing basic categories, assumptions, symbols, habits, beliefs, values, desires, norms and practices.*”

Hy wys ook daarop dat die vraag nie is óf ouers of enige ander volwassenes betrokke is in godsdienssosialisering nie, maar hoe en met watter effek. Wanneer ouers dus nie hulle kinders inlyf in die geloof nie, sal ander volwassenes of van hulle portuurgroep hulle inlyf in en by ander kulture.

Na aanleiding van hulle navorsing, het Freudenburg en Lawrence die volgende stelling gemaak:

> *“Parents are the primary Christian educators in the church, and the family is the God-ordained institution for faith-building in children and youth and for the passing of faith from one generation to the next”*
>
> (Freudenburg & Lawrence 1998:21; cf ook 1998:77).

Van Wyk en Venter kom tot die volgende basisteoretiese afleidings:

- “*Gelowige ouers kan nie net die boodskap van die evangelie wil oordra met woorde nie; die evangelie is in wese ’n saak van woord en daad.*

- *Gelowige ouers moet sorg dat die evangelie wat hulle in woorde aan hul kinders oordra, bevestig word deur praktiese geloofsvoorbeelde in hul eie lewe.*
- *Hierdie praktiese geloofsvoorbeelde van die gelowige ouers geskied in krag, deur die Heilige Gees, en met oortuiging.*
- *Kinders wat hulle ouers se geloofsvoorbeeld sien en dit volg, boots nie net hul ouers na nie, maar is in wese volgelinge van die Here self*"

(Van Wyk en Venter 2003:540).

**Ouers speel dus 'n deurslaggewende rol in die identiteitsvinding van hulle kinders.** (cf hier ook die bevestiging van Avenant 2011:45).

## 2.7 Die kerk in ondersteunende rol

Die vergadering van gelowiges in Christus, wat deur die verkondiging van die evangelie opgeroep en verlos is, en wat in hulle geloof versamel en gevoed is, vorm 'n gemeenskap wat dien as die kern van die gemeente, wat funksioneer as die beliggaming van die liggaam van Christus. Hierdie gemeenskap staan bekend as die koinoniale gemeenskap. Die gemeente verteenwoordig dus 'n kollektief van individue wat geloof in Christus omhels het, verenig in gemeenskap met beide God en mekaar, met Christus wat as die hoof daarvan dien, en wat sy gemeente deur Sy Woord en Gees versorg en lei (Pieterse 1991:83; Nel 1994:15 cf Wagner-Ferreira 2008:35).

Die gemeenskaplike band binne die gemeente is gegrond op God se verbondsliefde en -genade, waarin Hy sy verbond uitbrei na die mensdom, wat gemeenskap tussen die gemeente en God, en vervolgens onder sy lede, bevorder. Die gemeente, as 'n verenigde gemeenskap, dui daarom op 'n verbondsvergadering. Hierdie nuwe gemeenskap word deur God gerroep deur die verlossingswerk van Christus en die aanvaarding daarvan (Wagner-Ferreira 2008:35) Hierdie gemeenskap word die beliggaming van Christus wat Christus in die wêreld verteenwoordig (Pieterse 1991:83; Van der Ven 1990:18).

Die kerk wat fokus op ‘n familiebediening se hooftaak behoort te wees om ouers betrokke te kry by die geloofsvorming van hulle kinders. Dit sou beteken dat die gemeente ouers moet bemoedig om deel te neem aan die toerustinggeleenthede wat ‘n gemeente bied om beter rolmodelle vir hulle adolessente te kan wees (Avenant 2011:166). Ouers is deur die verbond van God geroep tot hierdie vennootskap. Vader- en moederskap kan alleen teruggevind en teruggewin word binne die verbondskap en verwantskap wat God daar gestel het (Wagner-Ferreira 2008:37).

> *“‘n Gemeente is die versameling van ouers wat in vennootskap as familie van God mekaar dien, gesinne opbou en as verbondsgesinne na die gemeenskap en wêreld uitreik”*
>
> (De Wet 2003:156).

Wat die adolessent vra, is dat aan hulle liefde betoon sal word, dat hulle ernstig opgeneem en gelei sal word deur rolmodelle vir hulle te wees en saam met hulle in die koninkryk diens te lewer. Hierin moet ouers die leiding neem, want dis die adolessent se persoonlike keuse (cf Dean 2004:73-140).

Dis ook goed vir die gemeente om ‘n intergenerasionele bediening te skep, waar die verskillende generasies kans kry om mekaar beter te leer ken. Die groot uitdaging is om in die eredienste en ander byeenkomste die kinders te verwelkom as kinders, en bejaardes moet soos in ‘n familie verwelkom word as gewaardeerde lede van die familie waarsonder die viering van die feeste nie volledig sou wees nie (Strommen & Hardel 2000:156-157).

Binne die familie word die jongmens se geloof gevorm en leer hulle hoe om dit uit te leef. Daarom behoort die vorming van familiewaardes in gesonde families en rolmodelle in die uitgebreide families van die gemeentes, die belangrikste fokusarea te wees.

> *“Teaching children and teenagers to have Christian values and character takes a village (the whole community)”*
>
> (Freudenburg & Lawrence 1998:88).

Families moet gehelp word om hul identiteit in Jesus Christus te ontdek en positiewe verhoudings te beleef (Nel 1998: 114). Ander rolmodelle in die gemeentes sal help sodat die jongmense deel sal wees van die positiewe bediening van die kerk (Van der Watt & Thesnaar 2005:6; Strommen & Hardel 2000:16-17). Die erediens kan in die lig van die familiebediening beskou word as die een geleentheid waar die hele familie, wat uit verskillende generasies bestaan, saam is om God te ontmoet.

## 2.8 Die gesin as primêre hermeneutiese ruimte

De Vries (2004:164) pleit dat *"The youth minister and the youth program must never be seen as substitutes for the parents' and the church members' fulfilling their own commitments."*

> *"God het die gesin as 'n hermeneutiese en agogiese ruimte vir geloofsbemiddeling geskep. Daarom is gesinsgebaseerde tienerbediening nie 'n nuwe model nie. Dit is eerder 'n bewusmaking van God se model deur Jesus Christus se bediening op aarde verhelder is en wat op navolging, gemeenskap, bemagtiging en uitstuur na die gemeenskap neergekom het (Mark 3:14). Jesus se bediening het met 'n geduldige liefdesonderrig gepaard gegaan en ouers moet 'n verbintenis aangaan, soos by die doop, om kinders in die verbondsgesin as agogiese ruimte met 'n geduldige liefdesonderrig op te voed wat die waardes van die koninkryk kan uitleef sodat al hoe meer gemeentelede en lede van die gemeenskap ook in hierdie verbintenis ingesluit kan word"*
>
> (De Wet 2003:211).

Die kinders van verbondsmense, mense met 'n verhouding met God en met mekaar, is integraal deel van die geloofsgemeenskap van die gemeente in al sy "gestaltes" (Nel 1998:18 cf 2018:77). Gedurende die jeugfase van 'n mens, waar verhoudings oorheersend belangrik is, is dit van wesenlike belang dat die jeugbediening ekklesiologies/somaties verantwoord is. Binne die verhouding met ander, groei die jeug geestelik en leer hulle dat hulle deel is van 'n dienende gemeenskap van gelowiges (Nel 1998:18, cf 2018:77). Tog is gesinne 'holy ground'

wat versigtig en met groot sensitiwiteit hanteer moet word (Dean & Foster 1998:77-80).

Binne hierdie ekklesiologiese (korporatiewe) ruimte, is daar ‘n kleiner eenheid aan wie God op ‘n besondere wyse ‘n hermeneutiese funksie gee: die gesin. Soos vroeër genoem, noem Dean die gesin ‘n “little congregation” (Dean & Foster 1998:77). Bengtson praat van “*nested contexts*” waarin daar in ‘n intieme verhouding waardes, geloof, begeertes/drome gevestig word deur modellering, beloning, straf en allerhande ander maniere (Bengtson 2002:20).

In dieselfde gedagtegang, beroep Pinquart en Silbereisen hulle op die ‘*family systems theory*’ met die mindere fokus daarop dat ‘n kind ook die ander lede binne ‘n gesin in ‘n *“narrow range of contexts*” kan beïnvloed (Pinquart and Silbereisen 2005:367).

Roehlkepartain skets die verloop van hoe navorsing vanaf die 1990s uitgewys het dat gesinsverbande en geloofsvorming ‘n baie sterk verband toon met ouers se eie geloof en geloofspraktyke. Die invloed van die gesinsverband was duidelik meer as wat Christen onderrig programme in kerkverband op die geloofsvorming van veral adolessente getoon het (cf Smith & Denton 2005; cf Van der Merwe 2013:63). Daarom skryf Roehlkepartain: “*Thus, it is clear that families matter a great deal for faith formation.*” (Roehlkepartain 2016:12). Hiermee ondersteun hy duidelik dat die primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan en ontwikkeling van geloof, die gesin is.

‘n Mens sou kon sê dat die kind ouers nodig het om tot verstaan te kan kom (Nel 2001:16). Deur die oorvertel van geloofstories, deur die saam deel hê aan belangrike geloofseremonies, kom die kind tot verstaan en vind geloofsvorming plaas (Veldsman 2005:64).

Hoewel daar ‘n teologiese saak gemaak kan word vir hoe ouers hulle kinders in ‘n geloofsvormingsproses behoort te begelei met Deuteronomium 6:6-7 as ‘n opvoedingsopdrag, is dit ‘n gegewe dat daar ‘n natuurlike modeleringsproses in die intieme huishouding voorkom (Kennemur 2018:176). Dus kan hier ook ‘n saak

gemaak word vir ‘n “*unintentional teaching process*” waar kinders hulle ouers dophou en naboots, sonder die doelgerigte handeling om hulle kinders ‘n geloofsopvoeding te gee. Hierdie fyn nuansering van ‘n gesin se binnewerking, is ‘n Godgegewe guns (“*blessing*”) aan ouers (Kennemur 2018:178).

Die konsep van die gesin as primêre hermeneutiese ruimte word wyd ondersteun en as vertrekpunt in verskeie literatuurstudies gebruik (Freudenburg & Lawrence 1998:84; Fowler 1981:121; Nel 1998:19-22; Nel 2001:16-17; Strommen en Hardel 2000:158-185; Sell 1995:162-164).

Die pasga in Eksodus 12 en die bekende gedeelte in Deuteronomium 6 aangaande geloofsopvoeding en gesinne, skep hier ‘n ideale voorbeeld van waar kinders kan hoor en verstaan wie God is, en hoe Hy met mense handel (Nel 1998:20, cf 2018:86 en ook Du Toit 2007:22).

Binne die huisgesin word God en Sy handelinge op die mees natuurlike maniere aan die gesin geïnterpreteer. In hierdie hermeneutiese ruimte kom jy op die mees spontane en ‘natuurlike’ wyse tot verstaan. Dit beteken egter nie dat God aan hierdie ruimte gebind is en dat verstaan nie kan plaasvind waar en wanneer hierdie ruimte ontbreek of stukkend is nie. Die gesin stel nie perke aan God se vermoë om tot verstaan te bring nie.

Die tyd waarin ons leef, vra besondere sensitiwiteit vir die krisisse van gesinne. Duisende kinders word nie meer in tradisionele gesinne groot nie, maar is deel van enkelouergesinne en kom uit alternatiewe gesinstrukture. Die jeugbediening moet hiermee rekening hou. Die beklemtoning van die gesin as hermeneutiese ruimte, mag op geen manier gebruik word om die pyn van mense nog pynliker te maak nie – ook nie om die gedagte te skep dat iemand binne die gesin (tradisionele gesin) ‘n voorsprong op genade het nie (Nel 1998:21, cf 2018:88).

*“Dikwels dra gemeenteprogramme eerder daartoe by om “gesinsversnippering” te bewerk en staan voor in die ry om die eenheid wat as die waardevolste beskou word, te ondergrawe*” (Wagner-Ferreira 2006:58). Die gesin is in die kerklike jeugarbeid van primêre belang, nie net omdat die sosiologie dit bevestig en uitwys

nie. Die gesin is in die kerk belangrik omdat dit God behaag om Sy verbondsgenade in gesinne en deur gesinne bekend te maak. Dit is ‘n opdrag aan ouers om binne die gesin as ouers die groot dade van God oor te dra en in te skerp. Verbondsonderrig binne die gesin vloei uit die harte van verbondsouers wat God ken, liefhê en dien. In so ‘n gesin is verbondsopvoeding en –onderrig nie ‘n ekstra nie. (cf Wagner-Ferreira 2006:58). Dit is deel van ‘n leefwyse. Sulke ouers is wat hulle sê; leef wat hulle voorskryf; verduidelik met hulle lewens wat hulle hulle kinders voorsê om te doen. Hulle woorde verklaar hulle dade en hulle dade ondersteun, maak waar wat hulle sê. So loop God se verbond van geslag tot geslag (Nel 1985:15).

Die waarheid waarom dit hier gaan, naamlik dat die gesin ‘n hermeneutiese ruimte is, beteken dat God in Sy wysheid binne verhoudings werk. Sy verbondsmatige handelinge met mense onderstreep dit ook. Ouers en kinders is die mees ‘natuurlike’ voorkoms van hierdie verhoudings. Waar die verband vader-moeder-kinders om een of ander rede ontbreek, word die beginsel dat God binne verhoudings tot verstaan gebring word, nie opgehef nie. Ander verhoudings kan ewe sinvol gevestig word. Dikwels vervul die uitgebreide familie die rol (Nel 1998:21 cf 2018:89).

*Verhoudings* is egter die geheim vir verstaan en die mees natuurlike is die primêre gesin. God is inderdaad ‘n God van huishoudings /gesinne/families/geslagte (Nel 2001:17).

## 2.9 Samevatting

Die gesin as hermeneutiese ruimte is werklik die plek waar God op sy mees natuurlike manier met die mens in verhouding kan tree. Daarvoor het hy vir ons die gesin gegee. Deur die eeue heen kan ons die intieme binnewerke van die gesin sien, dit bestudeer en waardeer.

Die ouer as rolmodel is die leiersfigure wat vanuit die gesinstruktuur aan jongmense die leiding moet gee en moet wys hoe om te lewe, hoe om die lewe in al sy fassette te geniet, te bestuur en eervol teenoor God op te tree.

Daarvoor is die gesin as primêre hermeneutiese geloofsruimte ‘n besondere rolspeler in die geloofsontwikkeling en geloofsvorming, nie net van kinders nie, maar van mense deur hulle hele lewe. Hierdie ruimte (die gesin) is as’t ware heilige grond – vir God afgesonder.

En as hierdie ruimte aangeraak word, verander die samestelling van die eenheid en word dit dalk twee hermeneutiese ruimtes, soos na ‘n egskeiding.

Eintlik is geloofsvorming ook identiteitsvorming. In die ideale intakte gesin kom die hele proses van ‘om te wees wie jy eintlik reeds in God is,’ tot sy reg, maar in die huise van kinders uit ‘n egskeiding lyk dit anders. Die kinders moet self gaan soek na God, rolmodelle en geloofsruimtes. Daarby het hulle soms so seergekry in ‘n geloofsgemeenskap dat hulle nie eens die behoefte het om dit te doen nie.

## HOOFSTUK 3

## DIE ENKELOUERGESIN AS UITDAGING IN DIE GELOOFSVORMING VAN DIE ADOLESSENT

### 3.1 Inleiding

> *"Kicked back and forth like a football. Even a seven-year-old could sense that this was bad: no on likes to be kicked. But it sounded playful as well. I could see me – the football – flying end over end against a blue sky. It was the kick and the thud on the other end that imparted a vague sense of threat"*
>
> Elizabeth Marquard (2005:1).

Enkelouergesinne is 'n toenemend algemene, maar ook uitdagende verskynsel in vandag se samelewing (Sooryamoorthy and Makhoba 2016:311). Enkelouerskap sluit individue in wat kinders alleen grootmaak weens verskeie omstandighede soos egskeiding, skeiding, die dood van 'n gade of eie keuse (Van Staden 2020:28). Volgens onlangse statistieke het die aantal enkelouerhuishoudings wêreldwyd geleidelik toegeneem, wat die belangrikheid van hierdie demografiese groep in die vorming van die sosiale struktuur van gemeenskappe en die welstand van kinders beklemtoon (Van Gasse 2020:2).

Die fokus van hierdie studie is gesinne wat deur ‘n amptelike egskeiding of die skeiding van ouers wat vir ‘n bepaalde tydperk in ‘n vaste verhouding was, geraak word.

Voorheen is daar na hierdie gesinne verwys as gebroke gesinne, of -huise (Connors 1999:61; Quinn 2011:2; Van Staden 2020:26), hierdie afbrekende verwysings kom nie meer in resente studies voor nie. Na die verskyning van Wallerstein (Wallerstein, Lewis and Blakeslee 2000) se longitudinale studie oor 25 jaar na die effek wat egskeiding op kinders het, het daar vanaf die vroeë 2000’s meer stemme begin opgaan om die verandering in gesinsamestelling na te vors. Hiervan was Elizabeth Marquard seker een van die belangrikste navorsers. Na haar

werk “*Between two worlds – the inner lives of the children of divorce*” (Marquard 2005) verskyn het, word sy by verskeie ondersoeke na die verandering in gesinstrukture betrek. Een van die grootste studies waaraan Elizabeth Marquard deelgeneem het word in opdrag van die Institute for American Values gedoen. Die verslag word gepubliseer as: “*Does the shape of families shape faith?”* (Marquard: 2013) en die enkelouergesin as ‘n gesinstruktuur word sterk op die voorgrond geplaas, ook wat geloofsaspekte aanbetref.

In hierdie hoofstuk word die ontstaan van die enkelouergesin, die uitdagings vir die enkelouergesin, die veerkragtigheid van die enkelouergesin, die ondersteuning van – of die afwesigheid van ondersteuning aan die enkelouergesin, sowel as die uitdagings in geloofsvorming van adolessente in die enkelouergesin aangespreek. Uiteraard kan die skopus van die enkelouergesin baie wyd wees en daarom word gefokus op die enkelouergesin wat vanuit ‘n egskeiding ontstaan het.

## 3.2 Enkelouerskap

In die konteks van enkelouerskap verwys die term "enkel" tipies na 'n persoon wat nie 'n lewensmaat of eggenoot het nie. Vanuit die konteks van enkelouerskap beteken dit dan ook dat die enkel persoon die primêre versorger van sy/haar kinders is en dat die ‘ander ouer’ nie dieselfde woonplek deel nie.

Enkelouerskap verwys na die situasie waarin een ouer die primêre verantwoordelikheid aanvaar vir die grootmaak van 'n kind of kinders sonder die teenwoordigheid of betrokkenheid van 'n lewensmaat of gade (Roman 2011:578). Dit beteken dat die individu die primêre verantwoordelikheid aanvaar om hul kind of kinders op hul eie groot te maak en te voorsien. Dit kan voorkom as gevolg van verskeie omstandighede, soos egskeiding, skeiding, die dood van 'n maat, of die keuse om 'n kind sonder 'n maat te hê (Sooryamoorthy & Makhoba 2016:316).

Om "enkellopend" te wees in enkelouerskap beteken dat die ouer nie 'n mede-ouer het om die daaglikse verantwoordelikhede, besluitneming en emosionele ondersteuning te deel wat tipies gepaard gaan met die grootmaak van 'n kind nie. Hulle moet dalk verskeie rolle aanneem, soos om die primêre versorger,

broodwinner en emosionele ondersteuningstelsel vir hul kinders te wees (van Staden 2020:25).

### 3.3 Enkelouergesin

Om die enkelouergesin te definieer, is nie so eenvoudig nie. Die definisie kan maklik die kompleksiteit van die enkelouer se omstandighede miskyk (cf Letablier & Wall 2018). Van Gasse (2020:4) verwys selfs na twee soorte enkelouers in die mate van onderhouding: self onderhouding – dus onafhanklik, teenoor gedeeltelike selfonderhouding – dus afhanklike onderhouding (Van Gasse 2020:4).

'n Enkelouergesin verwys na 'n huishouding waarin een ouer die primêre versorgingsrol en verantwoordelikhede vir ‘n kind of kinders aanvaar (cf Van Staden 2020:3; Townes, S 2017:8; Walker 2015:4; Rush 2012:15). Dit kan voorkom as gevolg van verskeie omstandighede, insluitend egskeiding, skeiding, die dood van 'n gade, of die keuse om 'n enkelouer te word deur aanneming of ander maniere (cf Sooryamoorthy & Makhoba 2016:316). In 'n enkelouergesin is daar tipies geen lewensmaat of eggenoot in die huishouding teenwoordig nie.

Marquardt beskryf die proses om ‘n enkelouer te word as, “*the parents are seperated and become two people again*” (2011:26). En sy brei verder hierop uit met:

“*the postdivorce family, no matter what the level of conflict, is an entirely new kind of family that lacks many features of intact family life that might seem natural and unremarkable*”

(Marquardt 2011:27).

Dit bly egter ‘n moeilike definisie om te bepaal wie en wanneer as ‘n enkelouer beskou moet word. Die gender van die persoon uitgesluit, moet die omstandighede en verhouding met die ander ouer in ag geneem word

## 3.4 Uitdagings vir die enkelouergesin

Hierdie afdeling van die literatuuroorsig ondersoek die uitdagings wat enkelouergesinne in die gesig staar binne die konteks van geloofsgemeenskappe en ondersoek hul spesifieke behoeftes. Dit beklemtoon die unieke omstandighede en ervarings van enkelouergesinne en werp lig op die faktore wat bydra tot hul uitdagings en die ondersteuning wat hulle van geloofsgemeenskappe benodig.

Om die spesifieke uitdagings wat enkelouergesinne binne geloofsgemeenskappe in die gesig staar, te verstaan, is noodsaaklik vir die ontwikkeling van inklusiewe en ondersteunende bedieningspraktyke. Deur hierdie uitdagings aan te spreek en aan die unieke behoeftes van enkelouergesinne te voldoen, kan geloofsgemeenskappe 'n transformerende rol speel om hierdie gesinne te ondersteun en te bemagtig terwyl hulle hul geloofsreis en ouerskapverantwoordelikhede navigeer.

### 3.4.1 Finansiële druk

Enkelouergesinne staar dikwels finansiële uitdagings in die gesig as gevolg van die uitsluitlike verantwoordelikheid om vir hul kinders te voorsien. Die effek is dat

> "*financial constraints severely affected divorced mothers' living arrangements – to the extent that many have lost their social networks and support structures as a result*"
>
> (Van Staden 2020:29).

Al sou die ander ouer bydra tot die finansiële onderhoud van afhanklike kinders, is dit steeds die primêre versorger se taak om die behoeftes van die afhanklike kinders en dus die enkelouergesin te bestuur. Hulle ervaar dalk beperkte inkomste, probleme met toegang tot bekostigbare behuising en finansiële onstabiliteit (cf Carroll 2017:37; Walker 2015:10; Van Staden 2013:34; Connors 1999:33-37).

### 3.4.2 Sosiale ondersteuning en isolasie

Enkelouers kan sosiaal geïsoleer voel (Demo, Aquilino & Fine 2005:124; Connors 1999:47), sonder die ondersteuningsnetwerke wat tipies beskikbaar is in twee-ouer huishoudings.

> *"Divorce is more than an issue of social capital or simple psychology (like self-esteem), for we are more than our place in the structures and knowledge of society"*
>
> (Root 2010:46).

Hulle kan gevoelens van eensaamheid en 'n gevoel van misverstaan ervaar (van Gasse 2020:41).

### 3.4.3 Ouerskap en Kindersorg

Enkelouers kom dikwels voor die dubbele uitdagings te staan om beide ouerskapsverantwoordelikhede en die behoefte aan voldoende kindersorg na te kom. Hulle kan sukkel met balansering van werkverpligtinge, ouerskappligte en beperkte tyd vir selfversorging (cf van Gasse 2020:188-189; van Staden 2020:29; Walker 2015:10)

> *"With a limited support system, participants emphasised that single parents often have several roles to fulfil. Being overburdened with multiple responsibilities and playing the role of both parents, has rendered the experience of being a single parent demanding and challenging for most of the participants"*
>
> (Van Staden 2020:51).

Die versorging van veral jonger kinders by dagmoeders en naskole is ook hier van toepassing (Connors 1999:41).

### 3.4.4 Geestelike leiding en koestering

Enkelouers het dalk unieke geestelike behoeftes en soek leiding om hul geloof in hul ouerskapreis te integreer (Walker 2015:18). Hulle begeer dalk geestelike

mentorskap, leiding oor morele en etiese waardes, en geleenthede vir geestelike groei (cf Van Staden 2020:31; Connors 1999:45-47).

### 3.4.5 Praktiese bystand

Enkelouers kan praktiese bystand in verskeie aspekte van hul lewens benodig, soos vervoer, huisherstelwerk en toegang tot gesondheidsorg (cf Van Staden 2020:30; Townes 2017:60; Walker 2015:13; 60; Connors 1999:40).

### 3.4.6 Emosionele welstand

Enkelouers kan verhoogde stres en emosionele laste ondervind as gevolg van die veelvuldige rolle wat hulle vervul (Connors 1999: 42).

> "*the sudden breakdown of the families caused some single-parent households to experience emotional distress and a decline in moral support*"
>
> (Van Staden 2020:52).

Hulle kan gevoelens van ontoereikendheid, skuldgevoelens en oorweldiging ervaar (cf Carroll 2017:37).

> *"one single mother's insecurity is the fear of "failing her children", since she feels restricted in her role as a mother to satisfy the roles of the 'father' in the household"*
>
> (Van Staden 2020:52).

### 3.4.7 Voorspraak en bemagtiging

Enkelouers kan sistemiese hindernisse en diskriminasie in die gesig staar wat hul toegang tot hulpbronne en geleenthede belemmer (Carroll 2017:38 cf Van Gasse 2020:180).

## 3.5 Aanpassings in die enkelouergesin

Aanpassing in 'n enkelouergesin verwys na die prosesse en strategieë wat individue en gesinne gebruik om aan te pas by die uitdagings en veranderinge wat met enkelouerskap geassosieer word.

Verandering word deel van die enkelouer se lewe. Planne vir oorlewing moet gereeld aangepas word en die kontak tussen ouers en kinders moet gereël word. Die kinders het dit ook nie maklik nie. Daar is ernstige veranderinge in hulle lewens, wat verhuising, nuwe skole en nuwe vriende impliseer. Die kinders ervaar as deel van hierdie verandering die verlies aan vriendskappe en moet ook seker aktiwiteite prysgee (De Vries 2004:124). Tuis was daar ‘n ‘diminished parenting’ wat die verhouding tussen kinders en ouers verskraal het (Wallerstein & Lewis 2004:359).

In sommige gevalle kon ‘n ouer se persoonlikheid selfs verander. Sommige het selfs die egskeiding beleef as dat hulle beide ouers verloor het – in hulle verstaan het die liefdevolle omgee-ma verdwyn en was in haar plek ‘n angstige, moeilike en ontoeganklike vreemdeling (Wallerstein & Lewis:2004 359).

Uiteraard word die verhoudings binne die gesin geraak, nuwe verhoudings word gevorm en die dinamika van die gesinstruktuur moet aanpas (van Staden 2020:8). Die aanpassings wat in die enkelouergesin plaasvind, het

- emosionele aspekte;
- raak die dag tot dag roetines en verantwoordelikhede;
- verander die kontak tussen ouers en kinders;
- eis nuwe finansiële bestuursvaardighede binne die enkelouergesin;
- ‘n noodwendige invloed op interne sowel as eksterne kommunikasie.

(cf Hetherington 2005:137-139; Van Gasse 2020:41, 42, 44).

Dit is belangrik om daarop te let dat aanpassing in 'n enkelouergesin 'n voortdurende proses is. Die spesifieke strategieë en uitdagings kan verskil na gelang van individuele omstandighede, maar met tyd, ondersteuning en veerkragtigheid kan gesinne suksesvol navigeer en by hul nuwe dinamiek aanpas.

### 3.5.1 Gesagstruktuur

In 'n enkelouergesin ondergaan die gesagstruktuur tipies aansienlike veranderinge in vergelyking met 'n tweeouergesin. In 'n tradisionele kerngesin deel beide ouers die verantwoordelikhede en gesag vir besluitneming en ouerskap. In 'n enkelouergesin kan die afwesigheid van een ouer egter lei tot 'n verskuiwing in hoe gesag versprei en bestuur word (Louw 1989:177).

Hier is 'n paar maniere waarop die gesagstruktuur in 'n enkelouergesin verander:

- **Alleenbesluitneming**

  In 'n enkelouergesin neem die alleenversorgende ouer die primêre verantwoordelikheid vir die neem van belangrike besluite rakende die kind se opvoeding, gesondheidsorg en ander aspekte van hulle lewens. Hierdie ouer word die finale gesag oor sake wat die kind se welstand raak (cf Van Staden 2020:3; Townes, S 2017:8; Walker 2015:4; Rush 2012:15).

- **Verminderde insette van die afwesige ouer**

  In gevalle waar die nie-toesighoudende ouer nie by die kind se lewe betrokke is nie of beperkte kontak het, verminder hul gesag en besluitnemingsinvloed aansienlik (Nel 2005:45). Die primêre versorgende ouer moet die meeste ouerskapverantwoordelikhede hanteer sonder gereelde insette van die ander ouer (Van Staden 2020:61).

- **Verskuiwende dinamika tussen ouer en kind**

  Met slegs een ouer teenwoordig in die huishouding, word die ouer-kind-verhouding dikwels meer intens en afhanklik. Die kind kan meer emosionele en praktiese ondersteuning by die enkelouer soek, en die enkelouer kan ook meer afhanklik word van die kind vir bystand en geselskap (Van Gasse 2020:5 cf Van Staden 2020:25).

- **Verhoogde onafhanklikheid vir die kind**

  In sommige enkelouergesinne kan die kind op 'n vroeër ouderdom meer verantwoordelikhede en onafhanklikheid aanvaar. Hulle kan help met

huishoudelike take, vir hulself sorg wanneer die ouer by die werk is, of in 'n groter mate aan besluitneming deelneem (De Vries 2004:123).

- **Druk op die enkelouer**

Die enkelouer kan verhoogde druk en stres ervaar as gevolg van die bykomende verantwoordelikhede en besluitnemingsgesag (Strommen & Hardel 2000: 43). Die balansering van werk, ouerskap en persoonlike lewe kan uitdagend wees, en die enkelouer sal dalk moet aanpas en ondersteuning vind om hierdie eise doeltreffend te bestuur (Van Gasse 2020:135).

- **Mede-ouerskap-uitdagings**

In situasies waar die nie-toesighoudende ouer steeds betrokke is, kan mede-ouerskapdinamika kompleks wees. Die gesagstruktuur kan wissel na gelang van die vlak van samewerking en kommunikasie tussen beide ouers. Dit vereis effektiewe kommunikasie en samewerking om konsekwente ouerskapbenaderings en besluitneming te handhaaf (Louw 1989:179).

- **Onderhandeling van grense**

In 'n enkelouergesin kan dit belangrik wees om grense tussen die ouer se gesag en die kind se outonomie te vestig. Hieroor skryf Nixon, Green & Hogan:

> *"that single-parent families lack the generational and hierarchical boundaries characteristic of two-parent families, as vertical elements give way to child and parent being drawn together more as peers. In support of this perspective, single mothers have been found to be less authoritative and provide less discipline, monitoring, and supervision than mothers in two-parent households"*
>
> (Nixon, Green & Hogan 2012:143).

Die enkelouer moet hul rol as 'n gesagsfiguur balanseer met die bevordering van die kind se onafhanklikheid en besluitnemingsvaardighede soos hulle groei (Van Staden 2020:10; Hetherington 2005:138; cf Quinn 2011:24; De Wet 2003:198; Connors 1999:90).

Dit is opmerklik dat die veranderinge in die gesagstruktuur nie noodwendig negatief is nie. Enkelouergesinne kan net so liefdevol en ondersteunend wees as tweeouergesinne, maar hulle kan verskillende benaderings tot ouerskap en besluitneming vereis.

### 3.5.2 Kommunikasie

Kommunikasie in 'n enkelouergesin kan verskeie veranderinge ondergaan in vergelyking met kommunikasiepatrone in 'n tweeouergesin. Die afwesigheid van een ouer kan 'n impak hê op hoe gesinslede met mekaar omgaan en hoe inligting binne die huishouding uitgeruil word.

- **Verhoogde ouer-kind kommunikasie**

  In enkelouergesinne maak die ouer en kind dikwels meer staat op mekaar vir emosionele ondersteuning en geselskap (Van Staden 2020:52 cf Connors 2017:37). Dit kan lei tot meer gereelde en oop kommunikasie tussen die enkelouer en die kind terwyl hulle hul gedagtes, gevoelens en daaglikse ervarings deel.

- **Verskuiwing in rolle**

  Met slegs een ouer teenwoordig, kan die kommunikasiedinamiek verskuif, en die kind kan 'n meer betekenisvolle rol in die ouer se lewe aanneem. Die kind binne ‘n enkelouergesin kan 'n vertroueling word of emosionele ondersteuning aan die enkelouer bied, wat 'n unieke band skep (Van Gasse 2020:20).

Die vloei van kommunikasie verander ook soos wat die rolverandering in die gesin plaasvind, vanaf ‘n vertikale hierargiese struktuur, na ‘n meer horisontale hierargiese struktuur, of spanbenadering kommunikasie. Hierdie verandering in gesinshierargie binne die enkelouergesin vind plaas wanneer die kinders ‘n al hoe meer verantwoordelike rol in die huishouding begin inneem (Nixon, Greene & Hogan 2012:151). Hierdie vloei van kommunikasie word ook gedikteer deur die vlak van gelyke verantwoording in die enkelouergesin soos wat die kinders ouer word (Townes 2017:50).

- **Openheid oor gesinsituasie**

Enkelouergesinne mag dit nodig vind om meer oop en eerlike besprekings oor die gesin se situasie te voer, veral as dit uit 'n egskeiding, skeiding of die dood van 'n ouer voortgespruit het. Ouderdomsgeskikte gesprekke oor die veranderinge in die gesinstruktuur kan kinders help om die nuwe omstandighede te verstaan en aan te pas (Nel 2005:134).

- **Besluitnemingsgesprekke**

Aangesien die enkelouer die meeste, indien nie al nie, die besluitnemingsverantwoordelikhede aanvaar, kan daar meer eksplisiete gesprekke tussen die ouer en kind wees oor belangrike gesinsaangeleenthede. Om die kind by besluitneming te betrek, kan ook 'n gevoel van verantwoordelikheid en bemagtiging bevorder (De Vries 2004:123).

- **Tydsbestuur en skedulering**

Kommunikasie oor skedules en tydsbestuur word deurslaggewend in enkelouergesinne, veral wanneer die ouer werksverpligtinge of ander verantwoordelikhede het. Duidelike kommunikasie oor daaglikse roetines en aktiwiteite kan help om stabiliteit en voorspelbaarheid vir die kind te handhaaf

- **Mede-ouerskapkommunikasie (indien van toepassing)**

In gevalle waar die nie-toesighoudende ouer by die kind se lewe betrokke is, kan kommunikasie tussen die enkelouer en die ander ouer groter belang kry. Effektiewe mede-ouerskap vereis duidelike en respekvolle kommunikasie om te verseker dat daar aan die kind se behoeftes voldoen word en konsekwente ouerskapbenaderings gehandhaaf word (cf Marquardt 2005:111-134).

- **Ondersteuningsnetwerkkommunikasie**

Enkelouergesinne maak dikwels staat op ondersteuningsnetwerke, soos uitgebreide familie, vriende of ondersteuningsgroepe. Kommunikasie met hierdie individue word noodsaaklik vir beide praktiese en emosionele ondersteuning (cf Van Staden 2020:30; Townes 2017:60; Walker 2015:13; 60; Connors 1999:40).

### 3.5.3 Verantwoordelikheid

Dit is belangrik om te erken dat om 'n enkelouer te wees met unieke uitdagings gepaardgaan, en die verantwoordelikhede kan soms oorweldigend voel. Om ondersteuning van vriende, familie of gemeenskapshulpbronne te soek, kan noodsaaklik wees om hierdie verantwoordelikhede effektief te bestuur. Daarbenewens kan die betrek van die kind by ouderdomsgeskikte take en besluite 'n gevoel van verantwoordelikheid en spanwerk binne die gesin bevorder.

Navorsing het egter aangetoon dat enkelouers vanweë hulle omstandighede gedwing word om meer van hulle (veral adolessente) kinders te verwag om hulle las minder te maak (Wallerstein 2000:26; cf Louw 1989:180). Hierdie vroeër verwagting van verantwoordelikheid vir ander, kom egter teen ‘n prys (Nel 2005:38; cf Marquardt 2005:33-54).

Dit is onregverdig om van ‘n kind te verwag om self uit hierdie verskillende verwagtinge ‘n eie identiteit te vorm. Dis asof die kinders gedwing word om klaar (heeltemal te vroeg) klein grootmensies te word. Marquardt stel dit so:

> “*after a divorce the task that once belonged to the parents – to make sense of their different worlds – becomes the child’s. The grown-ups can no longer manage the challenge, so the child is asked to try*”
>
> (Marquardt 2005:28).

Maar dis ‘n volwassene se taak en verantwoordelikheid wat jong kinders nie behoort te dra nie (Marquardt 2005:28).

Byna geeneen van die kinders wat Wallerstein bestudeer het, het hulle kinderjare as gelukkig beskryf nie. Sommige het selfs gesê: “the day they divorced, my childhood ended” (Wallerstein et al 2000:26). Sommige kinders het skielik ‘n ander verantwoordelikheid gekry. Hulle moes huishoudelike take verrig wat ouers gewoonlik doen, hulle broers en susters help grootmaak en selfs ook nog soms vir die ouer self sorg (Wallerstein & Lewis 2004:361).

### 3.5.4 Pendelprogramme

Elizabeth Marquard se boek, 'Between two Worlds' (2005), wy baie aandag aan die feit dat kinders van geskeide ouers in twee huise ('two *worlds*'), grootword. En uiteraard die oor en weer beweeg van kinders van die primêre versorger se huis na die ander ouer wat besoekregte het (Marquard 2005:19).

Die pendelprogramme van kinders tussen ouers het selfs aanleiding gegee tot 'n film: "*Picking Up & Dropping Off*" (2003 Jaffe/Braunstein Films) - 'n romantiese storie oor twee enkelouers wat mekaar op die Denver lughawe raakloop wanneer hulle hulle kinders óf na die ander ouer stuur óf oplaai as die kinders terugkom.

Die oor en weer reis van kinders het selfs ook aanleiding gegee dat van hierdie kinders gepraat word as 'uit die tas leef' kinders (Wallerstein et al 2000:178-181).

Die kinders beleef die oor en weer reisreëlings ontwrigtend (veral as adolessente) en gee aanleiding tot 'n wrewelrigheid teenoor die ouer na wie toe hulle moet gaan (Wallerstein et al 2000: 178; cf Marquardt 2005:19-21; Clark 2011:98).

Die voortdurende verandering in omgewing en huisreëls; kort tydperke by die ander ouer en geen sosiale verbintenisse daar met jongmense van hulle eie ouderdom nie en moontlike ander volwassenes/lewensmaats van die ander ouer, bring hoë emosionele spanning mee (Louw 1998:181), maar ook 'n gevoel van om nêrens te behoort nie (Marquardt 2005:21). '*Huis*' is dan waar hulle die meeste van hulle tyd deurbring en die ander ouer se woning word aan die ouer gekoppel, bv '*Pa se huis*' (Clark 2011:94-96; cf Root 2010:59, 81-85).

## 3.6 Dinamiese veerkragtigheid van die enkelouergesin

Enkelouergesinne kan merkwaardige veerkragtigheid toon om verskeie uitdagings die hoof te bied. Veerkragtigheid verwys na die vermoë om terug te bons, te hanteer en aan te pas in die aangesig van teëspoed of moeilike omstandighede (Quinn 2011:29).

Greeff en Aspeling beskryf die bydraende eienskappe to veerkragtigheid in die enkelouergesin as:

> "*dedication, cohesion, adaptability, spirtuality, familiy time and belongingness*"
>
> (Greeff & Aspeling 2007:141).

Louw reken dat daar in 'n mindere mate wel positiewe konsekwensies in die enkelouergesin is:

> "*'n beter begrip van die kompleksiteit van menseverhoudinge; 'n verhoogde vlak van volwassenheid op 'n jeugdige ouderdom; aansporing om as individu beter te presteer; 'n breër spektrum van lewenskennis en verhoudinge met 'n verskeidenheid van mense*"
>
> (Louw 1998:180).

By 'n lesing wat Chap Clark bywoon, maak die spreker 'n terloopse opmerking oor kinders na 'n egskeiding: "*Kids for the most part get over divorce, for divorce is episodic and kids are generally resilient*" (Clark 2011:48). Waarop Clark kommentaar lewer dat hierdie veerkragtigheid slegs episodies is vir solank as wat die jongmense 'n pad deur hulle pyn vind, daarna word veerkragtigheid as 'n oorlewingselement deel van hulle lewe (Clark 2011:48 cf van Gasse 2020:11).

Die veerkragtigheid van 'n enkelouergesin is meermale sigbaar juis in die manier hoe die gesin nuwe uitdagings na 'n egskeiding aanpak. Hulle kan met finansies se bestuur goed vaar – terwyl hulle nie vantevore by dit betrokke was nie; dalk 'n nuwe betrekking aanvaar (die enkelouer); en meer betrokke in die gesin se daaglikse funksionering wees (Rush 2012:107; cf Van Gasse 2020:42).

In Lucrechia van Staden se navorsing het sy gevind dat enkelouerskap die enkelouer beide dwing, maar ook aanmoedig, om veerkragtigheid in die enkelouergesin te vestig. Dit beteken dat ouers en kinders moet aanpas by hulle omstandighede, hulleself vry maak van vanselfsprekendhede en nuwe rolle binne die gesin aanneem (Van Staden 2020:49-50 cf Quinn 2011:31; van Gasse 2020:10).

Die balansering van veelvoudige rolle, bv primêre versorger; primêre verskaffer van lewensmiddele; emosionele ondersteuner en bestuurder van ‘n huishouding, is nie eenvoudig nie en tog kom dit alles in een persoon, die enkelouer, voor. Hul vermoë om hierdie verantwoordelikhede te bestuur, toon hul veerkragtigheid en aanpasbaarheid (Nel 2005:1).

Een van die faktore wat ‘n positiewe rol in veerkragtigheid speel, is die rol van ondersteuningsnetwerke. Veral die rol wat die kerk as spirituele organisasie bied. Waar ‘n gesin aan die waardes van -  en hoop in die geloof vashou, is hulle noodwendig veerkragtig (Quinn 2011:33). ‘n Geestelike onderbou wat diep gewortel is, onderhou die hoop en vertroue in God wat mense optel en dra. Dan ‘bons’ hulle terug na ‘n traumatiese ervaring (soos ‘n egskeiding) om aan God se verwagtinge te voldoen (Quinn 2011:33).

### 3.7 Die enkelouergesin as hermeneutiese ruimte

Die konsep van die gesin as primêre hermeneutiese ruimte word wyd ondersteun en as vertrekpunt in verskeie literatuurstudies gebruik (Freudenburg & Lawrence 1998:84; Fowler 1981:121; Nel 1998:19-22; Nel 2001:16-17; Strommen en Hardel 2000:158-185; Sell 1995:162-164).

Binne die huisgesin word God en Sy handelinge op die mees natuurlike maniere aan die gesin geïnterpreteer. In hierdie hermeneutiese ruimte kom jy op die mees spontane en ‘natuurlike’ wyse tot verstaan (Nel 1998:21 cf 2018:89). Dit beteken egter nie dat God aan hierdie ruimte gebind is en dat verstaan nie kan plaasvind waar en wanneer hierdie ruimte ontbreek of stukkend is nie. Die gesin stel nie perke aan God se vermoë om tot verstaan te bring nie.

Wanneer die hermeneutiese ruimte dan ‘stukkend’ word, en verdeel om nou twee ruimtes te wees, is daar ‘n aantal faktore wat sodanig op beide hierdie ruimtes inwerk, dat die spanning binne en tussen die ruimtes, ‘n bepaalde negatiewe invloed op die adolessent binne en tussen die ruimtes reflekteer.

### 3.7.1 Verlies

- **Ouer**

Die kind beleef die weggaan van een ouer en die verbreking van die eenheid van die ouers as dieselfde traumatiese verlies soos wanneer hulle iemand naby aan hulle aan die dood sou moes afstaan (Wallerstein & Lewis 2004:367).

Die verlies aan sekuriteit wanneer ‘n ouer die huis verlaat, sowel as die gevalle waar kinders geweld tussen hulle ouers waargeneem het, het die langste hulle bygebly. Waar ouers die huis verlaat het en nie weer teruggekom het nie, was van die helderste herinneringe:

> *“I remember the sun striking the patterns on the living room carpet in the late afternoon. It was the last time I saw my dad. I was 4 years old*”
>
> (Wallerstein & Lewis 2004:360).

- **Sekuriteit**

Waar die huwelik ontologiese (syn) sekuriteit aan kinders bied, is egskeiding juis die element wat dit weer vernietig (Root 2010:56). Die stabiliteit van die huwelik bied stabiliteit aan die identiteitsvorming van die kind. Wanneer die biologiese verpligte band verbreek word en een wêreld word twee wêrelde, word kinders dan gedwing om hulle identiteit te vind, nie deur die ruimte van gedeelde “*being*” nie [die gesin], maar deur ‘n proses van keuses (Root 2010:56-57).

Marquardt vind dat in ‘n gesin wat nog altyd saam is, die kinders die sentrum is en die ouers werk saam daaraan om hulle te beskerm en te versorg. Na ’n egskeiding word die ouers self die sentrum (individueel) en die kinders moet vir hulleself sorg. Marquardt stel dit as volg:

> “*After a divorce, newly apparent adult vulnerabilities have a way of turning the family structure inside-out. Each parent moves to the centre of his or her new world, and it’s the children who are now on the outside, keeping a wary eye on them, even trying to protect them*”
>
> (Marquardt 2005:37).

Daarby word die dissiplinestelsel ook maklik aangepas of soms doodgewoon net laat gaan (Wallerstein & Lewis 2004:361).

Die verskuiwing (of afskuiwing) van natuurlike ouerskaptake op kinders (veral adolessente) na die egskeiding word wyd erken en bespreek (cf Marquard 2005:28; Wallerstein et al 2000:305; Wallerstein & Lewis 2004:361; Root 2010:49; cf 85).

- **Kind-wees**

Marquardt skryf hoe kinders moet sukkel om sin te maak uit hulle ouers se "*vastly different ways of thinking*" en dan te probeer om uit te vind wie hulleself is en wat hulle glo. As 'n gevolg hiervan is die kinders uit 'n egskeiding meer geneig om "*confusion, isolation, and suffering*" (Marquard 2005:32) te ervaar. Hulle kindwees word as't ware van hulle weggeruk en hulle moet te gou 'groot' wees.

- **Identiteit**

Root skets die vorming van 'n persoon se identiteit as die resultaat van die gemeenskap waarin hy grootword. Die kleinste eenheid van die gemeenskap is die gesin. As die gesin uitmekaar val, val die kind se identiteit ook uitmekaar.

Root koppel identiteit aan die syn ("being") en beredeneer dan die hele saak oor die verlies van die "being". Vandaar sy stelling: *The loss of family* [deur egskeiding] *is the loss of being*" (Root 2010:49-50).

Hierdie verlies aan identiteit kom later weer voor as 'n spesifieke soeke na identiteit (sien by 3.7.5).

### 3.7.2 Vrese

- **Verlating (‘abandonment’)**

Kinders onthou hulle verlatenheid, asook hulle vrese en ontworteldheid na die egskeiding. Sommige het selfs gehuil wanneer hulle vertel het hoe bang hulle was hulle ouers vergeet hulle, omdat hulle so besig was om hulle lewens te herbou. Dit het hulle kwaad gemaak vir alles en almal (Wallerstein 2000:32; cf ook 59; 298).

Hulle ervaar ook die fisiese vrees van onbeskermdheid en voel eers veilig as daar ‘n man in die huis is (Marquardt 2005:60).

- **Verraad**

Die gebeure wat tot die egskeiding van ouers gelei het, bly vir die kind ‘n daad van verraad - teenoor die lewensmaat en ook die kinders self (Wallerstein & Lewis 2004:363).

Dan word die vrees in hulle latere lewe ‘n werklikheid as hulle sukkel om langdurige verhoudings te hê (Wallerstein & Lewis 2004:363).

- **Nuwe seerkry**

Die navorsing van Wallerstein het hier seker die waardevolste inset, omdat dit oor 25 jaar strek. Mense uit ‘n egskeiding bly bang vir seerkry en veral vir nuwe seerkry (Wallerstein 2000:279-281). Daarom bly hulle soms alleen. Vermy ander en lewe ‘n afgeslote lewe.

### 3.7.3 Verandering

Soms moet die enkelouer nuwe planne beraam om te oorleef. Kontak tussen die ouers is moeilik en kinders verdeel noodgedwonge lojaliteit tussen ouers. Kinders het vriendskappe en aktiwiteite moes prysgee. Daar is selfs verhuis wat dan ook nuwe skole en omgewings beteken het. Tuis was daar ‘n ‘*diminished parenting*’ wat die verhouding tussen kinders en ouers verskraal het (Wallerstein & Lewis 2004:359).

### 3.7.4 Verhoudings

Byna al die kinders het na die egskeiding tot die slotsom gekom dat persoonlike verhoudings onbetroubaar is en dat selfs die hegste gesinsverhoudings kan verbrokkel. Wallerstein vind dat die verhoudings wat kinders met hulle ouers het, nie in direkte verband is met hulle tyd wat hulle met die ouers spandeer het nie. Selfs al sou een ouer net naweke of vakansies gesien word, was hulle teenoor beide ouers op dieselfde vlak lojaal/dislojaal.

Wallerstein en Lewis beskryf dat een van die vrese van die sewe persone in haar navorsingsgroep, is dat hulle vrees om ook soos hulle ouers in hulle verhoudings te faal. Volgens haar is dit gesetel daarin dat hulle "*internal template*" van hoe 'n gesonde verhouding behoort te lyk, ontbreek. Dus moet hulle self hulle eie weg vind met waardes en norme wat hulleself moet definieer in 'n wêreld wat self min modellering en lewensriglyne bied (Wallerstein & Lewis 2004:368).

Die vader-kind verhouding het ook in die fokus gekom. Dit was opmerklik dat kinders wat hulle pa's in hulle kinderjare gereeld gesien het, dit in hulle volwasse jare minder gedoen het. Die breuk in die verhouding tussen pa's en seuns was opmerklik by die geskeide ouers in volwassenheid, terwyl met die kontrolegroep die verhouding tussen pa en seun in volwassenheid eintlik sterker geword het. Waar die verhoudings wel tussen pa en seun (van geskeide ouers) goed en sterk gebly het na volwassenheid, is gevind dat die jong man vir 'n vaste tydperk by sy pa aan huis gewoon het in sy adolessensie jare. Weereens is daarop gewys dat die tyd saam met enige van die twee ouers nie 'n verbetering in vertroue gebring het nie.

Kinders het hulle ouers bly dophou en skerp veroordeel. As enigeen van die ouers met hulle lewens kon aangaan, 'n nuwe sinvolle lewe geniet en die ander nie, het die diskrepansie die kinders benoud gelaat vir die ouer wat sukkel (Wallerstein & Lewis 2004: 365-366).

Dan reflekteer Root die hele redenasie van God as verhoudingswese op die huwelik en die egskeiding: Omdat die kind se identiteit in dié van sy/haar ouers verweefd

is, veroorsaak egskeiding dat die kind sy/haar eie bestaan bevraagteken. Vir die kind,

> "*divorce is not just the end of marriage, but the end of the child's community of being, which forces her to live between two worlds. But now these two worlds are held together at all only through her person, which is disorientingly backwards*"
>
> (Root 2010:83).

Alhoewel die teologiese en fundamentele basis van die mens se ontologie in die Drie-Enige God as 'n Verhoudingswese gesetel is, wat die mens in – en vir verhoudings geskep het, is dit nie al wat die identiteit van 'n kind vorm nie. Root gaan soek in voorwerp-verhoudings na 'n verdere aspek van menswees (Root 2010:111).

### 3.7.5 Identiteit

In die huwelik is dit juis wat ouers doen: deur hulle twee wêrelde waarvandaan hulle kom, bymekaar te bring in 'n nuwe eenheid. In hierdie eenheid skaaf mense mekaar in respek en liefde. Wanneer ouers dan skei, verander die ouer se taak net na versorger en die kind moet self dan sy identiteit – sonder die goeie ouerleiding – vind:

> "*—who you are, what you believe, whether you believe in God, and, if so, what you do about it; the big questions of moral and spiritual identity—it is no longer the parents' job to rub these together with that other person who is now the ex-wife or ex-husband. In fact, people get divorced in part so they don't have to do that anymore. But the job has not gone away; it has become the child's task instead*"
>
> (Marquardt 2011:187).

Die kind word nou vasgevang tussen twee wêrelde en moet self sin maak van al die verskillende faktore binne hierdie wêrelde. In die soeke van kinders na hulle eie identiteit, om uit vind wie hulle is en wat hulle glo, migreer die botsende wêrelde van hulle ouers na hulle innerlike self.

*"I also looked at how young people from two worlds make sense of who they are. Who am I? Where do I belong? What is true? Is there a God? What is right and wrong? The grown children of divorce often told me that in growing up they felt like they had to be a different person in each parent's world"*

(Marquardt 2011:189).

Dis 'n intense konflik tussen ruimtes wat beteken dat die kind sy self moet aanpas binne elke ouer se huis. Wanneer hulle ouers later saam in 'n vertrek is, beleef die kinders 'n hoë vlak van spanning. Hulle sê:

"*It made me crazy. I didn't know who to be*"

(Marquardt 2011:190).

Root skets die vorming van 'n persoon se identiteit as die resultaat van die gemeenskap waarin hy grootword. Die kleinste eenheid van die gemeenskap is die gesin. As die gesin uitmekaar val, val die kind se identiteit ook uitmekaar (Root 2010:39).

### 3.7.6 Tussen twee wêrelde

Die morele vorming van kinders uit 'n egskeiding word deur hierdie twee wêrelde sterk beïnvloed. Van die deelnemers het selfs die vraag gevra: 'Wat kies ek of vir wie kies ek?'. Dis asof die kind 'n totale oorskakeling in sy menswees moet maak in elke huis. Elke huis het 'n eie funksionering, reëls, rituele en nuwe tradisies (Marquardt 2005:28-29).

Die kinders word as't ware akteurs. In die huis van hulle primêre versorger tree hulle gemaklik op en is hulle eg in hulle optrede. In die huis van die 'ander ouer' is hulle gedrag, kommunikasie en interaksie met die ander huislede soos wat hulle glo dat dit in daardie huishouding verwag word – en dus nie eg hulle eie nie.

'n Ander aspek wat ook aandag moes kry, is 'geheime'. Daar is skielik nie meer die openheid tussen ouer en kind nie. Daar is sake wat van die een ouer nie met die

ander bespreek mag word nie. Dit is asof daar nie net twee wêrelde is nie, maar ook twee *geheime* wêrelde (Marquardt 2005:123-129).

### 3.8 Betrokkenheid van die uitgebreide familie by die enkelouergesin

Die ondersteuning van uitgebreide familie aan 'n enkelouergesin kan van onskatbare waarde wees (Wagner-Ferreira 2008:18). Om 'n kind as 'n enkelouer groot te maak kan uitdagend wees, beide emosioneel en prakties, en om die betrokkenheid en bystand van uitgebreide familielede te hê, kan 'n beduidende verskil maak in die welstand van beide die ouer en die kind.

De Vries bevestig dit met:

> "*Grandparents also provide this kind of stabilizing influence for children*"
>
> (De Vries 2004:89).

Isolasie van ‘n deel van die uitgebreide familie wat tot die enkelouergesin behoort, kan ook veral die adolessente se soek na leiding herlei na minder ervare en selfs ongesonde eweknie verhoudings:

> "*As teenagers are cut off from their extended families of support, they often enter the less-healthy environment of peer dependence*"
>
> (De Vries 2004:90; cf Van Gasse 2020:115-116).

Een van die mees praktiese maniere waarop uitgebreide familie 'n enkelouer kan ondersteun, is deur te help met kindersorg. Die hulp en versorging wat die uitgebreide familie verskaf, varieer egter:

> "*the support system varied for each parent interviewed, but there is one consistency – they all needed or lacked something. Some of the parents had all the help in the world from their family but no friends or church support*
>
> (Walker 2015:13).

Familie en vriende word as belangrike bronne van sosiale kapitaal beskou en word as ‘n groot deel van die stelsel van ondersteuning geïdentifiseer (Van Staden 2020:65). Sommige enkelouers trek selfs terug na hulle ouers:

> "*single mothers from disadvantaged backgrounds are more inclined to live with their parents, who automatically become the providers of childcare and financial assistance*"
>
> (Van Staden 2020:65; 74).

Lede van die uitgebreide familie kan as positiewe rolmodelle en mentors vir die kind dien, wat leiding, lewenslesse en 'n gevoel van kontinuïteit en stabiliteit verskaf. Luyckx beskryf dit as "*In absence of a parent substitute in identity forming*" (Luyckx et al 2015:67-68; cf Bengtson 2013:105).

Om deel te wees van 'n uitgebreide gesin kan 'n gevoel van behoort en konneksie vir beide die enkelouer en die kind bied (Bengtson 2002:50). Deur hulle by familiebyeenkomste en vieringe in te sluit, kan 'n ondersteunende en koesterende omgewing bied (Bengtson 2002:67).

Dit is belangrik om daarop te let dat die tipe en omvang van ondersteuning kan verskil op grond van individuele omstandighede, die nabyheid van die gesin en geografiese nabyheid. Daarbenewens kan sommige enkelouers verkies om sekere aspekte van ouerskap onafhanklik te hanteer, so dit is noodsaaklik vir uitgebreide familielede om openlik te kommunikeer en die wense en grense wat deur die enkelouer gestel word, te respekteer.

### 3.9 Die Bybel en die enkelouergesin

Die Bybel spreek nie eksplisiet die konsep van enkelouerskap aan soos ons dit vandag verstaan nie, aangesien die sosiale strukture en gesinsdinamika gedurende Bybelse tye anders was. Dwarsdeur die Skrif is daar wel voorbeelde van enkelouergesinne sowel as van nie-tradisionele gesinstrukture. Hierdie gesinne is nie geïdealiseer nie (Townes 2017:10). Die meeste verwysings na enkelouergesinne in die Bybel is na weduwees met kinders.

### 3.9.1 Die Ou Testament en die enkelouergesin

Enkelouer ma's speel 'n prominente rol in die Ou Testament (Townes 2017:15 cf ook Rush 2012:114; Connors 1999:20)). Hagar, Tamar en ander daag die ideale gesin in die vroeë Bybelse geskiedenis uit. Die deurlopende lyn, ten spyte van hierdie ouers se enkellopenheid, is egter die getrouheid van God. Die feit dat Tamar een van die vyf vrouens is wat in Jesus se geslagsregister genoem word (Mat 1:3), bevestig God se betrokkenheid in die lewens van mense, al sou hulle onwaarskynlike kandidate daarvoor gewees het (cf Townes 2017:17).

Hagar is die eerste enkelouer waavan ons in die Bybel lees. Sarai is kinderloos en gee haar slavin Hagar aan Abraham om namens haar 'n kind in die wêreld te bring (Gen 16:1-3). In die sosio-kulturele gedagtegang van Abraham se tyd, is kinders as 'n seën gesien en gesinne het gewoonlik 'n aantal kinders gehad (Connors 1999:21).

Nadat Hagar swanger geword het, het sy haar eienares geminag (Gen 16:4) wat reeds tot spanning in Abraham se huishouding gelei het.

Reeds as swanger vrou, loop sy dan weg die woestyn in, waar God se engel haar ontmoet en haar oortuig om terug te gaan (Gen 16:6b-14). Anders as tot op hierdie tydstip in die Bybelse geskiedenis, praat God deur die engel direk met Hagar en nie met 'n man as verwysing nie (Townes 2017:16). Daarby is Hagar die eerste persoon iin die Bybel, manlik of vroulik, wat God, El Roï, noem, "U is 'n God wat my sien" (Gen 16:13).

Hoewel poligamie nie in hierdie tyd uitgesluit was nie, word Hagar nie Abram se vrou nie, maar bly Sarai se slavin (Gen 16:6). Ismael word gebore in Abram se huis (Gen 16:16) as Abram se seun.

Nadat God se verbond met Abraham bevestig is (Gen 17:9), word Ismael saam met al die ander manlike persone in sy huis besny (Gen 17:23). Daarmee word die belofte aan Abraham beseël dat God ook vir Ismael sal seën (Gen 17:20).

Met Isak se geboorte vind daar ‘n totale breuk in die verhouding tussen Sara en Hagar plaas en Sara dring daarop aan dat Hagar en haar seun, Ismael, weggejaag moet word (Gen 21:10). Dit bring egter spanning by Abraham teweeg omdat hy ‘n band met Ismael gebou het (Gen 21:11). Daarom het Abraham sy vrou se wens nagekom, maar eers kos en water vir Hagar saamgee (Gen 21:14).

Enkelma's, ongeag hul sosiale konteks, kan met Hagar identifiseer: Sy is uitgedryf deur Abraham (en Sara) om alleen vir haar gesin te sorg. Hagar bewys ook dat die kernfamilie nie die enigste familiestruktuur in die Bybel is nie (Townes 2017:17).

Hagar word ook die voorbeeld van God wat enkelouers hoor (Gen 16:13 en 21:17) en nie alleen laat of verlaat nie.

### 3.9.2 Die Nuwe Testament en die enkelouergesin

Verhale van nie-tradisionele gesinne gaan voort in die Nuwe Testament. Volgens die Evangelie van Lukas het Jesus self geen aardse vader nie (Lukas 2:5). Maria was buite-egtelik swanger. Eintlik is die wonder nog meer, omdat daar so min oor Maria bekend is. Sy word die onwaarskynlike waarskynlike (cf Dean & Foster 1998:44) wat God self uitkies om die Jesus-kind te dra.

Die engel kom by haar (Luk 1:28) om haar van God se teenwoordigheid te verseker (vergelyk met Gen 16:11). Die versekering van God se teenwoordigheid het by Maria gebly (Luk 2:19) vir die hele verloop van haar lewe.

Ten spyte van die onwaarskynlikheid van Maria as die God-draer (Theotokos) (Dean & Foster 1998:48) is die geboorte van Jesus uit hierdie onaanvaarde (vir daardie tyd) gesinsstruktuur die begin van ‘n nuwe era vir die mensdom (Dean & Foster 1998:50).

Maria, swanger met die vleesgeworde God, was nie ‘gebroke’ nie en toe Josef later met Maria getrou het, het die gesin ook nie nie skielik ‘heel’ geword nie (cf Townes 2017:17).

Die meeste verwysings na enkellopende ouers in die Nuwe Testament is deernisvolle verwysings na weduwees en hulle stryd om oorlewing (Luk 7:11-17; 1 Tim 5:3-16; Jak 1:27).

### 3.10 Spiritualiteit /geloof by die enkelouergesin

Uit die navorsing van Scholtz na die invloed van egskeiding op die geloofsvorming van adolessente, is gevind dat

> "*die duidelikste tendens wat uit die onderhoude na vore gekom het, was die verskraaldheid van 'n geloofslewe in die ouerhuis(e) wat daartoe lei dat die hermeneutiese ruimte van die gesin ook 'n verskraalde verstaan van geloof, God en 'n geloofslewe tot gevolg het*"
>
> (Scholtz 2018:81).

Oor religieuse ervaring en geloof skryf Wallerstein (2000:xv) dat sy nie baie oor geloof in haar boek in die konteks van egskeiding praat nie.

Tog maak sy die opmerking dat verskeie van die kinders gemeld het dat hulle geloof *"was shaken for several years by their experience as children*" (Wallerstein 2000:xv). Die meeste van die kinders wat hierdie opmerking gemaak het, was waar een ouer hulle verlaat het op 'n jong ouderdom en nie weer teruggekeer het nie. Dan maak sy die opmerking:

> "*It appears that their disappointment stood in the way of relying on their religion for support*"
>
> (Wallerstein 2000:xv).

Die teendeel was ook daar. Ander het weer juis in die geloof ('religion') gevind dat dit hulle help oorleef het. In die kerk of sinagoge het die gemeenskap van gelowiges vir hulle 'n bron van omgee en versorging geword (Wallerstein 2000:xv).

Selfs met genoemde resultate, was dit vir Wallerstein nie genoeg om die religieuse in haar resultate te inkorporeer nie.

- **Kerk**

Ongeveer ‘n kwart van alle jong mense [in die VSA] word vandag deur egskeiding geraak (Marquard 2011:186). Volgens Statistiek Suid-Afrika (2020b:10) woon slegs 32% van Suid-Afrikaanse kinders (0-19 jaar) in gesinne waar beide biologiese ouers nog teenwoordig is; In 2018 was die persentasie van die totale egskeidings in Suid-Afrika waar kinders by betrokke is, 56.6% (Statistiek Suid-Afrika 2020a:37). Hierdie statistiek het net ten doel om uit te wys dat daar ‘n beduidende getal adolessente is wat deur die vervreemding van ouers geraak word. Duidelik moet dit die bediening aan adolessente en jong volwassenes in besonder beïnvloed, maar dit gebeur nie. Inteendeel, daar word baie min navorsing oor die morele en spirituele impak van egskeiding op kinders gedoen.

Marquard maak die stelling:

> “*But even worse, I think, when churches lack understanding about these young people’s experiences, it can evoke pain and suffering among them, because, even in church, they don’t hear their stories told or don’t feel understood. This means that worship can actually be a painful experience*”
>
> (2011:186).

Die kerk word geroep om aan die mees kwesbare, veral kinders, ‘n bediening van omgee en begeleiding te gee. Navorsing wys dat kinders uit ‘n egskeiding oor die algemeen minder religieus is wanneer hulle groot word. Die kerk moet verstaan waarom dit so is (2011:186).

Marquard vertel ‘n interessante verhaal van die manier hoe kinders die gelykenis van die verlore seun oordra. Kinders van intakte gesinne vertel die verhaal van die seun wat huis toe kom en die pa wag vir hom. Kinders uit ‘n egskeiding vertel die verhaal van hoe die seun uit die huis weggaan. Dis tiperend van hulle fokus op die gesinslid wat die huis verlaat. ‘n Ander beeld is dié van die pa wat wag vir die seun om huis toe te kom – by die kind uit ‘n egskeiding wag hy vir die pa om terug te kom (Marquardt 2005:159-163).

- **God**

Uiteraard vertel hierdie verhale vir ons dat daar by die kinders uit ‘n egskeiding ‘n verwronge beeld of ‘n afwesige beeld van God is. Hulle trek die pyn van hulle verlies deur na hulle geloof toe. Daar is egter ook dié wat juis by die beeld van God vertroosting vind.

Die kern van Root se werk is om te wys dat egskeiding jou diepste wese raak. Om dit te bevestig vanuit die teologie steun hy op Barth se teologie van God wat Hom deur Sy handelinge aan die mens bekend maak:

> “*We know God only because God has acted, revealing Godself (primarily in Jesus Christ). Therefore, revelation is central to Barth’s thought: we know God because God has acted to make Godself known; we are (have our being) in and through God’s act*”
>
> (Root 2010:69 cf Barth III/2:320).

Root gebruik die Drie-Eenheid van God om die handelinge van God self binne die drie-eenheid as ‘n relasionele realiteit te beskryf. Die mens dan, as gemaak na die beeld van God (*imago Dei*), vind dan ook sy wese deur die handelinge van verhoudings – met homself, met God, met ander. Die mens bestaan dus vir en vanuit die verhouding met God. As God nie was nie, was die mens ook nie.

Dan vul hy dit aan met Barth se vier aksies wat die mens ‘n realiteit maak:

- *“seeing and being seen*
- *speaking and listening*
- *mutual assistance*
- *and doing it all with gladness”*

(Root 2010:123).

Uit hierdie vier aksies kom Root dan met ‘n voorstel aan die kerk om die problematiek van kinders uit ‘n egskeiding se geloofsvorming aan te spreek.

### 3.11 Kerklike betrokkenheid

Die vlak van godsdiensdeelname in enkelouergesinne kan aansienlik verskil op grond van verskeie faktore soos individuele oortuigings, kulturele agtergrond en die verbintenis aan ‘n geloofsgemeenskap.

Die deelnemers aan Scholtz se navorsing het aangedui dat hulle kerklike betrokkenheid as gesinne (enkelouergesinne) afgeneem het (Scholtz 2018:75), Sally Rush waarsku navorsers egter dat dit moeilik is om te veralgemeen of enkelouers en hulle kinders minder kerklik betrokke is, en of hulle eerder by ‘n ander kerk ingeskakel het (Rush 2012:20).

Die kerk self kan ook ‘n rede vir die afname in kerklike betrokkenheid wees. In die verslag van die Institute for American Values (2013) word spesifiek verwys na gemeentes wat ‘n meer gasvrye houding jeens twee-ouer gesinne het en dit enkelouers afskrik om meer kerklik betrokke te wees (Marquardt 2013:21; cf 43-44; Van Staden 2020:54; Petts 2009:555).

Hoewel kerklike betrokkenheid ‘n beduidende faktor in die veerkragtigheid van die enkelouergesin kan hê (waar dit voorkom); is dit meer algemeen dar daar ‘n verskraling in religieuse deelname by enkelouers voorkom (Quinn 2011:12; cf ook Van Staden 2020:54). Die verskraling van deelname aan religieuse aktiwiteite, beteken ook ‘n verskraling van religieusiteit by jongmense:

> “*However, trajectories of religious participation are dependent on the religious socialization that youth receive early in life*”
>
> (Petts 2009:553).

> “*In contrast, youth raised in single-parent families may not receive the same level of religious socialization; single parents may be less likely to attend religious services themselves, and youth may have access to fewer family members that reinforce religious teachings*”
>
> (Petts 2009:555).

.

### 3.12 Afwesigheid van rolmodelle in die enkelouergesin

Die belangrike plek in die gesin van die van die ouerlike rolmodel is reeds in Hoofstuk 2 bespreek (2.5). Dis egter juis die feit dat die ouerlike rolmodel so belangrik is, wat die afwesigheid darvan in die enkelouergesin uitlig.

In Wallerstein se sorgsame luister na die kinders uit ‘n egskeiding, kom die lewensgebeure en angstigheid van hierdie generasie kinders (nou in hulle laat twintigs tot vroeë veertigs) tot ‘n lewensbeeld. Wallerstein verklaar dat elke mens ‘n “*internal template*” van hoe ‘n gesonde verhouding behoort te lyk, moet hê. Hierdie “*internal template*” word deur ‘n rolmodel gevorm. Die verlies aan ‘n rolmodel beteken dus ook die verlies aan die “*internal template*” van ‘n gesonde verhouding. Dus moet hulle self hulle eie weg vind met waardes en norme wat hulleself moet definieer in ‘n wêreld wat self min modellering en lewensriglyne bied (Wallerstein & Lewis 2004:368).

Die geslagsrolle en hoe dit neerslag vind in die kind om ‘n gesonde balans te vind vir identifikasie, modellering en eie identiteitsvinding is ook hier ter sprake. Indien een van die ouers nie meer daar is nie, vanweë ‘n egskeiding, word hierdie identifisering nie volledig voltrek nie (Root 2010:104-105; cf van Wyk en Venter 2003:541).

Die afwesigheid van ‘n spesifieke rolmodel het duidelike implikasies op die geloofsvorming van veral adolessente (Van Staden 2020:59; 79). De Vries maak die opmerking dat adolessente so graag wil opkyk na ‘n rolmodel, dat hulle by die afwesigheid daarvan sal opkyk na

> *“Their friends, their music, and the media as surrogate (and often tyrannical) mentors. For too many kids, the media steps into the gap created by our cultural neglect and gives them a map of reality – telling them who they are and what they need to think about. And there they learn the frightening lie that the only ultimate arbiter of truth is oneself. Alone again”*
>
> (De Vries 2001: 147).

Judith Wallerstein het in haar navorsing ontdek dat

> "*Children of Divorce, who need help most of all, may find it even harder than other children to find mentors... There aren't many mentors in the shopping mall. Where are modern youngsters going to find them? Of all the children in our study, only very few found and made use of mentors*"
>
> (Wallerstein & Blakeslee 1989:112).

Dit blyk egter ook uit die Institute for American values se verslag wat Marquardt voorberei het, dat die religieuse verbondenheid van kinders na 'n egskeiding ontwrig word:

> "*When parental divorce dissolves the marital bond, the attachment to relgious institutions seems to be disrupted for many children*"
>
> (Marquardt 2013:21; cf 51-52).

Root maak 'n sterk saak dat die afwesighed van 'n rolmodel na egskeiding, die vraag na die ontologie van menswees in gedrang bring. Hy gebruik die term "*Mirroring*" en verduidelik dat die beeld (in die spieël) te verwronge is om 'n identiteit te vorm (Root 2010:110-118). Freeks en Lotter wys ook daarop dat die afwesigheid (in hulle studie) van 'n vaderfiguur, identifiseringsprobleme in veral adolessente seuns tot gevolg het (Freeks en Lotter 2009:522).

### 3.13 Samevatting

Die enkelouergesin is 'n gesinstruktuur waarin een ouer primêr verantwoordelik is vir die grootmaak en versorging van een of meer kinders. Hierdie tipe gesin kan voortspruit uit verskeie omstandighede, soos egskeiding, skeiding, die dood van 'n gade of 'n bewuste besluit om kinders sonder 'n maat groot te maak. Vir hierdie studie word gefokus op die enkelouergesin wat vanuit die egskeiding tussen ouers ontstaan het.

Dit is duidelik dat enkelouers unieke uitdagings in die gesig staar, aangesien hulle tipies die verantwoordelikhede dra wat dikwels deur twee ouers in 'n tradisionele gesinsopset gedeel word. Hulle moet op hul eie met ouerskappligte, huishoudelike bestuur en, in baie gevalle, finansiële verantwoordelikhede van hulle eie klaarkom.

Ten spyte van die uitdagings maak baie enkelouers goed aangepaste en gelukkige kinders suksesvol groot. Soms kry enkelouers baie swaar en  is dit prysenswaardig om te sien hoe veerkragtig ‘n enkelouergesin kan wees.

Die spanning tussen twee ouerhuise kan egter vir die kinders uit ‘n egskeiding baie traumaties wees.

Dit is belangrik om te erken dat die struktuur van 'n gesin nie die liefde en sorg wat kinders ontvang bepaal nie. Enkelouergesinne kan net so liefdevol, koesterend en ondersteunend wees as tweeouergesinne, en die toewyding van die enkelouer tot hul kinders se welstand kan ewe sterk wees.

Vanuit ‘n geloofvormingsperspektief is dit noemenswaardig om God se rol in gesinne te erken. Enkelouergesinne is nie hierby uitgesluit nie.

**HOOFSTUK 4**

# ADOLESSENSIE: 'VERSNELLING' IN PERSOONS- EN GELOOFSONTWIKKELING

## 4.1 Inleiding

Die fokus van hierdie studie is die bediening aan die enkelouergesin waarin die adolessent in 'n sekere konteks funksioneer. Die navorsingsprobleem is beskryf as dat enkelouersgesinne met adolessente kinders nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Indien dit waar sou wees, kan dit daartoe lei dat enkelouers nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie.

Die insluiting van die adolessente kinders is van belang, aangesien die tydperk van adolessensie beskou word as die proses om van 'n kind na 'n volwassene te verander. 'n Adolessent word gewoonlik as 'n minderjarige geag en dus vir die Suid-Afrikaanse idioom, iemand tussen die ouderdom van 12 en 18 jaar – wanneer hulle as volwassene gereken word. Mens sou dus hierdie tydperk (adolessensie) in die lig van identiteitsvorming (cf Nel 1982:176-179) van besondere belang ag binne die konteks van enkelouergesinne, waar beide biologiese ouers as rolmodelle nie meer permanent in die huis teenwoordig is nie.

Adolessensie word nie meer betwyfel as 'n baie belangrike en eintlik brose of kwesbare lewensfase van 'n mens se lewe nie (cf Clark 2011:15-17), veral in die lig daarvan dat adolessente in 'n betreklike kort tydperk van kind tot volwassene moet ontwikkel.

Adolessensie is nie van die vroegste tye af gedefinieer en bestudeer soos wat dit huidig die geval is nie (Louw, Louw en Ferns 2007:279). Tot ongeveer die einde van die 1800's was iemand tussen 12 en 14 reeds as volwasse beskou. Seuns het op 13 jarige ouderdom en dogters op 12, onderskeidelik *bar mitsvah* en *bat mitsvah* deurgegaan (Nel 1998:31). Van daardie dag af, het die ouer minder of geen

verantwoordelikheid vir die jongmens geneem nie. Daar sou met reg kon gesê word, dat die behoefte om te oorleef in die arbeidsmark hierdie volwasse verklaring genoodsaak het (Osmer 1996:7).

Dit was ook nie vreemd dat jongmense op ‘n vroëe ouderdom in die huwelik getree het en groot gesinne gehad het nie (Osmer 1996:7).

Louw, Louw en Ferns, definieer adolessensie as volg:

> “*Adolessensie is die oorgangstydperk tussen die kinderjare en volwassenheid. Dit kan dus gesien word as ‘n ontwikkelingsbrug tussen kindwees en volwasse-wording. Dit is egter nie so maklik om adolessensie af te baken nie, omdat die algemene kenmerke van adolessensie nie maklik gedfinieer kan word nie*”
>
> (Louw et al 2007:278).

Die term *adolessensie* is afgelei van die Latynse woord *adolescere*, wat ‘groei’ of ‘grootword’ beteken (Clark 2001:44; cf ook Koteskey 1991:42).

Die konsep adolessensie verwys vandag dus volgens Nel (1998:31) na die tyd tussen puberteit en volwassenheid (cf Koteskey 1991:43). Dit het egter aanvanklik, in die tyd van die Romeinse Ryk byvoorbeeld, verwys na ‘die een wat groei’ (Nel 1998:32). Daarna het egter ‘n verandering in denke oor puberteit en volwassewording gekom. Puberteit het in die proses ’n betekenisverandering ondergaan. Dit verwys vandag bloot na volwassenheid. Adolessensie in hierdie verband word die nuwe tyd tussen biologiese volwassenheid en sosiale volwassenheid. ’n Persoon in puberteit is dus biologies volwasse (in staat om kinders te kan verwek), maar word nie soos ’n volwassene behandel nie (Nel 1998:32). Koteskey beskryf hier die interessante situasie waar ‘n persoon volwasse gereken word om ‘n motor te mag bestuur, maar nie mag stem in ‘n nasionale verkiesing nie, wat dus aandui hoe verskillende kulture verskillende idees van volwassenheid het (Koteskey 1991:53). Die rede is hiervoor is “*because we have no agreement on when adulthood begins*” (Koteskey 1991:53).

In die navorsing van Kirgiss (2015:21) word bogenoemde stellings, dat adolessensie ‘n betreklik nuwe verskynsel is, uitgedaag:

> *There is general agreement among sociologists and developmental psychologists that adolescence is new and that before the late nineteenth century there was not a recognized stage of life that came between childhood and adulthood. No in-between. No coming-of-age as a process […] Childhood. Adult roles. Puberty. Adulthood. Declaration of Independence. It’s all so very neat and tidy – but not true*
>
> (Kirgiss 2015:21).

Kirgiss (2015:48) is van mening dat adolessensie volgens die mediese geskiedenis so vêr teruggevoer kan word as 1250 tot 1500 nC. Dit neem volgens Nel (2018:128) niks weg van dit wat aangaande adolessensie geleer is as ’n sosio-ekonomiese-en-kulturele verskynsel, wat net meer as 100 jaar terug beskryf is nie (cf Avenant 2021:116).

Osmer (1996:6,9) beklemtoon dat adolessensie as 'n onderskeibare stadium in die lewensiklus en 'n erkende sosiale kategorie binne die vorige eeu na vore gekom het, as gevolg van samelewingsverskuiwings wat verband hou met gevorderde industrialisasie en langdurige onderwys. Die konsep van adolessensie, beide as 'n verskynsel en 'n gedefinieerde tydperk, is grootliks gekonstrueer en gevorm deur die eise van die arbeidsmark. In historiese kontekste waar kinders in staat was om aan arbeid deel te neem, aanvanklik in landelike omgewings en later in stedelike nywerheidsentrums, het hulle op 'n vroeë ouderdom in volwasse gemeenskappe geïntegreer (Koteskey 1991:48). Gevolglik het daar 'n maatskaplike behoefte ontstaan om hulle gedurende hierdie oorgangsperiode van omvattende onderwys te voorsien, en sodoende hul gereedheid vir die volwasse gebied te fasiliteer wat werk, finansiële onafhanklikheid, huwelikstatus en ander merkers wat tradisioneel met volwassenheid geassosieer word, insluit (cf Nel 1998:32).

As ‘n ontwikkelingsbrug tot volwassenheid, is dit belangrik om ook die broosheid van die ontwikkelende persoon raak te sien (Clark 2011:9). Daar is op soveel vlakke ontwikkeling in en met hom/haar aan die gebeur, dat daar soms die term “storm” van die persoonlikheidswisselinge in hulle gebruik word. Dit moet ook nie

geringgeskat word dat die adolessent met twee belangrike konsepte gekonfronteer word nie: Individualisering en identiteitsvorming (Osmer 1996:9).

As ‘n gemeenplaas om na adolessensie te verwys as ‘n tydperk van identiteitsvinding (Nel 1998:101), vestig dit ‘n hoë prioriteitsfokus op hierdie tydperk. Sarah Little (1968:43-47) som die hart van die adolessent met vier stellings op:

> “*I want to be me, I want to make a difference, I want to be a part, I want to love and be loved*”.

Adolessente wil ‘behoort’ en daarom is dit belangrik om nie die pastorale versorging van adolessente af te skeep nie (Dykstra 1990).

Adolessente moet volgens Osmer (1996:12) drie belangrike sosiale take afhandel gedurende hierdie lewensfase:

- Die plek en rol van die gesin en familie moet verander van een van ekonomiese en psigologiese afhanklikheid na een van relatiewe onafhanklikheid. Adolessente moet hulleself gereed maak om die huis te verlaat en ’n groot mate van ekonomiese en psigologiese outonomiteit en onafhanklikheid te bewerkstellig. Adolessente is dus langer afhanklik, om hulle voor te berei om gereed te wees om die huis te verlaat, terwyl hulle onafhanklikheid probeer aanleer;
- Hulle moet leer om hul weg te vind tussen verskillende outonome instellings en die rolle wat die moderne samelewing op hulle afdruk. Die differensiasie wat dit teweegbring het ’n enorme individualiseringseffek op adolessente;
- Hulle moet ‘n persoonlike sisteem van morele waardes vir hulleself ontwikkel as respons op die uitdagings van die kulturele pluralisme, ouderdom diskontinuïteit en rasionele denke wat die plek begin inneem het van geestelike en etiese riglyne. Vroeër het die kerk en die familie hierin voorsien, maar nou is hulle self daarvoor verantwoordelik.

(Avenant 2011:84-85)

Soos blyk uit die voorafgaande, is die grense van adolessensie nie maklik definieerbaar nie.

> "*Dit is egter meer aanvaarbaar om die adolessente ontwikkelingstadium op grond van spesifieke fisiese en sielkundige ontwikkelingskenmerke en sosio-kulturele norme, in plaas van chronologiese ouderdom, af te baken*"
>
> (Louw et al. 2007:279 cf ook Koteskey 1991:49-50).

Kirgiss beskryf die problematiek rondom die definiëring van adolessensie in haar eie woorde:

> *"Adolescence has been a recognized stage of life – biologically, socially, culturally, and relationally – for a very, very long time. I would argue that in its essence, it is a natural stage of life, one that is specifically and intentionally created by God"*
>
> (Kirgiss 2015:132).

Hoewel Kirgiss se werk eers in 2015 verskyn het, het Fowler reeds in 1996 betoog vir 'adolescence and ministry in Trinitarian perspective':

> *"To our human point of view, from within God's oneness God's selfdisclosure has manifested a three-ness. The fullness and plenitude of God's allness has come to us in a triplex of relations […] Trinitarian faith can offer youth the witness that God calls each human being, and has called the church collectively, to vocations of partnership in God's cause – partnership in the divine praxis. Trinitarian proclamation offers as a prime theme this news about an ontological calling for human beings – this calling that comes with our very beings"*
>
> (Fowler 1996:15, 17).

Waarop Nel byvoeg:

> *"To confess the unique and only one God (Deut 6:4-20) is indeed the crux of us being who we are as the people of God. This confession 'defines' our being, as people created and recreated for him. We are because of him"*
>
> (Nel 2018:25).

Kirgiss dui in haar navorsing aan dat adolessensie baie ouer is as wat in die huidige navorsing beskryf word (2015:125). Ten spyte daarvan beskryf sy haar konsep van adolessensie in moderne terme:

> *"the stage of life that includes the latter part of middle school, all of high school, and an unspecified amount of college"*
>
> (Kirgiss 2015:36).

En ook:

> *"If someone says 'adolescence is new' and means by that 'the practice of sequestering American teenagers in high school for four years is new', then that person is correct. But if someone says 'adolescence is new' and by that means 'the stage of life following childhood when a person has developed sexually but is neither viewed nor functions as a full adult in society is new', then that person is wrong"*
>
> (Kirgiss 2015:36).

## 4.2 Fisiese Ontwikkeling

> "*Vroeë adolessensie word aan vinnige en omvattende liggaamlike groei (ook bekend as groeiversnelling of versnelde groei) en die ontwikkeling van seksuele rypheid gekenmerk. Die tydperk waartydens seksuele rypwording plaasvind, staan as puberteit bekend*"
>
> (Louw et al 2007:283).

Die mees sigbare in die adolessent se verandering is in die verandering in liggaamslengte. Hoewel al die liggaamsdele vinnig groei, is die groeitempo verskillend vir verskillende liggaamsdele. Dramatiese verandering vind byna in elke liggaamsdeel plaas. Die ontwikkeling is egter verskillend by seuns en meisies (Wagner-Ferreira 2005:13).

Die oneweredige groeitempo van verskillende liggaamsdele word asinchronie genoem (Louw et al 2007:283). Die eerste liggaamsdele wat versnelde groei toon, is die bene, arms, hande en voete. Die liggaam begin dan langer word. Hierdie

verlengde liggaam met lang arms en groot hande en voete veroorsaak dat adolessente dikwels lomp en ongekoördineerd lyk (Louw et al 2007:283).

Vir meisies is die ontwikkeling van haar borste gewoonlik die eerste sigbare teken van puberteit. Sy begin ook skielik langer word en toon ‘n gewigstoename. Teen die ouderdom van 15-16 jaar het die gemiddelde meisie ongeveer 98% van haar lengte as volwassene bereik. Hiermee saam vind ook die verbreding van die heupe plaas en die verskyning van hare op die skaamdele. Tussen die ouderdom van ongeveer 11 to 14 begin ‘n meisie menstrueer (Clark 2001:46).

Die eerste tekens van puberteit by seuns is gewoonlik die snelle groeitempo van hulle geslagsorgane. Hulle ervaar ook ‘n versnelling in groeitempo van hulle liggame wat hulle langer en meer gespierd laat word. In hierdie tyd breek die seun se stem, kry hy gesigshare en begin die hare op sy skaamdele groei (Wagner-Ferreira 2005:13).

Louw et al (2007:285) wys op die sielkundige effek van die liggaamlike veranderinge by die adolessent. Hy wys daarop dat die adolessent intens bewus is van die veranderinge wat hulle ondergaan. Dis egter belangrik dat hulle die verandering moet aanvaar. Dis egter nie so maklik vir adolessente nie. Die asinchroniese groei, verdieping van ‘n seun se stem, verskyning van borste by ‘n meisie, en ander sigbare tekens kan ook hulle sielkundige ontwikkeling beïnvloed. Veral as hulle ontwikkeling nie op dieselfde peil (vroeg of laat) as hulle mede-adolessente is nie.

Die geslagtelike ontwikkeling wat gepaard gaan met die hormonale afskeiding wat in hierdie tyd in aanvang neem, het ook ‘n belangrike invloed op hulle selfbeeld. ‘n Warboel emosies word beleef. Hulle is dan dikwels selfbewus en verveeld en ervaar ambivalente gevoelens wat hulle self nie verstaan nie (Wagner-Ferreira 2005:14).

Die fisieke ontwikkeling van die adolessent en die effek wat dit veral emosioneel op hulle het, maak die sekuriteit van die gesin of familie baie belangrik:

> "*for the entire adolescent experience fluctuates constantly and deviates greatly according to such variables as culture, locale, and even familial stability and makeup*"
>
> (Clark 2011:9).

### 4.3 Persoonlikheidsontwikkeling

Dit is duidelik dat navorsers die ontwikkeling van die adolessent uit verskillende hoeke benader, verskillende dissiplines gebruik en vanuit verskillende hoeke belig.

By persoonlikheidsontwikkeling is dit interessant om die terminologie wat verskillende navorsers gebruik op te merk. So beskryf Erikson dit as "*identity formation*" (Osmer 1996:10), Piaget noem dit "*personality formation*" (Fowler 1981:72) en Kohlberg se verwysing na die identiteitskrisis as gevolg van die kind se nuwe vermoëns tot "*perspective taking*" wat moontlik gemaak is deur die "*formal operational thought*" (Fowler 1981: 75). Nel praat van "*Identity Formation*" en maak ruim gebruik van Firet in sy beredenering (Nel 2003:165-178).

Individualisering het te doen met Identiteitsvorming. Hierdie konsep (soos beskryf deur Erikson) beskryf die "*psychological work of the self during adolescence*" (Osmer 1996:19). Volgens Erikson se teorie is die adolessent hoofsaaklik besig om 'n antwoord te soek op die vraag: "Wie is ek?", wat impliseer dat identiteitsontwikkeling eintlik 'n identiteitskrisis (Louw et al 2007:309) is.

Jacober stel dit so:

> "*The fact that adolescents are even thinking Who am I? demonstrates one of the most dramatic markers within their journey from childhood to adulthood*"
>
> (Jacober 2011:512-517).

Vir haar is dit juis die feit dat die adolessent nou waarde-oordele kan begin maak, wat die identiteitsvraag uitlig.

Identiteitsvinding is volgens Nel (1998:101) ‘n lewenslange taak – dus is die mens voortdurend besig met identiteitsvinding. Gedurende adolessensie is dit egter baie meer gefokus en van hoë prioriteit.

Die antwoord op die adolessent se vraag is egter baie kompleks. Om ‘n bevredigende antwoord hierop te verskaf, moet die adolessent die fisiologiese veranderinge wat by hom/haar plaasvind verstaan; die eksterne omgewing definieer, asook sy/haar rol binne daardie omgewing. Adolessente moet ook hulle eie standpunte ten opsigte van die waardes van die gemeenskap formuleer. Dit bring dan noodwendig die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy eie gedrag mee (Louw et al 2007:311).

Jacober neem Jung se “*Individuation*” oor en noem dit “*an adolescent step in differentiation*” (Jacober 2011:482-483). Mense is nie gemaak om alleen te lewe nie, ons is saam met ander. In adolessensie word die ‘ek-wees’ dan gevestig wat jou individualiseer, maar ook aan jou ‘n spesifiek ge-allokeerde plek in die samelewing gee (Jacober 2011:492).

Dit is egter gemeensaak dat Erik Erikson (1902-1994) die mees omvattende beskrywing van identiteitsontwikkeling tydens adolessensie verskaf (Louw et al 2007:309).

Binne elke lewensfase is daar dan volgens Erikson ontwikkelingstake wat bemeester moet word:

| **Stadium 1**: Basiese vertroue vs Wantroue | |
|---|---|
| **0-18 mde**<br><br>**Baba-fase** | Die kind is hoofsaaklik in verhouding met sy ma. Indien die verhouding goed is, ontwikkel die kind ‘n vertroue wat die basis vorm van ‘n identiteit. Indien die vertroue nie beleef word nie, ervaar die kind ‘n gevoel van vrees en wantroue teenoor alles |

| | |
|---|---|
| **Stadium 2**: Outonomie vs Skaamte en Twyfel | |
| **1-3 jr**<br><br>**Kleuter-fase** | Die kind begin om sy onafhanklikheid te ontdek en ouers moet kinders toelaat dinge 'self' te doen. By gebrek hieraan twyfel die kind altyd aan sy eie vermoëns |
| **Stadium 3**: Inisiatief vs Skuld | |
| **3-6 jr**<br><br>**Speel-fase** | Kernverhouding is met die hele gesin en die vermoë om dinge vir hom/haarself te doen. By gebrek vorm skuldgevoelens oor die onvermoë |
| **Stadium 4**: Arbeidsaamheid vs Minderwaardigheid | |
| **6-12 jr**<br><br>**Skool leeftydfase** | Kernverhoudings is in die skool. Die kind vergelyk homself met ander. As die kind groot verskille opmerk, beleef hy minderwaardigheid |
| **Stadium 5**: Identiteit vs Rolverwarring | |
| **13-19 jr**<br><br>**Adolessente-fase** | Kernverhoudings is met die self: Wie is ek? Waar pas ek in? Waarheen is ek oppad? Indien selfontdekking nie plaasvind nie, vind rolverwarring plaas. Hierdie is volgens Erikson die<br><br>mees sentrale konflik van die mens se hele lewe, waarin elke mens hom/haarself moet vind. Volgens hom vra alle konflik na oplossings, maar die basiese vertroue in fase een en die vraag na 'n eie-ek in die adolessensie-fase is die belangrikste. |
| **Stadium 6**: Intimiteit vs Isolasie | |
| **20-30 jr**<br><br>**Jong volwasse-fase** | Die vind van 'n lewensmaat, huwelik, gesin en vriendskappe is hier belangrik- dit kweek liefde en intimiteit. By gebrek voel mense geïsoleer en alleen. |

| | |
|---|---|
| **Stadium 7**: Generatiwiteit vs Stagnasie | |
| **30-65 jr**<br><br>**Volwasse-fase** | Gevestig en weet wat maak saak in sy lewe. Vind geluk en doel in gesin en werk. Indien iemand nie met die gang van die lewe tevrede is nie, is hulle vol spyt en voel waardeloos |
| **Stadium 8**: Integriteit vs Wanhoop | |
| **65 jr en +**<br><br>**Ouderdom-fase** | Kyk terug oor die lewe en is tevrede. Wysheid lê daarin om hierdie laaste taak suksesvol uit te voer. By gebrek is wanhoop al wat oorbly |

**Tabel 1: Erikson se 8 take**

(Bron: cf Louw et al 2007:20; Van der Merwe 2013:27-32; Avenant 2011:74)

Kognitief mag die adolessent nou vir die eerste keer die vermoë hê om die lewensvrae en uitdagings te hanteer in die konstruering van hulle lewens (Osmer 1996:20).

Die "*formal operational thinking*" van Piaget (Fowler 1981:71) stel die adolessent in staat om reflekterend te kan dink oor hulleself, sowel as om 'n prentjie [Kolhberg se teorie] van hulleself te vorm (Fowler 1981:72).

### 4.4 Kognitiewe Ontwikkeling

Die adolessent begin nie net soos 'n volwassene lyk nie, hy/sy begin ook soos 'n volwassene te dink (Wagner-Ferreira 2005:17). Kognitief is hulle nou vir die eerste keer in staat om 'n perspektief of 'n prentjie van hulleself te konstrueer wat net eenvoudig nie moontlik was gedurende hulle vorige lewensfases nie.

Hierdie kognitiewe vermoë wat deur Piaget "*formal operational thinking*" genoem word, stel volgens Fowler adolessente in staat

> "*to reflect on the life course from 'above' or 'beside' it. Formal operations bring the ability to construct a personal past and to anticipate a personal*

*future, based on expected or projected developmental transformations of the self*"

(1981:71).

Kohlberg se "perspective taking, mutual interpersonal perspective taking" en sy "third person perspective", is verdere vermoëns wat die adolessent in staat stel om 'n prentjie van die 'self' te vorm op grond van die prentjie wat ander moontlik van hom/haar koester (Fowler 1981:72-73).

### 4.4.1 Piaget

*"It is with children that we have the best chance of studying the development of logical knowledge, mathematical knowledge, physical knowledge, and so forth"*

Jean Piaget (1896-1980).

Jean Piaget (1896-1980) se bydrae tot die verstaan van die ontwikkeling van die denkvermoë van 'n kind is tot op hede nog net so relevant. Hierdie kognitiewe ontwikkeling en die kognitiewe prosesse waartoe kinders in sekere ouderdomme in staat is, hou ten nouste verband met die gedrag van die kind.

Vir Piaget was kognitiewe ontwikkeling 'n progressiewe herorganisasie van denkprosesse wat die resultaat was van biologiese volwassewording en die kind se vermoë om homself by die omstandighede of milieu aan te pas. Daarmee saam is ook die neiging tot beïnvloeding en verandering van die milieu, wat hy organisasie noem. Daar is 'n voortdurende wisselwerking tussen die organisme en die milieu, waar die organisme homself aanpas by die milieu en dan is die organisme weer sterker as die milieu en beheer of verander die meganisme die milieu na sy hand. Alles is daarop ingestel om ewewig te bewerk. Hierdie proses staan ook as die interaksionisme van Piaget bekend (Avenant 2011:75).

Piaget onderskei vier verskillende stadia in die ontwikkeling van die mens wat alles verband hou met die kognitiewe ontwikkeling van kinders en jongmense:

- Die sensories-motoriese fase (0 – 18 maande). Tydens die fase vind groot kennisverwerwing plaas. Die kind reageer hoofsaaklik op reflekse. Die kind kan skaars onderskei tussen ’n binne en buite, tussen subjek en objek, tussen homself en sy omgewing. Mettertyd kom die kind los van homself, sodat hy bewus raak van ’n omgewing buite homself (Louw et al 2007:100; cf Avenant 2011:75).

- Die pre-operasionele fase (18 maande – 7 jaar). Die kind reageer nie alleen net op stimuli nie, maar daar begin ’n interne aktiwiteit ontwikkel. Die kind se gedrag word bepaal deur nabootsing, antisipasie ens. Die pre-operasionele denke is sterk gesentreerd of gerig op een dimensie, een aspek van een saak. Die denke is nog staties (Louw et al 2007:155-158; cf Avenant 2011:76).

- Die konkreet-operasionele fase (7 – 11 jaar). Die kind is minder egoïsties, meer in staat om meer dimensies tegelykertyd te oorweeg en ’n dinamiese aspek te aanvaar. In die stadium is die kind nog nie in staat om abstrak te dink nie. Een van die mees belangrike eienskappe tydens hierdie fase van ontwikkeling is wat Piaget konkrete optrede noem: die gebruik van inleidende/voorlopige en eenvoudige vorms van redenering op ’n konkrete vlak (Louw et al 2007:217-218; cf Avenant 2011:76).

- Die formeel-operasionele fase (vanaf 11 of 12 jaar) - die vermoë om betrokke te raak in eenvoudige hipotetiese (hypothetico-deductive) redenering. Die ontstaan van kognitiewe vermoëns verskaf ’n vinnig groeiende kapasiteit, aanpasbaarheid en stabiliteit in die adolessente fase. Dit is juis in hierdie fase wanneer die redeneringsvermoëns/beplanningsdenke (operational thinking) begin ontwikkel dat die persoonlikheidsvorming begin (Avenant 2011:76).

Jongmense begin in hierdie fase die vermoë ontwikkel om objektief (om van buite/langsaan of van bo oor ’n saak) te reflekteer. Formele denke ontwikkel die vermoëns om ’n persoonlike verlede te konstrueer en om ’n persoonlike toekoms te antisipeer, gebaseer op verwagte of geprojekteerde transformasie van die self. Dit beteken dat jongmense in hierdie fase ’n persoonlikheid begin openbaar wat ’n gedissiplineerde en bewuste poging is om jou lewe te vorm in ooreenstemming met die selfonderskeidende patrone en aspirasies (Fowler 1981:72). Tydens hierdie fase is daar dus doelbewuste pogings om jou lewe te laat vorm aanneem soos jy dit graag wil hê (Louw et al 2007:299; cf Avenant 2011:76-77).

Hierdie laaste fase van Piaget strek dan tot en met volwassenheid. Hy onderskei die volgende eienskappe van formeel operasionele denke:

- Hipoteties-deduktiewe redenering: die konsep dat adolessente die kognitiewe vermoë het om alternatiewe maniere of hipoteses te ontwikkel om ‘n probleem op te los.
- Proporsionele denke: die evaluering van die logika van verbale stellings (proposisies) sonder om na werklike omstandighede te verwys.
- Kombinatoriese analise: verwys na die vermoë om verskillende moontlike kombinasies inherent aan ‘n probleem te organiseer.
- Relatiwistiese denke: Die konkrete denker glo dat daar absolute regte antwoorde vir alles bestaan en dat die antwoorde aan ‘n gesag bekend is – dit word realisme genoem.

(Louw et al 2007:299-301)

Piaget se teorie word egter deur Fowler krities bespreek (Fowler 1981:98-105) en hy wys veral daarop dat Piaget die kognitiewe en emotiewe van mekaar skei.

Fowler maak ook dié stelling:

> *“My contention is that Kohlberg’s theory already begins a fruitful (if largely unacknowledged) expansion of the notion of cognition in a way that we must further broaden (and deepen) in a structural-developmental approach to faith”*
>
> (Fowler 1981:102).

### 4.4.2 Kohlberg

Fowler se kritiek op Piaget maak dat Lawrence Kohlberg (1927-1987) se fases van morele ontwikkeling ook aandag verdien.

Een van die belangrikste ontwikkelingstake van adolessente is om ‘n persoonlike waardestelsel te ontwikkel. Aangesien adolessente se sosiale betrokkenheid toenemend uitbrei, verskaf ‘n persoonlike waardestelsel ‘n riglyn vir hulle gedrag en help dit hulle om sosiaal- en moreel-verantwoordelike gedrag uit te oefen (Louw et al 2007:340).

Kohlberg is deur Piaget se werk geïnspireer. Hy was ook van mening dat kinders deur verskillende stadia van morele ontwikkeling gaan en dat morele ontwikkeling gebaseer is op kognitiewe ontwikkeling en relevante sosiale ervaring (Fowler 1981:102). Kohlberg se vlakke en stadia van morele redenering (ontwikkeling) kan as volg saamgevat word:

| Vlak 1: Prekonvensionele vlak |
|---|
| Stadium 1: Straf en gehoorsaamheidsoriëntasie<br>Kind gehoorsaam reëls om straf te vermy |
| Stadium 2: Individualisme, instrumentele doelwitte en uitruiling<br>Kind gehoorsaam reëls om belonings of gunste te verkry |
| **Vlak 2: Konvensionele vlak** |
| Stadium 3: Wedersydse interpersoonlike verwagtinge, verhoudings en interpersoonlike konformiteit<br>Kind gehoorsaam reëls om aanvaar te word en verwerping te vermy |
| Stadium 4: Sosiale stelsel en gewete<br>Die kind aanvaar reëls omdat hy/sy hom/haarself daarmee vereenselwig en as noodsaaklik beskou vir die instandhouding van die samelewing |

| Vlak 3: Postkonvensioneel |
| --- |
| Stadium 5: Sosiale kontrak of bruikbaarheid en individuele regte<br>Reëls word beskou as kontraktuele ooreenkomste wat ten doel het om die regte van die individu te beskerm en algemene welsyn te bevorder |
| Stadium 6: Universeel etiese beginsels<br>Individu tree op volgens selfgekose beginsels wat op universele waardes berus |

**Tabel 2: Kohlberg se vlakke en stadia van morele redenering**
(Bron: cf Louw et al 2007:271; Van der Merwe 2013:33-34)

Piaget en Kohlberg se teorië vul mekaar aan, sodat die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent belig kan word. Hoewel Fowler beide kritiseer, gee hy wel erkenning aan die besonderse werk wat hulle in dié verband gedoen het (Fowler 1981:101). Die belang van die kennis oor die kognitiewe ontwikkeling van die adolessent is om ‘n oriëntasie merker te plaas oor waar die adolessent hom/haar in hierdie ruimte bevind.

### 4.5 Sosiale Ontwikkeling

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat alle aspekte van adolessente ontwikkeling binne ‘n sosiale konteks plaasvind wat ontwikkeling óf bevorder, óf belemmer. Tydens adolessensie word hierdie sosiale konteks deur onder andere ouers en/of die portuurgroep gevorm.

#### 4.5.1 Die ouer-adolessent verhouding

Die soeke na ‘n eie identiteit, beteken dat die adolessent op ‘n stadium meer op die portuurgroep as op die ouer sal fokus. Die fokus skuif egter nooit heeltemal weg van die ouer af nie.

In die adolessente jare is ouers nie meer dié wat alles weet en die hoofbron van inligting is nie. Adolessente begin hulle ouers nou te sien soos hulle is: Mense!

(Mueller 1999:20) Adolessente mag dit selfs spanningvol vind om emosioneel en fisies van hulle ouers geskei te word.

Die "*significant others*" begin nou 'n belangriker rol in hulle lewens te speel. Tog blyk dit dat adolessente steeds eerder verkies om deur volwassenes (eerstens hulle ouers) ondersteun te word (Strommen en Hardel 2000:217).

Hoewel adolessente en ouers ook in die adolessente fase baie konflik beleef, is die konflik nodig vir identiteitsvinding, individualisering en volwassewording (Louw et al 2007:326).

Die sogenaamde generasiegaping blyk grootliks oordryf te wees (Louw et al 2007:326), aangesien ouers en adolessente oor die algemeen goed oor die weg kom en mekaar respekteer (van der Westhuizen 2015:38). Namate adolessente ouer word, begin gesinsverhoudings dan ook minder konflikbelaai en meer intiem raak.

> *"Ons kan ook uit die literatuur aflei dat die grootste invloed wat ouers op hulle kinders se identiteitsvorming het, gedurende die jare voor adolessensie plaasvind. Indien daar 'n goeie verhouding bestaan, kan dit ook tydens adolessensie 'n belangrike rol speel tydens identiteitsvorming. Ons kan so ver gaan om te sê dat hierdie verhouding die grondslag lê waarop die identiteit van die adolessent gebou word. Ouers is ook primêr die ontwikkelaars van die selfbeeld van hulle kinders, wat die konteks vorm waarbinne identiteit gevorm word"*
>
> (Avenant 2011:104).

Die verhouding tussen ouer en adolessent moet juis ook outonomie aanmoedig.

- Kognitiewe outonomie
- Gedragsoutonomie
- Emosionele outonomie
- Morele of waarde outonomie

Dit is belangrik dat die ouer van ambivalente gevoelens afstand doen en stelselmatig afstand doen van beheer.

Oor ouerskap, ouer-adolessent verhoudings en gesinsverband word later meer breedvoerig gehandel.

### 4.5.2 Portuurverhoudings

Adolessente het ‘n intense behoefte om ‘te behoort’. Hulle sosiale ontwikkeling word dus gekenmerk deur ‘n toenemende belangstelling en betrokkenheid by hulle portuurgroep. Die portuurgroep aanvaar mekaar makliker as wat volwassenes doen en korrigeer nie voortdurend mekaar se gedrag nie. Dit help ook om hulle onafhanklikheid te vestig en ook aan hulleself outoriteit te gee (Wagner-Ferreira 2005:21). Gevolglik beleef hulle by die portuurgroep begrip en aanvaarding.

Adolessente wil verstaan word as unieke individue en dit is ook die manier waarop hulle na hulle vriende kyk. In die portuurgroep is intimiteit en die gevoel van nabyheid belangrik. Intimiteit omvat drie kern eienskappe: self-openbaring, vertroue en eksklusiwiteit. Die emosionele ondersteuning van die portuurgroep word ook hoog aangeskryf (Wagner-Ferreira 2005:21).

‘n Kenmerk van adolessente portuurgroepverhoudings, is die toename in konformiteit. Konformiteit verwys na die neiging om toe te gee aan sosiale druk. Dit is egter ‘n komplekse proses en word deur verskeie faktore beïnvloed (Louw et al 2007:332).

Interessant is ook dat afhanklikheid van die portuurgroep ‘n nodige stap is in die adolessent se ontwikkeling tot onafhanklikheid van hulle ouers. Konformering met die portuurgroep bied dus ‘n mate van sekuriteit in hulle strewe na outonomie.

## 4.6 Geloofsontwikkelling

Erikson, Piaget en Kohlberg word vir James Fowler die bron vir sy ses stadiums van geloofsontwikkeling (1981:106-114). Hierdie stadiums blyk uiters behulpsaam

te wees as praktiese teologiese refleksie op kwalitatief-verskillende maniere in navorsing (Osmer 1990:213). Fowler se fases korreleer nie presies met die psigologiese ontwikkelingsfases nie, maar daar is baie ooreenstemming wat daarmee help om die geloofsontwikkeling beter te verstaan (Fowler 1981:106-107; cf ook Nipkow 1991). Persone sou selfs psigologies na ‘n volgende fase beweeg, maar by geloofsontwikkeling in ‘n fase vasval. Vir Fowler beteken dit egter dat

> “*each stage has a potential wholeness, grace, and integrity', yet also 'each stage represents genuine growth toward wider and more accurate response to God and toward more consistently human care for other human beings*”
>
> (Fowler 1986:42).

Fowler se fases is ‘n besondere hulpmiddel om kinders, adolessente en selfs volwassenes te begelei van een fase van geloofsontwikkeling na die volgende (cf Schweitzer 1991:67). Dus gaan die fases wat Fowler identifiseer het, oorsigtelik bespreek word.

### 4.6.1 Voorbereidende fase: Baba (0-2 jaar) en ongedifferensieerde geloof. (Fowler 1981:119-121)

Hierdie fase val min of meer saam met die babafase 0 – 2 jaar oud. Die eerste fase is ‘n ongedifferensieerde geloof waarin vertroue en wantrou wedywer. Die kwaliteit van die verhoudinge en die sterkte van vertroue, hoop en moed (of die gebrek daaraan) wat in hierdie fase ontwikkel word, vorm die basis van alles (of bedreig en ondermyn dit) wat later in geloofsontwikkeling plaasvind.

### 4.6.2 Fase 1: Intuïtief-Projekterende geloof (Fowler 1981:122-134)

Hierdie fase val min of meer saam met die kleuterfase 3-7 jaar. Ten spyte van die afwesigheid van selfstandige geloof in hierdie fase, begin die inisiasie proses in die geloof. Hierdie fase steun op die na-aap van kinders waarin die kind kragtig en permanent beïnvloed kan word deur die sigbare voorbeeld en stories van ouers in die kind se lewe. Kinders begin in hierdie fase metafories te leer.

Godsbeeld en geloofswaardes word in hierdie fase gekonstrueer en ouers is instrumenteel in die vaslegging daarvan.

### 4.6.3 Fase 2: Misties-letterlike geloof (Fowler 1981: 135 – 150)

Hierdie geloofsfase strek van 5 – 7 jarige ouderdom en duur gewoonlik tot die vroeë adolessensie van 11 - 13 jaar. Sommige volwassenes word die beste deur hierdie geloofsfase beskryf. Een van die mees belangrikste eienskappe tydens hierdie fase van geloof is wat Piaget konkrete optrede noem: Die gebruik van voorlopige en eenvoudige vorms van redenering op ’n konkrete vlak. Kinders en mense op hierdie vlak van geloof hou van stories maar verstaan dit letterlik. Hulle het ook ’n ingeboude sin vir regverdigheid (Avenant 2011:95).

Die Misties-letterlike geloofsfase skep die geleentheid vir ‘n gemeente om sy eie identiteit in lidmate te vorm, maar veral om jongmense te kry om die verhaal van die gemeente kragtig as ’n soort voorskou te kan hoor, sien en beleef. Nog ’n uitdaging is dat hulle daarmee en met die geloofsgemeenskap kan en wil identifiseer.

### 4.6.4 Fase 3: Sinteties-Konvensionele geloof (Fowler 1981: 151 – 173 & Osmer 1990: 236 – 242)

Hierdie geloofsfase val min of meer saam met die adolessent tussen die ouderdom van 13-17. Ongelukkig val sommige volwassenes in hierdie fase van geloof vas. Tydens hierdie fase het is hulle kognitief verbind tot wat hulle van geloof weet. Alhoewel hulle dus die vermoë het om deel te neem in die Christelike tradisie, doen hulle dit nie. Hulle ken selfs die gebruike van die kerk, neem op bepaalde maniere daaraan deel, maar leef nie daaruit nie. Dit bepaal nie eens die basiese waardesisteem van hul lewens nie. Tydens hierdie fase is die groepsnorm ontsettend belangrik en konformeer hulle maklik daarmee (Avenant 2011:95).

Tydens hierdie fase word oortuigings en waardes gevorm om hulle leefwêreld te beoordeel. Hierdie vermoë sluit nou aan by die psigologiese vermoë tot

identiteitsvorming en die teologiese proses van die ontdekking van hulle nuwe identiteit in Christus (Nel 1998:149).

### 4.6.5 Fase 4: Individueel-Refleksiewe geloof (Fowler 1981:174 – 183 & Osmer 1990: 242-247)

Hierdie geloofsfase val min of meer saam met die ontwikkelingsfase van 18-25 jaar. Hier moet na die waardes en oortuigings gevra word, dit getoets word en herbevestig word in die eie teologiese en ideologiese sisteme.

In kort, ’n volskaalse proses van individualisering/onderskeiding vind plaas. Persone individualiseer hulle oortuigings en waardes op maniere wat in vorige fases net nie moontlik was nie. Hulle word deelnemers in die Christelike tradisie op ’n kwalitatiewe nuwe manier deur gebruik te maak van hulle versamelde teologiese en etiese oortuigings om sodoende te kom by ’n eksplisiete en selfgekose stel idees waarmee hulle die verskillende situasies wat hulle in die lewe konfronteer mee interpreteer. Dit dien dan as ’n soort normatiewe teologiese en morele maatstaf waaraan alles gemeet word (Avenant 2011:96).

Daar is twee baie nou verwante, maar tog onderskeibare aspekte wat die proses van individualisering/selfstandigmaking kenmerk tydens hierdie fase: Die inplekstelling van ’n “executive ego” (uitvoerende ego) en die ontwikkeling van ’n duidelike ideologie. Hierdie twee take vind nie noodwendig gelyktydig plaas nie.

### 4.6.6 Fase 5: Konjunktiewe geloof (Fowler 1981: 184 – 198 & Osmer 1990:247-251)

Konjunktiewe geloof word gekenmerk deur die gewilligheid om betrokke te raak in elke dag se paradoksale en meervlakkige werklikhede. Een van die kenmerke van hierdie fase van geloofsontwikkeling is die erkenning van die beperkings van jou eie ideologiese perspektiewe en die noodsaaklikheid om ander perspektiewe te ondersoek ten einde die waarheid te onderskei (Avenant 2011:97).

In die konjunktiewe geloof word die mens se onvolmaaktheid, of gebrokenheid ontdek. Konjunktiewe geloof word gekenmerk deur die bereidwilligheid om betrokke te raak by die paradoksale en veelvuldige realiteite van die alledaagse lewe. Een van die kenmerke in hierdie fase van geloofsontwikkeling is die belydenis van jou eie ideologiese perspektiewe en die behoefte om ander perspektiewe te ondersoek om die waarheid te onderskei (cf Fowler 1981:184–198, ook Fowler, Nipkow and Schweitzer, 1991:25).

In hierdie fase is dit belangrik om die Bybelse narratief terug te bring in die daaglikse lewe. Dit is sekerlik ook gemeentes se verantwoordelikheid om hulle lidmate en veral hulle jong lidmate te onderrig in die basiese teologiese en morele konsepte waardeur elkeen in staatgestel word om teologiese refleksie te kan toepas. Die vraag wat jongmense hulleself telkens kan afvra in praktiese lewensituasies is: Wat verwag God van my om in hierdie situasie te doen en te wees? en: Waartoe het God my in staat gestel om te doen en te wees? (cf Avenant 2011:98; Nel 1998:148-149).

### 4.6.7 Fase 6: Universele geloof (Fowler 1981: 199 – 211)

Onder hierdie fase word min of meer dit verstaan wat in die Christendom as ‘Koninkryksinsigte’ sou deurgaan. Die wêreld behoort aan die Here en ons is deel daarvan. Ons neem ook heelmakend aan hierdie werklikheid deel.

## 4.7 Samevatting

Hierdie hoofstuk maak dit duidelik dat ‘n mens, en veral die adolessent nie maar sommer net daar is of kom nie. Hulle word ook nie met ‘n identiteit gebore nie, maar ontwikkel eers in hulle adolessensiejare en vroeë volwassenheid ‘n selfstandige identiteit. Dit is ‘n komplekse pad van ontwikkeling wat veral in die adolessensie tydperk met groot interne energie aan die werk is.

Op psigologiese vlak kan die adolessent deur die verskillende fases beweeg, selfs vorentoe en agtertoe. Rypwording tot volwassenheid vra soms meer lewenservaring en om ‘n spesiefieke taak, of fase te herhaal.

Eers tydens adolessensie is identiteitsvorming ‘n ontwikkelingstaak. Alhoewel dit ‘n ontwikkelingstaak is, is opgemerk dat ouers en primêre versorgers ‘n kardinale rol speel in die vorming van identiteit tydens hierdie fase.

Geloofsontwikkeling en kerklike begeleiding loop hand aan hand. Die fases van geloofsontwikkeling is nie in kongruensie met die psigologiese ontwikkelingsfases nie. Tog is beide belangrik en kan uit die navorsing afgelei word dat Psigologiese identiteitsvorming en Teologiese identiteitsvinding saamval en begelei kan word. Ouers en primêre opvoeders speel in beide ‘n kardinale rol. Die inhoud van hierdie hoofstuk sal verseker lig kan werp op die uitkomste van die fokus van die studie, naamlik die bediening aan enkelouergesinne (waarin adolessente kinders voorkom).

# HOOFSTUK 5

# DIE ENKELOUERGESIN AAN DIE WOORD: EMPIRIESE STUDIE

## 5.1 Inleiding

Soos reeds in Hoofstuk 1 genoem, blyk dit uit my ervaring as ‘n gemeenteleraar dat die ‘ideale’ of tradisionele gesinsamestelling aan die afneem is. Die statistieke onder Suid-Afrikaners dui ook aan dat huishoudings met ‘n enkelouer (veral ‘n vrou) aan die toeneem is (Statistiek Suid-Afrika 2020b:8).

Dit het verder na vore gekom dat enkelouergesinne, om welke rede ookal, nie die ondersteuning vanuit die geloofsgemeenskap ervaar nie/of hulleself daarvan onttrek. Die verskraling in geloofsvorming in veral adolessente uit ‘n enkelouergesin het vrae laat ontstaan oor die bediening aan enkelouergesinne.

Dit is ook duidelik dat veral egskeiding nie net ‘n skeiding tussen twee partye is nie, maar ook ‘n skeiding bring in familiebande, geloofsgemeenskappe, sosiale gemeenskappe en dat egskeiding die oorsprong van en rede vir baie pyn is.

Dit is vir die kerk tot nut om navorsing oor die verandering in die struktuur van geloofsoordrag na adolessente binne die enkelouergesin te doen, om die enkelouergesin op die bes moontlik wyse hierin te kan ondersteun.

Die hermeneutiese benadering en normatiewe taak van Prakties-Teologiese interpretasie is gevolg, om die kerklike praktyk van identiteitsvinding te ondersoek en die Teologiese- en Psigologiese rol van ouers binne hierdie identiteitsvorming is bepaal. Die empiriese benadering, of soos Osmer (2011:2) dit noem, die Deskriptief-Empiriese taak, kom nou aan die beurt, om deur die kwalitatiewe metode van navorsing by enkelouers met adolessente vas te stel in watter mate hulle deur die kerk ondersteun word en watter behoeftes hulle het. Uiteraard word die spanning tussen twee ouerhuise waarin die adolessente moet funksioneer geakkommodeer.

> "*The empirical perspective connects the 'who does what' primarily with the 'where and when'. Actions are always situational; they occur in time and space and have their unique context, determined by varying conditions and factors. Distanciation through empirical research clarifies this. If one takes the unity of understanding and explanation as a starting point, an empirical approach is not at odds with the hermeneutical and the strategic perspectives*"
>
> (Heitink 1999:221).

Kwalitatiewe navorsing wil volgens Osmer (2008:49-50) die "*actions and practices in which individuals and groups engage in everyday life*" en die betekenis van hulle ondervinding daarvan, beskryf. Hierdie metode word gewoonlik gevolg waar daar intensiewe navorsing nodig is van 'n baie spesifieke aard en die onderwerp beperk is tot persone in 'n spesifieke lewensituasie (soos enkelouergesinne).

Daar moet aan die begin, voor die weergee van die navorsingsresultate, duidelik aangetoon word dat die afleidings van hierdie studie beperk is en hoogstens moontlikhede kan aandui wat op 'n breër vlak in verdere navorsing getoets behoort te word.

Osmer onderskei tussen ses strategieë vir kwalitatiewe navorsing:

- Lewensgeskiedenis/Narratiewe Navorsing
- Gevallestudie Navorsing
- Etnografiese Navorsing
- Gegronde Teoretiese Navorsing
- Fenomenologiese Navorsing
- Voorspraak Navorsing

(Osmer 2008:50-53)

Omdat die navorser in die ondersteuning en bediening aan enkelouergesinne belangstel, en die studie net fokus op enkelouergesinne na 'n egskeiding, en met adolessente kinders, is 'n **fenomenologiese strategie** vir die kwalitatiewe komponent van die studie gekies.

Fenomenologiese navorsing is die studie van die respondente se perspektiewe, persepsies en menings van die onmiddellike werklike ervaring; dit is "*n studie van die kern van die verskynsel* – wat maak die "ding" wat dit is; dit is 'n oplettende toepassing van bedagsaamheid en 'n soeke na wat "n fenomeen beteken (cf Creswell, 2009:13 en ook Osmer 2008:52).

Fenomenologiese navorsing kan gesien word as 'n dinamiese wisselwerking tussen vier aktiwiteite, naamlik:

- die diepe bevraagtekening van 'n verskynsel wat ons interesseer;
- die ondersoek van die ervarings soos dit bestaan, eerder as hoe ons dit konseptualiseer;
- bepeinsing van die temas wat die verskynsel kenmerk en
- die beskrywing van die verskynsel deur te skryf en te herskryf.

(Van Manen 1984:4-5)

Die doel van fenomenologie is om terug te keer na wat werklik bestaan (Creswell, 2009:13 cf ook Osmer 2008:50-53). Fenomenologiese navorsing kan van onderhoude, gesprekke, waarneming, aksienavorsing, gefokusde vergaderings, kunswerke of die analise van persoonlike dokumente gebruik maak (cf van Manen 1984:6).

Volgens hierdie benadering versamel die navorsers 'n eerste laag van inligting deur onderhoude en die waarneem van die reaksie van respondente. Hierdie data word dan gedokumenteer om dan geanaliseer te word om vas te stel wat ontdek is deur 'n proses wat bekend staan as oop kodering ("open coding"). Oop kodering is die proses waar data gegroepeer word in eerste of aanvanklike kategorieë. "*Verdere data word versamel om die kategorieë uit te brei totdat nuwe relevante informasie na vore kom. Navorsers herrangskik hulle kategorieë deur 'n proses wat bekend staan as "axial coding", waarin die fenomeen wat bestudeer word in terme van sentrale kategorieë beskryf word*" (Avenant 2024:26; cf Osmer 2008:52).

Vir die uitvoer van 'n hoë gehalte kwalitatiewe data-analise, het die navorser gebruik gemaak van die programmatuur van *Atlas.ti*. Dié programmatuur is 'n instrument wat hoofsaaklik gebruik word vir die uitvoer van kwalitatiewe data-

analise. Die program maak gebruik van die riglyne van die Illinois Biblioteek (2020), waar navorsers kodes toepas op versamelings van ongestruktureerde teks wat funksionaliteit bied vir die identifisering en visualisering van inhoud wat gebruik kan word vir basiese teksanalise. Die navorser het *Atlas.ti* gebruik om die kodering van die data te doen, konsepte te identifiseer en deur middel van die netwerk funksie ("network view") visuele voorstellings te kon maak en verbande tussen die verskillende temas en kodes te kon identifiseer.

## 5.2 Beskrywing van die navorsingsproses

Om die navorsingsplan te beskryf, word die benadering van Osmer (2008:53) gebruik.

'n Navorsingsplan sluit die volgende in:

### 5.2.1 Mense, program, of omgewing

Die enkelouergesinne wat vir die gevallestudies gekies is, moes bestaan uit 'n enkellopende primêre versorger met adolessente kinders en waar daar waarskynlik 'n lid van die uitgebreide familie betrokke is. Hierdie enkelouers moet verkieslik vanuit die gereformeerde kerkkonteks (NG/Geref/Hervormd/EG/APK) kom.

Dit was van die begin af duidelik dat enkelouers nie hulle status vir administratiewe doeleindes aan kerkkantore verskaf nie. In gesprek met leraars van verskillende gemeentes uit die gereformeerde tradisie, was dit duidelik dat hulle ook nie geredelik kennis dra/in kennis gestel word as 'n gesin se status na 'n enkelouergesin verander nie (hierdie waarneming vorm deel van die navorsing). Ten spyte van die gebrek aan administratiewe hulpbronne, het die gebruik van doelgerigte steekproefneming die navorser gehelp om die enkelouers binne gemeentes baie vinniger op te spoor met die hulp van die leraars/kerkleiers in gemeentes wat as aanvanklike tussengangers in hierdie proses opgetree het. Die doelgerigte steekproefneming het die navorser ook in staat gestel om beide die leraars en kerkleiers sensitief te maak vir enkelouersgesinne.

Daar is ‘n brief aan die leraar/kerkleier verskaf waarin die doel van die navorsing uiteengesit is en versoek is om met die kriteria in gedagte, potensiële navorsingsdeelnemers te werf. Aangesien die teikengroep van die navorsingstudie 'n gemarginaliseerde groep is, en om te verseker dat die identifisering van hierdie groep deelnemers diskreet gebly het, het die navorser en die leraars/kerkleiers ooreengekom dat die name direk aan hom verskaf sal word. Die leraars/kerkleiers het volgens hulle vertroulikheidreëls van hulle kerkgenootskap gehandel.

Aanvanklik is 41 persone geïdentifiseer wat aan die kriteria voldoen het deur die leraars/kerkleiers wat daarvoor gevra is. Vanuit die 41 name is aanvanklik elke tweede naam gekies en genader. So is 20 persone genader. Dit was onmiddelik duidelik dat enkelouers nie graag aan navorsing wou deelneem waar dit enigsins mag blyk dat van hulle persoonlike inligting bekend sou word nie.

Hoewel die navorser mondelings en skriftelik hulle verseker het van anonimiteit, het agt persone van die aanvanklike 20 aangedui dat hulle nie aan die navorsing wil deelneem nie.

Die navorser het daarna uit die oorblywende getal persone agt ander persone genader en afsprake gemaak vir ‘n halfgestruktureerde onderhoud.

Al 20 persone wat aangedui het dat hulle bereid is om aan die navorsing deel te neem, het die *Brief van Ingeligte Toestemming* ingevul en onderteken voordat die onderhoude in aanvang geneem het.

Die onderskeie leraars/kerkleiers het ook die dokument, soos deur die Universiteit van Pretoria se Etiese komitee, sowel as die BPIW reëls vereis, aan hulle kerkrade voorgelê en onderteken.

Hierdie dokumente word soos wat die Universiteit vereis in bewaring gehou vir die tydperk soos wat die Universiteit vereis.

### 5.2.2 Spesifieke metodes wat gebruik is om data te versamel

Die metodes wat in kwalitatiewe navorsing gebruik word, is reeds in hoofstuk 1 (1.4) bespreek. Wat hier van belang is, is dat die data versamel is uit onderhoude wat met enkelouers gevoer is en waarvan hulle ‘n gedeelte ingevul het en ‘n gedeelte in ‘n mondelingse onderhoud verskaf het.

Die doel van ‘n kwalitatiewe onderhoud is juis om inligting te bekom wat die navorser wil toets, of waar die navorser data en kennis wil versamel, deur vrae aan die respondente te vra. Hierdie vrae behoort die idees, opinies, sieninge, gedrag, oortuigings en opvattings van die respondente weer te gee (Maree 2016:92-93; cf Marais 2018:233-234).

Die fokus van kwalitatiewe onderhoude is om die wêreld deur die oë van die respondente te sien. Dan kan die navorser die respondente se sosiale konteks en lewenservaring beter verstaan en interpreteer. Vertroue tussen die navorser en respondente is belangrik, want dan kan die respondent eerlik en ongeveins sy/haar inligting aan die navorser verskaf wat nie op enige ander wyse bekom sou kon word nie.

Drie tipes onderhoude word onderskei (Maree 2016:93; cf ook Marais 2018:234): ongestruktureerde, half-gestruktureerde en gestruktureerde onderhoude. Die navorser het besluit om halfgestruktureerde onderhoude met die geïdentifiseerde respondente te voer.

Die sukses van onderhoude word bepaal deur die geloofwaardigheid en betroubaarheid wat die navorser kan verseker (Maree 2016:94). Dit is belangrik dat al die navorser se onderhoude dieselfde moet wees, dus sistematies, deursigtig en geloofwaardig. Die navorser moet ook seker maak dat hy verstaan wat die respondent sê en bedoel wanneer hy/sy antwoord.

Die navorser het die individue elkeen persoonlik gekontak en die afsprake vir die onderhoude met hulle gereël en bevestig. Die afsprake is op die gereëlde tyd

nagekom en al die nodige opname toerusting was reeds opgestel met die aankoms van die deelnemers.

Drie van die deelnemers het nadat hulle behoorlik ingelig is, gekies om van hulle reg om te onttrek aan die navorsing, gebruik te maak.

### 5.3 Individue of navorsingspan wat die navorsing onderneem het

Die navorser het op sy eie gewerk en met die studieleier geskakel op gereelde grondslag.

### 5.4 Stappe wat gevolg is om die projek suksesvol binne ‘n spesifieke tydraamwerk te voltooi

‘n Vorm met invulbare spasies is aan die respondente verskaf om agtergrondinligting te bekom wat nie in die onderhoud gevra is nie. (Bylaag A)

‘n Half-gestruktureerde vraelys (“open-ended”) is opgestel vir die onderhoude en is gevolg om eenvormigheid van die onderhoude te verseker (Bylaag B)

Die onderhoude het per afspraak geskied, is as ‘n klankopname opgeneem en binne die raamwerk van ongeveer 30 minute afgehandel. Die onderhoude is getranskribeer en soos wat die fenomenologiese riglyne bepaal, bestudeer saam met die navorsing wat as verwysing gedien het.

Die transkribeerder is ‘n gekwalifiseerde griffier en het ook ‘n dokument van vertroulikheid onderteken.

### 5.5 Opstel van die vraelys vir die half-gestruktureerde onderhoude

Voordat die bevindinge vanuit die onderhoude beskryf kan word, moet die struktuur van die onderhoudsvraelys eers genoem word. Die onderhoudsvrae is in drie groepe gestruktureer waarvan die eerste groep *Beperkte Agtergrondinligting* bevat wat die respondente vooraf kon invul (Bylaag A). Die tweede deel van die

onderhoud (Bylaag B) was ‘n mondelingse onderhoud met nege vooraf bepaalde vrae wat in samewerking met die studieleier, Prof Malan Nel opgestel is en deur die Etiese Komitee van die universiteit goedgekeur is. Die resultate van die navorsing is statisties vasgelê vir interpretasie. Die vrae vir die half-gestruktureerde onderhoud word aangeheg (Bylaag B).

## 5.6 Etiese kwessies

Etiese kwessies moet in ag geneem word wanneer daar met mense gewerk word (Creswell, 2009:87-92). Die volgende aspekte is vir etiese oorweging in ag geneem:

- **Etiese aspekte by die navorsingsprobleem, doelstellings en navorsingsvrae:** In die onderhoude was slegs die meerderjarige enkelouer teenwoordig. Die navorser is deeglik bewus van die wetgewing en etiese reëls betreffende die bekendmaking/weerhouding van die identiteit van enige deelnemer aan die navorsing;
- **Etiese aspekte by data-insameling:** Die doel van die studie is aan al die respondente verduidelik om hulle gewilligheid om aan die navorsing deel te neem te verkry. Alle aspekte van die studie, die waarborg van die reg tot eerlikheid en vertroulikheid is aan die respondente gekommunikeer, en daar is van hulle verwag om ‘n ingeligte toestemmingsvorm te voltooi en te onderteken voordat hulle aan die navorsing deelgeneem het (sien Bylaag C). Aspekte wat op die ingeligte toestemmingsvorm aangebring is, het die volgende ingesluit: Die besonderhede van die navorser; die besonderhede van die fokusareaprojek; besonderhede oor hoe die respondente geselekteer is; die doel van die navorsing; die tipe en vlak waarop die respondente betrokke sou wees; ‘n waarborg dat inligting vertroulik sou wees; versekering dat die respondente te enige tyd kon onttrek, asook besonderhede van die student indien daar enige vrae oor die navorsing sou wees.
- **Etiese aspekte by data-analise en interpretasie:** Slegs kodes is aan die respondente voorsien om naamloosheid te verseker. Die data wat ingesamel is, sal soos voorgeskryf word deur die Etiekkomitee van die Universiteit, vir

‘n tydperk van sewe jaar gebêre word. Slegs die navorser, die transkribeerder en studieleier, het toegang tot die data gehad.

- **Etiese aspekte by die rapportering en verspreiding van die navorsing:** Die navorser het daarteen gewaak om nie data te verander, te buig of aan te pas om aan die behoefte van die navorser te voldoen nie. Erkenning is aan alle respondente in die navorsing gegee.

## 5.7 Seleksie van Respondente

### 5.7.1 Die Gevallestudies

Daar moet net ook weer by die aanteken en bespreking van die onderhoude duidelik gestel word dat die afleidings van hierdie studie beperk is tot die deelnemers, geen algemene afleidings gemaak kan word nie en hoogstens moontlikhede kan aandui wat op ‘n breër vlak in verdere navorsing getoets behoort te word.

### 5.7.2 Sewentien Respondente

Die sewentien respondente (enkelouers as verteenwoordigers van hulle enkelouergesinne) wat geselekteer is (cf by Hoofstuk 1.1.2) is mee onderhoude gevoer en die resultate word hiermee weergegee. Let daarop dat die name van persone vervang is met ‘n respondentkode om die identiteit van die deelnemers te beskerm. Die volgende kodes word in die verslag gebruik:

- Die onderhoudvoerder is die navorser: OV
- Die respondente word na verwys as R01; R02; R03, ensovoorts.

### 5.7.3 Profiel van respondente

Die volgende tabel gee ‘n basiese profiel van die respondente weer. Soos wat reeds vooraf bepaal is (Hoofstuk 1.1.3) moet die respondente enkelouers wees waar hierdie enkelouergesinne (waarvan die respondente die primêre versorger is):

- Voorstedelik en Afrikaanssprekend wees;
- Nog adolessente in die huis het;
- Vanuit ‘n egskeiding ontstaan het;
- Nie tot ‘n spesifieke kerkgenootskap behoort nie of noodwendig kerklik aktief wees nie.

| **Respondent Kode** | **Primêre Versorger** | **Kinders** | **Waarvan (getal) huidig ‘n adolessent is** | **Tydperk na egskeiding (in jaar)** |
|---|---|---|---|---|
| R01 | Ma | 2 | 1 | 5 |
| R02 | Ma | 2 | 1 | 13 |
| R03 | Pa | 1 | 1 | 4 |
| R04 | Ma | 2 | 2 | 5 |
| R05 | Pa | 2 | 1 | 15 |
| R06 | Ma | 2 | 1 | 11 |
| R07 | Ma | 2 | 1 | 15 |
| R08 | Ma | 1 | 1 | 11 |
| R09 | Ma | 2 | 1 | 16 |
| R10 | Ma | 1 | 1 | 13 |
| R11 | Ma | 1 | 1 | 3 |
| R12 | Ma | 2 | 2 | 13 |
| R13 | Ma | 2 | 2 | 6 |
| R14 | Ma | 1 | 1 | 12 |
| R15 | Ma | 4 | 1 | 4 |
| R16 | Ma | 1 | 1 | 17 |
| R17 | Ma | 2 | 1 | 15 |
| R18 | Onttrek | | | |
| R19 | Onttrek | | | |
| R20 | Onttrek | | | |

(Tabel 3: *Profiel van Respondente*)

## 5.8 Beperkte Agtergrondinligting Vraelys

Die *Beperkte Agtergrondvraelys* is opgestel om inligting aan te vra wat kan help met die konteks waarin elke respondent funksioneer. Die agt vrae is opgestel en aan elke respondent gegee om voor die onderhoud in te vul. Die beperkte agtergrondsvraelys was ‘n effektiewe instrument om die profiel van die respondente te bevestig, maar ook om ‘n breër profiel van die respondent te voorsien wat die antwoorde van sekere van die vrae in die fisiese onderhoud in ‘n meer verklaarbare konteks kon plaas.

Die *Beperkte Agtergrondvraelys* word as Bylaag A aangeheg.

### 5.8.1 Bevestiging van die profiel van die respondent

Vraag 1, 2 en 5 van die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* was bevestigingsvrae van die profiel van die respondent:

1. *Hoe lyk julle gesinsamestelling?*
2. *Wie is die primêre versorger in die gesin?*
5. *Hoe lank is julle (die biologiese ouers) van mekaar vervreemd/geskei?*

Die antwoorde op hierdie vrae is in tabelvorm vervat en is van belang om die spesifieke struktuur van die enkelouergesin in verband met die antwoorde van die fisiese onderhoud te bring. Die interpretasie van ‘n antwoord in die onderhoud kan deur hierdie inligting ondersteun word.

Die tydperk van egskeiding is van belang geag omdat dit vir die navorser belangrik was dat die respondente reeds oor ‘n tydperk die aanvanklike pyn en verlies binne die egskeiding moes kon hanteer. In die lig van die fisiese onderhoudsvrae 1, 6 en 7 is dit belangrik om ‘n verband te kon trek tussen die aanvanklike verandering in die gesin van ‘n intakte gesin na ‘n enkelouergesin met onmiddelike uitdagings (Vraag 1) teenoor die huidige uitdagings (Vraag 6) en die verloop van tyd en behoeftebepaling waarbinne hulle die onderskeiding kan maak oor hoe die kerk tot hulp kan wees (Vraag 7).

### 5.8.2 Kontak en die frekwensie van kontak tussen die ‘ander ouer’ en die adolessent(e) in die enkelouergesin

Vraag 3 en 4 van die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* het die kontak met die ‘ander biologiese ouer’ aangedui:

3. *Hoe gereeld het die adolessente kinders kontak met die ‘ander biologiese ouer’?*
4. *Op watter wyse geskied die kontak met die ander ouer?*

Die antwoord van hierdie vrae is ook in tabelvorm opgestel (Tabel 4) en is van belang by onderhoudsvraag 3 waar die enkelouer die wyse van gesprek oor geloof in die gesin deel. Die invloed van die ‘ander ouer’ op die geloofservaring van adolessente word hier in die vraag geakkommodeer en die betrokkenheid van die ‘ander ouer’, sowel as die frekwensie van kontak is van belang. Die frekwensie van kontak help om die impak van die spanning tussen twee ouerhuise uit te lig, sowel as die moontlike spanning in die gesprekvoering oor geloofsaspekte in die primêre woning.

### 5.8.3 Kerklike betrokkenheid

Vraag 6 en 7 van die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* het die kerklike affiliasie van die respondente voor die egskeiding aangedui, sowel as die huidige affiliasie. Hierdie inligting is van belang by Vraag 4, 5 en 8 van die onderhoudsvraelys. Vanuit die antwoorde op Vraag 4 en 5 van die onderhoudsvraelys kon daar ‘n tabel opgestel word, wat tesame met die affiliasie, ook die betrokkenheid van die enkelouergesin by die huidige kerkgenootskap waarby hulle huidig inskakel, kon aandui.

Die vrae (6 en 7) is as volg gestel:

6. *By watter kerkgenootskap skakel julle tans in/is jy lidmaat?*
7. *By watter kerkgenootskap het julle voor die egskeiding ingeskakel?*

Die tabel (Tabel 5) is by die datarapportering van Vraag 4 van die onderhoud ingesluit.

### 5.8.4 Die ondersteuningstelsel van die enkelouer

Vraag 8 van die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* is as ‘n keusevraag gestel met vier moontlikhede waaruit die respondent een of meer van die moontlike persone as hulle ondersteuningsnetwerk kon aandui.

Die vraag is as volg gestel:

8. *Wie is julle gesin se ondersteuningstelsel? [Kies een of meer]*

| | |
|---|---|
| *Grootouers (ouma en oupa)* | |
| *Vriende* | |
| *Kleingroep* | |
| *Ander* | |

Die keuse antwoord van hierdie vraag is van toepassing by onderhoudsvraag 9. Die rol van die enkelouergesin se ondersteuningsnetwerk is ‘n faktor in die bepaling van die rolspelers wat in die enkelouergesin wat betrokke is in die volle konteks van die bediening aan die enkelouergesin.

Die keuses wat die respondente gemaak het, word by die rapportering van Vraag 9 van die onderhoudsvraelys as ‘n tabel (Tabel 6) aangebied.

## 5.9 Onderhoudsvrae vir die halfgestruktureerde onderhoude

Die nege onderhoudsvrae wat vir die onderhoude geformuleer is, het ten doel gehad om tot verstaan te kom hoe enkelouergesinne na ‘n egskeiding die verandering in die gesinslewe ervaar en watter impak dit op hulle geloofslewe en die geloofsvorming van adolessente binne ‘n enkelouergesin het.

Voor die onderhoude is die respondente ingelig oor die doel en inhoud van die vrae. In die lig daarvan dat dit ‘n halfgestruktureerde onderhoud is, is van die respondente verwag om die vrae in soveel as moontlike detail te beantwoord. Daar is ook

duidelik aan die respondente verduidelik en versoek dat geen persone se name in die onderhoud genoem mag word nie; verwysing na hulle gewese eggenoot(te) net as ‘gewese man’/eks/eksman of vrou mag wees; kinders se name nie genoem mag word nie, maar net verwysing na hulle geslag en ouderdom .

## 5.10 Versameling van data

Die navorser het die dataversameling gedoen soos wat in 5.2.2 genoem is. Die primêre databron vir kwalitatiewe navorsing is die woorde en die waarneembare gedrag van die respondente (cf Maxwell 1999:7). Om hierdie rede moet die navorser nie net luister na dit wat die respondent sê nie, maar ook die gedrag van die respondente waarneem (cf Heitink 1999:239).

Die 18 onderhoude is persoonlik deur die navorser gevoer. Hoewel die respondente die keuse gehad het om die onderhoud op ‘n plek waarmee die respondent mee gemaklik is, te voer, het slegs twee onderhoude nie in die navorser se kantoor plaasgevind nie. Die toestemming van die respondente (*Brief van Bekendstelling en Ingeligte Toestemming* – (Bylaag C) is weer mondelings met die aanvang van elke onderhoud gevra en bevestig. Die onderhoude is daarna mondelings gevoer, opgeneem en daarna getranskribeer. Daar is verseker dat die opskrifstelling so akkuraat as moontlik gedoen is.

## 5.11 Aanbieding van data

Die navorser gaan die data wat verkry is uit die halfgestruktureerde onderhoude in die volgende formaat aanbied:

1. Die vraag;
2. Relevante agtergrondinligting;
3. Data rapportering van die onderhoud;
4. Skematiese voorstelling en bespreking van verbande;
5. Resultate en bevindings.

Die 17 onderhoude het per afspraak geskied, is opgeneem en binne die raamwerk van ongeveer 30 minute elk afgehandel. Die onderhoude is getranskribeer en soos wat die fenomenologiese riglyne bepaal, bestudeer saam met die navorsing wat as verwysing gedien het. Daar het drie deelnemers van hulle reg om te onttrek, gebruik gemaak en daarom is die getal onderhoude net 17.

Anonimiteit is verseker deurdat die respondente slegs deur ‘n kode aangedui word. Wanneer daar dus na ‘R01’ verwys word, verwys dit na die respondent wie se onderhoud eerste opgeneem is. ‘#1’ verwys na die vraag wat die respondent beantwoord. Die letter ‘P’ en ’n syfer word gebruik om die paragraaf waaruit die aanhaling gehaal is by die vraag se antwoord se nommer aan te dui. Wanneer daar dus na ‘P1’ verwys word, dui dit op die eerste paragraaf in die antwoord op die vraag van die spesifieke respondent. ’n Verwysing sal dus soos volg lyk: ‘R01#1P’ en dit verwys dus na die eerste respondent, Vraag 1 se eerste paragraaf.

Die navorser het gekies om die wyse van datarapportering so weer te gee dat die respondente ‘gehoor’ word. Daarom word die data as aanhalings vanuit die onderhoude aangebied. Die motief van die navorser is om op hierdie wyse die respondente se perspektiewe so getrou as moontlik aan te bied.

### 5.11.1 Verandering in die gesin na egskeiding

#### 5.11.1.1 Vraag 1

*Wat het in julle gesin verander na die egskeiding?*

Byna al die respondente wou hier net eenvoudig die vraag met “*alles*”, antwoord. Die navorser het hulle egter gevra om te probeer om die hoofmomente van wat hulle as verandering beleef het, weer te gee.

#### 5.11.1.2 Data Rapportering

Die hoofmomente van verandering na ‘n egskeiding het te doen met die gesinstruktuur wat onmiddelik verander en dan ‘n effek het op die dinamika van die

gesin – nou die enkelouergesin. Uiteraard het die respondente ‘n hele aantal veranderingsmomente uitgelig as dat dit vir hulle van die mees ingrypende was. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmomente soos wat hulle dit aangedui het. Die getal na die moment in hakies dui die getal respondente aan wat hierdie moment gerapporteer het. Hier is die respondente se reaksies:

- **Alleen verantwoordelik (13 = 76%)**

*Alleen verantwoordelikheid is oorweldigend. Hier is die respondente se reaksies:*

R06#1P1: Hy het van die een werk na die ander geval, so daar was nie finansies om te kon bydra nie in alle geval, so absoluut, absoluut alles was my verantwoordelikheid gewees.

R10#1P1: Ons seun is gediagnoseer met breinskade, geringe breinskade, maar dit het tog ‘n impak gehad omdat hy sekere terapie moes bywoon en deelname aan sekere sportsoorte om ontwikkeling van die brein meer te stimuleer, en dit het alles toe op my afgekom, want omrede die bydrae wat hy gemaak het tot finansies en die huishouding self, die betaal van elektrisiteit, kos en water, my sou kon help met die terapie wat ons moes gekry het, die spesiale skool waarin ek hom moes geplaas het, het alles om my neergekom.

R11#1P1: Ek het ‘n kind gehad wat ek alleen moes grootmaak, en ek was alleen. Ek was baie bang, eerlik, want nou is ek alleen in ‘n huis, ek moes alles self doen, en ek het nie gedink ek gaan die mas opkom nie, maar ek is daar, amper daar.

R15#1P1: En ek moes basies met vier kinders dit alles hanteer op daai stadium, van die vorige persoon, my eksman het toe verhuis, hy het net uitgetrek, hy het ons basies net so gelos, en ook somtyds kom moeilikheid maak.

R17#1P1: Die ander ding was, ek moes leer om my eie keuses te maak, waar my man het altyd die laaste sê, of ek het altyd gesorg dat hy die laaste sê het, want hy is die man van die huis. So, hy het altyd die keuses gemaak.

- **Alleen verantwoordelik: rolverandering**

*Vanuit die Alleen verantwoordelikheid moes hulle ook 'n rolverandering (2 = 12%) ondergaan en die alleen verantwoordelikheid vir die dissipline (2 = 12%) van die kinders opneem, daarmee saam ook die verlies aan 'n rolmodel (2 = 12%) hanteer. Hier is die respondente se reaksies:*

R10#1P1: Ek het my beste probeer in die sin om aktiwiteite bymekaar te sit wat 'n pa met 'n seun sou doen, byvoorbeeld ons gaan Cars in the Park toe, ons gaan karre kyk, ons gaan Tarlton toe, ons gaan resies kyk, ons gaan vang vis. Ek het probeer om te kyk of mens nie iets soos 'n "Go Cart" kan bou nie. Ek moet 'n pa-rol begin oorneem, ek moes vir hom begin leer van hoe respekteer 'n mens 'n vrou, want hy het geen rolmodel van sy pa of 'n vaderfiguur wat dit vir hom kon wys nie. Dit het dit ook baie moeilik gemaak, dat ek daai rol van ma en pa moes wees, waar voor die egskeiding sou hy die pa wees en ek sou die ma wees en daai skeiding was daar. Dit het definitief verander en ek dink vandag nog het my seun nie eintlik 'n begrip van watse rol 'n ma het en watse rol 'n pa het nie. Want ek glo tog, elke ma het 'n spesifieke rol wat sy speel, en 'n pa het 'n spesifieke rol wat hy speel.

R06#1P1: Omtrent alles het verander, ek was skielik alleen verantwoordelik vir alles, finansies, dissipline van die kinders, nuwe dorp, ja skool, absoluut absoluut alles het verander.

- **Finansies/Finansieel (11 = 65%)**

*Finansiële verandering is van die mees ingrypende. Hier is die respondente se reaksies:*

R03#1P3: Finansieel is ek swakker af, baie, my eks betaal nie onderhoud nie. Ons het ooreengekom om kostes te deel, wat sy nie nakom nie, so finansieel gaan dit baie swaarder.

R10#1P1: Ek dink die grootste verandering was maar finansieel gewees. Die rede daarvoor is, 'n mens het tog maar 'n mate van 'n bydrae gehad van die ander party om uitgawes te kan dek.

R11#1P1: Finansieel was dit glad nie goed nie, alles het agteruitgegaan.

R12#1P1: Finansieel het ons swaargekry, en ek dink toe ons “eventually” na ‘n rukkie op ons eie voete begin staan en net oor die emosionele, ek wil sê die depressiwiteit van die skeisaak kom, en ons staan op ons eie voete

R12#1P3: Ekonomies het dit maar swaar gegaan. Daar was ‘n stadium wat pappa gebel het, en gelukkig, my kinders weet daarvan. Wat die pa gebel het en gesê het, jy is hier weg met ‘n kar wat ek gekoop het, Hy kan blykbaar nie onthou dat ek het my kar ingegee vir ‘n deposito op die kar nie. Jy is hier weg met die kar, ek het nie vervoer nie, so ek gaan die polisie stuur om die kar te kom haal by jou. Okey, fine, nou sit ek met klein kindertjies, hoe kom hulle by die skool, hoe kom ek by die werk. So finansieel het ons baie swaar gekry.

- **Finansies/Finansieel : Onderhoud word nie betaal nie**

*Die finansiële situasie is vererger deur die ander party wat nie dadelik onderhoud betaal het nie (6 = 35%). Hier is die respondente se reaksies:*

R03#1P1: Finansieel is ek swakker af, baie, my eks betaal nie onderhoud nie.

R06#1P1: En ja, die eerste twee jaar was daar nie onderhoud by betrokke nie. Daar was ‘n skikking, maar hy het nie rêrig werk gehad nie, hy het van die een werk na die ander geval, so daar was nie finansies om te kon bydra nie in alle geval, so absoluut absoluut alles was my verantwoordelikheid gewees.

R16#1P1: “obviously”, finansieel het alles verander, want daar was ook nie onderhoud nie.

- **Finansies/Finansieel: Nie geraak nie**

*Daar was ook respondente wat nie finansieel deur die egskeiding geraak is nie (3 = 18%. Hier is die respondente se reaksies:*

R08#1P1: Finansieel was ek altyd die broodwinner, daar het nie veel by ons verander nie, so ek dink ons was gelukkig.

R14#1P1: Finansieel, aanvanklik het dit finansieel, ek sal nie sê, sleg gegaan nie, ek dink dit het eintlik beter begin gaan finansieel met my. Ek het, meer van my finansies kon ek aan haar en my toeskryf, waar ek nie baie finansies moes toeskryf aan sy gebruike en waarvoor hy dit nodig gehad het nie. So ek kon my salaris vir my en vir haar hê. Ek moet sê eintlik het ons finansieel beter begin afraak, wat natuurlik ‘n pluspunt is.

- **Verhuising (11 = 65%)**

*Noodwendige verhuising was vir die enkelouergesin traumaties. Hier is die respondente se reaksies:*

R04#1P1: Die aanpassing was baie moeilik vir ons, want ons moes in ‘n kleiner woning intrek, hulle moes deel, ons het minder persoonlike ruimte gehad om ons, want ja, dit was vir hulle moeilik. Hulle was gewoond elkeen het hulle eie kamer gehad, elkeen maak wat hulle wil en hierso was ons almal in mekaar se pad, en ons moes leer om saam te werk, saam te beplan.

R06#1P1: Nuwe dorp, ja skool, absoluut absoluut alles het verander. Toe ons geskei is, het ek verhuis Pretoria toe, hy het vir ’n ruk lank nog in Hoedspruit gebly, so daar was, ek het alles gedoen.

R09:#1P1: Daar was baie rustigheid, die baklei was klaar, ons moes trek na ‘n ander huis toe.
R13#1P1: Huis het verander. Ek het uitgetrek, so ek moes ‘n ander huis kry.

R14#1P1: Daar was redelik baie wat verander het. Die verblyfomstandighede. Aanvanklik was ek en my eks in die hoofhuis, die hoofslaapkamer, waar my ouers in die buite-woonstel was wat ons erf gedeel het vir ‘n paar maande met die intensie dat ek en die eks die huis sou oorkoop, en dit het natuurlik nie gebeur nie. So met die verbrokkeling van ons huwelik, het hy uitgetrek. Ek het uit die hoofslaapkamer uitgetrek in ‘n spaarkamer in en my ouers het teruggetrek in die huis in. Ek het met my kind terug in die huis ingetrek, so wat ‘n groot aanpassing was vir ‘n paar maande en ek moes toe nou begin huis soek op my eie, en het toe nie lank daarna

nie, darem ‘n plekkie kon kry waar ek en sy toe alleen kon gaan bly het, en uitgetrek het.

R16#1P1: Wel, ons het, die huis waarin ons was het ek uitgetrek na my ouers toe.

R17#1P1: Die trek, die kinders, die ongerief om van die een huis. Ek het nog steeds in Montana gebly, hy het verhuis, ons altwee, ons moes die huis verkoop. Al twee het verhuis, ek het getrek na my woonstelletjie gehuur en hy het ook verhuis.

- **Verhuising: ‘n Nuwe begin**

*Drie (18%) Respondente het die verhuising as ‘n nuwe begin gesien. Hier is die respondente se reaksies:*

R03#1P1: Ons het van huis verander, weer ‘n nuwe lewe begin basies.

R13#1P1: Ek moet sê my emosionele situasie was dit vir my beter om uit te trek. So die egskeiding was vir my goed in die ding, ek het nie meer nodig gehad om die “abuse” te voel elke dag in die huis nie. So dit was vir my, was dit ‘n verligting.

- **Verandering van werk (10 = 59%)**

*Verskeie respondente moes van werk verander of ‘n addisionele werk kry. Hier is die respondente se reaksies:*

R03#1P1: So finansieel gaan dit baie swaarder, ek moes van werk verander as gevolg van dit want ek kon dit nie bybring nie.

R09#1P1: Ek het darem nog steeds my werk gehad, maar met die dat ek ‘n enkelouer is en onderhoudgeld nie altyd ingekom het nie, het ek ‘n tweede werk aanvaar, wat gemaak het dat ek baie rondhardloop.

R11#1P2-4: OV: Het jy van werk verwissel?
R11: Nee, ek het nog steeds my werk behou, ek het mos bande verkoop, en hy het nog steeds sy werk behou.
OV: Maar jy het intussentyd ‘n nuwe besigheid...?

R11: ‘n Nuwe besigheid begin, ja.

R12#1P1: So finansieel het ons baie swaar gekry, maar “eventually” het mamma nog ‘n werk aangeskaf en ons het net begin vooruit kyk
R12#1P3: OV: En jy is vandag nog steeds in twee beroepe?
R12: Ek is nog steeds in twee beroepe ja.

- **Verlies van vriende**

*Die verwisseling van huis en werk het ook die verlies van vriende beteken (3 = 18%), sowel as dat tydsbestuur ‘n probleem geword het (6 = 35%):*

R13#1P1: Huis het verander. Ek het uitgetrek, so ek moes ‘n ander huis kry. Ons vriende het verander.

R17#1P1: En, ag, ek het vriende verloor, ek het familie verloor, skoonouers. Wat het ek hier nog gesê, dit is maar omtrent al. Die trek, die kinders, die ongerief om van die een huis.

R07#1P1: Daar was nie tyd vir my gewees as ma, om nou al daai goed in te pas nie, alhoewel mens maar probeer het.

- **Verandering in verhoudings (8 = 47%)**

*Verandering bring ook verandering in verhoudings. Hier is die respondente se reaksies:*

R04#1P1: Die eerste ding wat verander het, is die verhouding tussen my en my kinders, en ook hulle pa en die kinders, en ook die verhouding tussen die kinders.
R04#1P1: Ek dink hulle vertroue in my en hulle pa het ook bietjie skade gekry, want as jy nou skei dan gebeur dit, want die vertroue word nou bietjie gebreek.

R07#1P1: Maar daai kontak met die kinders se pa was ‘n groot negatiewe punt, As ek sê negatiewe punt, hulle het dit nie gehad nie. Omdat die jongste so klein was, hoef hy nie naweke weggegaan het na sy pa toe nie. So in die begin wat gebeur het, hulle pa het vir ‘n naweek by my huis kom kuier op ‘n Saterdag, dan het ek die

pad gevat en hulle het die dag by my huis spandeer. En later toe dit my begin vang, het hulle dan iewers heen gegaan vir die dag. So hulle het daai kontak gehad, maar nie ‘n gereelde ding van elke tweede naweek is hulle soontoe of elke vakansie. Hulle het nooit vakansies na hom toe gegaan nie tot hulle, die oudste dink ek was in Graad 10 gewees. Dit was die eerste vakansie wat hulle saam met hom weg was.

R14#1P1: Emosioneel was dit baie beter gewees, daar was minder stres, minder emosies, minder uitbarstings. My kind was ook rustiger gewees, omdat ek rustiger was, en minder spanning ervaar het. Van ‘n dag tot dag, het sy rustiger geraak. So eintlik was dit beter omstandighede gewees met die verbrokkeling van die huwelik, direk na die verbrokkeling.

- **Egskeiding beïnvloed verhoudings tussen ouers en kinders**

*Die respondente het ook gesê dat hulle (enkelouers) en hulle kinders nader aan mekaar gekom het (4 = 24%); dat die kinders oor die verhoudings soms verward was (3 = 18%); en ook dat verhouding sodanig moeilik geword het dat kinders die ander ouer begin vermy het (1 = 6%). Hier is die respondente se reaksies:*

R12#1P1: Toe begin ons sien ons kom nader aan mekaar. Want dit was “actually” vir my belangrik, want ek het baie nader aan my kinders gekom na die egskeiding, as voor die egskeiding.

R14#1P1: Ek het met my kind terug in die huis ingetrek, so wat ‘n groot aanpassing was vir ‘n paar maande en ek moes toe nou begin huis soek op my eie, en het toe nie lank daarna nie, darem ‘n plekkie kon kry waar ek en sy toe alleen kon gaan bly het, en uitgetrek het.

R04#1P1: Die jongste van 13 jaar, was hy baie verward kan jy sê, hy kon nie verstaan nie, hy wou hê sy ma en pa moet meer saam, hoekom kan dit nie.

R03#1P1: As ek eerlik moet wees nie rêrig emosioneel nie oor my kinders, want ek het glad nie verwag dat hulle verhoudig so sou verander dat hulle glad nie by haar wou kom nie,

- **Persoonlikheidsverandering (7 = 41%)**

*Die veranderng het ook respondente se persoonlikheid geraak. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#1P2-3: OV: Sou jy sê dit het, die verandering van jou ‘n ander mens gemaak het?
R1: Ja beslis.

R04#1P1: Ons probeer op dieselfde trant te hou, maar ja, die hele lewe is omver gegooi, ek het baie skuldig gevoel, dit het verander so ek het baie keer probeer opmaak deur goed te doen en te veel te gee. So ja, dit het my verander.

R07#1P1: Hy is uit die huis uit, maar ek moes aangaan, ek moes sterk bly vir die kinders se onthalwe en aangaan. [*teenoor hoe haar persoonlikheid ‘swakker’ was voor die egskeiding - JWKS*]

R14#1P1: Emosioneel was dit baie beter gewees, daar was minder stres, minder emosies, minder uitbarstings. My kind was ook rustiger gewees, omdat ek rustiger was, en minder spanning ervaar het. Van ‘n dag tot dag, het sy rustiger geraak. So eintlik was dit beter omstandighede gewees met die verbrokkeling van die huwelik, direk na die verbrokkeling

R16#1P1: Emosioneel het ek heeltemal verander en weer myself vind. Ja, daar was nogal heelwat wat moet aanpas.

- **Nuwe alleenheid en gevoelens**

*Die respondente het ook hulle nuwe alleenheid beskryf (8 = 47%), sowel as hulle skuldgevoelens (4 = 24%) en verwyte (1 = 6%). Hier is die respondente se reaksies:*

R02#1P1: dis moeilik om alleen vir alles verantwoordelik te wees. Al my mense bly vêr, My kinders het saans, as ek ‘n werksgeleentheid gehad het, onder my stoel aan die slaap geraak, want daar was niemand anders wat my kon help nie

R08#1P1: Sy pa was reeds nooit tuis gewees nie, so ek en my seun was reeds baie alleen gewees.

R11#1P1: Ek het ‘n kind gehad wat ek alleen moes grootmaak, en ek was alleen.

R04#1P1: Ek het baie skuldig gevoel, dit het verander so ek het baie keer probeer opmaak deur goed te doen en te veel te gee.

R05#1P1: Nie baie lank daarna nie, besef jy dat jy dalk nou eintlik ‘n fout gemaak. Moes jy skei, het jy nie dalk te vinnig opgetree nie.

- **Twee afsonderlike partye (5 = 29%)**

*‘n Egskeiding het definitief twee afsonderlike partye tot gevolg. Hier is die respondente se reaksies:*

R05#1P1: Daar is definitief ‘n tweespalk in ‘n gesin, dis nou jy en ek en die meeste van die tyd is dit nie vreedsaam nie.

R10#1P1: Geen ondersteuning vir sy seun om enige van die terapie en/of skolastiese onderrig, uitgawes rondom klere, soos ek sê die sport ensovoorts bygedra nie. Dit het alles uit my sak gekom. Dit was amper my grootste verandering wat ek kan sê, want ‘n mens het tog ‘n konsensus, as jy saam is dat ’n mens bydra tot jou finansiële uitgawes, nie net een persoon dra daai uitgawes nie.

R16#1P1: En ja, wel ek het baie, alles myself gedoen voor die tyd, so na die tyd was dit toe maar net aangaan, maar die verhuis en die trek, ek moes die huis verkoop, dit was nou nogal ‘n groot ding om te doen. En om die egskeiding deur te kry, ek het alles omtrent self gedoen, die hele egskeiding ook self hanteer. Jy weet om hom uit ons lewens te kry.

- **Nuwe roetines**

*Nuwe roetines moes gevestig word. Hier is die respondente se reaksies:*

R07:#1P1: So dit was altyd half ‘n roetine as my eks by die huis gekom het, het hulle buite gespeel en bal geskop het en so aan. So daai kontak en daai verhouding was daar nou glad nie meer nie.

R15#P1: So ek het basies besluit om die kinders op te pak en terug te kom. Desember het dit toe so mooi uitgewerk want dit is skoolvakansies, my ma het toe die kinders kom haal, en hulle was toe in Desember by ma hulle gewees, maar ek het toe ook elke naweek deurgekom, of deur die week, na werk deurgery Pretoria toe en in die oggende klim ek vroeg in my kar en ry Witbank toe vir werk.

- **Ouers kan nie meer kinders se aktiwiteite ondersteun nie**

*Die verandering in werk en roetines het ook gemaak dat die respondente nie meer hulle kinders se aktiwiteite kon ondersteun nie (1 = 6%). Hier is die respondente se reaksies:*

R09#1P1: ‘n Mens wil graag die kinders so sportbyeenkomste en al die goedjies bywoon. Sover as wat dit moontlik is, het ek dit gedoen, maar ek kon nie altyd nie. Hulle pa het nie altyd die goed gaan bywoon nie, so ek dink die kinders het dit gemis.

- **Betrokkenheid van Grootouers (6 = 35%)**

*Die betrokkenheid van grootouers in ‘n natuurlike noodwendigheid. Hier is die respondente se reaksies:*

R08#1P1: Ons sou baie keer in die aande na my pa en ma toe gegaan waar ons sou deurnag of geslaap het. Ons het ‘n goeie verhouding met my ouers, so ook met my skoonouers.

R14#1P1: Aanvanklik was ek en my eks in die hoofhuis, die hoofslaapkamer, waar my ouers in die buite-woonstel was wat ons erf gedeel het vir ‘n paar maande met die intensie dat ek en die eks die huis sou oorkoop, en dit het natuurlik nie gebeur nie. So met die verbrokkeling van ons huwelik, het hy uitgetrek. Ek het uit die hoofslaapkamer uitgetrek in ‘n spaarkamer in en my ouers het teruggetrek in die huis in. Ek het met my kind terug in die huis ingetrek, so wat ‘n groot aanpassing

was vir ‘n paar maande en ek moes toe nou begin huis soek op my eie, en het toe nie lank daarna nie, darem ‘n plekkie kon kry waar ek en sy toe alleen kon gaan bly het, en uitgetrek het.

R15#1P1: So ek het basies besluit om die kinders op te pak en terug te kom. Desember het dit toe so mooi uitgewerk want dit is skoolvakansies, my ma het toe die kinders kom haal, en hulle was toe in Desember by ma hulle gewees.

R16#1P1: Wel, ons het, die huis waarin ons was het ek uitgetrek na my ouers toe.

- **Praktiese aspekte (4 = 24%)**

*Die praktiese huishoudelike take vra ‘n nuwe verantwoordelikheid. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#1P1: Die fisiese dinge waar jy skielik nie meer ‘n maat het nie, daar bars ‘n pyp jy moet nou iemand kry, jy weet dis verskeie dinge, daaglikse dinge, iemand wat jy moet kry om te help, ek brand vas, laai gou die kinders op.

R11#1P1: Ek was baie bang, eerlik, want nou is ek alleen in ‘n huis, ek moes alles self doen, en ek het nie gedink ek gaan die mas opkom nie, maar ek is daar, amper daar.

### 5.11.1.3 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 3) kan nege duidelike aspekte van verandering identifiseer word (Die aspekte is in bruin gekleur). Hierdie aspekte word as die hoof veranderinge in die enkelouergesin se situasie onmiddellik na die egskeiding beskou. Die egskeiding is die rede vir die verandering in hierdie aspekte.

Die respondente het ook vanuit hierdie hoofaspekte die gevolg van of selfs die wedersydse gevolge van die veranderde aspekte bespreek. Dit is dan telkens onder die hoofaspekte aangebring. Hierdie onderafdelings help die navorser om nog meer

duidelik die veranderinge in die enkelouergesin te identifiseer en teenoor die voorafgaande literêre studie te weeg.

Die impak van die veranderinge word in die rooi blokkies aangedui. Die finansiële aspek is so groot, dat dit ‘n hele studieveld op sy eie kan wees. Daarby kan die emosionele impak nie bereken word nie.

Die aspekte van verandering wat ‘n invloed sou hê op die geloofservaring van enkelouers, word hier op ‘n beperkte wyse aangebied. Die aspekte van verandering en die gevolge daarvan, help om die onmiddellike eise wat aan ‘n enkelouergesin gestel word direk na die egskeiding beter te verstaan en juis die leemtes van ondersteuning uit te wys.




*Figuur 3: Verandering in die gesin na egskeiding*

#### 5.11.1.4 Resultate en bevindings by Vraag 1

Die respondente het nie na enige religieuse of kerklike of ander geloofsaspekte verwys, behalwe in die vrae wat gevra is wat direk ‘n geloofsaspekvraag in gehad het nie. In Vraag 1 was daar op ‘n paar plekke na kerk of gemeente verwys, slegs om die verandering aan te dui (waar van gemeente of kerk gewissel is).

Die feit dat mense diep geraak word deur ‘n egskeiding, vra vanuit die verbande wat hier aangedui kan word, dat ‘n bediening aan die enkelouergesin ‘n breë agtergrondskennis vereis.

Dit is duidelik uit die getal veranderings wat in die gesin plaasgevind het, dat die ontstaan van die enkelouergesin met trauma gepaardgaan. Die respondente het die hoofmomente van verandering aangedui, en daaronder kon nog verdere verandering in ‘n mindere mate aangetoon word.

Die een aspek wat deurlopend by die grootste hoeveelheid respondente na vore kom (65%), is finansies. Uit die literatuurstudie (cf 3.4.1) word dit ook uitgewys as ‘n uitdaging wat onmiddelik hanteer moet word omdat dit skielik die primêre versorger se alleentaak is om die behoeftes van die afhanklike kinders en die hele huishouding alleen te bestuur (cf 3.5.1). Die beperkte inkomste en die nuwe verantwoordelikheid om die finansies te laat klop, gaan met baie spaninng gepaard – soos wat 88% van die respondente rapporteer het. Dit klop met die literatuurstudie (cf 3.4.1).

Die tweede groot aspek wat hier genoem is, is die verskuiwing na alleen verantwoordelikheid en besluitnemingsposisie. Dit behels ‘n verandering in rolmodelle, verlies van ‘n spesifieke rolmodel en die finale gesag oor sake wat die kinders se welstand raak (3.5.1 en 3.5.3). Die respondente het dit duidelik as ‘n intense veranderingsaspek beskou (76%).

Verhuising, die verandering in werk en praktiese sake het ‘n emosionele (100%) en finansiële (88%) impak op die gesin gelaat. Die enkelouergesin het geen ander keuse as om op ‘n ondersteuningsnetwerk te moet begin steun nie (cf 3.5.2). Dit

gebeur ook nie onmiddelik of maklik nie. Die grootouers (35%) is ook deur die egskeiding geraak en probeer dadelik help, maar is ook nie toegerus om skielik weer na ‘n gesin met kinders om te sien nie.

Die skep van nuwe roetines in die huis, besoekregte van die ander ouer, pendelprogramme (cf 3.5.4) van die kinders tussen ouers, is alles nuut en oorweldigend en lei tot persoonlikheidsveranderinge (65%) by die enkelouer, sowel as ‘n aanpassing in die verhoudings tussen gesinslede in die huis (71%).

Die emosionele impak (100%) van die verandering in die gesinstruktuur na ‘n egskeiding, het ‘n invloed op al die veranderinge wat die responente genoem het (cf 3.4.6). Skuldgevoelens, alleenheid, verwyte en die oorweldiging van die situasie voed die emosionele spanning van die enkelouer.

Die rol van die kerk is duidelik baie laag op die prioriteitslys van die mense wat deur hierdie proses worstel. Nie een van die respondente het enigiets oor hulle geloof, kerklike betrokkenheid of verhouding met die Here in die onderhoud genoem nie. Die verskraling van deelname aan religieuse aktiwiteite, beteken ook ‘n verskraling van religieusiteit by jongmense (cf 3.11).

In ‘n bedieningsprogram vir die enkelouergesin sal voorsiening gemaak word vir ‘n intergenerasionele benadering wat die enkelouer, die adolessent en in die meeste gevalle ook die grootouers moet insluit. Die bedieningsprogram sal aanvanklik sterk moet fokus op die dringende veranderinge in die enkelouergesin, en later op die uitdagings wat na ‘n tydperk van enkelouerskap steeds bestaan.

Die feit dat die respondente die proses tot nou toe deurleef het, is ook ‘n duidelike bewys van die veerkragtigheid van die mens en kan gevier word.

### 5.11.2 Ooreenkoms tussen die ouers met betrekking tot die kinders se geloofsopvoeding

#### 5.11.2.1 Vraag 2

*Wat behels die ooreenkoms ten opsigte van die adolessente se geloofsopvoeding wat julle met mekaar aangegaan het?*

Nie een van die respondente het ‘n formele ooreenkoms rakende die geloofsopvoeding van hulle kinders aangegaan nie. Daar is wel informele ooreenkomste aangegaan, sowel as dat die primêre versorger alleen ‘n besluit daaroor geneem het.

#### 5.11.2.2 Data Rapportering

Die hoofaspekte van die vraag was om te bepaal wat die inhoud is van die ooreenkomste wat persone na ‘n egskeiding met mekaar aangaan oor hulle kinders se geloofsopvoeding. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmoontlikhede wat kan bestaan en soos wat die respondente aangedui het. Die getal na die moment in hakies dui die getal respondente aan wat ‘n spesifieke moontlikheid aangedui het.

- **Formele ooreenkoms (0)**

*Geen respondente het ‘n formele ooreenkoms aangegaan nie.*

- **Informele ooreenkoms (4 = 24%))**

*Daar was wel respondente wat ‘n informele ooreenkoms aangegaan het. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#2P1: Ons het, daar was niks formeel opgetrek nie, kan na ons skikkingsooreenkoms verwys as ‘n formele dokument, hierdie was meer ‘n informele ooreenstemming om te sê die kinders gaan aan met die kerkverband waar hulle tans was voor die egskeiding.

R04#2P1: ‘n Vereiste wat ek gestel het, hulle moet Sondagskool toe gaan, hy moet sorg as sy naweek is, hulle daar aflaai en ek doen my deel. Hulle moet in dieselfde kerk bly, want dis waar hulle gevestig is.

R13#2P1: So, na die egskeiding is ek na ‘n ander kerk toe en hy en die kinders het gevolg. Ek het hom oorreed dat ons almal tog steeds in een kerk moet wees en ons gaan elke Sondag na een kerk toe, nie as ‘n gesin nie, maar ‘n gesin.

- **Geen ooreenkoms (12 = 71%)**

*Die meeste respondente het geen ooreenkoms rakende hulle kinders se geestelike opvoeding met mekaar aangegaan nie. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#2P1: Ons het geen ooreenkoms gehad in ons egskeidingsooreenkoms nie.

R05#2P1: Nee, nee ons het nie ‘n ooreenkoms gehad nie, ek dink elkeen het maar gemaak en smaak soos hy wou.

R06#2P1: Okey, daar was geen ooreenkoms gewees ten opsigte van dit, nie vir enige geloofsopvoeding nie.

R08#2P1: Ons het nie ‘n ooreenkoms met mekaar nie omdat ek op daardie stadium reeds in die NG Kerk Overkruin was, my seun was ook daar gedoop, so ons het steeds aangegaan by die kerk want ons is nog steeds in die omgewing en ek was daar vandat ek gebore is. So daar was nie ‘n ooreenkoms tussen ons op daai stadium nie.

R09#2P1: Ek weet nou nie of dit maar net baie lank terug was nie, maar ek dink nie ons het enige ooreenkoms daaroor gehad nie, en oor ons nog altyd in die NG Kerk was, dink ek nie dit het vir my op daai stadium saak gemaak nie, want hulle het nie na ‘n ander kerk toe gegaan nie.

R10#2P1: My eks het nie regtig ‘n geloofsoortuiging gehad op daai punt en stadium nie. Inteendeel hy het my meegedeel op daai punt en stadium dat hy glo almal se

gode is God. Ek het net gesê, weet jy, hy word groot in my huis, hy bly meeste van die tyd by my, en omdat hy so onbetrokke is, sal ek my seun blootstelling gee aan die Christelike geloof, ek is ‘n Christen, So ons het nie regtig ‘n ooreenkoms gehad nie, maar meer net ‘n “understanding” dat ek hom gaan grootmaak in die Christelike geloof omrede ek ’n Christen is en hy het in hierdie tyd geen rol gespeel rondom dit om hom enigsins anders te oortuig nie. So daar was geen ooreenkoms gewees nie.

R11#2P1: OV: Maar het jy en jou eks enige ooreenkoms aangegaan oor hoe jou seun se geloofsopvoeding sal wees?
R11: Nee, ons het nie.

R12#2P1: Ek het baie respek vir my pa en my pa wat my op die regte manier grootgemaak het. So ons het “actually” nooit gaan sit en besluit het so en so gaan ons ons kinders laat glo nie. Dit het baie van my gevat om hom te oorreed en my skoonouers te oorreed om ons kinders te laat doop en te laat kerk gaan in die NG Kerk, omdat hulle dit graag andersins wou gehad het

- **Primêre versorger besluit self (14 = 82%)**

*Die afwesigheid van ‘n ooreenkoms oor die kinders se geestelike opvoeding dwing die primêre versorger om ‘n besluit te neem en dus ook verantwoordelikheid vir die besluit te dra. Hier is die respondente se reaksies:*
R03#2P1: OV: Maar julle het ooreengekom?
R3: Nee, hoe kan ek sê, ons het nie eers daaroor gepraat nie. Dit het nie eers opgekom nie. Ons het net aangegaan met dit, glad nie gestop nie.

R05#2P1: En dit as agtergrond, ek het net vir myself gesê ek is ‘n Christen en ek wil met my kinders definitief doen wat gedoen moet word en dit moet met die voorskrifte van die Bybel wees, hulle moet aangeneem word, hulle moet by die kinderkerke uitkom en hulle moet Sondagskool toe gaan want dis deel van jou ouerlike pligte. En ook Godsdiens by die huis, het ons het elke oggend gedoen, ons het beurte gemaak om elke oggend te doen, ons het gelees uit ‘n dagboekie uit, om die beurt, ons het gebid en gelees, so dit was wonderlik gewees.

R11#2P1: Ons het altyd Bybel gelees en ons het geglo, ons glo nog steeds. Ek is eerlik, ons gaan nie kerk toe, ons vertel mekaar maar, glo in die Here, bid en vra dat Hy ons seën, maar nie kerk toe, eerder ‘n Bybelstudie by die huis met my seun.
OV: Maar het jy en jou eks enige ooreenkoms aangegaan oor hoe jou seun se geloofsopvoeding sal wees?
R11: Nee, ons het nie.

R12#2P1: “Needless to say” ek het “eventually” die “fight” gewen. Ek weet tot vandag toe nie hoekom nie. Maar ons het nooit rêrig daai ooreenkoms gehad van ons gaan dit so en so doen nie.

R13#2P1: Alhoewel ons in die Susterkerk getroud was, het ek weggebreek. So met ander woorde, ek is Groot Gedoop en ek wou nog altyd gehad het my kinders moet Groot Gedoop word. So, na die egskeiding is ek na ‘n ander kerk toe en hy en die kinders het gevolg.

R14#2P1: Selfs in die huwelik, die kort tydjie wat ons getroud was, was ek die een wat dienste en kerk toe gegaan het, ensovoorts, baie male alleen, maar dit was vir my belangrik gewees, veral toe my kind gebore is, was dit vir my belangrik om haar in die kerk groot te maak.

R16#2P1: My man was bietjie van pad af, so die kinders het maar gegaan waar ek gegaan het na my NG Kerk toe.

R17#2P1: OV: So hierdie was jou keuse oor waar gaan hulle kerk toe?
R17: Ja.

- **Erediensbywoning**

*Vanuit die onderhoude gaan vier(24%) van die respondente se kinders saam met die pa kerk toe en 13 (76%) van die respondente se kinders saam met die ma kerk toe. Daar is drie(18%) wie se kinders ook saam met maats kerk toe gaan (verwysing uit elk hiervan). Hier is die respondente se reaksies:*

R05#2P1: Inteendeel, my eks het altyd is “issue” gehad as ons Sondae moes kerk toe kom, sy was laat en daar was altyd ‘n gestryery en dan bly sy maar by die huis. So sy het maar altyd ‘n “escape route” gesoek om nie by die kerk uit te kom nie. Ek en my kinders was baie alleen in die kerk, sy was partykeer saam, maar ek weet haar pa, ek twyfel baie oor hom of hy in die Here glo, met daai “back ground” wonder ek ook of sy ‘n Christen is. En dit as agtergrond, ek het net vir myself gesê ek is ‘n Christen en ek wil met my kinders definitief doen wat gedoen moet word en dit moet met die voorskrifte van die Bybel wees, hulle moet aangeneem word, hulle moet by die kinderkerke uitkom en hulle moet Sondagskool toe gaan want dis deel van jou ouerlike pligte.

R01#2P1: Dit sou volhou en hulle het klaargemaak en gekatkiseer in die gemeente waar ons was en tans is, en hulle is steeds betrokke by die kerk en gemeente waar ons tans is.

R04#2P1: Van kleins af het ek hulle in ‘n Sondagskool gesit, ek het hulle Sondagskool toe gevat en hulle geleer en dit het ek aanhou bou.

R09#2P1: As hulle by my was, het ons kerk toe gegaan, hulle was in die Sondagskool, en ek sal nou nie sê dat hulle elke Sondag saam met hulle pa in die kerk was nie, hy gaan ongelukkig nou nie kerk toe nie. Maar sover as wat ek kon, het ek hulle in die kerk gehou, het Sondagskool.

R01#2P1: En ook, jy weet dit is hulle maats, dit is mense wat hulle ken in die huidige gemeente waar hulle is.

*By Vraag 4 word na die kerkverband en die verskuiwing van kerkverband gekyk. Hier kan net rapporteer word dat by 11 (65%) respondente die kerkverband dieselfde gebly het en by twee(12%) het dit verander. Uit die onderhoude is rapporteer dat by 10 (59%) van die respondente die ouers nie (meer) in dieselfde kerkverband is nie, of dat een van die twee ouers by geen kerkverband betrokke is nie. Die impak van die verlies aan ooreenkoms blyk spanning in die huis en by die adolessente te weeg te bring (10 = 59%). Hierdie aspek word by die volgende vraag hanteer.*

#### 5.11.2.3 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 4) kan die vier moontlikhede vir ooreenkoms duidelik (in bruin) gesien word. Die impak word in rooi aangedui, hoewel dit nie bespreek word nie (wel by die volgende vraag). Die ander blokkies dui kerkgang aan en waar stabiliteit by kerkverband is.




*Figuur 4: Ooreenkoms ten opsigte van geloofsopvoeding*

#### 5.11.2.4 Resultate en bevindings by Vraag 2

Geeneen van die respondente het formele ooreenkomste aangegaan oor die geloofsopvoeding van hulle kinders nie.

Die respondente wat wel informele ooreenkomste aangegaan het, is vier (24%), maar het wel sterk geloofsbande met beide ouers behou, asook met die kerverband waar hulle voor die egskeiding by tuis was.

Die meeste respondente (12 = 71%) het geen ooreenkoms aangegaan nie. Die primêre versorger het hier ‘n alleenkeuse gemaak wat die kinders se geloofsopvoeding aangaan. Die primêre versorgers het sonder ‘n opvolgvraag verduidelik dat hulle ‘n alleenbesluit oor hulle kinders se geloofsopvoeding geneem het, op grond van hulle eie geloofsagtergrond en ook in die kerkverband waar hulle stabiliteit gevind het. Uit die onderhoude het dit tog geblyk dat daar met die besluit by die kinders rustigheid was, maar dat daar spanning tussen die verskil in geloofsbenadering in die twee ouerhuis teenwoordig is. Hierdie spanning word by die volgende vraag aangespreek.

Die impak van die spanning wat onststaan tussen die geloofsoortuigings tussen die twee ouerhuise as daar nie ‘n oreenkoms bestaan nie, is deur 10 respondente (59%) genoem. Dit het ongelukkig ook daartoe gelei dat by drie respondente (18%) daar geen kerklike betrokkenheid tot geloofsvorming is nie.

Die kerk moet kennis neem daarvan dat ouers oor alles van die kinders ooreenkomste aangaan by egskeiding, maar nie oor hulle geloofsake nie. Die kerk kan hier met sensitiwiteit en oorleg help dat daar wel ooreenkomste aangegaan word en die spanning tussen die geloofsoortuigings van twee ouerhuise verminder word.

### 5.11.3 Gesprekvoering oor geloofsake in die huis

#### 5.11.3.1 Vraag 3

*Op watter wyse gesels julle as gesin oor geloofsake?*

Die derde vraag se fokus is om te hoor hoe daar in die huis oor geloofsaspekte gepraat word. In sommige respondente se huise word gemaklik oor geloof gepraat en selfs gedeel. Ander, waar spanning te bespeur is, word min of glad nie oor geloof gepraat nie.

Die spanning wat na vore kom tussen twee ouerhuise se geloofsoortuiging is hier duidelik sigbaar soos ook in Vraag 2 se respondente antwoorde.

Die verband met Vraag 7 en Vraag 8 van die onderhoudsvraelys word hier aangedui.

#### 5.11.3.2 Relevante agtergrondinligting

Die relevante inligting wat uit die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* verkry is, is hier van toepassing

**Ouerlike kontak**

| Respondent Kode | (A) Primêre Versorger | (B) Ander biologiese ouer | Kontak (B) met kinders | Wyse van kontak |
|---|---|---|---|---|
| R01 | Ma | Pa | Gereeld en vakansies | Fisies & per selfoon |
| R02 | Ma | Pa | Ongereeld; vakansies | Soms fisies & per Selfoon |
| R03 | Pa | Ma | Ongereeld | Ongereeld; Whatsapp met verjaardag |
| R04 | Ma | Pa | Daagliks | Fisies & per selfoon |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| R05 | Pa | Ma | Maandeliks & By behoefte | Fisies & per selfoon |
| R06 | Ma | Pa | Gereeld | Fisies & per selfoon |
| R07 | Ma | Pa | Daagliks | Fisies & per selfoon |
| R08 | Ma | Pa | Alternatiewe naweke | Fisies & per selfoon |
| R09 | Ma | Pa | Alternatiewe naweke | Fisies & per selfoon |
| R10 | Ma | Pa | Ongereeld; min | Selfoon |
| R11 | Ma | Pa | Alternatiewe naweke | Fisies & per selfoon |
| R12 | Ma | Pa | 2 X per jaar | Per selfoon |
| R13 | Ma | Pa | Gereeld | Fisies & per selfoon |
| R14 | Ma | Pa | Geen | Geen |
| R15 | Ma | Pa | Geen (interdik) | Geen |
| R16 | Ma | Pa | Geen | Geen |
| R17 | Ma | Pa | Gereeld | Fisies & per selfoon |
| R18 | Onttrek | | | |
| R19 | Onttrek | | | |
| R20 | Onttrek | | | |

*Tabel 4: Ouerlike kontak*

#### 5.11.3.3 Data Rapportering

Die hoofaspekte van die vraag was om by die respondente te hoor hoe hulle oor geloofsake in die huis praat en na aanleiding van die onderhoude, watter spanning daar tussen die twee ouerhuise oor die verskil in geloofsoortuiging mag wees. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmoontlikhede wat kan bestaan en soos wat die respondente aangedui het. Die getal na die moment in hakies dui die getal respondente aan wat ‘n spesifieke moontlikheid aangedui het:

Die getal na die moment in hakies dui die getal respondente aan wat ‘n spesifieke moontlikheid aangedui het:

- **Geloofsgesprekke (14 = 82%)**

*Om met mekaar te deel hoe God werksaam en teenwoordig is in ons en ander se lewens. Die respondente kon ook van ander geestelike gesprekke vertel. Hier is die respondente se reaksies:*

R03#3P1: In die begin het ons nie baie nie, die laaste paar jaar, twee of drie jaar, praat ons baie informeel daaroor. My dogter gaan na ‘n ander kerk toe, ek en my seun gaan na ‘n ander kerk toe, maar in die huis praat ons baie oor wat is die doel van alles, wat het die Here se rol in ons lewe gespeel, algemene dinge, so ons doen dit nogal baie.

R04#3P1: Soos ek sê, ek probeer, as hulle bietjie af is of dit gaan moeilik by skool sal ek sê, ja maar jy weet mos Liewe Jesus is by jou, Hy is nog altyd by jou. Ek motiveer hulle en probeer mooi praat en verduidelik vir hulle dinge uit die Bybel uit. Ons doen elke aand Bybel, elke een kry ‘n beurt om te lees en te bid. Elke aand kry ‘n ander een ‘n beurt. So leer ek hulle, nou en dan vra ek vir hulle vrae en wat het jy geleer hieruit. Ook as ons kerkdienste kyk, sal ek sê het julle gehoor wat sê dit in die Bybel en dan ook het julle vrae soos hoekom die doop. So ons het gesprek tussen ons drie. By hulle pa, nee nie regtig waarvan ek weet wat hy daai fondament vir hulle so sterk lê nie.

R05#3P1: Ons gesels gereeld, en as dominee vir hulle self sou vra kan hulle getuig daarvoor dat ek vir hulle definitief aannames of aanhangsels uit die Bybel uit opbring wat sê die Bybel sê dit, die Bybel sê dat. Ons is heeltemal oop wat geloof betref, ons is glad nie skaam Christene nie en dit geld dieselfde vir my dogtertjie ook.

R08#3P1: Ons het ‘n baie oop verhouding oor geloofsake, hy weet hy kan enige tyd met my praat. Ons lees ook Bybel in die aand saam, ons bid saam. My pa betrek ons ook altyd met ons geloofsake, so ons het ‘n oop verhouding oor dit. Dit is nie dat ons skaam is om daaroor te praat nie.

R09#3P1: Ja, mens doen. Die kinders moet maar leer oor geloofsake, dit gaan maar oor respek ook en hoe mens met ander mense praat, en as mens nie saam

met die Bybel met jou kinders lewe nie, dan hoe gaan hulle ander mense met respek behandel en weet wat is reg en verkeerd. So ja, ons praat daaroor, ek sou nie sê elke dag nie.

R10#3P1: My seun is nogal 'n redelike geestelike ou. Hy hou daarvan om oor hierdie goed te praat, dit interesseer hom geweldig. So ons het gereeld gesprekke oor goed wat hy sou hoor, oor goed waarvan hy nie seker is nie, omdat hy so betrokke is by die kerk en jeugaktiwiteite kom hy huis toe met 'n woord wat hy kry en leiding wat hy kry, goed wat hulle bespreek het en dan sal hy met my daaroor gesels. Die oggende as ons skool toe ry, voordat ons ry in die oggende, het ons 'n oomblik wat ons eers 'n gebed het, en as hy iets spesifieks het oor wat hy gehoor het of gelees het, dan sal ons dit bespreek in daai tyd wat ons skool toe ry, dit is 'n klein kort rukkie, maar ons praat nogal baie, So ja, ons het oop gesprekke, ons sit en gesels met mekaar daaroor

R13#3P1: Ja. Omrede ek baie sterk geestelik is, hanteer ek alles in die huis as 'n geestelike situasie. So, ek leer my kinders ook dat alles is nie net wit en swart nie, en dat daar 'n geestelike interaksie is wat dit aanbetref, So ja, ek en hulle bespreek dit baie.

R14#3P1: So, ek en my kind, ons het 'n baie informele verstandhouding oor geloof. Ek is nie rigied nie, ek bid nie met elke ete nie, ek lees nie gereeld Bybel nie, maar as ek voel ek wil nou oor God praat, praat ek oor God. As ons in die kar ry en ons sien iets mooi, dan sal ek sê, jissie dis 'n "nice" skepping wat Jesus vir ons gemaak het. As ons in 'n situasie is, dan sê ek vir haar, ons praat oor "situational" van hoe God en Jesus werk in ons lewens ook, van dag tot dag. Dan sal ons daaroor gesels.

R15#3P1: Kyk, ek het nie altyd al die antwoorde nie, Maar ek voel ook, ek probeer soveel leiding gee uit wat ek uit my foute geleer het en ek probeer dit toepas in haar lewe dat sy ook, By ons het ons tye saam, ons bid as 'n gesin saam, ons gaan saam kerk toe, en dan het ek en sy ook gereeld gesprekke.

R16#3P1: Vir my is dit nogal moeilik, selfs as kind. Ek het nooit rêrig, ek was nooit so openlik gewees nie. So sekere goed is vir my moeilik om oor te praat, selfs met haar, maar ek probeer baie waar ek, veral goed wat haar op haar ouderdom kan raak, sy word groot, vriende en maats en goeters en “obviously” wanneer die geleentheid hom voordoen, en dan praat oor hoe, wat leer die Bybel jou en wat verwag die Here van jou om te doen, praat ons.

- **Inhoud van geloofsgesprekke**

*Die respondente het ook gedeel wat inhoud van geloofsake in gesprekke is. So het hulle gedeel dat hulle mekaar se rou en seer deel (3 = 18%); Saam bid (7 = 41%); en hulle kinders toelaat om self oor geloofsake te besluit (5 = 29%). Hiermee ‘n paar verwysings van die gesprekke oor kinders se eie keuses:*

R02#3P1: Ek dink nie rêrig so nie, ek baklei nie met my kinders daaroor nie. Hulle kan hulle video kyk, of kan ek eerder sê hulle kan op “You-Tube” inskakel wanneer hulle hulle diens wil kyk en ons kan daaroor gesels, daar is nou nie wrywing daaroor nie, want my seun moes nou gekatkiseer het en my dogter eintlik verlede jaar gekatkiseer het, en sy het ook nie. So ek voel eintlik ek het my ouerlike plig ‘n bietjie gefaal, en ek het dit belowe dat ek dit gaan doen, en op die oud einde het ek dit nie gedoen nie.

R12#3P1: Ek, vir myself, gaan hou ek my stiltetyd in die kamer op my eie as ek nou reg is om dit te doen. Waar ek nou weer grootgeword het met huisgodsdiens en almal saam gesit het en almal praat saam. Vir my kinders moet ek vra, het jy Bybel gelees, het jy gebid, is jy reg.

- **Praat nie oor geloof nie (5 = 29%)**

*In hierdie huishoudings word daar nie oor geloof gepraat nie, of baie min.. Hier is die respondente se reaksies:*

R07#3P1: Weet jy, ek glo nogal, hoe jy leef, hoe jy optree en hoe jy praat elke dag, is ‘n manier hoe jy jou geloof reflekteer. So mens sal baie keer sit en iets gebeur, in’n geselskap en dan sal dit opkom en dan sal jy sê, okey maar kan julle sien daar hoe het die Here gewerk? So, so en so. Ek sal nie sê ons, en van my kant af dalk

‘n fout, dat ’n mens nie om die tafel saam Bybel lees en dan lang geselse het nie. Ons het baie keer as ons in die aande op die bed sit, en elke een lees ’n gedeelte en ons bid saam, Maar ek kan regtig eerlik sê, en dit is ‘n fout aan my kant, maar dat dit “lacking” is. Maar ek probeer rêrig deur my voorbeeld en hoe mens dan omgaan, en as hulle in ‘n probleemsituasie kom, om daar die Woord te versprei en om te sê hoe belangrik is jou geloof is en hoe jy kan aangaan daarmee.

R12#3P1: Kom ons sê ons gesin self, sit bitter min saam en praat oor so iets. Ek dink van kleintyd was daar gewees, elkeen weet wat word van hom verwag wat moet hy doen, waarmee voel hy gemaklik, maar dis, ons lewens is baie besig.

- **Grootouer betrokke (2 = 12%)**

*Grootouers kan ook tot die gesprek toetree. Hier is die respondente se reaksies:*

R08#3P1: Ons het ‘n baie oop verhouding oor geloofsake, hy weet hy kan enige tyd met my praat. Ons lees ook Bybel in die aand saam, ons bid saam. My pa betrek ons ook altyd met ons geloofsake, so ons het ‘n oop verhouding oor dit. Dit is nie dat ons skaam is om daaroor te praat nie.

- **Verskillende kerke (16 = 94%)**

*'n Onderwerp waaroor baie in die enkelouerhuise oor gepraat word, is kerke (kerkverband). Die ouers se kerkverband verskil, hulle geloofsoortuigings verskil en dit word in die primêre woning bespreek.. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#3P2-3: Goed, uiteraard sit die kinders nou met die situasie dat die pa in ‘n ander kerk is, beteken dit dat daar nou uiteraard twee kerke hierby betrokke is?
R02 Ja, want ek voel ek het eintlik hierdie Dopper-opvoeding gehad en toe is ek oor na die NG Kerk, en nou is my kinders heeltemal in ‘n ander tipe kerk. So dit maak dit nogal moeilik, die uitkyk is heeltemal anders.

R03#3P1: My dogter gaan na ‘n ander kerk toe, ek en my seun gaan na ‘n ander kerk toe, maar in die huis praat ons baie oor wat is die doel van alles.

R05#3P1: Ja, ons was altwee by die NG gewees, en hulle het, sy en haar nuwe man, ek weet nie wat doen hulle nie, maar Sondae doen hulle hierdie vier ure kerk en ek dink amper hulle is nou 180˚, of so iets, is daar so iets? 360 of 180, ek weet nie waaroor dit gaan nie dominee, dis al wat ek kan sê.

R06#3P2-3: 0V: Jou eksman, is hy in ‘n ander kerk?
R06: Ook grootgeword, of hulle, ek weet hy was by ‘n kerk gewees, maar dit was nie die NG Kerk nie. Ek self was ‘n paar keer daar, ek het in hulle vasgeloop by die kerk self, maar ek dink nie hulle is amptelike lidmate van die kerk nie, en om die eerlike waarheid te sê, ek kan nie dink dat die kinders al in maande gepraat dat hulle by ‘n kerk enigsins uitkom nie. So ek dink nie hulle is rêrig lidmate van ‘n kerk nie.

R08#3P2-3: OV Julle is in die NG Kerk, is sy pa in ‘n ander kerkgenootskap?
R08:Sy pa was saam met ons in die NG Kerk al die jare, maar hy het maar nooit gegaan nie. Dit was maar altyd net ons twee. Hy is op hierdie stadium in die Ewige Lig. Hy het so bietjie die laaste ruk se lewe probeer verander, hy het nou daar leiding gevind. Hy gaan nou gereeld Ewige Lig toe

R14#3P1: So, meeste van die tyd, weens die kerkassosiasie van my ouers, wat ‘n ander een as ek het, het ons ‘n effense, ek en my kind en hulle praat nie baie oor geloof nie, nie in detail nie, want daar is verskillende verstandhoudings van dit.

R14#3P5-6: OV: Sou daar spanning wees wat jou dogter beleef dat julle twee, jy as ma en hy as pa se verstaan in geloof in ‘n groot mate sou verskil?
R14: Ek dink as sy daaroor dink, dan sal daar definitief wees. Ek vermoed, ek het nou nog nie met haar daaroor gepraat nie, maar ek vermoed dat sy ‘n redelike verstandhouding het dat haar pa ‘n ateïs is en dat hy nie oor geloof praat en so aan nie, en ek dink sy raak nie onderwerp aan indien sy met hom kommunikeer nie. So ek dink dis vir haar op hierdie stadium is haar pa ‘n ateïs, ek weet nie of sy die terme ken of verstaan nie, maar ek dink nie hulle praat daaroor nie.

R15#3P3: Kyk, sy het, die oudste een word glad nie blootgestel, sy weet glad nie oor hoe sy geloof en sy lewe is nie. Omdat sy nie met hom kontak het nie. Sy het glad nie met hom kontak nie. Maar, wat dit vir my ‘n uitdaging maak, is die manier hoe hy Christenskap misbruik, en hoe sy sien hoe hy leef, is dit vir my ’n uitdaging, want jy praat uit die mond uit van ‘n Christen, maar jy doen dit op ‘n ander manier.

- **Spanning oor die verskil in geloofsoortuging (16 = 94%)**
- **Hiermee saam die impak van die verlies van ooreenkoms van geloofsopvoeding (Vraag 2) (10 = 59%)**

*Die spanning wat die ouers se verskil in geloofsoortuiging bring, word deur die meeste respondente erken. Dis belangrik om hier die respondente se reaksie nie net te beperk tot die rapportering van spanning nie, maar om ook die meer breedvoerige gesprek daaroor van kennis te neem. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#3P2-3: OV: Enige spanning tussen die geloofsuitkyk wat jy het en tussen jou eksman se geloofsuitkyk?
R1: Ja daar is nogal, ja definitief. Dis meer ‘n liberasistiese uitkyk van die een en weer ‘n konserwatiewe uitkyk van die ander ouer. Dit het ‘n bietjie spanning veroorsaak na die egskeiding, jy weet voor die egskeiding was ‘n ou meer ‘n span en jy het saamgepraat en na die egskeiding is ’n ou se oortuiging bietjie verander.

So, dit het definitief spanning meegebring, dit was meer tussen my en hom, hy het dit nie noodwendig op die kinders afgedwing nie.

R02#2P1: Ons het geen ooreenkoms gehad in ons egskeidingsooreenkoms nie. Maar dit was ‘n reuse geveg, ek wou gehad het hulle moet Sondagskool toe gaan en hy het gevoel dit was nie nodig nie. Hy het hulle negatief beïnvloed, so op die ou einde kon ek niks met hulle uitgerig kry nie, en hulle wou nie gaan nie.
OV: Maar ek gaan jou nou vra, waarom het dit gebeur?
R02 Hy het na ‘n ander kerk toe gegaan. En in die kerk het hulle gevoel belydenis van geloof is nie so belangrik nie, en dit het tot groot gevegte tussen my seun en my vriend ook gelei, dit het ‘n reuse skeuring tussen hulle veroorsaak, want my vriend het vir my opgestaan en wou gehad het my seun moes Sondagskool toe gaan, en hy het geweier en toe was daar groot woordewisselings tussen hulle en dit het my lewe eintlik drasties verander.

R03#3P1-3: In die begin het ons nie baie nie, die laaste paar jaar, twee of drie jaar, praat ons baie informeel daaroor. My dogter gaan na ‘n ander kerk toe, ek en my seun gaan na ‘n ander kerk toe, maar in die huis praat ons baie oor wat is die doel van alles, wat het die Here se rol in ons lewe gespeel, algemene dinge, so ons doen dit nogal baie
OV: Ek hoor dat daar nou twee kerke betrokke is, so is daar nou ‘n gemeente, jy gaan na ‘n ander kerk toe en jou eks gaan ook na ‘n ander kerk. Is dit ook ‘n ander kerkgenootskap?
R03: Ja, ek dit is ‘n ander kerkgenootskap.

R04#3P1-5: Ook as ons kerkdienste kyk, sal ek sê het julle gehoor wat sê dit in die Bybel en dan ook het julle vrae soos hoekom die doop. So ons het gesprek tussen ons drie. By hulle pa, nee nie regtig waarvan ek weet wat hy daai fondament vir hulle so sterk lê nie.
OV: Is hy nou in ‘n kerk?
R04: Nee hy is in geen kerk nie
OV: Ervaar jy dat daar somtyds spanning is by die kinders is oor die feit dat jy in ‘n kerk is en hy nie
R04: Nee, nie waarvan ek weet nie.

R05#2:1: Nee, nee ons het nie ‘n ooreenkoms gehad nie, ek dink elkeen het maar gemaak en smaak soos hy wou. Soos ek vir jou gesê het dominee, dit is maar ‘n oorlogsveld, daar is nie baie tyd vir ooreenkomste nie, jy wil maar so min tyd met mekaar as moontlik hê. Nee, daar was nie baie ooreenkomste nie. Inteendeel, my eks het altyd is “issue” gehad as ons Sondae moes kerk toe kom, sy was laat en daar was altyd ‘n gestryery en dan bly sy maar by die huis.

R06#2P1: R6: Okey, daar was geen ooreenkoms gewees ten opsigte van dit, nie vir enige geloofsopvoeding nie. Ek het grootgeword in die NG Kerk en ek het probeer om dieselfde, om my kinders ook saam my te bring kerk toe. Daar was ‘n gedeelte of ‘n lang ruk wat ek nie ‘n lidmaat in die kerk was nie. So as ek kerk toe gaan het, het die kinders saam my gegaan. Die naweke wat hulle nie by my was nie, het ek nie oor beheer gehad nie. Maar daar was geen ooreenkoms tussen ons gewees oor geloofsopvoeding nie, niks nie.

R06#3P1-4: 0V: Jou eksman, is hy in ‘n ander kerk?
R06: Ook grootgeword, of hulle, ek weet hy was by ‘n kerk gewees, maar dit was nie die NG Kerk nie. Ek self was ‘n paar keer daar, ek het in hulle vasgeloop by die kerk self, maar ek dink nie hulle is amptelike lidmate van die kerk nie, en om die eerlike waarheid te sê, ek kan nie dink dat die kinders al in maande gepraat dat hulle by ‘n kerk enigsins uitkom nie. So ek dink nie hulle is rêrig lidmate van ‘n kerk nie
OV: Het jy ooit beleef dat daar spanning is by die kinders omdat jy en hy nie in dieselfde kerkgenootskap sou wees nie?
R06: Nee, ek dink nie die kinders ervaar rêrig spanning daaroor nie, spanning oor ander goed, maar definitief nie oor ons verskillend dink en verskillend voel oor geloofsake nie.

R07#2P1: Daar, ons was eers in die Gereformeerde Kerk gewees, ek was nooit gelukkig in die Gereformeerde Kerk nie. Toe ons uitmekaar uit is, het ek dadelik oorgekom na hierdie gemeente toe en my kinders het dadelik ingeskakel, die oudste het dadelik ingeskakel by die kategese en ek het dit net so oorgedra aan die pa. Dit het nie vir my sin gemaak dat, praktiese reëling, sou hulle ‘n naweek na

hom toe gaan, nou gaan hulle na ‘n Gereformeerde Kerk toe, daar gaan hulle nie noodwending inpas by hulle kategese nie, want hierdie is hulle basis. So hy was tevrede daarmee, ek was altyd in die NG Kerk voor ek getroud is. Hy het nie met alles saamgestem nie, en ek het nie met die Gereformeerde Kerk se sienings saamgestem nie, maar hy was tevrede gewees, daar was geen konflik of enige negatiwiteit daaroor gewees nie.

R07#3P2-3: Voortspruitend daaruit, hier is eintlik twee kerke by betrokke, die kerk van hulle pa en die NG Kerk waarby jy ingeskakel is. Sou jy sê daar is spanning is oor die twee kerke, het hulle spanning ervaar, dat daar ‘n verskil is in die geloofsagtergrond?
R07: Nee, ek dink nie hulle besef regtig in watse kerk is hulle pa nie. Askies, dit klink verskriklik, maar eerlikwaar, weet ek nie of hy kerk toe gaan nie, ek kan nie vir jou sê nie, ek praat nie met hom daaroor nie, dit is sy saak. Ek weet die kinders was tweekeer saam met hom, toe hulle klein was, kerk toe, want mense wat ek ken in daai gemeente, het vir my gesê hulle het hulle gesien. So daar is nie, hulle weet glad nie wat die opset is tussen Gereformeerde Kerk en Nederduits Gereformeerde Kerk nie. Dit wat hulle hier geleer het, is wat hulle ken.

R10#2P1: My eks het nie regtig ‘n geloofsoortuiging gehad op daai punt en stadium nie. Inteendeel hy het my meegedeel op daai punt en stadium dat hy glo almal se gode is God. Ek het net gesê, weet jy, hy word groot in my huis, hy bly meeste van die tyd by my, en omdat hy so onbetrokke is, sal ek my seun blootstelling gee aan die Christelike geloof, ek is ‘n Christen, So ons het nie regtig ‘n ooreenkoms gehad nie, maar meer net ‘n “understanding” dat ek hom gaan grootmaak in die Christelike geloof omrede ek ’n Christen is en hy het in hierdie tyd geen rol gespeel rondom dit om hom enigsins anders te oortuig nie. So daar was geen ooreenkoms gewees nie.

R10#3P1-3: My seun is nogal ‘n redelike geestelike ou. Hy hou daarvan om oor hierdie goed te praat, diti interesseer hom geweldig. So ons het gereeld gesprekke oor goed wat hy sou hoor, oor goed waarvan hy nie seker is nie, omdat hy so betrokke is by die kerk en jeugaktiwiteite kom hy huis toe met ‘n woord wat hy kry en leiding wat hy kry, goed wat hulle bespreek het en dan sal hy met my daaroor gesels. Die oggende as ons skool toe ry, voordat ons ry in die oggende, het ons ‘n

oomblik wat ons eers ‘n gebed het, en as hy iets spesifieks het oor wat hy gehoor het of gelees het, dan sal ons dit bespreek in daai tyd wat ons skool toe ry, dit is ‘n klein kort rukkie, maar ons praat nogal baie, So ja, ons het oop gesprekke, ons sit en gesels met mekaar daaroor. Jis, hy het partykeer baie groter wyshede as sy ma, antwoorde wat sy ma nie eers het nie, of insig wat sy ma nie eers het nie. Ons gesels rêrig openlik daaroor. Ons sit nie ‘n spesifieke tyd uit nie, behalwe nou in die oggende voor ons skool toe gaan, waar ons gaan sê, nou gaan ons oor geloof praat nie. Dit kom spontaan, maar dit gebeur op ‘n gereelde basis

OV: Wat belangrik vi my hier is, is pa se geloofsoortuiging is heeltemal anders as julle sin, is daar spanning by hom oor die geloofsoortuiging tussen die twee huise?
R10: Hy het wel sy pa op ‘n stadium gekonfronteer daaroor want ons het ‘n gesprek toevallig gehad daaroor, oor die verskillende geloofsoortuigings en ek kon sien dit het my seun geraak dat sy pa glo wat hy glo, en hy het toe sy pa gekonfronteer daarop, waarop sy pa toe vir hom gesê het, nee maar hy glo ook in ons God. Vir hom as seun was dit genoegsaam vir hom op daai punt en stadium, en hy het dit nie verder bespreek nie. Hy het wel gevoel hy wil vir sy ma sê dat pa nou ook saamstem met die geloof wat ons het dat daar net een God is en dit is ons God en nie al die gode nie. Dis hoever die gesprek gegaan het. My seun is ‘n “people pleaser” wil ek sê. En dit is nie noodwendig sleg dat ek sê, hy het nie “guts” nie, somtyds sal hy ‘n situasie opsom en hy sal sien, kom ek los dit eerder daar, ek hoor jou, ek stem nie noodwendig saam nie, maar ek gaan dit nie verder vat nie, en hy sal van die af weg beweeg en dan sal hy eerder later terugkom daarna toe. Maar hy is nie ‘n persoon wat jou gaan aanval en sê, jy sê nou so, jy sê nou so en hoekom nie. Hy sal dit eerder los vir ‘n latere gesprek. So ek dink dis dalk dat hy nie ‘n argument wil veroorsaak tussen hom en sy pa nie, want hy hou nie van die baklei nie, dis nie vir hom lekker nie. Hy hou glad nie van die bakleiery tussen ons nie.

R12#2P1: Ek en my gewese man het nooit rêrig met mekaar gesit en praat daaroor nie. Dis was maar, hy was, ek wil nou nie die Dopper woord gebruik nie, hy was in die Gereformeerde Kerk en ek kom uit die NG Kerk uit. So daar was party goed wat verskil het, Daar was ook baie keer argumente as gevolg van goed, want hulle doen goed, klein bietjie meer konserwatief as wat ons dit gedoen het. Ek het baie respek

vir my pa en my pa wat my op die regte manier grootgemaak het. So ons het "actually" nooit gaan sit en besluit het so en so gaan ons ons kinders laat glo nie. Dit het baie van my gevat om hom te oorreed en my skoonouers te oorreed om ons kinders te laat doop en te laat kerk gaan in die NG Kerk, omdat hulle dit graag andersins wou gehad het.

R13#2P1: Alhoewel ons in die Susterkerk getroud was, het ek weggebreek. So met ander woorde, ek is Groot Gedoop en ek wou nog altyd gehad het my kinders moet Groot Gedoop word. So, na die egskeiding is ek na 'n ander kerk toe en hy en die kinders het gevolg. Ek het hom oorreed dat ons almal tog steeds in een kerk moet wees en ons gaan elke Sondag na een kerk toe, nie as 'n gesin nie, maar 'n gesin. My kinders is nou daar in die kerk, hulle is Groot Gedoop daar. So, dis moeilik, ons sien nie Godsdiens dieselfde nie. Alhoewel hy daar ge-Groot Doop is ook, sien ons nie Godsdiens dieselfde nie. Ons hanteer Godsdiens nog steeds op twee verskillende maniere, so wat die kinders aanbetref, kry hulle Godsdiens uit twee verskillende oorde uit.

R13#3P2-5: OV: Jy het dit duidelik nou gesê. Jy en jou eksman verskil oor julle gedagtes van kerk, geloof. Dink jy dit skep ook spanning by die kinders?
R13: Ja, definitief, want die kinders sal my iets kom vra en dan sal ek dit om my geestelike manier beantwoord, maar dan sal hy sê, presies presies wat nou gebeur het met die rekordeksamen. Die kinders was nie by my nie, hulle was by hom gewees en ons het mekaar toe nou Maandag by die skool gekry omrede die een toe nou iets vergeet het en ons het mekaar toe daar gekry, niks is per toeval nie. Toe sê ek maar ek wil eers vir my kind bid, toe het hy my half gekoggel daaroor en vir my gesê, gaan jy nou eers die kind inseën, toe sê ek vir hom ja. Ek het die kind gesalf en toe net daar in die pad vir hom gebid en hy is vort met sy rekordeksamen. So ja, ons verskil verskriklik baie oor wat ons opinies oor dieselfde kerk betref en dit beïnvloed my kinders ook.
OV: Maak dit hulle deurmekaar?
R13: Ek dink dit maak hulle deurmekaar, alhoewel hulle die vrugte van my gebed in my huis sien, sien hulle dat daar nie eintlik vrugte is in sy huis nie, maar ek dink

nie hulle eien dit, ek dink hulle sien dit, maar hulle verstaan nog nie, omrede hulle nog nie geestelik op daai vlak is om dit so te verstaan nie.

R14#3P2-5: OV: Goed, uiteraard, julle het wel nou van gemeente verwissel. Jou gewese man, is hy nog in dieselfde kerkverband as julle, of is hy êrens anders of nêrens?
R14: Wel, ek glo hy is nog in dieselfde kerkverband, maar ek dink nie hy woon enigsins kerk by nie.
OV: Sou daar spanning wees wat jou dogter beleef dat julle twee, jy as ma en hy as pa se verstaan in geloof in 'n groot mate sou verskil?
R14: Ek dink as sy daaroor dink, dan sal daar definitief wees. Ek vermoed, ek het nou nog nie met haar daaroor gepraat nie, maar ek vermoed dat sy 'n redelike verstandhouding het dat haar pa 'n ateïs is en dat hy nie oor geloof praat en so aan nie, en ek dink sy raak nie onderwerp aan indien sy met hom kommunikeer nie. So ek dink dis vir haar op hierdie stadium is haar pa 'n ateïs, ek weet nie of sy die terme ken of verstaan nie, maar ek dink nie hulle praat daaroor nie.

R17#2P1-7: Hierdie was nogal 'n moeilike een, want ek was met 'n Engelsman getroud en ek het groot geword in die NG Kerk, voorgestel en aangeneem. Omdat hy Engels was, is hulle eintlik meer Lewende Woord Engels, eintlik in die Hatfield Christian Church, maar hy was nie so groot Christen nie. So dit was vir my baie moeilik as ons, toe ons nog getroud was, was ek en die kinders kerk toe, hy het nooit saam kerk toe gekom nie. Hy het 'n paar keer, maar dan verstaan hy dit nie. Toe het ons Hatfield Christian Church toe gegaan. Toe die kinders gebore was, hulle was aangeneem of voorgestel, daai tyd was die voorgestel in hulle kerk, en natuurlik, my man was bietjie van pad af, so die kinders het maar gegaan waar ek gegaan het na my NG Kerk toe. Hulle het maar daar aangesluit en toe later sê die kinders dis nie meer lekker daar nie. Toe het ek Lewende Woord toe gegaan om te kyk of die kinders daar gemakliker gaan wees, want hulle is nou gewoond aan hulle pa se Engelse kerk, en dit was ook nie lank nie, toe is ons maar weer terug by, toei is my kinders ook bietjie groter, my kinders was baie jonk. Toe is ons terug by NG

Kerk, Magalieskruin en hulle het daar by die jeug ingesluit en dit het baie, hulle het die ge-"love" hoor, maar dit was maar altyd.

OV: Ek neem aan hulle is daar groot gedoop?

R17: Nee, NG Kerk doop nie groot nie, want onthou my kinders is gedoop in die Hatfield, toe hulle klein was. En toe het my eksman se lewe reggekom en hy het sy nuwe vroutjie ontmoet wat baie Christelik is, so hy het teruggekom in die kerk in. Sy is ook Engels, hulle is nou by 'n kerk in die Ooste, 'n Engelse kerk. So as die kinders nie by my is nie, toe hulle nog klein was, het hulle Sondae saam met hulle kerk toe gegaan. Maar as hulle terugkom Sondae aande, is dit maar weer by ons gemeente.

OV: Goed, maar die vraag sou wees, het jy en hy gaan sit en daaroor gepraat?

R17: Nee, glad nie.

OV: So hierdie was jou keuse oor waar gaan hulle kerk toe?

R17: Ja,

#### 5.11.3.4 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 5) kan die twee hoofmomente van die vraag duidelik (in bruin) gesien word. Die inhoudelike van geloofsgesprekke in die huis word baie kursories aangebied met 'n fokus op geloofsake, wat die voorkoms van verskillende kerke en geloofsoortuigings by die ouers verreken. Die spanning wat ontstaan en druk plaas op enige gesprek in die huis oor geloofsake word verreken veral waar geen geloofsgeprekke plaasvind nie.




*Figuur 5: Gesprekvoering oor geloofsake in die huis*

#### 5.1.3.5 Resultate en bevindings by Vraag 3

Die respondente het sterk aangedui dat daar wel oor geloofsake tuis gepraat word (82%). Die inhoud van hierdie gesprekke het vir die enkelouer en kinders ‘n direkte verband met omstandighede gehad. So is saam gebid, gepraat oor geloofsuitdagings wat hulle persoonlik geraak het, rou en pyn is met mekaar gedeel. Die gesprekke getuig van ‘n eenvoudige geloofskonsep en nie van gesprekke of beredenering van diepgaande geloofsoortuiging nie.

Die duidelikste tendens wat uit die onderhoude na vore gekom het, was die verskraaldheid van ‘n geloofslewe in die ouerhuis(e) wat daartoe lei dat die hermeneutiese ruimte van die gesin ook ‘n verskraalde verstaan van geloof, God en ‘n geloofslewe tot gevolg het.

Wat egter hier uitgestaan het is die gesprekke oor verskillende kerke en geloofsoortuigings. By Vraag 2 het van die respondente reeds aangedui dat dit spanning veroorsaak en dat die gesprek oor geloofsake daardeur onder druk geplaas word.

By die resultaat van die antwoord op Vraag 3, kom die die agtergrondinligting oor kontak met die ander ouer, Vraag 2 se opmerkings oor verskillende kerke, en die data van Vraag 3 self in verhouding met mekaar.

Die navorser het gevind dat enkelouers in hierdie studie nie graag die spanning tussen die twee ouerhuise se geloofsoortuigings wil erken nie. R02, R05 en R06 het glad nie by Vraag 3 die spanning genoem nie, maar wel by Vraag 2. Die spanning is by Vraag 2 aangedui as ‘n impak van die feit dat daar geen ooreenkoms gesluit is ten opsigte van die adolessent se geloofsopvoeding nie.

R03, R04 en R07 het die woord ‘spanning’ ontken, maar in hulle antwoorde genoeg gesê van die gesprekke oor “baie kerke” en “verskil in siening” en dat dit hulle mening is dat hulle kinders nie spanning beleef nie (R04#3P5: “Nee, nie waarvan ek weet nie.”) Hoewel hierdie respondente geloofsgesprekke met hulle kinders het, word die verskil tussen die geloofsoortuigings van die ouers nie bespreek nie.

In die onderhoude het 94% van die respondente aangedui dat daar spanning in die huis oor verskillende geloofsoortuigings is (nadat hulle dit eers ontken het). Dit is egter nie ‘n onderwerp wat die ouers graag wil bespreek nie. In vorige navorsing het Scholtz (2018:74) gevind dat adolessente nie graag met hulle ouers oor die verskil in geloofsoortuiging tussen hulle ouers praat nie. Die enkelouers in hierdie studie het aangedui dat hulle wel spanning by hulle kinders ervaar, maar kies om nie met hulle daaroor te praat nie.

R10 verdien spesiale aandag. Die gesin het van kerkgenootskap verander, die enkelouer is steeds net by eredienste betrokke, maar die adolessent het baie betrokke geraak by die nuwe kerkverband waarby hulle nou inskakel. Die adolessent het ook die ander ouer gekonfronteer oor geloofsake. R10 het egter getuig dat die adolessent nou kies om nie daaroor te praat nie: “Hy hou glad nie van die bakleiery tussen ons nie”.

R13 het reguit gesê dat die verskil in geloofsiening die kinders “deurmekaar” maak.

Ouers laat eerder dit aan hulle kinders oor om self te besluit by watter kerk hulle tuis voel en wil inskakel. Die gesprek oor kerkverband word eerder vermy.

Die navorser het die kontak tussen die adolessente en hulle ouers met die spanning in geloofsake vergelyk en gevind dat daar ‘n korrelasie tussen die kontak en spanning oor geloofsake is: die adolessente wat minder gereelde kontak met hulle ander ouer het, is meer geneig tot spanning in geloofsake.

Die kerk moet kennis neem van die vlak van gesprek oor geloofsake in enkelouers se huise, maar ook ernstig aandag gee aan die spanning wat tussen die twee ouerhuise bestaan vanweë ‘n verskil in geloofsoortuiging.

Met die resultaat van Vraag 2 in gedagte, sou ‘n formele- of informele ooreenkoms oor geloofsopvoeding reeds hierdie spanning kan verlig.

### 5.11.4 Aanvaarding in die kerk/gemeente

#### 5.11.4.1 Vraag 4 en 5

Die vierde en vyfde vraag het te doen met die kern van die ondersoek. Hierdie studie fokus uiteindelik op die ondersteunende handeling (of afwesigheid daarvan) van die gemeente aan die enkelouergesin in die geloofsontwikkeling van adolessente.

Die vierde en vyfde vraag wil bepaal of die respondente aanvaarding ervaar in ‘n kerk/gemeente en dan wat die faktore is wat daartoe bydra dat hulle aanvaar word of nie.

Die antwoorde op hierdie vrae sal die navorser help om te verstaan wat die belewenis van die respondente is, asook watter faktore in berekening gebring moet word by die aanbevelings om die bediening aan die enkelouergesin te bevorder.

Die volgende vrae is aan al die respondente gevra:

Vraag 4: *Ervaar jy dat die gemeente jou en jou gesin aanvaar?*

Vraag 5: *Wat sou jy sê is die faktore wat bydra tot julle aanvaarding in ‘n gemeente?*

By hierdie vrae is ‘n subvraag ingesluit, wat vra of die enkelouer met sy/haar gesin ‘n gesinsbyeenkoms/aktiwiteit van die kerk sal bywoon.

Die ooreenkoms of kontras in die antwoorde tussen Vraag 4 en 5 en die subvraag sal die egtheid van Vraag 4 bepaal.

### 5.11.4.2 Relevante agtergrondinligting

Die relevante inligting wat uit die *Beperkte Agtergrondinligting Vraelys* verkry is (Vrae 3 en 4), is hier van toepassing

| Respondent Kode | Kerkverband Voor egskeiding | Kerkverband Huidig | Hudige Kerklike Betrokkenheid | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | Onaktief | Slegs Erediens-bywoning | Erediens en aktief betrokke |
| R01 | NG Kerk | NG Kerk | | | X |
| R02 | NG Kerk | Geen | X | | |
| R03 | NG Kerk | NG Kerk | | X | |
| R04 | NG Kerk | NG Kerk | | | X |
| R05 | NG Kerk | NG Kerk | X | | |
| R06 | NG Kerk | NG Kerk | | X | |
| R07 | Geref Kerk | NG Kerk | | | X |
| R08 | NG Kerk | NG Kerk | X | | |
| R09 | NG Kerk | NG Kerk | | X | |
| R10 | NG Kerk | Ewige Lig | | X | |
| R11 | NG Kerk | NG Kerk | X | | |
| R12 | NG Kerk | NG Kerk | X | | |
| R13 | NG Kerk | Ewige Lig | | | X |
| R14 | NH Kerk | NH Kerk | | X | |
| R15 | NG Kerk | Ewige Lig | | X | |
| R16 | NG Kerk | NG Kerk | X | | |
| R17 | Hatfield C C | NG Kerk | | X | |
| R18 | Onttrek | | | | |
| R19 | Onttrek | | | | |
| R20 | Onttrek | | | | |

*Tabel 5: Kerkverband en betrokkenheid*

#### 5.11.4.3 Data Rapportering

Die hoofaspekte van die vraag was om te bepaal of respondente aanvaarding in ‘n kerk geniet. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmoontlikhede wat kan bestaan (aanvaar/nie aaanvaar nie) en soos wat die respondente aangedui het. Die getal na die moment in hakies dui die getal respondente aan wat ‘n spesifieke moontlikheid aangedui het:

- **Ervaar aanvaarding (12 = 71%)**

*Eerste reaksie op die vraag of gemeente hulle aanvaar. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#4P1: Jong as ek dit in kort moes antwoord, sou ek gesê het ja. Ek het nog nooit gevoel dat die gemeente ons nie aanvaar nie.

R02#4P1: Dit het nooit vir my gevoel of ek verwerp word omdat ek geskei is nie.

R03#4P1: Waar ek nou is, ja hulle aanvaar ons.

R05#4P1: Ja, ek het nog nooit van enigiemand by ons kerk, mense wat ek ontmoet, mense op straat, waar ookal ek hulle ontmoet, enigsins gevind, is jy afstootlik of my nie wou aanvaar of gedink ek is nou ‘n geskeide man en jy is nou verkeerd en jy moes nie dit of jy moes nie dat nie. Nee glad nie, ek voel warmte, van ons by die kerk ook.

R06#4P1: Ja, ek doen, en die feit dat my suster en my ma deel was van die gemeente toe ek Pretoria toe verhuis het, het dit natuurlik vir my baie makliker gemaak, want ek het reeds iemand geken.

R07#4P1: Ons het gepraat soos ‘n ons gepraat het en ek het totale aanvaarding ervaar, want dit is mense-mense. En ook, ons gemeente is ‘n ouer gemeente as jy gaan kyk na die mense wat die kerkdienste bywoon. Maar dit het my nooit gepla nie.

R08#4P1: Ja, ons word aanvaar. Mens is al so lank in die omgewing dat almal ken mekaar. Ons ken mekaar, die mense in die kerk. So ja, mens word aanvaar.

R10#4P1: Ek ervaar dit wel so, ja. Hulle het ons nog nooit uitgesonder dat ons voel die kollig word op ons geplaas as ‘n enkelma en ‘n seun sonder ‘n pa nie.

R11#4P1: Ja, definitief. Ek glo hulle sal. Ons is darem gelowiges, al gaan ons nie kerk toe nie, maar ons weet en glo in die Here.

R12#4P1: Die dag toe ek daar instap, besef ek, maar ek was al hier, maar ek kon dit nie plaas nie. Toe “eventually” onthou ek dit. Hulle het my kinders met ope arms ontvang, my met ope arms ontvang.

R13#4P1: Ja, net soos wat ons is. So deurmekaar en ongeorden soos wat ons is, ja.

R14#4P1: Ja, tans die gemeente wat ek nou is, doen. Daar’s nie, ek dink daar kan meer gedoen word, daar is altyd plek vir groei, maar op hierdie stadium is ons welkom in die gemeente.

- **Faktor wat bydra tot aanvaarding: Leraar/Gemeenteleier (12 = 71%)**

*Die verhouding met die leraar/gemeenteleier is duidelik die hooffaktor waardeur die enkelouergesin aanvaarding ervaar. Hier is die respondente se reaksies:*

R04#5P1: Ek dink die dominees, ek voel baie tuis by hulle en om met hulle te praat en my kinders ook.

R04#5P1: maar die aangename deel is tog wat jy gaan en seker soos die dominees wat ek ken

R05#4P1: Soos ek nou nou gesê het een dominees wat 'n ruk oorlede is, het met my 'n paar sessies gehad, en dit het alles bygedra tot moeilike tye wat ek deurgegaan het. Ek dink van die vrae wat ons nou nou by gaan uitkom, gaan ons 'n bietjie meer uitbrei daarop. Maar die dominee wat oorlede is, hy het baie tyd aan my gespandeer, so hy was maar primêr het ek by hom aangeklop. Ek wou nie by te veel verskillende dominees uitkom nie, want ek dink hy moet jou probleem ken. Jy kan nie elke keer vir 'n nuwe dominee vertel wat jou probleem is nie en hy moet "catch up, cacth up" nie. So daai dominee het my agtergrond geken en ek het met hom die pad geloop.

R06#4P1: Ek het ook een van die predikante geken van jare terug, so, dis nie dat ek ervaar het dat mense my nie aanvaar, so ja, dis net dat ek is 'n mens wat my eie probleme hanteer.

R06#4P1: Die NG gemeente waar ek ingeskakel het, het die predikant my kom sien en ons het soos mense gepraat. Dit is nie van o jis die dominee kom nie en/of die ouderling kom nie en jy moet jou woorde tel nie. Ons het gepraat soos 'n ons gepraat het en ek het totale aanvaarding ervaar, want dit is mense mense.

R07#5P1: Weet jy wat, ek dink dis daai eerste kontak met die predikant. Dit het dit gemaak. Absoluut. As dit nie vir dit was nie, weet ek nie waar ek sou gegaan het nie, Ek sou dalk na 'n ander kerk toe gegaan, maar na daai besoek, het ek onmiddellik gevoel "that's my place"

R09#5P1: Ek kan nou nie sê of dit is omdat ek en die dominee se vrou goeie vriendinne is nie, en vir jare lank al goeie vriendinne is nie, maar niemand het my ooit eenkant toe gesit oor ek nou nie getroud is en gedink, ja wat soek sy nou hierso.

R11#5P1: Ek ken die dominee, goeie man, mens kan enige tyd met hom praat. Ek is eerlik, en hy ken my. So daar is 'n verhouding tussen die dominee, nie die dominee en die kerk nie. Ek kan enige tyd die dominee bel en sê, ek wil jou kom

sien, of praat met my, so daar is darem 'n goeie verhouding tussen die dominee en my, kan jy sê

R12#4P1: die dag toe ek hier instap, besef ek ek was al vantevore daar, maar ek kon nooit plaas hoe was ek daar nie. En toe kon ek onthou en plaas, baie jare voor ek en my eksman geskei is, dit was die naaste kerk aan ons wat huweliksberading gedoen het en ek en my eksman was daar vir huweliksberading op 'n stadium. Die dag toe ek daar instap, besef ek, maar ek was al hier, maar ek kon dit nie plaas nie. Toe "eventually" onthou ek dit.

R12#4P1: Toe kontak ek die kerk en op daai stadium was die predikant die jeugpredikant gewees en ek het geweet hy het 'n baie goeie verhouding met die predikant. Die predikant het sy deure oopgemaak, hy het daai kind gevat, ek was nie by nie, ek wou nie by wees nie. Hy het gesê hy wil nie hê ek moet by wees nie, hy wil alleen met die kind praat, en my kind het teruggekom, dit was seker so vier jaar terug, en daai kind het handomkeer verander. So, daai kerk het nog nooit hulle rug op my gedraai nie, maak nie saak hoe moeilik dit was nie.

R13#4P1: En die pastore sal ook weet, sou een van die kinders met hulle gaan praat, of laat hulle bid, hulle verstaan die opset van die gesin.

R14#5P1: Die leraargroepering wat jonk is, ek meen die oudste leraar in die kerk is my ouderdom. Die leraar se eie ervaring van sy persoonlike lewe af, wat ek nou agtergekom en ook gehoor het uit gesprekke wat hy ook uit 'n egskeidingshuis is, sy ouers is ook geskei.

- **Faktor wat bydra tot aanvaarding: Persoonlike Kontak (5 = 29%)**

*Persoonlike kontak met veral bekendes is 'n faktor van aanvaarding. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#5P1: Ek dink dis tweeledig. My aanvaarding tot jou en jou aanvaarding tot my. Ons almal is maar net mens, ons almal is vol sonde.

R06#5P1: Ek was maar net ‘n vreemdeling, dis al, maar dis nie of ek gevoel het daar is nie aanvaarding vir my nie. En spesifiek nie oor my huwelikstatus nie. Ek sal nie sê dat ek enigsins ervaar het dat my huwelikstatus maak my ‘n vreemdeling in Egipte nie. Soos ek sê, ook omdat my suster vantevore geskei en sy was ‘n geskeide persoon ook in die gemeente.

R08#5P1: Ek dink die feit mens al so lank in die omgewing is en almal ken mekaar. Jy ken mense, so jy pas in, jy is nie dat jy moet inpas in ‘n vreemde dorp of vreemde kerk nie

R10#5P1: Ek dink mens voel altyd welkom. Niemand word uitgesonder nie, ons word rêrig almal dieselfde hanteer. Om die eerlike waarheid te sê ook, is die mense wat ons elke dag in die kerk sien, ons sal miskien staan en koffie drink voor kerk, niemand probeer hulleself bo iemand stel om te sê, o jinne, ek is so en so of ek is die en die en dit is my titel. Almal is so half op dieselfde vlak daar en ons is vir dieselfde rede daar om bedien te word en dit maak my voel dat ek deel vorm, of aanvaar word in die gemeente.

- **Faktor wat bydra tot aanvaarding: Individue (5 = 29%)**

*Individue wat gesinne laat welkom voel, is ‘n faktor vir aanvaarding.. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#5P1: ‘n Gemeente is ‘n groep mense, so daar is sekere individue wat jou aanvaar

R04#5P1: Hier en daar sal jy van hulle kry wat jou probeer intrek. En dit is vinnig

R12#5P1: Ek is regtig nie seker of daar ‘n rede is hoekom ons aanvaar word nie. Ja, ons is.

R17#5P1: Dis eintlik net die mense, die gemeentelede self.

- **Erediensbywoning en Gesinsaktiwiteite**

*Die agtergrondinligting (Tabel 5) is hier van toepassing. Hoewel die meeste respondente (12 = 71% in dieselfde kerkgenootskap gebly het, as voor die egskeiding, is hulle huidige betrokkenheid van toepassing. Slegs 4 (24%) van die respondente is aktief in 'n gemeente betrokke, 7 (41%) woon net die erediens by, en 6 (35%) is onaktief (cf Tabel 5). Die volgende respondente se betrokkenheid kom ooreen met hulle aanvaarding in die gemeente: R01, R04, R07 en R13. Vervolgens.slegs 'n paar voorbeelde van erediensbywoning en gesinsaktiwiteite:*

R01#5P2-3: OV: As 'n gemeente praat van 'n diens wat vir gesinne gehou word, voel jy welkom om as gesin daar te wees?
R01: Ja.

R03#5P2-3: OV: So as daardie gemeente waar jy nou is, 'n gesinsbyeenkoms reël, sou jy welkom wees om jou en jou kinders saam te neem?
R03: Ja, definitief.

R04#5P2-3: So as die kerk, 'n gesinsbyeenkoms reël, of enige ander gesinsaktiwiteite reël, voel jy dat jy sal gaan?
R04: Dit hang af watter byeenkoms ja, daar is sekeres wat ek sal bywoon.

R06#5P1-3: ek gaan kerk toe en as dit klaar is, klim ek in my kar en kom huistoe. Dis nie dat ek ervaar het dat ek nie aanvaar word nie, ek is net baie eenkant, nou nog, ek ken min mense in die gemeente.
OV: As die gemeente enige gesinsbyeenkomsaktwiteit sou hou, sou jy en jou gesin gevoel het julle is welkom dat julle hiernatoe kom?
R06: Ja.

R07#5P2-3: OV: Indien die gemeente iets aanbied, soos 'n gesinsaktiwiteit aanbied, sou jy voel jy en jou twee seuns is welkom om dit by te woon?
R07: Ja, nee wat, ek sou glad nie twee keer gewonder het of ek nou kan gaan of nie kan gaan nie. En selfs, ag soos gemeente etes, dit voel nie vreemd of jy word uitgekyk as jy alleen daar aangestap kom met jou kinders nie.

R12#5P2-3: OV: En as die gemeente 'n gesinsaktiwiteit aanbied, voel jy dat jy saam met jou twee kinders dit bywoon?
R12: Yes, ek sal, ek sal met die grootste liefde.
R13#5P2-3: OV: Indien die gemeente waar jy nou is, 'n gesinsaktiwiteit reël, sal jy met jou twee kinders soontoe gaan?
R13: Dit hang af, as dit my week is, sal ek met hulle gaan, maar as dit pa se week is, dan gaan ek nie. As dit my week is, voel ek ons is 'n gesin.

- **Ervaar nie aanvaarding nie (5 = 29%)**

*Nie almal het aanvaarding beleef nie. Eerste reaksie op die vraag of gemeente hulle aanvaar. Hulle het 'Nee' geantwoord. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#5P1: En almal vorm tog deel van die gemeente en van 'n groep mense. So ek dink nie ek kan sê, nee dit het nog nooit vir my gevoel of asof ons uitgedruk word nie, ek of my kinders, maar daar is tog individue vir wie ek, ek noem nou enkellopende vrou, daar is enkellopende mans ook vir wie ek 'n bedreiging inhou nie. En en enige groep mense is daar maar klein groepies, as ek nou die Engelse naam noem "click" sou ek gesê het dat jy nie noodwendig daar sou inkom nie,

R02#5P1: Dit het nooit vir my gevoel of ek verwerp word omdat ek geskei is nie. Ek het net ongelooflik alleen gevoel. Ek moet sê die hartseerste oomblikke wat gehad het, was as ek alleen in die kerk moes sit, want dis 'n familieding en skielik is ek alleen.

R07#5P1: My kinders het moeiliker ingeskakel by die kategese sal ek sê, ek weet nie, dit is dalk 'n tienerding, daar was in beide van hulle, die jonger en die oudste se groep, was daar min van hulle skoolmaats deel van die kategese klasse. So die oudste seun het sy belydenisklasse gedoen by 'n ander gemeente naby, waar hy toe ook belydenis van geloof afgelê het, Die jongste een het in ons gemeente belydenis van geloof afgelê. Hulle geaardhede verskil 180°.

R14#5P2-3: OV: Maar jy het nie so gevoel in die vorige gemeente nie?
R14: Nie in die vorige gemeente nie, nee. In die vorige gemeente was ek die enigste enkelma gewees onder die ouderdom van 40. My beste vriendin in die kerk was 70. Ek het geen enkelouer of enkelma gehad met wie, my portuurklas was nie.
R15#5P1: Kyk, dominee, om eerlik te wees, ek het nog nie aangeskakel by die gemeente nie. Ek dink 'n gemeente is partykeer so groot, hulle weet nie rêrig die helfte wat in party mense se lewens aangaan nie, behalwe as daar begrafnissake is, of as iemand dalk fisies na die gemeente toe gaan en sê ek het hierdie leiding nodig, dit is wat nou in my lewe aangaan.

R17#5P1: Ek het altyd alleen, op 'n tyd wou ek nie eers meer terug kerk toe gaan nie, want ek voel alleen, hier sit ek alleen, ma sit alleen daar, verstaan jy? Die kinders is by die kinderkerk en dan kom hulle daar, dis wat my gevang het.

- **Faktor wat bydra tot nie aanvaarding nie: Enkellopende persoon bedreiging (3 = 18%)**

*Faktor wat bydra tot nie aanvaarding nie: Enkellopende persoon is 'n bedreiging ir veral paartjies. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#5P1: 'n Gemeente is 'n groep mense, so daar is sekere individue wat jou aanvaar en sekere individue vir wie 'n enkellopende vrou 'n bedreiging is.

R02#5P1: Mense word aanvaar, hulle is nie werklik deel van 'n groep nie, getroude vrouens voel bedreig deur geskeide vrouens.

R04#5P1: Ek voel hulle aanvaar my, maar ek voel nog steeds soos 'n buitestaander. Ek is nie betrokke by, ek weet nie, daai groepies, daai nou ma's, jy voel nie, seker maar omdat baie getroude mense is, en ek wil nie graag inskakel of betrokke raak nie.

R14#5P1: Almal in die kerk was getroude paartjies gewees en dit was moeilik gewees, want elke keer as daar 'n kerkfunksie is, sit jy, gewoonlik is die mans eenkant en die vrouens eenkant, dan sit jy met die vrouens en gesels. Maar dis 'n

braai, so ek moet my vleis braai. Ek kan nie vir iemand se man vra, braai my vleisie nie, want dan lê ek by iemand se man aan. As ek by die mans staan en vleis braai, dan lê ek by al die mans aan. Want dis hierdie persepsie as jy alleen is, soek jy net man, of jy soek net vrou as jy net ‘n man is. Dit is totaal waansinnig. Dis daai persepsie van sodra iemand enkel is, is hulle net uit om ‘n “partner” te soek en dis nie hoe dit is nie.

- **Faktor wat bydra tot nie aanvaarding nie: Individue (5 = 29%)**

*Individue kan mense nie welkom laat voel nie en dan ook nie ‘n ervaring van aanvaarding laat beleef nie.*

R01#5P1: ‘n Gemeente is ‘n groep mense, so daar is sekere individue wat jou aanvaar en sekere individue vir wie ‘n enkellopende vrou ‘n bedreiging is.

R04:#5P1: maar ek voel nog steeds soos ‘n buitestaander.

R17#5P1: maar van die mense wat om my sit, het ek dit nie beleef nie.

R17#5P2: OV: Wat sou jy sê is die faktore wat bydra tot julle nie -aanvaarding in ‘n gemeente?
R17: Dis eintlik net die mense, die gemeentelede self.

- **Faktor wat bydra tot nie aanvaarding nie: Kleingroepe (4 = 24%)**

*Kleingroepe blyk ‘n plek van onsekerheid vir die enkelouer te wees. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#4P1: En in enige groep mense is daar maar klein groepies, as ek nou die Engelse naam noem “click” sou ek gesê het dat jy nie noodwendig daar sou inkom nie

R04#4P1: Ek is nie betrokke by, ek weet nie, daai groepies, daai nou ma’s, jy voel nie, seker maar omdat baie getroude mense is, en ek wil nie graag inskakel of betrokke raak nie. Hier en daar sal jy van hulle kry wat jou probeer intrek. En dit is vinnig, want hulle is groepies, hulle is getroude groepies hulle doen dinge saam, en

die kinders pas mooi aan, want hulle het vriende en gaan kerk toe. Maar vir my, nee dit voel nie vir my of ons gesin saam regtig deel is van die kerk is nie, ons is daar, ons is baie lief vir ons kerk, maar dit voel nie, ons is betrokke soos ons kan wees en ons word ingetrek of bemoedig, soos wat ons werklik van 'n kerk vra nie.

R14#4P1: Almal in die kerk was getroude paartjies gewees en dit was moeilik gewees, want elke keer as daar 'n kerkfunksie is, sit jy, gewoonlik is die mans eenkant en die vrouens eenkant, dan sit jy met die vrouens en gesels. Maar dis 'n braai, so ek moet my vleis braai. Ek kan nie vir iemand se man vra, braai my vleisie nie, want dan lê ek by iemand se man aan. As ek by die mans staan en vleis braai, dan lê ek by al die mans aan. Want dis hierdie persepsie as jy alleen is, soek jy net man, of jy soek net vrou as jy net 'n man is. Dit is totaal waansinnig. Dis daai persepsie van sodra iemand enkel is, is hulle net uit om 'n "partner" te soek en dis nie hoe dit is nie.

R04#5P1: Daar is sekeres van dit, jy gaan net en weg is jy, jy voel nie, ja almal het hulle groepies en jy voel net nie ingeskakel nie, want jy weet net nie waar om in te skakel nie,

- **Faktor wat bydra tot nie aanvaarding nie: Alleen (5 = 29%)**

*Alleenheid laat 'n persoon voel dat hy/sy nie aanvaar word nie. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#4P1: Ek het net ongelooflik alleen gevoel. Ek moet sê die hartseerste oomblikke wat gehad het, was as ek alleen in die kerk moes sit, want dis 'n familieding en skielik is ek alleen.

R06#4P1: Dis net dat ek is 'n mens wat my eie probleme hanteer. Ek sal so met iemand kan sit en gesels, maar ek sal nie sommer instap in 'n vreemde plek en wil oorneem nie. So, ek is maar baie, ek gaan kerk toe en as dit klaar is, klim ek in my kar en kom huistoe. Dis nie dat ek ervaar het dat ek nie aanvaar word nie, ek is net baie eenkant, nou nog, ek ken min mense in die gemeente.

R14#4P1: Almal in die kerk was getroude paartjies gewees en dit was moeilik gewees, want elke keer as daar 'n kerkfunksie is, sit jy, gewoonlik is die mans eenkant en die vrouens eenkant, dan sit jy met die vrouens en gesels. Maar dis 'n braai, so ek moet my vleis braai. Ek kan nie vir iemand se man vra, braai my vleisie nie, want dan lê ek by iemand se man aan. As ek by die mans staan en vleis braai, dan lê ek by al die mans aan. Want dis hierdie persepsie as jy alleen is, soek jy net man, of jy soek net vrou as jy net 'n man is.

R17#4P1: Ek het altyd alleen, op 'n tyd wou ek nie eers meer terug kerk toe gaan nie, want ek voel alleen, hier sit ek alleen, ma sit alleen daar, verstaan jy? Die kinders is by die kinderkerk en dan kom hulle daar, dis wat my gevang het.

- **Swak selfwaarde**

*Twee (12%) respondente se selfwaarde het hulle uit die kerkverband gehou en een (6%) respondent het nie geweet waarom hulle nie aanvaar word nie:*

R12#5P1: Ek is nie seker nie, Ek is regtig nie seker of daar 'n rede is hoekom ons aanvaar word nie.

- **Bywoon van gesinsaktiwiteite**

*41% (7) van die respondente het summier 'Ja' geantwoord op die subvraag by Vraag 4 of hulle 'n gesinsaktiwiteit by die kerk sal bywoon. 59% (10) van die respondente het aangedui dat hulle nie 'n gesinsbyeenkoms by die kerk sal bywoon nie. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#4P3: Nee ek het nooit rêrig soontoe gegaan nie, ek kan nie vir jou verduidelik hoekom nie, ek het nooit eintlik soontoe gegaan nie.

R04#4P3: Dit hang af watter byeenkoms ja, daar is sekeres wat ek sal bywoon, ek sal my kinders vat, wat vir hulle lekker is, ek plaas hulle altyd maar, dit moet iets wees wat vir hulle lekker sal wees en hulle betrek.

P13#4P3: Dit hang af, as dit my week is, sal ek met hulle gaan, maar as dit pa se week is, dan gaan ek nie. As dit my week is, voel ek ons is ‘n gesin.

R15#4P3: Ek werk ongelukkig, ek is nie elke naweek af nie. Partykeer kan ek hulle nie altyd vat nie, dan wil sy baie graag gaan, sy geniet dit. En dit is ook vir my ‘n goeie teken.

R16#4P3: Soms voel ek ek wil, maar baie keer is daar ‘n probleem soos baie keer is daar ‘n finansiële implikasie, as enkelouer is dit vir my moeilik en ook om dit saam met werk en goed in te pas

R17#4P3: Ek sou nie gaan nie, nee. As hulle iets vir die enkelouers doen, dan sal ek gaan.

#### 5.11.4.4 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 6) kan die twee hoofmomente van die vraag duidelik (in bruin) gesien word. Die belangrike vraag is of die respndente aanvaarding in die kerk geniet. Hierdie keuseblokkies is in bruin gekleur. Die verband is dan getrek wat die JA antwoorde beïnvloed het en dieselfde na die blokkies wat die NEE antwoorde beïnvloed het. Die blokkies in geel dui die verband aan met die JA aanvaarding en dus ook deelname aan veral gesinsaktiwiteite en soortgelyk met die NEE aanvaarding en dan ook geen deelname nie.




*Figuur 6: Ervaring van aanvaarding in die kerk*

#### 5.11.4.5 Resultate en bevindings by Vraag 4 en 5

Met die aanvanklike antwoord op die vierde vraag, of die enkelouers en hulle gesinne aanvaarding in die kerk beleef, het 16 (94%) van die respondente dadelik “Ja”, gesê en slegs een (6%) het “Nee”, geantwoord.

Met die uitbreiding op die aanvanklike antwoord op die vraag, het die respondente hulle aanvanklike antwoord op sekere plekke weerspreek, wat die ‘aanvaarding’ nie meer geloofwaardig gemaak het nie.

Die *Beperkte Agtergrondinligting* oor die respondente se kerklike affiliasie en huidige betrokkenheid, was ook van belang daarin dat slegs vier (24%) van die respondente aktief by gemeentes betrokke is. Die meeste woon eredienste by (41%), en ses (35%) is onaktief. Die grootste persentasie (76%) van die respondente is dus in ‘n beperkte of geen mate by ‘n kerk betrokke nie.

Uit die antwoorde van die respondente blyk dit dat ‘n erediens enkelouers minder blootstel en dat hulle in die versameling van lidmate by ‘n erediens nie ge-etiketteer voel nie. Ten spyte daarvan woon slegs 41% eredienste by.

Die faktore wat aanvaarding beïnvloed, het die rol van veral dié van die leraar/kerkleier uitgewys. Twaalf (71%) van die respondente het aangedui dat hulle die verhouding met die leraar/kerkleier as ‘n faktor vir aanvaarding beleef het. Daarteenoor dui slegs vyf (29%) persoonlike kontak en vyf (29%) die rol van individue aan as faktore wat aanvaarding by hulle beïnvloed.

Die kerk moet hier kennis neem in hierdie studie van die rol van die leraar/kerkleier in interpersoonlike verhoudings met enkelouergesinne. Die respondente se ervaring van aanvaarding in die gemeente was aanvanklik slegs gebaseer op die feit dat die leraar/kerkleier hulle aanvaar het. Ongelukkig blyk die feit dat die mate van aanvaarding afgeneem het soos wat die respondente hulle ervarings gedeel het, dat die leraar/kerkleier nie dieselfde mate van invloed in die gemeente oordra wat die aanvaarding van die respondente kon vergemaklik nie.

Selfs nadat 94% van die respondente aanvanklik ‘Ja’ geantwoord het, het slegs ses (35%) van die respondente geen faktore wat hulle aanvaarbaarheid belemmer het, aangetoon nie.

Die faktore wat aanvaarding negatief beïnvloed het, was: mense wat deur ‘n enkellopende persoon bedreig word drie (18%); Individue vyf (29%), kleingroepe of ‘clicks’ 4 (24%); Alleenheid vyf (29%) en gewonde selfbeeld twee (11%).

Dit is duidelik dat die enkelouer ‘n blootgestelde mens is. Die seerkry van die egskeiding en die ontstaan van ‘n enkelouergesin word deurgedra na sy/haar aanvaarding in die kerk. Die gevolglike selfisolasie van die enkelouer na egskeiding, die persepsie van ‘n veroordelende kerk of gemeente en dus ook ‘n persepsie van nie genoegsame aanvaarding en insluiting in die gemeente nie, beteken dat hierdie gesinne moontlik nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle kinders nie (cf 3.4.2).

Vir al die respondente is ‘n bykomende vraag by Vraag 4 gevra: *Indien die gemeente ‘n gesinsaktiwiteit sou aanbied, sou jy en jou kinders dit bywoon?*

Vyf (29%) van die respondente het ‘*Nee*’ geantwoord en 12 (71%) van die respondente het ‘Ja’ geantwoord. Uit die respondente wat ‘Ja’ geantwoord het, ses (35% van 17) aangedui dat hulle dit eintlik net vir hulle kinders sal doen, en ses (35% van 17) het oortuigend en sonder voorwaarde ‘*Ja*’ geantwoord.

Die antwoorde van respondente op die vraag oor die betrokkenheid by gesinsaktiwiteite in die kerk, was bepalend vir die manier hoe enkelouergesinne hulleself sien. Die respondente wat dadelik ‘*Ja*’ geantwoord het, het in hulle motivering vir hulle antwoord bevestig of dit ‘n ware ‘*Ja*’ of voorwaardelike ‘*Ja*’ was. Ses (35%) van die aanvanklike ‘*Ja*’ antwoorde is toe saam met die ‘*Nee*’ antwoorde geplaas. Die opmerking dat gesinsaktiwiteite net vir kinders is (35%); dat hulle nie tyd daarvoor het nie; dat hulle voorwaardes het vir die bywoning en dat hulle glo hulle finansies dit nie sal toelaat nie, is ‘n merker van hoedanig die respondente hulleself as aanvaar en welkom by gesinsaktiwiteite sien.

As beide die getal respondente wat onvoorwaardelik op die vraag na aanvaarding, en die getal respondente wat onvoorwaardelik ‘n kerk se gesinsaktiwiteite sou bywoon, dan ses respondente is, kan daar tot ‘n redelike gevolgtrekking gekom word dat die aantal respondente wat werklik aanvaarding beleef ses van die 17 of dan 35% is

Die kerk kan ook kennis neem dat enkelouers aanvaarding vind op ‘n baie meer persoonlike basis deur bv die leraar/kerkleier as deur ‘n gemeente of kleingroep.

### 5.11.5 Huidige uitdagings van die enkelouergesin en die kerk se bydrae daartoe

#### 5.11.5.1 Vraag 6 en 7

Die sesde vraag het as fokus die huidige uitdagings van die enkelouergesin. By die meeste van die respondente het daar reeds meer as vier jaar verloop na die egskeiding. Daar kan dus ‘n redelike verwagting wees dat die respondente bewus is van die uitdagings wat hulle huidig die hoof moet bied. Hulle sou ook ‘n bewustheid kon ontwikkel oor waar daar aan hulle bystand of hulp verleen kan word.

Daar is ook ‘n verwagte verband met die antwoord in Vraag 1 van die onderhoud. Sommige van die uitdagings in die enkelouergesin is steeds daar (soos by Vraag 1 se antwoord) en ander het weer verskuif met nuwe uitdagings.

Die sewende vraag het as fokus die bydrae wat die respondente dink die kerk kan hê om hulle tot hulp of bystand te wees in die uitdagings wat hulle tans as enkelouers die hoof moet bied.

In die lig van die direkte verband tussen Vraag 6 en Vraag 7, word hierdie vrae saam hanteer:

Die volgende vrae is aan al die respondente gevra:

Vraag 6: *Watter uitdagings beleef julle as enkelouergesin?*
Vraag 7: *Hoe kan die kerk julle hiermee help?*

### 5.11.5.2 Data Rapportering

Die hoofaspekte van die vrae was om die huidige uitdagings van enkelouerskap te bepaal en of die kerk daarin tot hulp kan wees. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmoontlikhede wat kan bestaan en soos wat die respondente aangedui het. Die getal respondente wat die aspekte aangedui het, word in hakies aangedui:

- **Finansies (17 = 100%)**

*Finansies bly 'n langtermyn probleem vir enkelouers te wees. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: Dit kom terug na die oorspronklike vraag waar ek gesê het, dis verskeie fasette, finansiëel is dit 'n uitdaging. Waar jy twee in 'n gesin was, twee inkomstes en dit was julle inkomste en jou gesin, is dit nou 'n geskeide faset.

R02#6P1: Eerstens finansies, jy moet elke sent twe maal omdraai.

R03#6P1: Dis nou simpel goed, maar ek moes sorg dat daar kos in die huis is eweskielik,

R04#6P1: Finansieel, ja 'n groot groot uitdaging

R05#6P1: Uit 'n besigheidsoogpunt, moet jy finansieel kan voorsien.

R06#6P1: Okey, die grootste uitdaging is "obviously" finansies.

R07#6P1: Ek hou maar alles binne en as daar besluite geneem moet word, dan vat ek die besluite. Ek bespreek dit nie sommer met ander mense nie. So dit kom alles, al daai verantwoordelikhede kom op jou as ma.

R08#6P1: Jy is bevoorreg dat jy byvoorbeeld finansieel nie uitdagings beleef nie

R09:#6P1: Finansiële uitdagings is daar altyd, die kinders se skoolgelde en universiteitsgelde wat betaal moet word.

R10#6P1: Finansieel bly dit nog steeds vir my ‘n geweldige uitdaging. Jy weet en hoe ouer hy word, my seun, hoe groter is die uitgawes.

R11#6P1: Definitief finansieel, nog steeds baie uitdagings.

R12#6P1: Daar gaan ek twee goed noem, onmiddellik. Om terug te kom na punt nommer 1, finansies, of ek finansieel beter af is of nie.

R13#6P1: Ek moet vir jou sê, definitief finansies. Finansies verskriklik baie.

R14#6P1: En dan, as enkelouer, dit gaan maar steeds oor finansies.

R15#6P1: Ek moes finansieel ook, ek het vir baie lank by my ouers gebly, want ek kon dit net nie bekostig nie.

R16#6P1: Steeds grotendeels finansieel. Ja, want daar is net een inkomste.

R17#6P1: Eerstens, nog steeds finansieel. Die kinders is nou op Tuks, hulle pa help nou, finansieel was baie erg

- **Onderhoud (7 = 41%)**

*Ten spyte van skikkings en hofbevele, word die onderhoudsbedrag nie altyd betyds, ten volle, of glad nie betaal nie. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: Daar word ‘n onderhoud betaal ‘n deeltjie aan jou oorbetaal. Finansieel is jy slegter af.

R04#6P1: Maar ja, ek het onderhoud gekry wat ek nie meer kry nie. Hy gee nie finansieel meer enige, of die minimum so dis vir my moeilik om vir hulle te sê en vir hulle altyd te gee wat hulle gewoond is. Ja dis ‘n groot uitgading.

R09#6P1: En, as jy nie onderhoudhulp kry of ‘n pa het wat wel soveel belangstel in sy kinders, dat hy wel wil onderhoudgeld betaal, of net help met onderrig na skool, terwyl hulle nog in die skool is, Ja, daar is baie uitdagings.

R10#6P1: Sy pa betaal vandag nog, presies dieselfde onderhoud as 13 jaar terug. Inteendeel, hy betaal R500,00 minder op die oomblik as 13 jaar terug. Die enigste verskil wat dit ingebring het, wat finansieel is, soos ek sê, is ek moet nog steeds bel en sê, ek sien die onderhoud is nog nie in nie, en dan word dit darem oorbetaal.

R12#6P1: Daar is ‘n pa wat nie onderhoud, of ‘n derde of ‘n kwart van sy onderhoud betaal nie.

R15#6P1: Ek was by die Onderhoudshof gewees, dit is ‘n bakleiery, dis is prokureurskostes, dit is eintlik, as jy gaan kyk in die howe, dis eintlik ‘n grap. Dis heeltyd ‘n uitstel, ‘n uitstel en dit kos jou baie geld om ‘n prokureur daar te hê en jy weet ook die persoon kan dit bekostig, maar hulle probeer speletjies te speel. En op die ou einde van die dag, kom ons vir die kinders, dit gaan nie vir my nie, dit gaan vir die kinders, dit gaan oor skoolgelde en sulke tipe van goeters.

R17#6P1: Finansieel was baie erg, want hy het aan die begin glad nie onderhoud betaal nie, nie skoolfonds nie, niks nie, nie medies nie.

- **Alleen (5 =29%)**

*Alleenheid blyk ook ‘n langtermyn faktor te wees. Hier is die respondente se reaksies:*

R05#6P1: Onmiddellik besef jy dat jy kan nie nou jouself jammer kry nie, jy moet self opstaan, jy moet jouself bietjie selferkenning gee, en sê luister ek is deur ‘n “bad patch” in my lewe, maar ek glo daar is hoop, ek bid vir hoop, en ek sien hoop as ek na mense kyk wat met my praat, jy moet jou kinders in ag neem en hulle liefhê en hulle eerste stel.

R10#6P1: Jou alleenheid, Ek dink nie die kerk spreek dit werklik aan nie

R11#6P1: Ek is nog steeds alleen, mens kort iemand in jou lewe. Vriende en vriendinne.

- **Emosionele spanning (5 = 29%)**

*Emosionele spanning word op verskeie plekke genoem. Hier kom dit weer voor as ‘n langtermyn uitdaging. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: Emosioneel het dit egter ‘n groot impak gehad op my kinders op myself, en hulle het daai verandering in my ook beleef en die hartseer saam my meegemaak, en my hele familie, my hele support group het dit saam met ons deurgemaak.

R02#6P1: Hulle emosionele welstand is my verantwoordelikheid, en my werk is self stresvol, en party dae is ek ook nie okey nie, maar ek moet maar net voortbeur, daar is niemand wat my help nie. As ek siek is kan ek nie net in die bed bly nie, ek moet opstaan en die kinders skool toe vat en aangaan met my lewe want daar is net eenvoudig niemand anders nie.

R04#6P1: Ons uitdagings is, die groot uitdaging is die kinders, om mekaar te aanvaar, saam te werk, daar is ‘n groot ouderdomsverskil tussen hulle en die

uitdaging is, die een is nie op dieselfde vlak as die ander nie, en ek moet tussen wees.

- **Alleen verantwoordelik (8 = 47%)**

*Alleen verantwoordelikheid is ook 'n langtermynfaktor. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: Maar ek moet maar net voortbeur, daar is niemand wat my help nie. As ek siek is kan ek nie net in die bed bly nie, ek moet opstaan en die kinders skool toe vat en aangaan met my lewe want daar is net eenvoudig niemand anders nie.

R03#6P1: Ek is ewe skielik alleen verantwoordelik vir alles, ek moet pa en ma speel

R05#6P1: Jy weet jy is nou hulle alles in die lewe, jy is hulle mentor, wat sal ek nou sê, wat is 'n ander woord vir mentor, hulle hero amper. Jy kan nie nou swak lyk nie, as jy nou nie goed gaan hanteer nie, gaan daai ogies vir jou anders kyk en 'n kind is baie baie intelligent, hulle sien baie dinge vinniger raak as 'n grootmens.
R07#6P1: Ek hou maar alles binne en as daar besluite geneem moet word, dan vat ek die besluite. Ek bespreek dit nie sommer met ander mense nie. So dit kom alles, al daai verantwoordelikhede kom op jou as ma.

R12#6P1: Daar is sekere goed wat ek voel ek nie alleen kan doen nie. Ek meen, ek sit met 'n kind wat in matriek is wat wil gaan studeer volgende jaar. Daar is 'n pa wat nie onderhoud, of 'n derde of 'n kwart van sy onderhoud betaal nie. Sy moes haar lisensie kry, dis bestuurslesse, dis 'n karretjie wat gekoop moes word.

R17#6P2-3: OV: En die feit dat jy steeds allenig al die besluite alleen moes neem?
R17: En ek was ook nie gewoond daaraan nie. Dit was vir my baie erg, maar dit het ek nou al oorkom,

- **Dissipline van kinders (6 =35%)**

*Die disiplinering van kinder is ‘n moeilike saak. Die ouers komnie meer met mekaar ooreen hoe die disipline toegepas moet word nie en die enkelouer is soms net te moeg om enigsins daaraan aandag te gee.*

R02#6P1: En dan is dissipline ook my verantwoordelikheid,

R04#6P1: So as ‘n enkelgesin, want hulle het nie ‘n pa wat hulle kan gryp aan die kraag, soos hulle sal sê nie.

R07#6P1: Ja, dit is maar ‘n uitdaging om daai dissipline te handhaaf dat hulle nie op jou kop sit nie.

R11#6P1: Die seun is maar moeilik, veral as hy terugkom van sy pa af. Ek meen, ons is uitmekaar uit, maar ‘n seun soek maar sy pa, hy soek dit. So, dis moeilik om hom op dreef te hou, maar verder, daar het baie dinge verander, maar daar het baie dinge bygekom, soos houdings, hormone. Jy weet mos hoe baklei ma en pa en kinders. So, dit is maar nog steeds ‘n uitdaging, dit is.

R16#6P1: So dis vir my ‘n groot ding. Ek is die alleenouer, ek moet dissipline toepas, ek het nie daai klankbord van iemand met wie jy iets kan uitredeneer nie. Partykeer wonder jy of doen jy die regte ding. As dit kom by dissipline en goed, jy is altyd die vark, daar is nie ‘n ander ene wat dit kan doen nie.

- **Besoekregte (3 =18%)**

*Besoekregte van die ‘ander ouer’ en die reëlings daarondom kan soms baie ongemaklik wees. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: Die spanning was nie noodwendig my spanning nie. My oudste dogter het oorspronklik deur haar gevoelens geweier om haar pa te sien. En hy het dit ervaar as ‘n metode wat ek gebruik het om hom nou te na te kom, wat natuurlik nie die geval was nie, wat hy nou darem na vyf jaar sien. So oorspronklik was dit ‘n groot spanning, want ek het die een kind gehad wat gesê het ek wil hom sien en ek wil ‘n verhouding met hom hê, en ek het die ander kind wat die kwaad het eerste

gekom het, en dit het baie lank gevat vir haar om dit deur te werk, dit het baie lank gevat, ek dink dit het maklik twee jaar geneem vir haar om die kwaad deur te werk.

R07#6P1: Ek het baie gesê die pa het net die lekker. Hy kom vir ‘n Saterdag, lekker langs die krieketveld. Hy sien hulle as hulle gelukkig is. Hy sien hulle nie as hulle kwaad is of ongelukkig of huilerig of teleurgesteld is nie. So die ma het daai ook gehad om te hanteer.

R14#6P1: Jy moet, veral as die ander party nie so “hands on” is nie. As hulle maar net, dis elke tweede naweek, elke nou en dan, dis nie deur die week kontak het en al sulke goed nie. Dis asof hulle nie heeltemal betrokke is nie. Dit maak dit moeilik, want hulle ken nie hulle kind behoorlik nie.

- **Kinders vermy ander ouer (4 = 24%)**

*Die verhouding tusse die ‘ander ouer’ en die kinders kan soms totaal verander. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1: My oudste dogter het oorspronklik deur haar gevoelens geweier om haar pa te sien. En hy het dit ervaar as ‘n metode wat ek gebruik het om hom nou te na te kom, wat natuurlik nie die geval was nie, wat hy nou darem na vyf jaar sien

R14#6P1: As hulle maar net, dis elke tweede naweek, elke nou en dan, dis nie deur die week kontak het en al sulke goed nie. Dis asof hulle nie heeltemal betrokke is nie. Dit maak dit moeilik, want hulle ken nie hulle kind behoorlik nie. So daar is bietjie van daai, veral as daar ook nie moeite gedoen word nie. Maar ja, daar is altyd wrywing. Op ‘n stadium het dit goed gegaan, maar ander partye wat dan ook in die prentjie kom, derde, vierde partye.

R15#3P3: Kyk, sy het, die oudste een word glad nie blootgestel, sy weet glad nie oor hoe sy geloof en sy lewe is nie. Omdat sy nie met hom kontak het nie. Sy het glad nie met hom kontak nie.

- **Verlies aan ‘n rolmodel**

*Die volgende aspekte is baie naby aan wat reeds hier genoem is:* ***Rolverandering****, waar die een ouer albei ouers se rol moet vervul (7 = 41%); die* ***verlies aan ‘n rolmodel*** *waar die ander ouer glad nie betrokke is nie (4 = 24%)*

- **Werksituasie**

*Die volgende aspekte is ook verwant aan mekaar:* ***Werksituasie*** *(7=41%);* ***Tydsbestuur*** *(3 = 18%) en* ***Kan nie kinders se aktiwiteite ondersteun nie*** *(4 =24%)*

- **Praktiese aspekte (6=35%)**

*Huishoudelike take moet nou anders bestuur word. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#6P1:. En dan, jou basiese goed, iets breek en daar is nie ‘n hand om jou te help nie. Dis dalk anders, hy is maar net ‘n pa, maar hy is handig en kan darem iets regmaak, ek kan nou nie. So jy het nou skielik mense wie jy moet nader, wat nooit voorheen die geval was nie. Almal is getroude mense. Nou moet ek die foon optel en vra “kan iemand my net kom help” en dan moet een van my vriendinne se mans, wat dit nou goed bedoel en ek kan vertrou, moet dan nou vir die enkelmamma kom help.

R03#6P1: So, jy het al die verantwoordelikheid alleen. My seun is aan die begin van die jaar voorgestel, ek moes al daai goed reël, ek moet sorg dat hy by die kerk kom, Dis nou simpel goed, maar ek moes sorg dat daar kos in die huis is ewe skielik, ek moes reël dat daar kos gemaak word, al daai goed, ek moes reël dat hy by die skool kom, al daai goed wat ons gedeel het, moes ek nou self doen.

R04#6P1: So my voertuig is stukkend, so waarheen gaan ek, en ek het niemand nie. Ek het swaers ook wat ek kan vra maar almal het hulle lewe. Hulle is nie almal om jou nie en dieselfde is, finansieel as jy kos kort, jy weet jy gaan die maand dit nie maak nie, vir wie vra jy, dis ‘n uitdaging, vir wie vra jy? Jy kan nie te veel mense aanhoudend goed vra nie.

R09#6P1: En ons moes maar selfs dakke aanmekaar sit, hier en daar ‘n skewe ding, maar ons het dit reggekry.

R12#6P1: Anderdag toe kom my meisiekind na my toe met ‘n bedlampie wat moet reggemaak word. Gelukkig vir haar, is haar oupa ‘n boer. En haar oupa het sy kinders geleer hoe om ‘n “plug” aan te sit en hoe om ‘n kar se “tyre” te ruil. Maak nie saak wat gebeur het nie, dis die eerste goed wat my pa ons geleer het. En toe kyk ek daai lampie nou so, dis nie ‘n “plug” wat ek moet aansit nie, dit is die aan en af “switchie” dingetjie op die bedlampie wat af is. Nou het ek nie ‘n “clue” om dit te doen nie. En ek vat my foon en begin ”google”. “Google” sê vat hierdie draadjie en daai draadjie, ag jy koop die “switchie” by die DIY vir R5,00 of iets. Vat hierdie draadjie en ”connect” hom, “connect” hulle almal en dan sit jy hom aan en so werk die ding. En die dag toe ek nou klaar is en ek draai hom met die “tape” toe, toe sê ek vir haar, weet jy wat, julle het rêrig nie ‘n pa nodig nie, jou ma kan alles doen. Maar jy kom op daai punt wat jy voel, jy het ‘n pa, jou pa moet jou bedlampie se “plug” vervang, jou pa moet jou leer om ‘n “tyre” om te ruil, “in fact” jou pa moet jou leer bestuur, maar daar is nie ‘n pa nie. So ek moet sê, tot daai mate is alles vir my uitdagings om altyd daar te wees waar ‘n ma en ‘n pa moet wees, is daar net ‘n ma.

- **Grootouers (4 = 24%)**

*Die verhouding met grootouers is ‘n uitdaging. Veral as die enkelouer weer in die ouerhuis intrek. Hier is die respondente se reaksies:*

R06#6P1: My ma moes die eerste paar jaar baie vir my instaan wat dit vir my baie moeilik gemaak het.

R08#6P1: My ouers, my ouers het baie, Ons het van daar af het ons getrek by my ouers in die huis in terug, dit was ons ouerhuis gewees.

R15#6P1: Ek het ook uitgetrek by my ouers, want as ‘n enkelouer bly jy by jou ouers en jy het hulle ondersteuning, maar jy verloor op ‘n stadium jou ma-wees ook. Dit is normaal vir hulle om daai rol, want hulle is die ouma en die oupa en hulle raak ook maar soos die ma en die pa in die huis want hulle is daarso. So jy raak maar, en jy is ook nog ‘n kind in hulle huis, en dit is normaal, dit gebeur.

R15#6P2: Maar ek het nou onlangs in ‘n plekke intrek, dit gaan beter. Ouma en oupa kan weer ouma en oupa wees.

- **Hoe kan die kerk met hierdie uitdagings help? (nie regtig nie – 11 = 65%)**

*Uit die antwoorde van die respondente is dit nie hulle belewenis dat die kerk met enigiets kan help nie. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#7P1: Ek dink nie die kerk kon my rêrig gehelp het daarmee nie. Ek dink dit is goed wat jy eintlik self moet doen. Daar is nie eintlik iemand wat jou hand kan vashou en help daarmee nie. Ek dink nie daar is iets wat die kerk rêrig kan doen om te help nie.

R03#7P1: Ek glo as ek raad nodig gehad het, kon ek gevra het, Daar is nie rêrig iets waarmee hulle kon help nie want dis ‘n huishouding ek moet dit een of ander tyd doen

- **Die kerk weet nie**

*Daar het ‘n respondent ‘n verklaring gegee ook oor waarom die kerk nie meer betrokke sou kon wees nie. Hier is die respondente se reaksie:*

R04#7P1: Om eerlik te wees, het ek nog nooit vir hulle so van myself en my omstandighede vertel nie. Ek het al dit vir hulle genoem dat dit moeilik gaan en dat hulle moet bid vir my eendag vir die dominee. En ja, dit voel net vir my, hoe vra, jy, wie vra ek. Ek het ook maar my trots en ek wil nie elke nou en dan vra nie, ek is ‘n mens, ek weet nie hoe om te vra nie.

- **Sien nie kans vir kleingroepe nie (8 = 47%)**

*As die kerk wil help: net nie kleingroepe nie! Hier is die respondente se reaksie:*

R01#6P1: Daar word kleiner groepe in ‘n kerk gemaak, selgroepe waarby ek myself nie noodwendig wil betrek nie, want ek gaan as enkelma of enkelpersoon nie daar wil gaan sit nie waar getroude paartjies deel is van die groep nie.

*Hier sou ook uit ander vrae se antwoorde bygevoeg kan word, wat die getal respondente wat dieselfde voel oor die saak van om nie by kleingroepe te wees nie, kan versterk, maar die antwoorde vanuit ander vrae se fokus, maak dit vir die navorser moeilik om die antwoorde wat hier van toepassing sou wees om die saak van om nie by kleingroepe te wees nie, te isoleer en hier by te voeg.*

- **Waarmee sou die kerk wel kan help? (10 = 59%)**

*Hierdie vraag vorm die kern van Vraag 6 en 7. Die mening van die respondente is hier van belang:*

R10#7P1: Kyk daar is definitief altyd geleenthede het vir berading. Daar is geleenthede vir, soos die selgroepe, die ondersteuningsgroepe, ensovoorts, wat daai goed betref. Maar wat spesifiek, soos jou finansiële uitgawes. Jou alleenheid, Ek dink nie die kerk spreek dit werklik aan nie.

R10#7P2: Maar wat spesifiek, soos jou finansiële uitgawes. Jou alleenheid, ek dink nie die kerk spreek dit werklik aan nie. Kyk, die kerk kan my nie rêrig finansieel help in die sin van om vir my elke maand geld te gee en te sê betaal jou kind se skool nie. Ek wil sê dat ons kerk het wel in plek dat hulle vir behoeftige mense kos gee, een keer ‘n week, Maar ek is nie in daai klas nie, en ek sê dit baie respekvol, menende dat ek hoef nie in ‘n ry te staan en vir kos te vra nie. Ek meen net dat hy het ‘n pa wat ‘n inkomste wel genereer wat dit uit sit en drink en rook elke dag wat hy eerder vir my kon gee. So ek weet nie hoe die kerk rêrig ‘n bydrae kon lewer nie, maar sou daar wees, sou dit “awesome” wees, maar ek kan nie dink dat dit kan wees nie. Emosioneel of my alleenheid.

R12#7P1: Ek dink al wat ek van die kerk nodig het, wat ek wel kry, is bystand. Aanvaar my, aanvaar my kinders en staan ons by.

R13#7P1: As ek in ‘n situasie kom wat ek ‘n moeilike besluit moet neem, dan sal ek een van hulle gaan sien en ons sal dit deur bid en ons sal kyk of daar nie ‘n ander antwoord is nie. So die kerk waarin ek is, is baie geesvervuld, so dis nie iets

wat nie, dis is geesvervuld. Jy gaan vra maar bevestiging op ‘n antwoord. So hulle help my baie wat dit aanbetref.

- **Kerk kan meer uitreik (2 = 12%)**

R01#7P1: Ek dink, kerk ja, dis nou weer ‘n breë veralgemening, maar die kerk kan meer uitreik, dis nou my opinie.

#### 5.11.5.3 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 7) kan die huidige uitdagings van die enkelouer duidelike gesien word (in die groen blokkies). Saam word dit groepeer as uitdaging (die uitdagings as groep is rooi gekleur). Die mate waarin die kerk die enkelouer volgens die respondente se mening kan bystaan word in verbande vanaf die bruin blokkie aangedui.




*Figuur 7: Huidige uitdagings en die kerk se bystand*

### 5.11.5.4 Resultate en bevindings by Vraag 6 en 7

Uit die respondente se reaksie op die vraag na die huidige uitdagings, is dit duidelik dat daar ‘n aantal uitdagings is wat verband hou met die verandering wat direk na die egskeiding in die lewens van die enkelouergesin plaasgevind het (Vraag 1). Sommige van hierdie uitdagings bestaan steeds. Onder andere: finansies; alleenheid; emosionele spanning; alleen verantwoordelik; dissipline van kinders; die rolaanpassing en verlies van rolmodel; werksituasie wat spesifieke eise stel en die problematiek van tydsbestuur en die ondersteuning van die kinders se aktiwiteite.

Wat by hierdie vraag bygekom het, is die spanning in die verhouding tussen die geskeide partye, veral oor besoekregte en die nie-betaling van onderhoud.

Die rol van die ondersteuningsnetwerk het ook nou meer prominent geword en veral grootouers se betrokkenheid by die enkelouergesin.

Die vraag na die kerk se moontlik hulp in enige van die uitdagings, was redelik duidelik: dat die respondente nie dink dat die kerk regtig kan help nie (65%). Een van die belangrikste aspekte wat na vore gekom het, is dat die kerk in die meeste gevalle nie eens weet dat die gesin se struktuur verander het nie. Daarby is die respondente ook nie geneë om by kleingroepe (*navorser het verstaan: ondersteuningsgroepe*) in te skakel nie. Enige hulp sal op ‘n meer persoonlike kontakvlak moet plaasvind.

Hier was dit ook merkbaar dat die meer positief georiënteerde respondente dié is wat wel aktief by ‘n kerk ingeskakel is (6 = 35%).

Die respondente kon maklik die uitdagings lys, maar was huiwerig om die kerk by hulle uitdagings te betrek. Veral die sterk teenkanting van kleingroepe (*navorser = ondersteuningsgroepe*) kan nie ontken word nie.

Die verband tussen die anwoorde van Vraag 1, 4 en 5, en nou ook 6 en 7 help die kerk om die leemtes te identifiseer waar enkelouers nie ondersteun word nie en

waar die geleenthede onstaan om wel ‘n bydrae te lewer. Dit is immers die kerk se taak om saam bemiddelaars van God se koms en betrokkenheid in mense se lewens te wees. Daarom mag die kerk nie die behoeftes van enkelouers as gering ag nie.

Indien die kerk enkelouers wil ondersteun, sal daar ‘n groter bewusmaking van die uitdagings van enkelouers moet wees, meer individueel en persoonlik aandag gegee word en die benadering op grond van die ondersteuningsnetwerk meer intergenerasioneel moet wees.

### 5.11.6 Die kerk en die adolessent in ‘n enkelouergesin se geloofsvorming

#### 5.11.6.1 Vraag 8

Die agtste vraag was daarop ingestel om te hoor hoe die gemeente/kerk die enkelouer bystaan in die proses van geloofsvorming van hulle adolessente.

Hierdie vraag is verder gevra omdat daar reeds in die literêre studie uitgewys is dat die ouerhuis die primêre plek is waar kinders se geloof gevorm word. Die kerk sou hierin ‘n bydrae kon maak om die primêre plek van geloofsvorming te kon bystaan in die geloofsreis met hulle kinders. Die spanning wat tussen die twee hermeneutiese ruimtes (huise) in geloofservaring bestaan, sou ook gefasiliteer kon word.

Die rol van die kerk as ‘n sleutelrolspeler in die geloofsvorming van kinders – in hierdie geval adolessente, sal eindelik vanuit hierdie antwoord geweeg moet word. Die kontak tussen die kerk en die huis is in ‘n gesonde jeug- en gesinsbediening van onontbeerlike waarde.

Indien daar wel met die ouers geskakel is/‘n aanbieding gedoen is/toerusting aangebied is, sou dit as ‘n subvraag hier gedien het.

Die volgende vraag is aan al die respondente gevra:

Vraag 8: *Op watter wyse ontvang julle toerusting in die geloofsvorming van julle adolessente van die kerk?*

### 5.11.6.2 Data Rapportering

Die hoofaspekte van die vraag was om by die respondente te hoor watter toerusting hulle van die kerk ontvang as hulp in die geloofsvorming van hulle kinders. Die respondente se reaksies word weergegee onder die hoofmoontlikhede wat kan bestaan en soos wat die respondente aangedui het.

Die respondente se antwoorde is in twee hoofaspekte aangedui: toerusting aan die ouer en toerusting aan die adolessent. Die getal respondente wat die aspekte aangedui het, word in hakies aangedui:

- **Geloofstoerusting aan die ouer: Geen (17 = 100%)**

*Die meeste respondente het hier geantwoord dat hulle geen toerusting van die kerk ontvang het in die geloofstoerusting tot geloofsvorming van adolessente nie (15 = 88%). Hier is die respondente se reaksies:*

R01#8P1: So, nie noodwendig vir my as ouer nie, maar definitief vir my kinders,
R01#8P1: Niemand het met my geskakel nie.

R04#8P1: Vir my, nee, ek dink nie daar is regtig iemand wat my kon ondersteun of iemand my gesê jet, wat my wys nie. Ek maak my kinders groot soos my ouers my groot gemaak het. Dis waar ek my geloof, ek weet ek kan vra.

R06#8P1: Ja, nee, ek gaan nie eers, dis ‘n moeilike vraag om te antwoord, maar nee en ook uit die aard van my werk, is ek gewoond daaraan om dinge self te doen, so ek vra ook nie sommer nie. Dis vir my baie moeilik om te vra, ek sal liewers sukkel voor ek vra. Ons het seker almal skuld daaraan nie, want ek het nie gevra nie, en ek is seker as ek gevra het vir iets spesifieks, sou ek heel moontlik hulp kon

kry of ondersteuning kon kry, maar omdat ek nie gevra het nie, weet ek nie regtig nie.

R07#8P1: Daar was nie regtig vir my as ouer, kan ek regtig sê, hulp wat ek ontvang het met die tieners nie.

R08#8P1: Ek dink ons het nog nie ervaar dat ons iets kry nie,

R09#8P1: Ek kan nie sê dat die kerk my eenkant gesit en gesê, hierso praat 'n bietjie of ons gaan hierdeur praat. Ek weet nie, nee.

R10#8P1: Kyk, van die preke sal van die goed aanraak, maar daar is nie spesifieke leiding soos 'n werkswinkel wat hulle sal aanbied en sê dis hoe 'n mens jou kind se geloof benader en watse invloede is daar, waarna kyk 'n mens, hoe kan jy hom help versterk in geloof ensovoorts ensovoorts. nie vir my as ouer dan nie.

R11#8P1: Niks nie, op die oomblik, niks nie.

R13#8P1: Nee, ek het gaan navraag doen nadat 'n vriendin van my, daar het iets by die kerk gebeur, toe het ek hulle gebel en gevra maar is daar nie 'n enkelouerondersteuningsgroep nie, en daar is nie.

R14#8P1: Geen

R15#8P1: Glad nie. Hulle praat, kyk in vandag se lewe, soos ek sê dit so groot groepe en dit is groot. Dit is nie meer daai "one to one" intieme persoon.

R16#8P1: Daar was nie eintlik veel nie. Ek dink ek nooit rêrig iets ontvang nie, veral as ek kyk na die laaste jaar, voor hulle belydenis van geloof afgelê het, ek het nie rêrig iets ontvang rondom dit nie.

R17#8P1: Nie ek nie. Ek het geen ondersteuning gekry nie

- **Geloofstoerusting aan die ouer: Wel ontvang (2 = 12%)**

*Hierdie respondente het wel berading op hulle eie versoek ontvang:*

R06#8P1: en ek is seker as ek gevra het vir iets spesifieks, sou ek heel moontlik hulp kon kry of ondersteuning kon kry, maar omdat ek nie gevra het nie, weet ek nie regtig nie.

R13#8P1: Ek ontvang maar berading, en ja, soos ek jou sê, die kerk as ‘n geheel is net ‘n gebou, dis net ‘n kerk. Maar jy moet gaan hulp soek. As jy iewerste gaan hulp soek, dan is daar iemand wat jou kan help.

- **Geloofstoerusting aan die adolessent: Kategese (7 = 41%)**

*Die respondente het wel hulle kinders na die kategese toe laat gaan. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#9P1: So, nie noodwendig vir my as ouer nie, maar definitief vir my kinders, dit het ‘n las van my afgehaal. Hulle het Sondagskool bygewoon, ek dink ook soms was dit ‘n “escape” vir hulle, kom bietjie uit die huis uit, dis nie skool en huis nie, hier kan ek vrylik met iemand gesels. So dis die gevoel wat ek gekry het, dit het vir hulle baie beteken. So ek dink nie ek kan so sê nie, daar was definitief hulpmiddels vir my kinders gewees.

R03#8P1: Om eerlik te wees, ons het op ‘n laat stadium, hy moes belydenisklasse doen, wat ons op ‘n laat stadium begin het. Die dominee het daai tyd hom aanvaar en was bereid om hom voor te stel. Die dominee het met hom gepraat en met my ook gepraat nadat dit sy onderdhoud was, en die feit dat hy met haar kon praat en hy kon oopmaak het vir hom baie beteken, want hy kan nie alles met my of sy ouma, kyk sy ma was “non existant”, praat. Kom ek sê hy kan nie met iemand praat wat hy nie ken nie, as ek dit so kan stel.

R05#8P1: Die kerk het, veral die kerk wat ek by is, die NG Kerk het my baie laat tuis voel en hulle is baie georganiseerd wat betref Sondagskool en kinders, en ook katkisasie. Ek dink selfs die kinders het baie uitgesien daarna. My seun toe hy katkisasie gedoen het, ek dink hy was 17/18, het hy so uitgesien na Sondae, mens

kan sien hy was baie opgewonde en baie hernuwe as hy by die huis aangekom het na sy Sondag en hy was ook baie trots op homself toe hy aangeneem was die dag in die kerk, dit was vir hom regtig ‘n baie groot geleentheid, hy was emosioneel ook gewees daaroor. So die kerk is verseker toegerus, ek dink hulle strukture is baie goed op hierdie stadium van die westryd, ek dink die kinders voel gemaklik, die klasse word goed aangebied en derhalwe voel die kinders veilig, so ek dink hulle doen goeie werk op die stadium.

R09#8P1: Die kinders gaan kerk toe en hulle kry hulle boekies of goedjies waardeur hulle werk. Ek kan nie sê ek kyk rêrig ooit daarna nie.

R12#8P1: Die kommunikasie is basies maar deur ‘n groepie, ‘n Whatsapp-groepie waarop hulle is. My meisiekind het verlede jaar haar Belydenis van Geloof afgelê en my seun doen dit nou hierdie jaar.
R17#8P1, 3: Ek het geen ondersteuning gekry nie … maar my kinders het.

- **Geloofstoerusting aan die adolessent: Selgroepe (3 = 18%)**

*Sommige van die kinders is by selgroepe betrokke. Hier is die respondente se reaksies:*

R08#8P1: Ek dink ons het nog nie ervaar dat ons iets kry nie, maar ek dink as ons nou praat van Ewige Lig, dan kry hulle die selgroepe, hulle kry daar hulle jeugkerke waarnatoe hulle daar gaan. So ek dink hy kry meer daar as wat ek vir hom hier kan bied. Al kom mens kerk toe en jy is hier, is dit nie rêrig, ek dink op hulle ouderdom soek hulle nou meer goed wat hy nou daar kry. Daar is meer van hulle ouderdomsgroep kinders en hulle gesels onder mekaar en as daar probleme is of hulle voel vandag nie lekker nie, dan kan hulle met mekaar daar praat.

R10#8P1: Maar weer eens die kinders het hulle selgroepe, hulle jeuggeleenthede, hulle sosiale geleenthede ensovoorts en daar spreek hulle wel hierdie goed aan.

R15#8P1: Hulle praat, kyk in vandag se lewe, soos ek sê dit so groot groepe en dit is groot. Dit is nie meer daai “one to one” intieme persoon. My oudste is ook ‘n kind,

sy steek haar emosionele, sy hou dit in. Sy is nie iemand wat sal uitgaan en uitblaker en sê, dit is wat in my huis aangaan nie. Ek dink dit verskil ook van kind tot kind en as ek dink aan daai ander entjie van my, sy is ‘n “bell”, sy vertel presies wat aangaan, kyk dan sal hulle saam bid vir haar, vir haar pappa, hulle sal saam met haar bid en hulle sal vir haar leiding gee. My oudste ene is introvert, sy hou haar emosies terug, sy stel dit nie bloot om te sê daar is iets. Sy sien my as die ouer, dan sal die kerk ook dit nie vir my sê dat daar ‘n probleem is nie.

#### 5.11.6.3 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 8) kan die verskil in benadering van die kerk in die reaksie van die respondente op die vraag duidelik (in bruin) gesien word. Die ondersteuning (of nie) aan die ouer en die ondersteuning (of nie) aan die adolessent word in geel aangedui. Die inhoud van ondersteuning is verreken deur dit aan die geel blokkies (ouer en adolessente) te koppel:




*Figuur 8: Kerklike toerusting in geloofsvorming*

#### 5.11.6.4 Resultate en bevindings by Vraag 8

Die resultaat van hierdie vraag is heel moontlik nie beperk tot enkelouers nie, maar raak ouers in die algemeen. Dit is duidelik dat die ouers nie ondersteuning in die geloofsvorming van hulle kinders ontvang nie. Daar is wel die ruimte vir berading, maar nie enige ander wyse van toerusting aan die ouers nie.

Die adolessente is in die meerderheid van getalle (10 in totaal = 59%) betrokke by ‘n kategesegroep (7 = 41%) of selgroep (3 = 18%) waar hulle in hulle geloofsvorming bygestaan word.

Dit is die navorser se bevinding dat die kerk duidelik meer intergenerasioneel moet kommunikeer, asook die ouers met toerusting moet help om hulle kinders in hulle geloofsvorming te kan bystaan.

Die antwoord op hierdie vraag, sou ook ‘n verband hê met Vraag 2 waar ‘n ooreenkoms aangemoedig behoort te word; Vraag 3 (Gesprekke oor geloofsake), waar die onderwerp eerder vermy word as daar spanning tussen die twee ouerhuise kan wees oor die verskil in geloofsoortuiging; Vraag 4 en 5 waar aanvaarding en die kerk se betrokkenheid van belang is; Vraag 6 en 7 waar die kerk se bystand van belang is.

Dit is uit die onderhawige navorsing duidelik dat die kerk hier nie die geleentheid vir die nodige ondersteuning kan bied nie, omdat 1. enkelouers nie by die gemeente aanmeld nie; daar dus nie kommunikasie van die gemeente/kerk kan wees nie en 2. Adolessente self moet besluit oor hulle geloofsake (Vraag 3).

Die kerk sal dus op ‘n meer intergenerasionele en netwerk ge-oriënteerde manier by lidmate in gesinsverband en dus inklusief betrokke moet wees om ondersteuning in geloofsvorming te kan gee. Hierdie opmerking geld egter nie net vir enkelouers nie.

### 5.11.7 Die rol van ‘n ondersteuningsnetwerk by die enkelouergesin

#### 5.11.7.1 Vraag 9

Die negende vraag se fokus was daarop ingestel om te hoor in watter mate die ondersteuningsnetwerk wat die respondente in die *Beperkte Agtergrondinligting* (Vraag 9) gemerk het, ‘n bydrae tot die gesinslewe in die enkelouergesin speel.

Die persone wat as ondersteuningsnetwerk genoem word, is ook van belang. Hierdie persone is volgens die respondente volwassenes en by byna almal van hulle is die grootouers betrokke.

Die bedieningsbenadering aan die enkelouers word hiermee onmiddelik ‘n intergenerasionele benadering, waar die ondersteuningsnetwerk ‘n belang in het.

Die volgende vraag is aan al die respondente gevra:

Vraag 9: *Vertel my watter rol julle ondersteuningsnetwerk in julle gesinslewe speel.*

#### 5.11.7.2 Relevante agtergrondinligting

Die relevante inligting wat uit die *Beperkte Agtergrondinligting vraelys* verkry is, (Vraag 9) is hier van toepassing:

| Respondent Kode | Grootouers | Vriende | Kleingroep | Ander |
|---|---|---|---|---|
| R01 | X | X | | |
| R02 | X | X | | X |
| R03 | X | | | X |
| R04 | | X | | |
| R05 | X | X | | X |
| R06 | X | | | X |
| R07 | X | X | | |
| R08 | X | X | | |
| R09 | X | X | | X |
| R10 | | | | X |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| R11 | | X | | |
| R12 | X | X | | |
| R13 | | | | X |
| R14 | X | X | | |
| R15 | X | X | | |
| R16 | X | | | X |
| R17 | X | | | X |
| R18 | Onttrek | | | |
| R19 | Onttrek | | | |
| R20 | Onttrek | | | |

*Tabel 6: Ondersteuningsnetwerk van enkelouers*

#### 5.11.7.3 Data Rapportering

*Al die responente het een of meer van die keuses by Vraag 8 van die Beperkte Agtergrondinligting gekies. Nie een van die respondente het die keuses leeg gelaat nie.*

*Die keuses is as volg aangeteken:*
*Grootouers 13 (76%)*
*Vriende 11 (65%)*
*Kleingroep 0*
*Ander 9 53%*
*Respondente kon een of meer van die keuses gemaak het. Die ondersteuningsnetwerk is juis 'n netwerk wat met mekaar of onafhanklik met die enkelouergesin kan saamwerk.*

*Niemand het 'Kleingroep' gekies nie. Dit is in ooreenstemming met die bevinding reeds by Vrae 4 en 5, 6 en 7. Enkelouers verkies om nie by kleingroepe betrokke te wees nie. Vervolgens terugvoer oor die ondersteuning wat die respondente geniet:*

- **Vervoer (11 = 65%)**

*Seker een van die belangrikste praktiese sake is om kinders op die regte tyd op die regte plek te kry. 'n Enkelouer kry dit nie maklik reg nie en die ondersteuningsraamwerk is hier belangrik. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#9P1: Dis ‘n enorme rol wat daardie ouens volstaan. Ek het “actually” my ouers genoem, voor my kinders kon bestuur was my ma die toegewyde drywer gewees, sy moes die kinders by die skool kry, sy moes die kinders by die skool kry.

R04#9P1: OV: Jou sussie woon baie naby, op watter manier ondersteun sy jou?
R04: Sy help my baie met die kinders, want soos ek gesê het my voertuig is stukkend
R04#9P3: Sy help met die kinders rondry, of die kinders moet iets gaan doen, sy vat hulle, so sy help my baie.

R06#9P1: Ek was kronies by die werk, my ma het die kinders rondgery.

R07#9P1: Ek het maar altyd die rywerk gedoen, maar ek het geweet daar is ‘n “back up”. So as ek vasbrand was sy beskikbaar om te help.

R10#9P1: My eksman, soos ek sê, ons het ‘n interdik teen hom. Hy mag geensins kontak met my maak of naby my kom en/of ons kind op enige wyse beïnvloed direk of indirek nie. So ek kan eintlik nie op hom staat maak om te sê gaan tel ons kind op nie, of hy is siek, ensovoorts nie. Ek het bitter bitter min vriende, en hulle almal werk, so daar is regtig iemand wat ek kan sê is my ondrsteuningsnetwerk nie.
R12#9P1: Ek kon my vriendin bel en vir haar sê, ek is jammer om dit vir jou te sê, maar kan jy net my kind gaan optel, en dit was nie vir haar ‘n probleem nie.

R13#9P3: Die ondersteuning is maar net, al wat ek het, is my suster. En wanneer dinge partykeer moeilik raak, dan sal ek haar vra om die kinders te gaan oplaai.

R14#9P2: So hulle ondersteun my dag tot dag, hulle gaan laai haar by die skool af, gaan laai haar op. Vandat my pa nie meer werk nie gaan haal hy haar in die middae by die skool en dan is sy en hy in die middae by die huis.

R15#9P2: maar hulle is daar, nie net emosioneel nie, fisies daar vir die kinders elke dag met oplaai, aktiwiteite by die skool.

R16#9P2: Toe my kond jonger was het ek baie ver gewerk van die huis af, vroeg ry, laat tuiskom, so my ma het haar skool toe gevat, gaan haal en in daai opsig die ouer, want ek was weg.

R17#9P2: So hulle was bietjie ver, maar as ek hulle nodig gehad het, of ek het ingegaan vir 'n operasie, het hulle hier kom kuier en die kinders skool te gevat en teruggevat. My eksman was nêrens te sien nie.

- **Oorslaap/Oppas (8 =47%)**

*Soms is dit onvermydelik dat 'n ouer nie tus kan wees nie en moet die ondersteuningsnetwerk help. Hier is die respondente se reaksies:*

R07#9P2: So as ek vasbrand wat sy beskikbaar om te help. Altyd om te kom help, al was dit om te kom slaap. Sy en die kinders het partykeer sommer net iets gaan doen en dit het regtig baie gehelp

R09#9P2: As die kinders 'n blyplekke soek, het my sussie altyd gesê, bring ons kyk graag.

R13#9P2: Omrede ek en my suster mekaar verstaan wat ons geestelike vlak aanbetref, kan ek na haar toe gaan en sy sal hulle oplaai, sy sal hulle bel en met hulle 'n geselsie maak en op hierdie spesifieke ding dan sal hulle oor praat en sy sal dan iets sê, of iets probeer dat hulle tot ander insigte kom wat dit aanbetref.

R14#9P2: Ek moet soms weggaan vir werk, dat ek nie by die huis kan wees nie, dat ek letterlik van huis geskei moet wees. Baie keer is daar ander omstandighede wat ek nie by die huis kan wees nie, dalk vroeg werk toe gaan. So hulle ondersteun my dag tot dag, hulle gaan laai haar by die skool af, gaan laai haar op. Vandat my pa nie meer werk nie gaan haal hy haar in die middae by die skool en dan is sy en hy in die middae by die huis.

R15#1P1: So ek het basies besluit om die kinders op te pak en terug te kom. Desember het dit toe so mooi uitgewerk want dit is skoolvakansies, my ma het toe die kinders kom haal, en hulle was toe in Desember by ma hulle gewees, maar ek het toe ook elke naweek deurgekom, of deur die week, na werk deurgery Pretoria toe en in die oggende klim ek vroeg in my kar en ry Witbank toe vir werk. En so het ek die 3e Januarie teruggetrek met lorries en alles, teruggetrek Pretoria toe.

R16#9P2: Toe my kind jonger was het ek baie ver gewerk van die huis af, vroeg ry, laat tuiskom, so my ma het haar skool toe gevat, gaan haal en in daai opsig die ouer, want ek was weg.

R17#9P2:Maar as ek hulle nodig gehad het, of ek het ingegaan vir 'n operasie, het hulle hier kom kuier en die kinders skool te gevat en teruggevat.

- **Huishoudelike Take (4 = 24%)**

*Die praktiese aspek van huishoudelike take is nie vir almal ewe maklik nie. Hier is 'n goeie ondersteuningsnetwerk 'n besondere bate. Hier is die respondente se reaksies:*

R01#9P1: En dan my vriende ook, dis die mense wat ek op 'n Sondag bel en sê hier is 'n probleem en dan het een van die mans maar uitgery en kom help. Of 'n boom het omgeval. Dis jou ondersteuningsnetwerk en sonder hulle sal jy definitief nie kan "cope" nie.

R05#9P1: Wat vriende betref, vriende se huise het altyd oopgestaan en hulle het my nie weggestoot nie, ek was altyd welkom gewees, hulle het geweet ek gaan nie net vir myself kos maak nie, so baie mense het my genooi om daar te kom eet. As hulle sport gekyk het, het hulle my genooi. So ek was nie uitgestoot nie, my naby vriende het my baie goed gehanteer.

R06#9P2: OV: ...steuningsnetwerk in julle gesinslewe speel?
R6: My ma het op daardie stadium in 'n huis gebly wat aan my sussie behoort. Ek dink dit was 'n tweeslaapkamer meenthuis, en ek en my kinders met al ons meubels

is saam met my ma in die huis in. So, finansieel "obviously" het dit my baie gehelp, ek het nie nodig gehad om huur te betaal nie, ek het kos gekoop byvoorbeeld, maar ek het nie nodig gehad om huur te betaal nie

R15#9P2: Kyk hulle het hulle oupa en ouma in die sak. Hulle sal vir daai kinders enigiets doen. As daar verjaarsdae is, my ma bak altyd 'n koek, dit gaan nou nie daaroor nie. Hulle is regtig baie baie erg oor my kinders, en ek kan baie dankbaar wees. En selfs soos my boeties ook. Kyk ek kan enige tyd die ene, bel en vra kan julle my gou gou help

- **Finansiële Ondersteuning (5 = 26%)**

*Die finansiële ondersteuning van veral die grootouers is gerapporteer. Hier is die respondente se reaksies:*

R02#9P2: As ek nou rêrig in die knyp is, kan ek my pa vra om te help, maar mens wil dit nou nie rêrig doen nie. As ek nou in 'n krisis is, sou ek hom gevra het om my te help en ek sal hom terugbetaal, as ek 'n geldjie het. So, ja ek moes hom al vra om my te help.

R06#9P2: My ma het op daardie stadium in 'n huis gebly wat aan my sussie behoort. Ek dink dit was 'n tweeslaapkamer meenthuis, en ek en my kinders met al ons meubels is saam met my ma in die huis in. So, finansieel "obviously" het dit my baie gehelp, ek het nie nodig gehad om huur te betaal nie, ek het kos gekoop byvoorbeeld, maar ek het nie nodig gehad om huur te betaal nie.

R09#9P2: My ma help baie, sy het ons ook finansieel baie gehelp en selfs met universiteitsgelde het sy my baie gehelp, dit moet ek sê.

R15#1P2:. Ek moes finansieel ook, ek het vir baie lank by my ouers gebly, want ek kon dit net nie bekostig nie.

- **Emosionele ondersteuning (13 = 76%)**

*Emosionele ondersteuning aan die enkelouergesin is van onskatbare belang. Volgens die respondente het hulle ouers die meeste emosionele steun verskaf.*

*Vriende het ook. Hier is baie ondersteuning gebied.. Hier is die respondente se reaksies:*

R03#9P2: Dit was baie, my ma is soos die kinders se maat. Hulle gaan na haar toe met probleme, sy help hulle waar sy kan, ondersteun hulle, toe my dogter nog in die huis was en daar was probleme, het sy daar gaan slaap want my ma moet haar kan help, want haar ma is nie daar nie. My seun ook, hy maak baie oop met haar want sy praat met hom, en raad gee, veral raad gee, want ek is ‘n man ek weet nie baie van al hierdie dinge nie.

R04#9P2: My vriende ondersteun my meer met as ek ‘n probleem het en as ek met hulle daaroor praat, hulle ondersteuning, as ek nie weet nie en net wil uitlaat, hulle ook nie regtig finansieel help nie, want vir ons almal is dit moeilik. My vriende is altyd daar as ek bietjie af voel of ek het groot probleme en ek wil net praat. Ek wil net uit die huis kom, ek soek net iewers om te gaan om te kan ontlaai en dan kan altyd na my vriende toe gaan en net gesels, dis ‘n ander omgewing, dis ‘n ander gevoel by hulle. Hulle probeer my altyd motiveer en opbeur.

R05#9P2: Nee, my pa en my ma, dit is my ouers wat geboer naby Harrismith. Kom ons begin by my ouers, hulle baie godsdienstige ouers, rotsvaste mense, hulle is nou 68 jaar getroud hierdie jaar, so dis iets verskrikliks, so ja, dis die voorbeelde wat hulle stel en tweedens, rustige mense, hulle kan luiser na jou, kan jou advies gee, wat jou nie laat sleg voel nie. Ek dink nie dis ‘n tyd wat jy iemand moet aanval en hom vertel wat hy verkeerd doen nie, maar eerder om hom, advies gee en hom deur die proses help, want jy gaan dit in elk geval nie nou kan verander nie, so probeer net die persoon wen dat hy beter anderkant kan uitkom dat hy dit maak op ‘n positiewe manier,

R08#9P3: My ma was baie kwaad omdat my eksman ongelukkig my verskriklik verneuk van die punt wat ons uit die hospitaal gekom het toe ek net geboorte geskenk het, het my man toe al ‘n verhouding gehad met ‘n ander vrou. So dit het net so aangegaan en aangegaan. Hy het net die heeltyd nuwe verhoudings, nuwe verhoudings en my ma was kwaad omdat,S sy het hom aanvaar en dan doen hy dit. So daar was ‘n stadium wat hy nie eens in ons huis mag gekom het nie. Sy was

kwaad, my ouers was kwaad. My pa aanvaar en hy maak maar oop. Vir hom is alles net werk daar deur. Maar my ma het dit nie goed gevat nie.

R09#9P2: My ma help baie, sy het ons ook finansieel baie gehelp en selfs met universiteitsgelde het sy my baie gehelp, dit moet ek sê. Vriende en familie, ag hulle is altyd almal daar. Ek kan 'n telefoon optel en sê help hier. As die kinders 'n blyplekke soek, het my sussie altyd gesê, bring ons kyk graag. My vriendinne, ons gaan drink so nou en dan saam koffie, dis mense met wie jy kan gesels, dis hartsmense en ja, ons dra mekaar op hand. Ons loop al 'n lang pad saam, ons is 'n hele groepie wat al van laerskooldae so saam is. En ja, hulle ondersteun my baie, ek meen ek kan nie alles op die punte van my vingers sê nie, maar ek weet as ek 'n telefoon optel, is daar iemand.
R11#9P2: Sy is soos 'n suster, ek is 'n enkelkind ook, so sy is soos my suster. As ek 'n probleem het, sy het ook twee seuns, as ek 'n probleem het, kan ek haar altyd vra en sê, hoor hier Louise, hierso is 'n taak, jou kind is al klaar deur hierdie graad en sy kan my help en sy is soos dadelik, ek e-mail dit vir jou. So sy is heeltyd daar, sy help my met baie. Sê maar ek gaan staan sonder petrol 12 uur in die aand, kan jy haar altyd bel en sy sal kom. So, sy is letterlik my steunpilaar, sy is, sy is. As ek 'n suster kon gehad het, sou dit sy gewees het

R12#9P2: Aan die anderkant, as ek kom by my ouers wat ook daar onder bly, dis die rede hoekom ons wil afgaan, is net daai emosionele "support". My ma is die tipe mens wat vir hulle 'n briefie skryf. Hulle het nou vir twee dae by ons kom kuier. As ouma en oupa ry, is daar briefietjie op die bedkassie met 'n sjokolade of 'n swetetjie, jy weet 'n eenvoudige met die handgeskryf briefie wat sê, dit was lekker om hier te wees, lekker om te kuier, lief vir julle. Ek dink die kinders het dit ook nodig. Hulle het net die een oupa en ouma met wie hulle kontak het op hierdie stadium. Hulle het hulle pa se pa en ma gesien so rukkie terug met oupa se verjaarsdag. Ek het hulle soontoe gevat, want ouma en oupa smag ook na hulle kleinkinders, maar pappa is nie bereid om die moeite te doen om die kinders by oupa en ouma uit te kry nie. Toe sê ek, wel dan sal ek dit doen. So ek het gery en

hulle gaan aflaai, hulle het oorgeslaap die aand, en ek het hulle die volgende dag gaan optel, en ek kon sien dit het hulle "actually" goed gedoen.

R13#9P2: Die ondersteuning is maar net, al wat ek het, is my suster. En wanneer dinge partykeer moeilik raak, dan sal ek haar vra om die kinders te gaan oplaai en dan met hulle oor sekere goed te praat sodat hulle 'n ander insig kry. So dis die ondersteuning wat ek het. Omrede ek en my suster mekaar verstaan wat ons geestelike vlak aanbetref, kan ek na haar toe gaan en sy sal hulle oplaai, sy sal hulle bel en met hulle 'n geselsie maak en op hierdie spesifieke ding dan sal hulle oor praat en sy sal dan iets sê, of iets probeer dat hulle tot ander insigte kom wat dit aanbetref.

R14#9P2: Vir my 'n baie belangrike rol. My grootouers, of haar grootouers, my ouers help my geweldig baie met haar opvoeding en ook versorging. Ek moet soms weggaan vir werk, dat ek nie by die huis kan wees nie, dat ek letterlik van huis geskei moet wees. Baie keer is daar ander omstandighede wat ek nie by die huis kan wees nie, dalk vroeg werk toe gaan. So hulle ondersteun my dag tot dag, hulle gaan laai haar by die skool af, gaan laai haar op. Vandat my pa nie meer werk nie gaan haal hy haar in die middae by die skool en dan is sy en hy in die middae by die huis. So, hulle help my verskriklik baie daarmee, en dan ook laat sy kan sien hoe is 'n relatiewe gesonde huwelik tussen 'n man en 'n vrou. My pa het 'n sterk persoonlikheid. Hy is 'n goeie rolmodel vir haar en sy kan dit dan ook opmerk en sien.

R15#9P2: My familie, my ma en my pa, hulle is daar 100% emosioneel. As ek voel ek wil opgee, dan sal my ma vir my sê: JRy is 'n goeie ma, jy doen goed vir jou kinders, so emosioneel is my ma my bydrae en sê hierdie kinders kan so dankbaar wees om 'n ouer soos jy te hê. Dan besef jy, okey, maar ek voel beter, maar hulle is daar, nie net emosioneel nie, fisies daar vir die kinders elke dag met oplaai, aktiwiteite by die skool.

R16#9P2: My broer is, wel as daar groot probleme opduik en ek het werklik nodig dat iemand moet hard praat, gaan ek na hom toe dan sal hy soms intree soos 'n

vaderfiguur teenoor haar. Ek het nie veel vriende nie, my sussie is naby, ek help haar en kyk na haar kleintjies en dit is net daai iemand wat soms luister, Ja die feit dat ek weet ek is nie alleen nie. As dit nie vir hulle was nie, dan was ek ook maar alleen. Toe my kond jonger was het ek baie ver gewerk van die huis af, vroeg ry, laat tuiskom, so my ma het haar skool toe gevat, gaan haal en in daai opsig die ouer, want ek was weg. En toe van Graad 6 af, ek het haar afgelaai in die oggende, sy kon skooltoe loop, of huistoe loop in die middae. Haar aktiwiteite het ek so gereël, want as ek haar nie kan vat nie, of as dit nie by die skool is nie, dan kon sy nie aktiwiteite doen nie. My sussie het gehelp, daar was een of twee keer wat ek by die werk moes oorslaap, so dan is sy na my sussie toe

#### 5.11.7.4 Skematiese voorstelling en beskrywing van die onderlinge verbande

In die skematiese voorstelling (Figuur 9) kan die ondersteuningsnetwerk van die respondente gesien word (geel as versamelnaam; en die persone betrokke in bruin). Die hoofaspekte van hulle betrokkenheid word in die blokkies en verbande aangedui.:




*Figuur 9: Ondersteuningsnetwerk van enkelouers*

#### 5.11.7.5 Resultate en bevindings by Vraag 9

Die resultaat van die antwoorde deur die respondente op Vraag 9 wys dit uit dat geeneen van hulle in ‘n kleingroep ondersteuning vind of geniet nie.

Wat die verskillende aspekte van ondersteuning aanbetref, was dit maklik om die praktiese ondersteuning te herken (vervoer, oorslaap/oppas en huishoudelike take), waar die ander ouer se afwesigheid duidelik buite-ondersteuning by die respondente vereis. Tog blyk dit dat hulle op hulle manier dit gereël kry.

Die finansiële bystand is ook ‘n belangrike aspek. Weer eens is dit duidelik watter rol die ouers (grootouers) in hierdie verband speel. Hulle verskaf behuising, betaal sekere verpligtinge, verhuis self om nader aan die kinders te wees, ens. Grootouers het oor die algemeen nie beplan dat die situasie nou so moet wees nie, maar as ouers kan hulle nie anders as om te help nie.

Die emosionele aspek verdien spesiale vermelding. Van die 13 (76%) verwysings na emosionele ondersteuning, het nege (53%) na die ouers (grootouers) verwys as die eeste bron van emosionele ondersteuning. Vir grootouers om emosionele ondersteuning te bied, beteken dit nie dat hulle dit net aan die ma of die pa doen nie, maar noodwendig ook aan die kinders wat betrokke is.

Die persone wat die grootste rol in hierdie respondente se lewens speel, is die grootouers (13 = 76%). Wat die feit dat die respondente hulle ouers in die vraag noem, opmerklik maak, is dat ouers deur verwantskap byna outomaties ‘n ondersteuningstelsel sou kon wees. Die respondente wys daarop dat hulle ouers (grootouers) ‘n keuse maak om hulle by te staan en dat dit nie sonder opofferings gepaard gaan nie.

Hierdie studie het as fokus die bediening aan die enkelouergesin om hulle met hulle adolessente se geloofsvorming by te staan. Wat deurgaans na vore kom, is die teenwoordigheid en betrokkenheid van die grootouers (Vraag 1; Vraag 2; Vraag 3; Vraag 6 & 7; Vraag 9)

Die rol wat grootouers in die lewens van enkelouergesinne speel, is groter as enige van die ander ondersteuningsnetwerke (cf 3.8). Hulle staan by met emosionele raad, praktiese take en selfs finansiële bystand. In Figuur 3, 4, 5, 7 en 9 kan die verband waarby die grootouers betrokke is, gesien word.

Om ernstig te wees oor die bediening aan die enkelouergesin, beteken om ook ernstig te wees oor die bedieining aan die grootouers. Enige program of bediening wat die enkelouergesin in fokus het, sal ook die grootouers moet akkommodeer. Wanneer jeugbedienings ernstig is oor geloofsvorming, sal ook hierdie feite verdiskonteer word in hul begeleidings- en toerustingstaak van huise.

Dit is duidelik uit die respondente se reaksie en waardering, dat grootouers ook self emosionele ondersteuning benodig wanneer hulle kinders skei en daar kleinkinders by betrokke is.

‘n Intergenerasionele benadering tot die bemagtiging van ‘n ondersteuningsnetwerk is hier noodsaaklik. Die ondersteuners moet ook gehelp word om die enkelouer by te staan om die uitdagings van enkelouerskap die hoof te bied, maar ook weet waar die grense van ondersteuning is.

## 5.12 Samevatting

Hierdie hoofstuk het vanuit die fisiese onderhoude ‘n gemengde inhoud gehad van empiriese feite en interpreratiewe opmerkings na elke vraag. In die voorafgaande literêre studie is reeds aandag gegee aan die primêre belang van die gesin as hermeneutiese ruimte, die enkelouergesin as uitdaging in die geloofsvorming van die adolessent en adolessensie as lewensfase.

In die empiriese navorsing is daar resultate of antwoorde verkry en bevindings gemaak. Enkele van die bevindinge wat uitstaan is:

- Die struktuurverandering na ‘n egskeiding van ‘n twee-ouer na enkelouergesin ‘n ernstige impak op die enkelouergesin het;
- Die uitdagings wat ‘n enkelouergesin moet hanteer, verloor nie die emosionele intensiteit met tyd nie;

- Finansies blyk die grootste uitdaging vir die enkelouergesin te wees;
- Ouers gaan nie met en na ‘n egskeiding ooreenkomste aan oor hulle kinders se geloofsopvoeding nie;
- Die grootste spanning in ‘n huis oor geloofsake bly steeds die verskil in geloofsoortuigings tussen die ouers en hulle huise te wees;
- Daar is ‘n verskraling in die geloofsbetrokkenheid van enkelouers en hulle kinders in ‘n gemeente;
- Enkelouers ervaar nie genoegsame aanvaarding in ‘n gemeente nie;
- Die rol van die leraar/kerkleier in die verhouding met die enkelouer is ‘n onderbenutte faktor;
- Enkelouers is oortuig daarvan dat die kerk hulle nie in hulle lewensomstandighede kan bystaan nie;
- Enkelouers ontvang nie kerklike toerusting om hulle kinders in hulle geloofsvorming by te staan nie.

In ‘n bedieningsprogram vir die enkelouergesin sal voorsiening gemaak word vir ‘n intergenerasionele benadering wat die enkelouer, die adolessent en in die meeste gevalle ook die grootouers moet insluit. Die bedieningsprogram sal aanvanklik sterk moet fokus op die dringende veranderinge in die enkelouergesin, en later op die uitdagings wat na ‘n tydperk van enkelouerskap steeds bestaan.

# HOOFSTUK 6

# DIE PRAGMATIESE TAAK

## 6.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die verskillende elemente van hierdie studie bymekaar. Die navorsing wat onderneem is, het ten doel gehad om ondersoek in te stel na waarom enkelouergesinne hulle nie as volwaardige gesinne binne kerkverband ervaar nie en ook nie die nodige toerusting en ondersteuning in die geloofsvorming van hulle adolessente kinders ontvang nie.

As doelwitte vir die navorsing is die volgende gestel (Hoofstuk 1.1.5):

- Om die eie aard van die enkelouergesin met adolessente, se geloofsdinamika of die afwesigheid daarvan, te beskryf;
- Om die adolessent te beskryf en die invloed van die enkelouergesinsamestelling op die ontwikkelingsfases van geloof, te identifiseer;
- Om die uniekheid van die enkelouergesin as primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan van geloof te beskryf;
- Om die moontlike ondersteuning en toerusting wat die kerk aan die enkelouergesin kan bied, te beskryf en te ondersoek.

Die navorser is van mening dat al die doelwitte vir die navorsing soos beplan, wel bereik is.

Hierdie navorsing is gedoen volgens die oorspronklike beplanning en die benadering van Osmer se sirkel van prakties-teologiese interpretasie (Osmer 2008:11) is gevolg. Die navorser het egter die keuse gemaak om by die normatiewe (dus eers die literêre studie) te begin, dan die empiriese navorsing (empiriese taak) te doen, met resultate en bevindings (interpretatiewe taak). Hoofstuk 5 hanteer elke navorsingsvraag empiries, met die resultaat en bevinding direk daarna. Die

hoofstuk sou dus as empiries-interpretatief gesien kan word. Hierdie laaste hoofstuk hanteer die pragmatiese taak.

## 6.2 Pragmatiese taak

In hoofstuk 1 (1.4.2.4) is beskryf wat die pragmatiese taak in Praktiese Teologie behels en die vorme van leierskap wat nodig is om hierdie taak en veral transformasie te begelei. Hier word baie oorsigtelik daarna verwys en transformerende leierskap spesifiek uitgelig.

Hoe word hierdie verandering teweeg gebring? Die pragmatiese taak is volgens Osmer (2008:176-178) juis die proses van vorming van strategieë en aksies wat die praktiese situasie op so ’n manier sal beïnvloed dat die verlangde resultate verkry kan word. Dit gaan in hierdie taak oor hoe om verandering teweeg te bring en te begelei. Die pragmatiese taak wil die vraag antwoord: Hoe moet hierop gereageer word?

Osmer (2008:176-178) beskryf die taak van die leiers in ‘n gemeente om met ‘n diensgerigte leierskapstyl verandering in ‘n gemeente teweeg te bring. Hy noem dan die drie vorms van leierskap wat van belang is: “*task competence*” (Osmer 2008:176); “*Transactional leadership*” (Osmer 2008:176); en die derde een: “*Transforming leardership*” (Osmer 2008:177). Om tot diens van die enkelouergesin te wees, sou beteken dat al drie vorms van leierskap van toepassing kan wees. Nie altyd op dieselfde tydstip nie, maar verseker om ‘n langtermydoel te bereik.

## 6.3 Probleemstelling en hipotese van studie

Die navorsingsprobleem is dat enkelouersgesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Dit en ander faktore lei daartoe dat hulle nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie.

Die hipotese: dat enkelouersgesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Dit en ander faktore lei daartoe dat hulle nie die nodige

ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie.
Hierdie hipotese is waar.

### 6.4 Refleksie op die navorsingsresultate en bevindings

Uit die kwalitatiewe navorsing kan die volgende bevindings gemaak word met die navorsingsdoelwitte as riglyn:

- **Om die eie aard van die enkelouergesin met adolessente, se geloofsdinamika of die afwesigheid daarvan, te beskryf**
    - Die struktuurverandering na egskeiding wat tot die oorsprong van die enkelouergesin lei, het ‘n drastiese impak op die totale lewe van die enkelouergesin.
    - Die impak op die enkelouergesin van die veranderinge wat na ‘n egskeiding ontstaan, is intens en raak die enkelouergesin, sowel as die grootouers.
    - Die twee grootste faktore wat dinamiek binne ‘n enkelouergesin moeilik maak, is finansies en die emosionele effek van verwerping, ouers wat nie meer saam wil wees nie en die verskil in twee huishoudings waarin die adolessente hulle eie identiteit moet ontwikkel.
    - Die spanning in die verhouding tussen die geskeide partye, veral oor besoekregte en die nie-betaling van onderhoud is ook ‘n negatiewe faktor.

- **Om die uniekheid van die enkelouergesin as primêre hermeneutiese ruimte vir die verstaan van geloof te beskryf**
    - Die kerk moet kennis neem van die vlak van geloofsgesprekke in enkelouers se huise, veral die vrae wat die adolessente vra en die verlies aan ‘n geloofsrolmodel.

- Daar moet definitief aandag gegee word aan die spanning wat tussen die twee ouerhuise (twee hermeneutiese ruimtes) bestaan vanweë ‘n verskil in geloofsoortuiging.
- Daar is ‘n korrelasie tussen die kontak van ouers met hulle kinders en spanning oor geloofsake: die adolessente wat ‘n minder gereelde kontak met sy/haar ander ouer het, is meer geneig tot spanning in geloofsake.

- **Om die adolessent en die invloed van die enkelouergesinsamestelling op die ontwikkelingsfases van geloof, te identifiseer**
  - Dit blyk dat ouers nie ooreenkomste aangaan oor die geloofsopvoeding van hulle kinders nie.
  - Enkelouers ontvang duidelik nie ondersteuning van die kerk in die geloofsvorming van hulle kinders nie. Daar is wel die ruimte vir berading, maar nie enige ander wyse van toerusting aan die ouers nie.

- **Om die moontlike ondersteuning en toerusting wat die kerk aan die enkelouergesin kan bied, te beskryf en te ondersoek**
  - Met die aanvanklike antwoord op die vraag of enkelouers en hulle gesinne aanvaarding in die kerk beleef, het 16 (94%) van die respondente dadelik “Ja”, gesê en slegs een (6%) het “Nee”, geantwoord. Met die hantering van die daaropvolgende vrae en die reaksie daarop, het die navorser tot die gevogtrekking gekom dat die werklike persentasie enkelouers wat aanvaarding beleef, 35% is.
  - Enkelouers wat aktiewe lidmate van ‘n kerk is voor en na die egskeiding ervaar aanvaarding en het ook die verandering in gesinstruktuur makliker kon hanteer.
  - Die mees prominente faktor wat enkelouergesine aanvaarding laat beleef, is die verhouding met die leraar/kerkleier.
  - Enkelouers is ongemaklik met kleingroepe en het hulle duidelik daarteen uitgespreek.
  - Enkelouers beleef aanvaarding op ‘n baie meer persoonlike basis as deur ‘n gemeente of kleingroep.

- Daar is ‘n aantal uitdagings wat selfs lank na die egskeiding steeds in die enkelouergesin bestaan. Onder andere: finansies; alleenheid; emosionele spanning; alleen verantwoordelikheid; dissipline van kinders; die rolaanpassing en verlies van rolmodel; werksituasie wat spesifieke eise stel en die problematiek van tydsbestuur en die ondersteuning van die kinders se aktiwiteite.
- Die vraag na die kerk se moontlik hulp in enige van die uitdagings, was redelik duidelik beantwoord deur dat die respondente nie dink dat die kerk regtig kan help nie.
- Een van die belangrikste aspekte wat na vore gekom het, is dat die kerk in die meeste gevalle nie eens weet dat die gesin se struktuur verander het nie.
- Die rol van die ondersteuningsnetwerk het ook nou meer prominent geword en veral grootouers se betrokkenheid (finansieel en emosioneel) by die enkelouergesin is van belang. Ouers sou deur verwantskap byna outomaties ‘n ondersteuningstelsel kon wees, die navorsing het wel uitgewys dat dit wel ‘n keuse met opofferings is wat ouers maak om hulle kinders by te staan.
- Indien die kerk enkelouers wil ondersteun, sal daar ‘n groter bewusmaking van die uitdagings aan enkelouers moet wees, meer individueel en persoonlik aandag gegee word en die benadering op grond van die ondersteuningsnetwerk meer intergenerasioneel moet wees, maar ook bepaal waar die grense van ondersteuning is.

## 6.5 Die onontbeerlikheid van inklusiwiteit

Die bediening aan die enkelouergesin staan nie los van enige ander bediening in die kerk of gemeente nie. Vanuit die verbondsbenadering en Bybelse ekklesiologie kan dit ook nie anders nie. Almal is ingesluit en niemand behoort te voel dat hulle nie aanvaar word nie.

Malan Nel skryf:

> "*Youth Ministry is inclusive, comprehensive, and that it includes (or at least stands in direct relationship to) catechesis and family ministry*" saamgelees met sy voetnoot:
> *I do, however, understand that the point can be made that family ministry includes Youth Ministry. One thing is certain: it is impossible to separate two dimensions of the same important ministry as participation in what God is doing"*
>
> (Nel 2018:22; cf ook ook Nel 1982:112; Nel 2001a:6; Nel 2001b:10).

Wanneer daar in hierdie studie oor gesinsbediening gedink word, word dus inklusief gedink.

Die digotomie wat sterk in die kerk voorkom van volwassenes teenoor kinders (jeug) werk juis nie vir enkelouergesinne nie. Die empiriese data het uitgewys dat die gesagstruktuur in die enkelouergesin veral in die tydperk met adolessente in die huis 'n rolverandering ondergaan met meer verantwoordelikheid aan die adolessent. Daarom kan byvoorbeeld wanneer die gemeente met lidmate kommunikeer, die adolessente dieselfde (gelyke) kommunikasie ontvang.

## 6.6 Die onontbeerlikheid van 'n intergenerasionele benadering

Dit is juis die interaksie tussen die mediasie van die Christelike geloof en die praxis van ons samelewing (Heitink 1993:18) wat ons laat verstaan hoe God deur ons handelinge na die wêreld kom (cf Nel 2018:7).

Seibel (2009:32) verwys in hierdie verband na die interafhanklikheid van die kerk en die samelewing waarbinne die kerk funksioneer:

> *"... the story of how societies and individual congregations located within them sustain their existence through time is inextricably linked to the intergenerational dynamics that emerge among the generations of which they are composed."*

In die samelewingsverbande van die respondente het ons gehoor dat byna almal na hulle ouers verwys as op een of ander manier betrokke by hulle. Hulle word veral gemeld as hulle ondersteuningsnetwerk. In sommige huise is daar selfs drie geslagte wat saamwoon.

Die term intergenerasioneel verwys na die interaksie tussen verskillende generasies. Daar bestaan wel 'n gemeenskaplikheid, byvoorbeeld verwantskap, waar daar 'n natuurlike verhouding van respek tussen mense is (Harkness 2012:122) – waar deelnemers beide gee aan, en ontvang van persone uit ander ouderdomsgroepe.

Ouers en kinders is eintlik in 'n lewenslange intergenerasionele dinamika aan mekaar verbind wat tot voordeel van die voortbestaan van beide die kerk en die gemeenskap is. Newman en Smith (1997:4; cf ook Seibel 2009:35) gee die volgende verduideliking:

> "*At the foundation of the intergenerational concept is a relationship that is as old as the institutions of family and community. Its roots can be seen in the connections that link specific generations within families – the elder and younger members.*"

Wanneer die navorser in hierdie studie na 'n intergenerasionele benadering verwys, is die bedoeling daarvan soos wat White (1988:18) dit definieer:

> *"When two or more different age groups of people in a religious community together learning/ growing/living in faith through in-common experiences, parallel learning, contributive-occasions, and interactive sharing.*"

## 6.7 Bediening – ‘n doelgerigte fokus

Daar is reeds in 2.2 verwys na die verskillende bedieningsmodii wat God se koms na en deur die kerk gestalte aan gee. Hierdie bedienings fasiliteer volgens Nel (2015:63-83) nie net God se koms na die wêreld, maar ook identiteitsontdekking en -ontwikkeling.

Die diens van mense word in bedieningsmodii beskryf. Soos reeds genoem (2.2) noem Nel agt modii (2018:221). Die modii is: Verkondiging (*Kerugma*), Erediens of Aanbidding (*Leitourgia*), Pastorale sorg (*Paraklesis*), Onderrig (*Didache*), Gemeenskap (*Koinonia*), Diens (*Diakonia*) en Getuienis (*Marturia*). Daarby voeg Nel ‘n agste: Organisasie/Leierskap/Administrasie (*Kubernesis)* (cf Nel 2018:222).

Indien hierdie agt bedieninge die kern bedieninge is waaroor dit in die gemeente behoort te gaan, dan wil inklusiewe gesinsbediening seker maak dat dit die kern is waaroor dit in enkelouerbediening ook gaan.

Die strategieë en aksiestappe wat die gemeente kan neem om die enkelouergesin te bedien, moet as basis hierdie agt modii hê om teologies verantwoordbaar te kan wees.

## 6.8 Implikasies van hierdie studie

Enkele groot implikasies wat hierdie studie vir die bediennig aan die enkelouergesin inhou, gaan nou puntsgewys uitgelig word:

- ‘n Paradigmaskuif is nodig in gesinsbediening om voorsiening te maak vir gesinstrukture wat anders as die tradisionele is;
- Die taalgebruik wanneer van gesinne gepraat word, kan meer akkommoderend wees (‘n gesin is nie net ‘pa en ma en kinders nie’);
- Wanneer gesinsaktiwiteite beplan word, moet dit van so ‘n aard wees dat enkelouergesinne sonder voorbehoud as ‘n gesin kan deelneem;
- Lidmate kan gesensiteer word om wanneer hulle bewus word van die verandering van status van lidmate, dit aan die gemeenteleiers sal oordra;

- Doelbewuste, omvattende en deurlopende toerusting aan ouers, kategete en ander lidmate is noodsaaklik;
- Jeug- en gesinsbediening behoort toe te sien dat intensionele pogings in die gemeente aangewend word om bedieninge intergenerasioneel inklusief te laat funksioneer;
- Jeug- en gesinsbediening behoort toe te sien dat alle bedieninge so aangepas word dat alle byeenkomste binne die gemeente die karakter van openheid (almal is welkom) sal hê;
- Jeug- en gesinsbediening moet intensioneel hulle skopus verbreed dat geloofsvorming nie slegs ‘n kerklike karakter dra nie, maar huisgeloof insluit.

## 6.9 Strategieë en aksiestappe

### 6.9.1 Die enkelouergesin

Die enkelouergesingesin as hermeneutiese ruimte het besonderse aandag nodig. Volgens Smith & Snell (2009: 285-286) val die godsdienstige sosialiseringstaak en geloofsontwikkeling byna ten volle as verantwoordelikheid op die tafel van twee gemeenskappe: Eerstens die huisgesin waar ouers die primêre sosialisering doen. Tweedens die kerke, waar die hele gemeente, maar spesifiek toegewyde volwassenes, ’n redelike sterk invloed op kinders en jongmense se geloof en lewens uitoefen. Wanneer geloofsvorming nie dáár plaasvind nie, sal dit volgens Smith & Snell (2009:286) – met hoë uitsondering – nêrens gebeur nie.

#### 6.9.1.1 Strategies

Om geloofsvorming weer in die sentrum van die huis te laat funksioneer, kan dit nie anders as dat geloofsontwikkeling by die huis die fokus van ‘n gemeente moet wees nie. Geloofsvorming is meer as net ‘n kategese saak of ‘n punt op ‘n sakelys van ‘n gemeente. Dit moet, soos Holmen (2010:80) daarna verwys, ’n lens word waardeur na alle bedieninge gekyk word. Daar behoort in die gemeente ’n paradigmaskuif plaas te vind waar van jeugbediening as ‘n geïsoleerde entiteit wegbeweeg word na geloofsvorming as ‘n lewenslange proses wat alle geslagte insluit (cf Avenant 2021).

Die kerk wat fokus op familiebediening, se hooftaak behoort te wees om ouers betrokke te kry by die geloofsvorming van hulle kinders. Dit sou beteken dat die gemeente ouers moet bemoedig om deel te neem aan die toerustinggeleenthede wat ‘n gemeente bied om beter rolmodelle vir hulle adolessente te kan wees (Avenant 2011:166). Ouers is deur die verbond van God geroep tot hierdie vennootskap. Vader- en moederskap kan alleen teruggevind en teruggewin word binne die verbondskap en verwantskap wat God daar gestel het (Wagner-Ferreira 2008:37 cf ook Freudenburg & Lawrence 1998:32-35).

#### 6.9.1.2 Aksiestappe

- ’n Volledige plan behoort deur die jeug- en gesinsbediening en ander bedieninge uitgewerk te word oor hoe om hierdie paradigmaskuif te maak en hoe dit op alle bedieninge in die gemeente sal impakteer;
- Beplanning sal nodig wees om te bepaal hoe die kerk gesinne kan ondersteun deur bemagtiging, voorsiening van hulpbronne en deur geloofsontwikkeling tuis te ondersteun;
- Enkelouergesinne sal meer aandag moet geniet en spesifiek ondersteun word;
- Gesinseredienste waar gesinne aan die liturgie deelneem kan aanbeveel word.

### 6.9.2 Die enkelouer (primêre versorger)

Uit die navorsing (Marquardt 2011:186) het dit geblyk dat die kerk nog altyd baie min gedoen het om hierdie ouers te ondersteun. Ouers wat deur ‘n egskeiding gaan, of wat dit reeds afgehandel het, het nodig om te weet dat ‘n gemeente sonder enige veroordeling hulle nie net aanvaar nie, maar ook wil ondersteun.

#### 6.9.2.1 Strategies

Die bedieningspan wat in die kerk vir omgee verantwoordelik is, moet bewus wees van die emosionele las van enkelouerskap en ook van die trauma van verwerping wat enkelouers ervaar.

Die kommunikasie met enkelouers moet eenvoudig en duidelik wees. Hulle kan ook toerusting ontvang en ondersteuning om as enkelouer ‘n beduidende hermeneutiese ruimte vir hulle kinders te skep.

#### 6.9.2.2 Aksiestappe

- Enkelouer-leiding kan aangebied word.
- Om lewensafrigters op te lei om enkelouergesinne by te staan.
- Om met beide biologiese ouers kontak te maak en te behou.

### 6.9.3 Die ‘ander ouer’

Soos uit die navorsing blyk, is die ander ouer ‘n beduidende persoon in die adolessent se geloofsvorming. ‘n Duidelike tekortkoming is die feit dat ouers nie met mekaar ‘n oreenkoms oor hulle kinders se geloofsopvoeding aangaan nie.

#### 6.9.3.1 Strategies

Dit is belangrik om die ander ouer wat ook ‘n hermeneutiese ruimte is, by die geloofsvorming van die adolessent te betrek. Hulle mag ook ingelig wees en so in pas wees met wat met die adolessent se geloofsvorming gebeur, dat hulle as ‘n invloed met die gemeente kan saamwerk. Wees net altyd sensitief vir die situasie tussen ouers – veral waar die egskeiding nog vars is.

#### 6.9.3.2 Aksiestappe

- Kontak kan met die ander ouer gemaak word (met toestemming van die lidmaat EN die adolessent) en aan die gemeente bekend gestel word;

- Hou die ander ouer op hoogte van die kind se geloofsontwikkeling deur die materiaal wat gebruik word, ook aan dié ouer beskikbaar te stel;
- Die ander ouer kan na gemeentefunskies waar sy/haar kind by betrokke is genooi word;
- Plaas die ander ouer ook op ‘n kommunikasiegroep sodat daar kongruensie kan wees vir beide ouers oor dit wat met die kind by die kerk gebeur;
- Indien moontlik reël ‘n ontmoeting met die ander ouer en luister na sy/haar behoeftes.

### 6.9.4 Die adolessent

Adolessente is in hierdie studie van alle kante bekyk (Hoofstuk 4). Dat hulle kwesbaar is, dat hulle deur verskillende fases van verskillende soorte ontwikkeling gaan – dit alles is waar. Adolessente uit ‘n egskeiding is nog meer kwesbaar, alleen, op hulleself aangewese, moet vroeër in hulle lewens verantwoordelikheid neem vir hulleself (en ander gesinslede) en moet uiteraard ook nog êrens net ‘n gewone adolessent wees!

#### 6.9.4.1 Strategies

Die span in die gemeente wat met jongmense spesifiek werk (kan die Jeugspan wees of kategete, of hoe ‘n gemeente ook hierdie spesifieke mense noem), moet toegerus wees om jongmense in al hulle verskillende ontwikkelingsfases te verstaan. Hulle moet ook gereed wees om jongmense en dan baie spesifiek kinders uit ‘n egskeiding moreel te ondersteun.

#### 6.9.4.2 Aksiestappe

- Vestig kontak met adolessente (gebruik sosiale media);
- Jeugleiers op te lei om as ondersteuners op te tree;
- Lys van professionele persone wat terapeutiese dienste lewer op te stel;
- Gemeentelede wat as mentors (en rolmodelle) sal optree te identifiseer;
- Die kerk ‘n vriendelike ruimte vir alle generasies te maak;

- Doen moeite om belangrike lewens- en geloofsmomente met die adolessent te vier (byvoorbeeld verjaardag, geloofsbelydenis, ens).

### 6.9.5 Grootouers

Grootouers is die eerste ‘going to’ mense vir enkelouers. Hulle help duidelik graag waar hulle kan, maar is ook nie seker waar die grense is van hulp en hoe om op die beste manier ondersteuning te bied nie.

#### 6.9.5.1 Strategies

Grootouers moet ook ondersteuning van die gemeente kry in die reuse taak wat hulle het om fisiese en emosionele ondersteuning aan hulle enkelouergesin-kinders te gee.

#### 6.9.5.2 Aksiestappe

- Grootouers kan met inligting toegerus word;
- Grootouers kan gehelp word om te verstaan wat die emosionele behoeftes van die enkelouergesin is;
- Grootouers moet die oordeelsvermoë aanleer oor waar die grense van ondersteuning is.

### 6.9.6 Die Gemeente

Die gemeente speel ‘n belangrike rol as die ruimte waarbinne mense hulle geloof kan uitleef, kan groei en in diens kan tree. Die gemeente is ook ‘n veilige hawe vir almal wat seer het en wat ondersteuning nodig het.

#### 6.9.6.1 Strategies

Die gemeente moet begelei word om meer onpartydig, nie-veroordelend, akkommoderend en liefdevol te wees. Die gemeente is immers die gesig van ‘n

gemeenskap wat soos Jesus Christus wil wees. Mense (ouers en kinders) uit ‘n egskeiding moet welkom voel as volle lidmate van ‘n groter familie.

#### 6.9.6.2 Aksiestappe

- Nuwe taal moet ontwikkel word om meer gesinsvriendelik te wees (bv huisgeloof, pleks van gesinsgeloof);
- Die gemeente moet ingelig wees en aktief saam deel in die viering van besondere geleenthede, soos geloofsbelydenis;
- Kinders en adolessente moenie anders as volwassenes hanteer word nie – hulle is volwaardige lidmate.

### 6.9.7 Die leraar/kerkleier

Die empiriese navorsing het die rol van veral die leraar/kerkleier positief as ‘n prominente rolspeler uitgewys. Dit is dus belangrik dat die leraar/kerkleier kennis neem van sy/haar rol in die aanvaarding deur enkelouergesinne.

#### 6.9.7.1 Strategies

Die kerkraad of gemeenteraad van ‘n gemeente kan belê daarin om die leraar/kerkleier ‘n kursus in die verstaan van die bediening aan enkelouers te laat deurloop. Daar is duidelik te min kennis oor die uitdagings van die enkelouergesin beskikbaar. Die leraar/kerkleier kan ook tegelykertyd wenke kry oor hoe om deur sy/haar bediening/prediking/pastoraat die enkelouergesin as eenheid in die gemeente erkenning te laat kry.

#### 6.9.7.2 Aksiestappe

- Leiers moet met kennis toegerus word;
- Skep ‘n veilige hawe waar enkelouers en kinders veilig kan voel om hulle emosies te deel;
- Fasiliteer ‘n ondersteuningskursus soos ‘Divorce care’ vir persone wat midde in ‘n egskeiding is;

- Wees ‘n geloofsrolmodel;
- Wees eg;
- Maak seker dat die leiers weet waar en by wie om watter soort hulp/berading te kry.

## 6.10 Leierskap om verandering te fasiliteer

Wanneer strategiese prosesse en aksiestappe geïmplimenteer moet word, behoort ‘n kombinasie van die drie leierskapstyle soos wat Osmer (2008:176-177) dit aandui, gebruik te word:

- Taakbekwame Leierskap verrig algemene uitvoerende leierskap take;
- Transaksionele Leierskap moet help om behoeftes en bronne te identifiseer en aan te wend;
- Transformerende leierskap het die taak om identiteitsaanpassings, kultuur-skuiwe en nuwe tradisies te fasiliteer.

In ‘n reformerende konteks het die kerk al drie hierdie leierskaprolle nodig om geïdentifiseerde strategieë en aksiestappe tot hulle reg te laat kom. As die leierskap hierdie take in nederigheid en Godsafhanklikheid verrig, word vertroue behou en word die gemeente in die prosesse saamgeneem.

Om aan die genoemde strategië en aksiestappe in 6.9 aandag te gee, moet daar met opregtheid en eerlikheid die leiers se leiding gevolg word (Osmer 2008:178).

## 6.11 Praktykgerigte aksiestappe

### 6.11.1 Mentorskapprogram

Enkelouers het duidelik aangedui dat hulle nie in kleingroepe wil wees nie. Die navorser beveel ‘n mentorskapprogram aan vir enkelouers, deur ‘n persoon van dieselfde geslag, meer as vier jaar geskei, met kinders (al is hulle al volwasse), en

wat as enkelouer reeds goed oorleef het. So ‘n program kan ontwerp word en vir ‘n tydperk van ongeveer ses maande met die enkelouersgesin begelei word.

‘n Mentorskapprogram kan dan die volgende insluit:

- Emosionele hawe;
- Hantering van alleenverantwoordelikheid;
- Finansiële bestuur;
- Tydsbestuur;
- Dissipline van kinders;
- Logostieke uitdagings;
- Nuwe gesintradisies;
- Kontak vir praktiese huishoudelike hersteltake, ens;
- Selfversorging;
- Geestelike hawe en mentor.

### 6.11.2 Rondetafel geleentheid

Die leraar/kerkleier of ‘n bekwame persoon kan opgelei word om eenvoudige mediasie tussen ouers te fasiliteer. Hierdie mediasie moet dan in ‘n veilige neutrale plek (kan ‘n lokaal by die kerk wees) plaasvind om byvoorbeeld ‘n ooreenkoms tussen ouers te bewerkstellig oor hulle kinders se geloofsopvoeding; of eenvoudige mediasie soos kinders se vakansiereëlings.

### 6.11.3 Grootouers

Grootouers as eerste netwerkondersteuning kan ook deur middel van ‘n kursus/toerustingeleentheid gehelp word om die aksiestappe genoem in 6.9.5 te kan hanteer.

### 6.11.4 Multidissiplinêre span vrywilligers

Enkelouers het nie finansies om die hulp van kundiges te betaal nie. Indien die gemeente ‘n span vrywilligers kan saamstel om met die volgende te kan help, sal dit die uitdagings van die enkelouergesinne definitief verlig:

- Leraar/Kerkleier/Jeugwerker;
- Prokureur;
- Finansiële raadgewer;
- Opvoedkundige sielkundige;
- Maatskaplike werker.

### 6.11.5 Gemeente

Die gemeente kan ‘n kennisgewingbord aanbring waarop enkelouers (en sekerlik alle ouers) die volgende kan aanbied of vra:

- Vervoer na en van die skool;
- Au Pair;
- Kinderoppassers.

## 6.12 Ruimte vir verdere navorsing

Daar is uiteraard ruimte vir verdere navorsing:

- Die waarde van ‘n ooreenkoms oor die kinders se geloofsopvoeding;
- die impak van kinders se egskeiding op hulle ouers (grootouers);
- die ontwikkeling van intergenerasionele geloofstoerusting vir die kerk.

Navorsing wat hierdie onderwerpe hanteer, kan besondere waarde tot die akademiese kennis van enkelouergesinne bydra.

## 6.13 Samevattend

Hierdie studie het uit ‘n waarneming ontstaan, waardeur die navorser se nuuskierigheid oor die oorsaak daarvan tot vrae gelei het.

Die vraag na hoe enkelouergesinne aanvaarding in die kerk beleef en die bystand wat hulle ondervind of nie in die geloofsvorming van hulle kinders, het veel meer gelewer as wat die oorspronklike vraag was. Dit is nou duidelik dat die antwoord op die vraag baie meer kompleks is as wat verwag is.

Met die empiriese studie is dit soms so dat dit wat die navorser hoor, totaal anders is as wat verwag is – eintlik verbaas laat: Die rol wat die leraar in al die respondente se antwoorde oor aanvaarding gespeel het, was verbasend! Dan was daar die skokkende getuienis dat die gemeente/kerk volgens die respondente se mening nie regtig hulp of ondersteuning vir hulle omstandighede kan bied nie, hulle was so oortuig daarvan dat hulle nie eens gevra het nie! Die hipotese dat enkelouersgesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie, en dat die nie aanvaarding en ander faktore lei daartoe dat hulle nie die nodige ondersteuning en toerusting ontvang ten einde hulle by te staan in die geloofsontwikkeling van hulle adolessente kinders nie, is waar.

Omdat dit ook ‘n sensitiewe saak is waar mense seergekry het en hulle seerkry deur hulle geloofslewe gereflekteer word, moet versigtig en met baie omgee die pad geloop word. Om ‘n werklike ernstige en diepgaande verskil te maak in die mense uit egskeidings se lewens – en veral vir die kinders uit ‘n egskeiding, sal daar verseker met erns aandag gegee moet word aan wat die respondente in hierdie navorsing laat hoor het.

Mag die gemeente, die kerk en die geloofsgemeenskap hande vat en hierdie besonderse mense dra op ‘n manier dat hulle Christus se liefde en aanvaarding ten volle sal beleef!

**Bronnelys**


Avenant, J C, Nel, M. & Jordaan, J.C. 2021, '*Die rol van die ouerhuis in die intergenerasionele geloofsvorming van die jeug in belang van 'n geïntegreerde jeugbediening*', Verbum et Ecclesia 42(1), a2250. https://doi.org/10.4102/ve.v42i1.2250 .

Avenant, J C. 2011. *Die verhouding ouermentoraat, geloofsidentiteit en betrokkenheid van jongmense na Belydenisaflegging.* Ongepubliseerde MA skripsie. UP.

Avenant, J C. 2021. *Intergenerasionele geloofsvorming in 'n huis-gefokusde, gemeente-ondersteunde jeugbediening*. Ongepubliseerde Proefskrif. Pretoria: UP.

Balswick, J O & Balswick J K. 2007 (3rd edition). *The family. A Christian perspective on the contemporary home*. Grand Rapids, Michigan: Baker Academic.

Bartchy, S S. 1998. *Families in the Greco-Roman world.* In Anderson, H, Browning, D., Evison, I S. & Van Leeuwen, M S. The family handbook. Louisville: Westminster John Knox. p.282-286.

Barth, K. 1949*. Dogmatics in Outline (Translated from Dogmatik im Grundriss)*. London: SCM Press

Barth, K. 1956-1977. *Church Dogmatics*, 4 vols. in 13 pts., (Die Kirchlige Dogmatik. trans. GW Bromiley et al). Bromiley G W and Torrance, T F eds. Edinburgh: T. & T. Clark.

Bengtson, V L et al (eds) 2005. *Sourcebook of Family Theory & Research*. London: Sage Publications.

Bengtson, V L, Biblarz, T J and Roberts, R E L. 2003. *How Families still matter: a longitudinal study of youth in two generations*. New York, Cambridge University Press.

Bengtson, V L, with Putney, N and Harris, S C. 2013. *Families and faith: how religion is passed on down across generations*. New York: Oxford University Press.

Block, D I. 2003. *Marriage and family in ancient Israel*. (In Campbell, K.M., ed. Marriage and family in the biblical world. Downers Grove, IL: InterVarsity. p.33-102.).

Bosch, D J. 1979. *Heil vir die wêreld*, Pretoria: NGKB.

Bosch, D.J. 2011. '*Transforming mission: Paradigm shifts in theology of mission*', vol. 16, no. 1, New York, Orbis Books.

Branje, S. 2018, *Development of Parent–Adolescent Relationships: Conflict Interactions as a Mechanism of Change*. Child Dev Perspect, 12: 171-176. https://doi.org/10.1111/cdep.12278 .

Brierley, P. 1993. *Reaching and keeping teenagers*. London: Christian Research Association.

Browning, D S (et al). 2000 (2nd ed). *From Culture wars to common ground: religion and the American family debate*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Browning, D S. 2007, *Equalilty and the family. A fundamental, practical theology of children, mothers, and fathers in modern societies*. William B. Eerdmans Publishing Company, Grand Rapids, Michigan.

Brueggemann, W. 1977. *"The Covenanted Family: A Zone for Humanness".* Journal of Current Social Issues 14/5 (Winter 1977) 18.

Burger, C. 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. Pretoria: RGN.

Carroll, N J. 2017. *Lone Mothers' Experiences of Stigma: A Comparative Study*. Doctoral thesis, University of Huddersfield.

Cho, Y. 2017. Luther and the reform of marriage anf family life, Unio Cum Chrsto Vol. 3 No. 1 / Apr 2017. 22 Februarie 2024. DOI: https://doi.org/10.35285/ucc3.1.2017.art9.

Clark, C. 2011. *Hurt 2.0: Inside the world of today's teenagers* (2nd Ed). Grand Rapids: Baker Academic.

Cloete, A., 2016, '*Revisiting a family approach in youth ministry'*, In die Skriflig 50(1), a2078. 15 Desember 2021. http://dx.doi. org/10.4102/ids.v50i1.2078.

Codrington, G & Grant-Marshall, S. 2004. *Mind the gap!* Johannesburg: Penguin Books.

Connors, W A. 1999. *Single Parent Ministry in the Local Church*. Unpublished doctoral Thesis. Virginia: Liberty Baptist Theological Seminary.

Creswell, J.W. 2009. *Research design: qualitative, quantitative, and mixed methods approaches*. 3rd ed. Los Angeles: Sage.

De Bruin, P J. 1989. *Die gesin: Wat sê die Bybel daarvan?* Potchefstroom: PU vir CHO.

De Vaux, R. 1965 (2nd Ed). *Ancient Israel – Its Life and Institutions*. London: Darton, Longman & Todd.

De Vries, M 1994 (first edition) and 2004 (2nd edition). *Family-Based Youth Ministry*. Downers Grove, Illinois: Intervarsity Press.

De Vries, M. 2001. *Focusing Youth ministry through the family* in Dean, CK et al (eds) *Starting Right: thinking theologically about youth ministry*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

De Wet, D C. 2003. *'n Gemeenskapsgerigte Model vir Geloofsvorming van Tieners in die Verbondsgesin deur middel van Simbole en Rituele*. Ongepubliseerde DTH proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Dean, C K; Clark, C & Rahn, D (eds) 2001. *Starting Right: thinking theologically about youth ministry*. Grand Rapids: Zondervan Publishing House.

Dean, K C & Foster, R 1998. *The Godbearing Life: The Art of Soul Tending for Youth Ministry*. Nashville: Upper Room Books.

Dean, K C. 2010*. Almost Christian – What the Faith of Our Teenagers is Telling the American Church*. New York: Oxford University Press.

Dearman, J. A. 1998. *'The Family in the Old Testament'*, Interpretation, 52(2), pp. 117–129. doi: 10.1177/002096430005200202.

Delport, C S L, Fouché, C B & Shurink, W. 2011. In De Vos, A S, Strydom, H, Fouché, C B & Delport, C S L. *Research at grass roots*. 4th ed. Pretoria: Van Schaik.

Demo, D H, Aquilino, W S and Fine, M A. 2005. *Familiy Composition and Family Transitions*, in Bengtson, V L et al (eds). Sourcebook of Family Theory & Research. Pp 119-134. London: Sage Publications.

Denton, M L and Uecker, J E.2018. *What God has Joined Together: Family Formation and Religion among Young Adults in Religious Research Association,* Vol 60 pp1–22.

Dingemans, G., 1996. *Practical Theology in the Academy: a Contemporary Overview.* Journal of Religion, Volume 1, pp. 82-96.

Dreyer, T F J. 1991. *Eerste trëe in die Praktiese Teologie – waarheen?*. 22 November 2021. HTS Teologiese Studies 47 (3), #Art. 2420, 11pp. DOI: https://doi.org/10.4102/hts.v47i3.2420.

Du Toit, D. 2007. *Die Rol van die Verbondsouers en die Kerk in die aanspreek van die Geloofskrisis van Adolessente*. Ongepubliseerde M Div-Skripsie. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Du Toit, H D A. 1969. *Praktiese Teologie vandag*. 22 November 2021. HTS Teologiese Studies 25 (1), #Art. 4014, 10pp. DOI: https://doi.org/10.4102/hts.v25i1.4014.

Dykstra, C. 1986. '*Faith development and religious education*', in Dykstra, C & Parks, S. (eds.). Faith development and Fowler, pp. 251–304. Birmingham: REP.

Dykstra, R G. 1990, *'Even youth shall faint: A pastoral theological investigation of self-disorders in adolescents*. (Based on works of Jürgen Moltman, Heinz Kohut, James Fowler, Masterson and Robert J. Lefton)'. PhD dissertation. Princeton Theological Seminary.

Fick, A R. 1999. Die pastorale begeleiding van gesinne waarin kindermishandeling voorkom: 'n narratief-gesinsterapeutiese perspektief. Ongepubliseerde Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Firet, J. 1977. *Het agogisch moment in het pastoraal optreden*. Kampen: Kok.

Fowler, J W. 1981. *Stages of Faith. The psychology of Human Development and the Quest for Meaning*. San Francisco: Harper Collins Publishers.

Fowler, J W. 1986. '*Dialogue towards a future in faith development studies*', in Dykstra, C & Parks S (eds.), Faith development and Fowler, pp. 251–304, Birmingham: REP.

Fowler, J W. 1987. *Faith development and pastoral care*. Minneapolis Fortress.

Fowler, J W. 1996, '*Adolescence in the Trinitarian praxis of God'*, in K.C. Dean (ed.), Christ and the adolescent: A theological approach to youth ministry, pp. 13–22, Institute for Youth Ministry, Princeton Theological Seminary, Princeton, NJ.

Fowler, J W. Nipkow, K E & Schweitzer, F. 1991. *Stages of faith and religious development: Implications for church, education, and society*. New York: Crossroad.

Freeks, F E en Lotter, G A. 2009. *'n Prakties-teologiese ondersoek na die uitwerking van afwesige vaders: 'n verkennende kwalitatiewe ondersoek in die Promosa-gemeenskap* in Koers 74(3):519-534.

Freudenburg, B & Lawrence R. 1998. *Family Friendly Church*. Colorado, Loveland: Group.

Garrett, William R. "*The Protestant Ethic and the Spirit of the Modern Family.*" Journal for the Scientific Study of Religion, vol. 37, no. 2, 1998, pp. 222–33. JSTOR, 27 Junie 2022. https://doi.org/10.2307/1387522.

Greeff, A & Aspeling, E. 2007. *Resiliency in South African and Belgian single-parent families*. Acta Academica 2007 39(2): 139-157.

Harkness, A.G. 2012. *Intergenerational Education for an Intergenerational Church?* Christian Education Journal, p121-13 (series3) 9, no.1 (Spring 2012).

Heitink, G 1999. *Practical Theology. History – Theory – Action Domains*. Grand Rapids, Michigan: Willem B. Eerdmans Publishing Company.

Hetherington, M E. 2005. *The Adjustment of Children in Divorced and Remarried Families* in Bengtson, V L et al (eds). Sourcebook of Family Theory & Research. London: Sage Publications.

Heyns, L M en Pieterse H J C. 1994. *Eerste treë in die Praktiese Teologie*. Pretoria: Gnosis.

Holborn, L & Eddy, G 2011. 8 April 2021. http://irr.org.za/reports-and-publications/occasional-reports/files/first-steps-to-healing-the-south-african-family-final-report-mar-2011.pdf .

Holborn, L & Eddy, G., 2011, *First steps to healing the South African family, South African Institute of Race Relations*, Johannesburg.

Holmen, M A. 2010. *Church+Home – The Proven Formula for Building Lifelong Faith*. Ventura : Regal Books.

Jacober, A E. 2011. *The Adolescent Journey: An Interdisciplinary Approach to Practical Youth Ministry* (Kindle Location 517). Kindle Edition.

Janson, J 1982. *Praktiese Teologie*, in Eybers, E, Konig, A & Stoop J A (reds), Inleiding in die Teologie. Derde uitgawe. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Kennemur, K. 2018. *Nurturing Faith in the Home: Equipping Parents of Children to Be Spiritual Leaders*. In Shirley, C. 2018. Family Ministry and the Church. Nashville: Randal House.

Kirgiss, C. 2015. *In search of adolescence: A new look at an old idea*. The Youth Cartel: San Diego, CA.

Klostermann, F and Zerfass, R, eds. 1974*. Münich and Mainz: Praktische Theologie heute*.

Koteskey, R L. 1991. *Adolescence as a cultural invention*. Ratcliff, D & Davies, J A. Handbook of Youth Ministry. Birmingham: REP Books. P 42-69.

Larney, T. 2009. *Die gesin as primere geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n pastorale studie*. Ongepubliseerde Phd Proefskrif. Potchesfstroom: Noordwes-Universiteit.

Lawton, L E & Bures, R. 2001. *Parental Divorce and the "switching" of Religious Identity*, in Journal for the Scientific Study of Relgion, vol 40 (1), 99-111.

Letablier, M., & Wall, K. 2018. *Changing lone parenthood patterns: New challenges for policy and research*. In D. Mortelmans & L. Bernardi (Eds.), Lone parenthood in the life course (pp. 29-53): Springer, Cham.

Little, S. 1968. *Youth, World and the Church*. Richmond, Virginia: John Knox Press.

Louw, A, Louw, D en Ferns, I. 2007. '*Adolessensie*' in Louw, D en Louw, A. Die ontwikkeling van die kind en adolessent. Bloemfontein: Psychology Publications, p276-347.

Louw, D J. 1989. *Gesinsverryking – Riglyne vir Groei en Kommunikasie*. Kaapstad: Academia.

Louw, JP & Nida, EA (eds) 1988. *Greek-English Lexicon of the New Testament*, Volume 1. New York: United Bible Societies.

Luyckx, K, Schwartz, S J, Rassart, J & Klimstra, T A (2016) *Intergenerational associations linking identity styles and processes in adolescents and their parents*, European Journal of Developmental Psychology, 13:1, 67-83, DOI: 10.1080/17405629.2015.1066668.

Maggio, J. 2011.*The Church and the Single Mom: Why You Should Care and What You can Do*. Stone Mountain, GA: Care Point Ministry.

Malina, B. 2001 (3rd ed). The New Testament World. Insights from Cultural Anthropology. Louisville Kentucky: Westminster John Knox Press.

Manning, W D. and Lamb K A.2003. *Adolescent Well-Being in Cohabiting, Married, and Single-Parent Families* in Journal of Marriage and Family, Vol. 65, No. 4 (Nov., 2003), pp. 876-893

Marais, C T R. 2018. *Geïntegreerde Bedieninge in die Opbou van 'n Identiteitsgedrewe Missionale Gemeente*. Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Universiteit van Pretoria, Pretoria.

Maree, K. 2016*. First steps in research*, 2nd edition. Pretoria: Van Schaik

Marquard, E. (ed) 2013. *Does the Shape of Families Shape Faith?* New York: Institute for American Values.

Marquardt, E. 2005. *Between two worlds – The Inner Lives of Children of Divorce*. New York: Three Rivers Press.

Marquardt, E. 2011. Between two worlds – *The Inner Lives of Children of Divorce in Word & World*, Vol 31, no 2. 185-191. 29 Augustus 2017. https://wordandworld.luthersem.edu/content/pdfs/31-2_Slavery_and_Race/31-2_Marquardt.pdf.

Miller, D E and Miller, A M. 2000. *'Understanding Generation X: Values, Politics, and Religious Commitments'*. In Flory, Richard W and Miller, Donald E, eds*. Gen X Religion*. New York: Routledge.Nel, M. 1986 (2e Druk). Jeug en Evangelie. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Mueller, W. 1999. *Understanding Today's Youth Culture*. Wheaton, Illinois: Tyndale.

Nation, P. "*Creating a Discipleship Culture for the family*" in Hunter, J R (ed). 2019. Recalibrate: A New Measure for Family Ministry. Nashville: Randall House.

Naudé, C. 2006. *Die sosiale konstruksie van geloofsontwikkeling by 'n groep katkisante*. Ongepubliseerde Proefskrif. Pretoria: UNISA.

Nel, G E. 2005. *Sosio-emosionele gesinsfunksionering na 'n egskeiding: 'n ouerskapsprogram vir die gesin met voorskoolse kinders*. Ongepubliseerde D Phil Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Nel, M. 1986 (2e Druk). *Jeug en Evangelie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

Nel, M. 1994. *Gemeentebou*. Halfway House: Orion.

Nel, M. 1998. *Jeugbediening – 'n Inklusiewe Gemeentelike Benadering*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Nel, M. 2001. *'The Inclusive Congregational Approach to Youth Ministry'*. In Senter, M H (Ed). Four Views of Youth ministry and the Church. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Nel, M. 2001. *The Inclucive Congregational Approach to Youth Ministry* (2-22). In: Senter, M.H., Black, W., Clark, C & Nel, M. Four Views of Youth Ministry and The Church: Inclusive Congregational Preparatory, Missional, Strategic. MI, Grand Rapids: Zondervan/Youth Specialties.

Nel, M. 2018, Youth Ministry: *An inclusive missional approach* (HTS Religion & Society Series Volume 1),15 April 2021. Cape Town: AOSIS, https://doi.org/10.4102/aosis.2018.BK83.00 .

Nelson, C E. 1989. *How Faith Matures*. Louisville: Westminster/John Knox Press.

Newman, S. & Smith, T. B. 1997. *Developmental Theories as the Basis for Intergenerational Programs* p 3-19 in Newman, S., et al 1997. Intergenerational Programs: Past, Present, and Future. Washington, D.C.: Taylor and Francis.

Nipkow, K E., 1991, '*Stage theories of faith development as a challenge to religious education and practical theology*', in Fowler, J.W., Nipkow, K.E. & Schweitzer, F. 1991. *Stages of faith and religious development: Implications for church, education, and society*. New York: Crossroad.

Nixon, E, Greene, S and Hogan, D M. 2012. *Negotiating Relationships in Single-Mother Households: Perspectives of Children and Mothers.* Family

Relations, February 2012, Vol. 61, No. 1 (February 2012), pp. 142-156. http://www.jstor.org/stable/41403645 .

Osiek, C. 2005. *Family Matters*. In Christian Origins, ed. RA Horsley, 201-20. A people's history of Christianity, vol. 1. Minneapolis: Fortress.

Osmer, R R. 1996. *Confirmation. Presbyterian Practices in Ecumenical Perspective*. Kentucky, Louisville: Geneva Press.

Osmer, R R. 2005. *The Teaching Ministry of Congregations*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Osmer, R R. 2008. *Practical Theology – An Introduction*. Michigan, Grand Rapids: Wim B. Eerdmans Publisching Company.

Osmer, R R. 2011. *"Practical theology: A current international perspective"*, 20 Maart 2021. HTS Teologiese Studies/Theological Studies 67(2), #Art. 1058, http://dx.doi.org/10.4102/hts.v67i2.1058.

Petts, R J. 2009. *Trajectories of Religious Participation from Adolescence to Young Adulthood*, in Journal for the Scientific Study of Religion, Vol. 48, No. 3 (Sep., 2009), pp. 552-571.

Pieterse, H J C. 1993. *Praktiese Teologie as kommunikatiewe handelingsteorie.* Pretoria: RGN.

Pinquart, M and Silbereisen, R K. 2005. *Influences of parents and siblngs on the development of children and adolescents* (pp 367-370). In Bengtson, V L et al (eds) 2005. Sourcebook of Family Theory & Research. London: Sage Publications.

Prins, R. 1990. *Geïsoleerde Kategese – die dilemma van Kategetiese onderrig*. NG Teologiese Tydskrif. 31 (1): 72-81.

Punt, J. 2010, *All in the family - The social location of new Testament households and Christian claims on "traditional family values (Acta Patristica et Byzantina 21 (2)*, Article no #10520. Pp 152-175. 1 January 2010. https://journals.co.za/doi/full/10.10520/EJC86704 .

Quinn, S K. 2011. *Single parenting and faith: does it have an influence on their college-aged children's life outcomes?* Unpublished doctoral dissertation. Virginia: Liberty University.

Richards, L O. 1983. *A Theology of Children's ministry*. Grand Rapids: Zondervan.

Ricoeur, P. 1981. *Hermeneutics and the Human Sciences*. Cambridge: Cambridge University Press.

Roehlkepartain, G C. 2016. *Transforming Narratives of Families for the Twenty-first Century (7-24)*. In: Kehrwald, L. Roberto, J., Roehlkepartian, G. & Roehlkepartian, J. 2016. Families at the Centre of faith Formation. CT, Naugatuck: Lifelong Faith Associates.

Roman, N V. 2011. *Maternal parenting in single and two-parent families in south africa from a child's perspective*. *Social behavior and personality*, 2011, 39(5), 577-586. (DOI 10.2224/sbp.2011.39.5.577).

Root, A. 2007. *Revisiting Relational Youth Ministry: From A Strategy of Influence to A Strategy of Incarnation*. IL, Downers Grové: IVP Books.

Root, A. 2010. *The Children of Divorce – The Loss of Family as the Loss of Being*. Grand Rapids: Baker Academic.

Root, A. 2014. *Christopraxis: A Practical Theology of the Cross*. Minneapolis: Fortress Press.

Rush, S J (2012) *Single Parents in Evangelical Churches A Study of how Evangelical Congregations Deal with Single Parenthood,* Durham theses, Durham University. 10 April 2021. http://etheses.dur.ac.uk/4472/ .

Scholtz, J W K. 2018. *Die invloed van twee gesinne as hermeneutiese ruimtes op adolessente se geloofsbelydenis*. Ongepubliseerde MA Skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Schweitzer, F. 1991. '*Development views of the religion of the child: Historical antecedents*', in Fowler, J.W., Nipkow, K.E. & Schweitzer, F. 1991. *Stages of faith and religious development: Implications for church, education, and society*. New York: Crossroad.

Seibel, C. 2009. *Intergenerational Reconciliation and Justice as Essential Dimensions of Missional Renewal in the Postmodern Transition.* Unpublished PhD thesis, University of Pretoria: Pretoria.

Sell, C M 1995. *Family Ministry (second edition)*. Grand Rpaids: Zondervan Publishing House.

Shirley, C. 2018. *Family Ministry and the Church*. Nashville: Randal House.

Smith, C & Denton, M L. 2005. *Soul Searching: The Religious and Spiritual Lives of American Teenagers*. New York: Oxford University Press.

Smith, C & Snell, P 2009. *Souls in Transition: Religious & Spiritual Lives of Emerging Adults*. New York: Oxford University Press.

Snyder, T K. 2014. *Review of Andrew Root's Christopraxis: A Practical Theology of the Cross.* International Journal of Practical Theology 18 (2): 358-360.

Sooryamoorthy, R and Makhoba, M. 2016. *The Family in Modern South Africa: Insights from Recent Research.* Journal of Comparative Family Studies, SUMMER 2016, Vol. 47, No. 3. pp. 309-321. 08 Jun 2022. https://www.jstor.org/stable/44109628

Statistics South Africa (2020a). *Marriages and divorces 2018*. 10 April 2021. http://www.statssa.gov.za/publications/P0307/P03072014.pdf .

Statistics South Africa. (2020b). *General Household Survey 2019*. 10 April 2021. http://www.statssa.gov.za/publications/P0318/P03182019.pdf .

Statistics South Africa. 2016. Community Survey 2016 in brief. 6 September 2022. http://www.statssa.gov.za/?page_id=1854&PPN=03-01-06

Strommen, M P and Hardel, R A. 2000. *Passing on the Faith: A Radical New Model for Youth and Family Ministry*. Winona Minnesota: Saint Mary's Press.

Strommen, M P. 1993. *Five Cries of Youth*. San Francisco: HarperSanFrancisco.

Townes, S, 2017. *Towards a Theology of the Single Mother*. Seminary Masters Theses. 14 Maart 2021. http://digitalcommons.georgefox.edu/seminary_masters/26 .

Van der Merwe, G J P J. 2013. *Geloofsvorming in tradisioneel Afrikaan-Christelike Skole: 'n Prakties-Teologiese Evaluering van die rol van Onderwysers, Jeugwerkers en Liturgiese Elemente teenwoordig in die Skoolkonteks*. Ongepubliseerde MTh verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van der Ven, J A. 1993. *Practical Theology: an emperical approach*. Kampen: Kok.

Van der Watt, S & Thesnaar, C 2005. Verslag aan die Algemene Jeugkommissie van die NGK oor die AJK Familie-Gemeente Projek, in samewerking met BUVTON en die Hugenote Kollege op 16 Mei 2005.

Van Doornik, N G M. 1948. *Jeugd tussen God en chaos: onderzoek naar de godsdienstige problemen bij de studerende jeugd*. 'S-Gravenhage: Nijhoff.

Van Eck, E. 2007a. Die huwelik in die eerste-eeuse Mediterreense wêreld I: Vroue in 'n man se wêreld. HTS 63/1, 81-101.

Van Eck, E. 2007b. Die huwelik in die eerste-eeuse Meditireense wêreld II: Huwelik, egbreuk, egskeiding en Hertrou. HTS 63/1, 103-128.

Van Gasse, D. 2020. *Unfolding the Single-Parent Family*. Doktorale Proefskrif. Antwerpen: Universiteit Antwerpen.

Van Manen, M. 1984. *"Doing" phenomenological research and writing: an introduction*. 28 Augustus 2017. http://www2.education.ualberta.ca/educ/sec/docs/Monograph%20No.%207-van%20Manen.pdf.

Van Staden, J M. 2013. *Gesinsbediening as bedieningsvennoot tussen gemeentes en gesinne*. Ongepubliseerde Phd Proefskrif. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Van Staden, J M., 2014, *'Gesinsbediening in 'n postmoderne kerk: Modelle en metodes'*, HTS Teologiese Studies/Theological Studies 70(1), Art. #2783, 8 pages. 6 Januarie 2022. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2783 (http://dx.doi.org/10.4102/hts.v70i1.2783).

Van Staden, L Z. 2020. *The Church and Single Parenting: Perceptions and Social Support*. Ongepubliseerde MA skripsie. Kaapstad: Universiteit van die Wes-Kaap.

Van Staden, T. 2015. 'Gesinne en Vriendskap' in Nel, M en van der Westhuizen, Z (Reds). *Skokkend Positief – Insigte vanuit nuwe navorsing oor aktiewe Afrikaanse kerkjeug*. Wellington: Bybelkor.

Van Wyk, G & Venter C J H. 2003. *Die gelowige ouer as geloofsvoorbeeld: Prakties-teologiese perspektiewe op toerusting*. In die Skriflig 37(3) 2003:533-554.

Veldsman, H J. 2005. *Geloofsvorming vanuit 'n familiale perspektief*. Ongepubliseerde M Diac skripsie. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Venter, H V. 2004. *Die begeleiding van gesinne in die plaaslike kerk binne die konteks van die postmodernisme: 'n prakties-teologiese benadering*. Ongepubliseerde MTh skripsie. Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Wagner-Ferreira, E C. 2005. *'n Empiriese navorsing rakende die bedieningsbehoeftes van die tieners in die NG Gemeente Waverley met spesifieke verwysing na die erediens*. Ongepubliseerde MA Skripsie. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Wagner-Ferreira, E C. 2008. *'n Prakties-Teologiese ondersoek na die inkleding van die erediens met die doel om die verskillende generasies in 'n gesamentlike Familie-Erediens aan te spreek.* Ongepubliseerde DTh verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Walker, J E. 2015. *A How-To Guide to Single-parent Ministry: An Inside Look to the Single-parent World in the Christian Community.* Senior Thesis Honors Program. Virginia: Liberty University.

Wallerstein, J & Blakeslee, S. 1989. *Second Chances*. New York: Ticknor & Fields.

Wallerstein, J S, Lewis, J M and Blakeslee, S. 2000. *The Unexpected Legacy of Divorce – a 25 year Landmark Study*. New York: Hyperion.

Wallerstein. J S & Lewis, J M. 2004. *The Unexpected Legacy of Divorce: Report of a 25-Year Study in Psychoanalytic Psychology*, Vol. 21, No. 3, 353–370.

White, J R. 1988. *Intergenerational Religious Education: Models, Theory, and Prescription for Interage Life and Learning in the Faith Community*. Mishawaka, IN: Religious Education Press.

Witte, J. 2019. *Church, state, and family : traditional teachings, modern challenges, future pathways*. Cambridge: Cabridge University Press

Yaconelli, M 2007. *Growing Souls. Experiments in Contemplative Youth Ministry*. Michigan, Grand Rapids: Zondervan.

Yaconelli, M. 2006. *Contemplative Youth Ministry. Practicing the Presence of Jesus. Michigan, Grand Rapids: Zondervan.*

Zerfass, R. 1974. "*Praktische Theologie als Handlungswissenschaft"*, in Klostermann and Zerfass.

| | **TABELLE INDEKS** | |
|---|---|---|
| 1 | Erikson se 8 take | 109 |
| 2 | Kohlberg se vlakke en stadia van morele redenering | 115 |
| 3 | Profiel van Respondente | 133 |
| 4 | Ouerlike Kontak | 162 |
| 5 | Kerkverband en betrokkenheid | 181 |
| 6 | Ondersteuningsnetwerk van enkelouers | 220 |



| | **FIGUUR INDEKS** | |
|---|---|---|
| 1 | Sirkel van aksie van Heitink | 22 |
| 2 | Hermeneutiese sirkel vir Prakties-Teologiese interpretasie van Osmer | 25 |
| 3 | Verandering in die gesin na egskeiding | 151 |
| 4 | Ooreenkoms ten opsigte van geloofsopvoeding | 160 |
| 5 | Gesprekvoering oor geloofsake in die huis | 177 |
| 6 | Ervaring van aanvaarding in die kerk | 194 |
| 7 | Huidige uitdagings en die kerk se bystand | 210 |
| 8 | Kerklike toerusting in geloofsvorming | 218 |
| 9 | Ondersteuningsnetwerk van enkelouers | 230 |

**BYLAAG A**

**Inklusiewe bediening aan enkelouergesinne**

**‘n Intergenerasionele geloofsvorming benadering**

**Beperkte Agtergrondinligting**

Baie dankie dat jy bereid is om deel te neem aan hierdie navorsing.

Die volgende vrae dien as agtergrond vir die gestruktureerde onderhoud wat met u gevoer gaan word. U word versoek om dit voor die onderhoud in te vul.

5. Hoe lyk julle gesinsamestelling?

| |
|---|
| |

6. Wie is die primêre versorger in die gesin?

| |
|---|
| |

7. Hoe gereeld het die adolessente kinders kontak met die ‘ander biologiese ouer’?

| |
|---|
| |

8. Op watter wyse geskied die kontak met die ander ouer?

| |
|---|
| |

9. Hoe lank is julle (die biologiese ouers) van mekaar vervreemd / geskei?

| |
|---|
| _____ jaar |

10. By watter kerkgenootskap skakel julle tans in / is jy lidmaat?

| |
|---|
| |

11. By watter kerkgenootskap het julle voor die egskeiding ingeskakel?

| |
|---|
| |

12. Wie is julle gesin se ondersteuningstelsel? [Kies een of meer]

| | |
|---|---|
| Grootouers (ouma en oupa) | |
| Vriende | |
| Kleingroep | |
| Ander | |

## VRAE VIR DIE GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD MET DIE PRIMêRE VERSORGER IN DIE ENKELOUERGESIN

1. Wat het in julle gesin verander na die egskeiding?
2. Wat behels die ooreenkoms ten opsigte van die adolessente se geloofsopvoeding wat julle met mekaar aangegaan het?
3. Op watter wyse gesels julle as gesin oor geloofsake?
4. Ervaar jy dat die gemeente jou en jou gesin aanvaar?
5. Wat sou jy sê is die faktore wat bydra tot julle aanvaarding in ‘n gemeente?
6. Watter uitdagings beleef julle as enkelouergesin?
7. Hoe kan die kerk julle hiermee help?
8. Op watter wyse ontvang julle toerusting in die geloofsvorming van julle adolessente van die kerk?
9. Vertel my watter rol julle ondersteuningsnetwerk in julle gesinslewe speel.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**Fakulteit Teologie en Religie**
**Departement Praktiese Teologie**

**Bylaag C**

BRIEF VAN INGELIGTE TOESTEMMING VIR DIE DEELNAME AAN AKADEMIESE NAVORSING

Titel van die studie:

**Inklusiewe bediening aan enkelouergesinne**

**'n Intergenerasionele geloofsvorming benadering**

Navorser:

Johan WK Scholtz
jwks@mweb.co.za
082 641 5983

---

Ek, die ondergetekende, is 'n PhD Student in die Departement Praktiese Teologie aan UP. Ek is onder leiding van Prof Malan Nel besig met die navorsing soos hieronder kortliks verduidelik.

U word hiermee uitgenooi om aan die akademiese studie deel te neem wat as fokus die bediening aan die enkelouergesin het. Hierdie navorsing is van waarde vir die navorsingsveld, naamlik Praktiese Teologie. Elke deelnemer moet die dokument lees, verstaan en teken voordat die studie mag begin. Ek vra hiermee vriendelik dat u die onderstaande lees, in die vertroue en hoop dat u toestemming tot deelname sal gee.

**Doel van die studie:** In hierdie navorsing sal daar ondersoek word wat die redes is waarom enkelouergesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Die resultate van hierdie ondersoek sal dan gedokumenteer word - met die vertroue dat die navorsing akademies en bedieningsgerig tot 'n nuwe praxis sal lei. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n akademiese joernaal. U sal, op aanvraag, voorsien word van 'n opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal gebruik word in die finale publikasie nie.

**Tydsduur van die studie:** Die studie geskied oor 'n tydperk van 24 maande. Die geprojekteerde datum vir die voltooiing van die studie is Augustus 2023.

**Navorsingsprosedures**: Die prosedure wat gevolg gaan word is 'n mondelingse, gestruktureerde onderhoud met die enkelouergesin se gesinshoof (dus met die primêre versorger), waar die vrae wat aan die gesinne gestel word, in elke onderhoud dieselfde sal wees. Daar sal 'n afsprake met die betrokke gesinne gemaak word, en die onderhoude sal opgeneem word. Die gesinshoofde sal ook die toestemmingsbriewe invul en onderteken. Na die onderhoud word die opname op skrif getranskribeer. Gedurende die onderhoud sal informasie ingewin word ten opsigte van die enkelouergesin se ervaring van kerklike ondersteuning of die tekort daaraan, veral in die bystand met geloofsvorming ten opsigte van hulle adolessente kinders.

## Risiko's:
Geen moontlike risiko's word voorsien nie

## Voordele:
Die voordele voortspruitend uit die navorsing mag oënskynlik redelik beperk wees en geen finansiële gewin word daaruit verkry nie.

## Regte van deelnemers:
Neem asseblief kennis dat u deelname vrywillig is, en dat u as deelnemer te enige tyd mag onttrek sonder benadeling uit die studie.

## Vertroulikheid:
Die versekering word gegee dat alle inligting as vertroulik beskou word en dat u anonimiteit verseker word. Ek onderneem hiermee dat data vernietig sal word indien 'n deelnemer hom/haar aan die studie onttrek en die identifisering van alle persone wat toegang tot die data sal hê.

## Reg van toegang tot die navorser
Indien enige twyfel by die proefpersone ontstaan of enige verduideliking verlang word, het u die reg van toegang tot die navorser. Die navorser onderneem ook om enige navrae wat mag ontstaan te beantwoord.

Hiermee verleen ek (Titel, naam, van): …….

(Primêre versorger), met die adres : (Straatnaam, nommer en plek)

……..…….…….

Kontakbesonderhede: (Epos en selnr) ……..

Toestemming aan die navorser JOHAN WILLEM KEMP SCHOLTZ, STUDENTENR 21337111 VIR DIE GRAAD Phd (Praktiese Teologie) om my volle samewerking vrywilliglik te gee vir die navorsingsprojek. Ek neem kennis van die bovermelde inligting en verstaan die inhoud daarvan.

Geteken te …… op hierdie ……. …….. 2023

HANDTEKENING: DEELNEMER HANDTEKENING: STUDENT

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA
Faculty of Theology

**BRIEF VAN BEKENDSTELLING EN TOESTEMMING**

**VIR DEELNAME IN AKADEMIESE NAVORSING**

**Titel van studie:**

Inklusiewe bediening aan enkelouergesinne

'n Intergenerasionele geloofsvorming benadering

**Studie gedoen deur:**

Ds Johan Scholtz, PhD student (Stud no 21337111) aan die Universiteit van Pretoria

Sel: 082 641 5983 E-pos: jwks@mweb.co.za

Studieleier: Prof Malan Nel

---

Hiermee word u vriendelik gevra om toestemming te verleen vir u gemeente se deelname aan 'n akademiese navorsingstudie. Hierdie studie sal gegrond wees op persone uit u gemeente se ervaring en kennis in die navorsingsveld van Praktiese Teologie, soos toegepas en ervaar in u gemeente. U sal in onderstaande paragraaf meegedeel word watter persone by hierdie navorsing betrek gaan word. Vervolgens word die doel, duur, prosedure, u rol en verantwoordelikheid en nog meer hieronder uiteengesit.

- **Doel van die studie:** In hierdie navorsing sal daar ondersoek word wat die redes is waarom enkelouergesinne nie genoegsame aanvaarding en insluiting in gemeentes ervaar nie. Die resultate van hierdie ondersoek sal dan gedokumenteer word - met die vertroue dat die navorsing akademies en bedieningsgerig tot 'n nuwe praktyk sal lei. Die resultate van die studie kan gepubliseer word in 'n akademiese joernaal. U sal, op aanvraag, voorsien word van 'n opsomming van die bevindinge. Geen deelnemers se name sal gebruik word in die finale publikasie nie.
- **Duur van die studie:** Hierdie studie sal gedoen word oor 'n tydperk van een jaar en daar word beplan om dit teen Augustus 2023 af te handel.
- **Navorsingsprosedure**: Die prosedure wat gevolg gaan word is 'n mondelingse, gestruktureerde onderhoud met die enkelouergesin se gesinshoof (dus met die primêre versorger), waar die vrae wat aan die gesinne gestel word, in elke onderhoud dieselfde sal wees. Daar sal 'n afsprake met die betrokke gesinne gemaak word, en die onderhoude sal opgeneem word. Die gesinshoofde sal ook die toestemmingsbriewe invul en onderteken. Na die onderhoud word die opname op skrif getranskribeer. Gedurende die onderhoud sal informasie ingewin word ten opsigte van die enkelouergesin se ervaring van kerklike ondersteuning of die tekort daaraan, veral in die bystand met geloofsvorming ten opsigte van hulle adolessente kinders
- **Wat van u verwag sal word:** U as kerkraad word gevra om 10 persone (manlik en of vroulik) wat primêre versorgers (enkelouers) van hulle gesinne is, te identifiseer en te vra of hulle sal deelneem aan hierdie navorsingsprojek. U word verder gevra of u asseblief hierdie persone se name, kontakbesonderhede en spesifiek e-pos adresse vir die navorser sal aanstuur. Die navorser sal met elke persoon kommunikeer om die nodige toestemming

(soortgelyk aan hierdie dokument) te verkry vir die navorsing. Die navorsers sal dan self met hierdie persone 'n afspraak maak om 'n onderhoud met hulle te voer.

- **U regte:** Die deelnemers se deelname aan hierdie navorsing is baie belangrik. Hulle mag egter kies om nie deel te neem nie. Hulle mag verder ter enige tyd, sonder om redes te verstrek of negatiewe gevolge te vrees, hulle deelname aan hierdie navorsing beëindig. Hulle as deelnemers mag die navorser ter enige tyd kontak om enige saak met betrekking tot die navorsing uit te klaar. Hulle as deelnemers en die navorser moet elkeen 'n getekende kopie van hierdie dokument bewaar.
- **Vertroulikheid:** Alle informasie wat die deelnemers in hierdie navorsing verskaf sal vertroulik hanteer word. Dit beteken verder dat alle deelnemers en gemeentes se anonimiteit beskerm sal word en dat hulle anoniem sal kan deelneem. Slegs die navorser en sy navorsingspan het toegang tot die rou data. U relevante data sal vernietig word sou u ter enige tyd van die navorsing onttrek.

Baie dankie vir die tyd en moeite wat u geneem het om hierdie dokument te ontvang en te lees. Ek hoor graag van u in hierdie verband.

By voorbaat dankie

Johan W K Scholtz

**GESKREWE TOESTEMMING**

Hiermee bevestig ek, ondergetekende, van die kerkraad van _____ (gemeente naam) dat ons deeglik ingelig is oor die doel, aard en omvang van hierdie navorsing en toestemming verleen dat hierdie navorsing in hierdie gemeente gedoen mag word.

**Voorsitter van Kerkraad: _____**

**Naam in drukskrif: _____**

**Datum: _____**

**Indien u nie verder gaan deelneem aan hierdie navorsing nie, vul asseblief onderstaande in:**

**Ons gaan nie deelneem aan hierdie navorsing nie (Merk in blokkie)** ☐

**Redes:**

_____

_____

_____

_____

_____